# HOOFSTUK 1 DIE AREA, RASIONAAL EN DOEL VAN DIE STUDIE

## INLEIDING

Satanisme is ’n sosiale verskynsel in die hedendaagse samelewing. Sensasionele berigte verskyn gereeld op voorblaaie van koerante soos Beeld (1994). Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het ’n spesiale afdeling om die misdade voortspruitend uit satanisme te vervolg, wat bekend staan as die Okkulte Eenheid.

Ongeag die Okkulte Eenheid word die beoefening van satanisme volgens die Konstitusionele Wet soos volg aangespreek en verdedig. Wet 108 van 1996 noem dat satanisme nie in Suid-Afrika ontken/verwerp mag word as ’n godsdiens nie. Die wet maak verder voorsiening in Artikel 9 (1) dat “Everyone is equal before the law and has the right to equal protection and benefit of the law” *Government Gasette* (1996, p. 7).’n Persoon wat betrokke is by satanisme mag dus vrylik sy geloof beoefen. Artikel 9 (3) bepaal: “The state may not unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including race, gender, sex, pregnancy, marital status, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religious conscience, belief, culture, language and birth” (*Government Gasette*, 1996, p. 8). Onder die opskrif *Freedom of religion, belief and opinion*, word daar in Afdeling 2 Artikel 15 (1) die volgende gesê: “Everyone has the right to freedom of conscience, religion, thought and opinion”. Die satanis mag daarom sy godsdiens vrylik in Suid-Afrika beoefen, maar volgens Artikel 185 (1) van Wet 108 van 1996 mag die staat ‘n kommissie aanstel “To monitor the rights of belief, to investigate, and report on the rights of the various religions” (*Government Gasette*, 1996, p. 9). Die Staat mag dus die aktiwiteite van die satanis monitor en enige kriminele oortredings vervolg waaraan hy homself skuldig maak.

### 1.1 DIE RASIONAAL

Aangesien die Konstitusionele Wet van Suid-Afrika satanisme as ’n godsdiens erken en beskerm, is die navorser van mening dat die sielkundige en die Christen in die toekoms al hoe meer gekonfronteer gaan word met kliënte wat satanisme beoefen en/of hulp gaan soek vir die trauma wat daarmee geassosieer word. Die sielkundige sal dus moet weet wat glo ’n satanis en hy sal die invloed wat hierdie religieuse agtergrond op die kliënt se hedendaagse sienings en aktiwiteite het, moet vasstel, aangesien ’n sterk religieuse affiliasie ’n effek het op iemand se lewe en gedrag (Lewenslyn). Dit word bevestig deur Kaplan & Sadock (1998)

wat die belangrikheid om enige kliënt se godsdiens te ondersoek, beklemtoon. Volgens hulle sluit die ondersoek van godsdiens die religieuse agtergrond van beide ouers, die detail van die kliënt se godsdiensopvoeding of -sienings en die familie se houding teenoor godsdiens in, sodat ‘n geheelperspektief met betrekking tot die funksionering verseker word.

Ivey (1993a), noem dat satanisme aan sekere *sielkundige* behoeftes voldoen, waarvoor daar nie voorsiening gemaak word in ander vorms van religieuse aanbidding nie. Verder wil dit ook voorkom asof sataniste meestal by Christene hulp soek. Die vrae wat by die navorser ontstaan, is dan eerstens: Wat veroorsaak dat ’n satanis oorskakel na die Christelike godsdiens? en tweedens: Wat glo Christene wat daartoe bydra dat sataniste juis by Christene gaan hulp soek? Die navorser stel verder ook belang in die vraag: Wat beleef ’n satanis tydens sy oorskakeling na die Christelike godsdiens? Hierdie vrae dra by tot die navorsingsvraag wat lui: *Wat is die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe belewenisse wat dien as katalisators vir ’n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens?* Wat voortspruit uit hierdie navorsingsvraag is die navorsingstitel naamlik: *’n Satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens: ’n Fenomenologiese ondersoek na die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings.*

Die waarde van die Christelike benadering met betrekking tot satanisme kan gesien word in die feit dat satanisme tradisioneel geïnterpreteer is as die aanbidding van boosheid en die antitese van die Christelike godheid:

> A religion founded upon the very principles which Christianity rejects. As such, Satanism exists only where Christianity exists and can be understood only in the context of the Christian views. Things are so to speak, reversed – the Christian devil becomes the Satanist’s god. Christian virtues become vices and vices are turned into virtues. Life is interpreted as a constant battle between the powers of light and darkness and a Satanist fights on the side of darkness, believing that ultimately this will achieve victory. (Drury & Tillet, 1978, p. 149)

Dit word dus duidelik dat satanisme die teenpool van Christenskap is. Beide is egter meer as net teorieë; dit is “lewenswyses”. Elkeen kan beskryf word as ’n “System of belief about the nature of man which is thus held by some group of people as giving rise to their way of life (Stevenson, 1987, p. 9). Beide Christenskap en satanisme kan dus gesien word as ideologieë, elk met: 1) *’n siening oor die skepping*, 2) *die basiese natuur van die mens*, 3) ’n *diagnose oor wat verkeerd is met die mens*, en 4) *voorskrifte oor hoe om die probleem op te los*. Stevenson (1987) wys egter ook daarop dat sielkundige teorieë ook onder hierdie vier afdelings beskryf kan word, en ook potensieel as ‘n ideologie gesien kan word.

Die vraag is egter: Wat maak dat iemand van een ideologie (Satanisme) sal oorskakel na 'n ander (Christenskap)? Dit is die vraag wat hierdie navorsing poog om te beantwoord en die navorser is daarvan oortuig dat 'n omskrywing en objektiewe weergawe van beide ideologieë 'n meer volledige *psigologiese verstaan* van die onderwerp tot gevolg sal hê. Daar sal 'n poging aangewend word om satanisme objektief vanuit beide die Christelike "teorie" en die Psigodinamiese "teorie" te ondersoek. Om te verhoed dat beide teorieë as geslote sisteme beskou word, word bewyse teen beide in ag geneem (Stevenson, 1987). Die fenomeen van satanisme, die motiewe vir deelname en oorskakeling na die Christelike godsdiens sal daarom vanuit die Objekrelasie- en die Christelike teorie verklaar word.

## 1.2 OPERASIONELE DEFINISIE EN BEGRIPSOMSKRYWING

Die navorser sal nou die verskillende begrippe puntsgewys omskryf soos wat dit in hierdie navorsing gebruik sal word. Die begrippe van belang, is: Satanisme, Satan, tipes satanisme, satanis, subjektiewe beleweniswêreld, oorskakeling, snellerinsidente, godsdiens, Christelike godsdiens, die Christen, geestelike oorlogvoering en wêreldsiening.

### 1.2.1 Satanisme

Teoreties kan Satanisme omskryf word as:

> The formalised religion based upon The Satanic Bible, a religion of the flesh, the mundane, the carnal, all of which are ruled by Satan, the personification of the left hand path. (La Vey, 1969, p. 52)
>
> asook:
>
> …'n anti-Bybelse geloofsisteem en anti-Christelike kultus, wat ten doel het om met die Christelike God te spot, Hom uit te tart, en hulself totaal oor te gee aan Satan as hul enigste Heer en Meester. (Havinga, 2000a, p. 2)

Die navorser verwys met die woord satanisme na die anti-Christelike godsdiens wat beoefen word deur 'n persoon wat omskryf kan word as 'n *generasionele satanis* of "hard core"-satanis en wat Lucifer as persoonlike god aanbid.

### 1.2.2 Satan

Vir die Christen is Satan 'n bonatuurlike wese en die personifiëring van boosheid. Hy word omskryf as die aanklaer en 'n onafhanklike bonatuurlike wese of god met die naam Lucifer. Lucifer is *geskep* deur God, maar het teen God gerebelleer. Hy is gevolglik as 'n gevalle engel uit die hemel (Jesaja 14:12) geban, heers tans oor 'n derde van die engele en demone (Openbaring 12), bose magte, prinsipaliteite en owerhede (Efesiërs 6). Vir die Christen is hy die bron van boosheid op aarde aangesien die mens sy heerskappy aan hom afgestaan het

deur te sondig. Verder versoek Satan die mens om te sondig, maar hy is egter nie die rede waarom die mens gesondig het nie – hy het die mens wel mislei, maar die mens het self gekies om te sondig. Die Christen sien Satan dus *nie soos* Ivey (1993a) hom in *die volgende aanhaling* omskryf *nie*: “Satan. As God’s adversary, thus represents the dark side of God, split off and embodied in an opposing deity” (p. 181).

Ivey (1993b), noem dat slegs Islam en Christenskap die destruktiewe en bose kragte wat deur alle kulture erken word en mense se lewens beïnvloed, personifieer in die vorm van ’n wese wat ondubbelsinnig sleg is, en in opposisie met ’n godheid wat ondubbelsinnig goed is (1993a).

### 1.2.3 Tipes satanisme

Teoreties kan daar vier tipes satanisme onderskei word: die tradisionele, georganiseerde, self-geïnisieerde satanisme en ook die sogenaamde “dabblers” in satanisme (Bubeck, 1992, p. 29). Els & Jonker (2000), maak ook ’n onderskeid tussen vier essensiële, nie-verbandhoudende godsdienste wat satanisme genoem word, naamlik: Religieuse satanisme, Gotiese (spookagtige) satanisme, “Dabblers” in die satanisme en “ander” tipes satanisme (sien Hoofstuk 3).

### 1.2.4 Die Satanis

In hierdie navorsing verwys die woord satanis na ’n persoon (ouer as een-en-twintig jaar) wat die vorm van satanisme beoefen wat Ivey (1993a, p. 183) “hard-core” satanisme noem. ’n “Hard-core” satanis – ’n tradisionele of georganiseerde satanis soos Bubeck (1992, p. 29) hom noem – is goed ingelig oor die betekenis van satanistiese rituele en neem ook aktief daaraan deel. Hierdie persoon het gewoonlik ’n statusposisie binne die groep, is in die algemeen ouer, en was jare lank intens betrokke. Hulle volg die doktrines van Crowley (1845-1947) en La Vey (1930-1997), wat bespreek word in die *Satanic Bible* (La Vey , 1969, p. 25) en die boek *Satanic Rituals* (La Vey, 1972, p. 20). ’n Satanis is verder iemand wat Satan, soos beskryf deur die Christelike Bybel, toegewyd en intensief aanbid as sy heer en meester.

### 1.2.5 Subjektiewe beleweniswêreld

St. Clair (1994) omskryf subjektiewe realiteit as “die mense se gevoelens oor ander, of dit nou gevoelens is oor God of ouers, of net pure verbeelding” (p. 4. Direkte vertaling). In hierdie navorsing sal subjektiewe beleweniswêreld verwys na a) snellerinsidente of

ervarings, b) lewensgeskiedenis van die deelnemer en c) haar belewenis en ervarings tydens haar oorskakeling na die Christelike godsdiens soos gesien vanuit haar eie oogpunt.

### 1.2.6 Oorskakeling

Met oorskakeling verwys die navorser na die proses om vanuit satanisme as godsdiens oor te beweeg na die Christelike godsdiens. Dit dui op die totale proses vandat die satanis ’n doelbewuste keuse maak om satanisme as godsdiens vir die Christelike godsdiens te verruil; en aktiewe pogings aanwend om nie meer deel te neem aan satanistiese rituele of selbyeenkomste nie.

### 1.2.7 Snellerinsidente of ervarings

Met snellerinsidente of ervarings word verwys na die spesifieke insidente of ervarings wat die satanis oortuig om satanisme te verlaat en haarself na die Christelike godsdiens te wend. Die vraag: *Wat veroorsaak dat ’n satanis wil oorskakel na die Christelike godsdiens?* word dus ondersoek.

### 1.2.8 Godsdiens

Godsdiens word in hierdie navorsing op twee wyses omskryf, *eerstens* vanuit die psigodinamiese model en *tweedens* vanuit die Christelike teorie. Godsdiens, vanuit die psigodinamiese model, word volgens St. Clair (1994) gesien as ’n verhouding wat te make het met ’n individu se liefde, bewondering en skuld in verhouding tot God. Vir Freud (as ateïs) was godsdiens ’n illusie wat geskep word deur die individu en groep in ’n poging om die onvoorspelbaarheid van die natuur en gepaardgaande gevoelens van hulpeloosheid, maar ook die onaanvaarbare seksuele instinkte te hanteer. Die natuur word dus gepersonifieer (gode) wat ’n illusie van beheer daaroor skep; ’n onvolwasse behoefte van die mens, ’n vorm van neurose wat die soeke na ’n vader bevredig (Palmer, 1997).

Die Objekrelasie-teorie, wat hom egter besig hou deur uit te wys hoe vorige interpersoonlike verhoudings die mens se huidige verhoudings met sy objekte sowel as God beïnvloed, hanteer God ook nie as ‘n goddelikheid nie, maar eerder as ’n aspek van die mens se verhouding met sy ideale objek wat bestudeer kan word.

> Religion, of course, involves many cultural, theological and philosophical aspects that refer to more than subjective spirituality alone, and also includes involvement with external practices and the idea of relationship to a religious community as well – but most of these aspects fall outside the realm of object relations. (St. Clair, 1994, p. 3)

Vir die Christen behels godsdiens die aanbidding en verheerliking van God – een van die hoofredes vir die mens se bestaan (Warren, 2002). Hierdie godsdiens sluit ook betrokkenheid by die kerkgemeenskap, die geloof dat Satan bestaan, geloof in Jesus Christus se opstanding en die mens se opstanding uit die dood uit in.

Aangesien die navorser glo dat die totale konteks van die mens (psigologie, teologie, sosiologie, en biologie) in ag geneem moet word, sien die navorser godsdiens as volg: Godsdiens is die geloof of ongeloof in God, 'n filosofie, of 'n teorie wat soos Stevenson (1987) aannames het oor (a) die skepping van die aarde, (b) die ontstaan, aard of natuur van die mens, (c) die diagnose van wat verkeerd is met die mens en (d) die voorskrifte om die mens se probleme uit te skakel. Met diagnose verwys die navorser in die konteks nie na diagnoses soos gemaak deur die DSM-IV of *Diagnostic and Statsitical Manual of Mental Disorders* (1994) nie, maar na die basiese probleem van die mens bv. sonde of angs. Die Objekrelasie-teorie, Freud se teorie, Christenskap en satanisme kan dus alles gesien word as godsdienste of wêreldsienings. Slegs drie wêreldsienings sal dus in hierdie navorsing aandag geniet, naamlik: Christenskap, Psigodinamiese of Objekrelasie-teorie en Satanisme.

### 1.2.9 Christelike Godsdiens en die Christen

'n Christen is 'n persoon wat volgens Anderson, Zuehlke en Zuehlke (2000) asook Murphy (1996), 'n Bybelse wêreldsiening het, in verhouding staan met God deur die Heilige Gees en weergebore is omdat hy in Jesus Christus as Verlosser glo. Die kernidentiteit van 'n Christen lê in die verlossingswerk van Jesus Christus en so 'n persoon glo dat die Bybel 'n gesaghebbende boek is wat antwoorde bied oor lewenskwessies. Verder is 'n Christen ook iemand wat gereeld bid, kerk bywoon, die Drie-enige God aanbid, en die veld van geestelike oorlogvoering gereeld betree.

### 1.2.10 Geestelike oorlogvoering

Dr. Ed Murphy het 'n omvattende handleiding oor die onderwerp geskryf en in hierdie navorsing sal volstaan word met 'n opsommende definisie. Geestelike oorlogvoering is die siening dat die Christelike kerk en sy lede oorlog voer teen Satan en sy demone deur die krag van gebed, die Christelike Drie-enige God en in die naam van Jesus Christus (Anderson, 1993, 2000a, Murphy, 1996).

### 1.2.11 Kultus

'n Kultus kan volgens Pavlos (in Ivey, 1993a) omskryf word as 'n: "relatively small religious group whose beliefs, values, and practices are at variance with those of dominant or

University of Pretoria etd – Crause, R  (2005)


traditional forms of religion" (p. 180). Ivey (1993a) noem verder dat satanisme onderskei kan word van ander kultusse omdat dit primêr gebaseer is op die *inversie* van Christenskap.

### 1.2.12 Wêreldsiening

Religieuse oortuigings vorm in 'n groot mate ook die wêreldsiening van 'n individu. Murphy (1996), verduidelik dat alhoewel godsdiens en wêreldsiening verwant is aan mekaar, hulle nie identies is nie. Hy lig uit dat 'n mens se wêreldsiening aan die individu sy *basiese aannames oor realiteit* gee, terwyl godsdiens die *spesifieke inhoud van die realiteit* gee. Murphy definieer wêreldsiening as 'n persoon se "*basiese aannames oor realiteit*" (1996, p. 3). Hy argumenteer dat ongeag die reflektiwiteit van 'n persoon, glo alle mense dat hulle huidige aannames oor die realiteit óf die beste, óf die akkuraatste is. Dit is belangrik om hier net te noem dat die wêreldsiening 'n groot impak het op alle gelowe en ook op beide die deelnemer en die navorser se benadering en verwagtings. Dit kan ook gesien word as die somtotaal van die mens se siening en geloof ten opsigte van die wêreld, die groter prentjie wat sy daaglikse keuses en aksies rig (Colons & Pearcey, 1999).

## 1.3 HISTORIESE AGTERGROND EN MOTIVERING VIR NAVORSING

Gedurende die literatuurstudie het die navorser bewus geword van 'n gebrek aan wetenskaplike navorsing oor die onderwerp, naamlik: die subjektiewe beleweniswêreld en snellerinsidente van 'n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens. Ivey (1993a) bevestig die navorser se waarneming en lig uit dat: "Little social scientific research has been forthcoming on the nature, incidence, activities, and psychological dynamics associated with Satanism" (p. 180). Dit geld ook vir die onderwerpe *satansaanbidding en demoon-besetenheid* (Ivey, 1993b).

Die rede vir die gebrek aan wetenskaplike literatuur is heel waarskynlik dat die Kerk van Satan eers in 1966 deur Anton la Vey gestig is, en dat hy eers in 1969 die Satanistiese bybel geskryf het (La Vey, 1969). Ivey (1997) het wel enkele gedagtes gehad oor die redes waarom 'n satanis sal oorskakel na die Christelike geloof, gesien vanuit die Objekrelasie-model. Hy noem self dat sy voorgestelde model 'n voorlopige model is wat bevestiging en aanpassing deur navorsers, wat daarin belangstel om die onderwerp van die interne wêreld van diegene wat Satan aanbid, wil verhelder (1993). Wat egter wel aangeraak is, is die aspek van demone.

As sielkundige wat 'n Bybelse wêreldsiening huldig, het die navorser in sy eie ontwikkeling tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n "split"-siening is ten opsigte van die verstaan van

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


sataniste. Die sielkundige wat met sataniste werk, laat nie altyd ruimpte vir die Christelike of satanistiese wêreldsiening en geloof in die bonatuurlike nie, en aan die ander kant laat Christen-beraders nie altyd ruimte vir wetenskaplik gegronde inligting ten opsigte van die verstaan van die mens se psige nie. Vir die meeste Christen-beraders en -sielkundiges is hierdie realiteit van die bonatuurlike slegs 'n pseudo-realiteit, 'n vyand met stomp tande waarteen die Christen moet staan (Efesiërs 6), of ook slegs 'n projeksie van die geïnternaliseerde slegte objek.

Daar is dus oorwegend twee fundamentele, opponerende raamwerke van interpretasie van 'n satanis. Die eerste is die sielkundige model, in die breë en meer spesifiek psigodinamiese modelle of Objekrelasie-teorie. Die tweede is die demonologiese model en die Christelike teorieë.

### 1.3.1 Die Objekrelasie-teorie/model

Die Objekrelasie-model het die basiese aanname dat alle mense verhoudingsoekend is. Die paradigma verwys na die gevoelens en die verstandsbeelde wat geassosieer word wanneer daar met sy eksterne objekte (mense) omgegaan word. Vroeë interpersoonlike ervarings veroorsaak die opbou van ryk beelde wat funksioneer as psigologiese strukture in die verstand en bepaal hoe die persoon se gevolglike persoonlikheid in verhouding staan tot die wêreld. Objekte (mense) word geïnternaliseer deur "*mental images*" of "*representations*" waaraan sekere gevoelens gekoppel word (St. Clair, 1996, p. 8). Die Objekrelasie-teorie, wat poog om die interne wêreld (subjektiewe belewenisse) van die satanis te verstaan, sal aandag geniet in Hoofstuk 4.

In 'n poging om die aard van godsdiens te verstaan, het psigoanalitiese navorsers godsdienstige ervarings benader as slegs nog 'n area van menslike aktiwiteit. Dit word duidelik as Ivey (1993a, 1993b) noem dat Freud die volwassene se ervaring van God sien as gesetel in die geïdealiseerde vader en vroeë kinderdae. Die gepaardgaande ambivalensie wat elke kind teenoor sy vader beleef, manifesteer in die affekbelaaide en onderdanige impulse aan die een kant, en die vyandige en afwykende impulse aan die ander kant. Satan het dus, net soos God, sy psigologiese oorsprong in hierdie ervaarde ambivalensie, en demoonbesetenheid word dan gesien as 'n neurotiese oplossing vir die verlies van die vaderfiguur. Alle godhede kan daarom vanuit die Objekrelasie-model gesien word as "projected images of impulses and perceptions derived from early childhood experiences of powerful parental figures in the personal history" (Ivey, 1993b, p. 188). Wanneer sielkundiges so met godsdiens omgaan, sê St. Clair, voel baie gelowige mense dat die bonatuurlike

realiteit agter godsdiens geïgnoreer word en dat godsdiens beroof word van sy godsdienstige ervaring of “sense of the holy or unholy” (1994, p. 3).

Demone of demonisering word verder deur Freud & Breuer gesien as metafore vir die intrapsigiese konflik van die mens, ’n deel van die persoon self waarvan hy bewus word (1895) [1961] p. 250). Later noem Freud dat hy demone sien as aspekte van die mens self wat ontstaan as gevolg van die projeksie van slegte onderdrukte impulse:

> In our eyes, the demons are bad and reprehensible wishes, derivatives of instinctual impulses that have been repudiated and repressed… we regard them as having arisen in the patient’s internal life, where they have their abode. (1923 [1961], p. 72)

Freud het demone ook omskryf as ’n vorm van neurose “the neurosis of those early times appear in demonological trappings” (Freud, 1923, p. 72). Hierdie verklarings is beperk en Ivey (1993) noem self dat dit as ’n intrapsigiese teorie die belangrikheid van die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudings ignoreer. Die Objekrelasie- (psigodinamiese) teorie gee egter meer inligting oor die wyse waarop vroeë verhoudings geïnternaliseer word en die kind se interne wêreld help konstrueer.

Ivey brei hierop uit en het: 1) ’n Jungiaanse perspektief gegee op demoniese besetenheid en boosheid (Ivey, 1992b); 2) aandag gegee aan die psigososiale predisposisie en die invloed van familiedinamiek op die satanis; 3) enkele gedagtes gehad oor die redes waarom ’n satanis sal oorskakel na die Christelike geloof (Ivey, 1993a, 1997); 4) ’n psigodinamiese verstaan van demoniese besetenheid en satansaanbidding gegee (Ivey, 1993a, 1993b) en daarop gewys dat die Objekrelasie-teorie demone sien as gepersonifieerde intrapsigiese agente wat beleef word as outonome persone in die persoon self (Ivey, 2002). Met ander woorde die personifiëring van die geïnternaliseerde slegte objekte (sien Hoofstuk 4).

Fairbairn (1943) , die vader van Objekrelasie-teorie verklaar demone aan die hand van die geïnternaliseerde slegte objek. Ivey (1993b, p. 189) brei uit deur te noem dat Fairbairn demoniese besetenheid gesien het as ’n metafoor vir die vervolging deur die geïnternaliseerde slegte objek. Die kind is besete deur hierdie geïnternaliseerde objek “asof deur ’n bose gees” (Fairbairn, 1943, p. 76. Direkte vertaling). Gevolglik sien die kind homself as sleg, wat oormatige angs in hom veroorsaak. Sy oplossing vir hierdie angs is om homself te beskerm deur van verdedigingsmeganismes soos projeksie en projektiewe identifikasie gebruik te maak. Klein (1946) beskryf laasgenoemde as die onbewuste proses waardeur die slegte objek afgesplits word vanaf die self en in fantasie in ’n ander persoon geplaas word.

Eigen en Phillips (1993) 'n fenomenologies georiënteerde psigoanalis beskou demone as die demoniese aspekte van die self of ego. Demone en Satan word dan ook gesien as 'n metafoor vir hierdie interne psigiese strukture. Ivey (1993b), bevestig dit: "If, however, one does not accept the literal reality of demons, one must necessarily regard demonic possession as a metaphor, and account for it within the secular discourse of psychology" (p. 186).

Ongeag die teoretiese deeglikheid noem St. Clair (1994), dat:" ...the object relations theory, however, does not deal with the divine object as divine, but simply as another object for study" (p. 3). Dit beteken dat God nie noodwendig beskou word as 'n goddelikheid nie, en laat die vraag: Wat van die psigodinamiese sielkundige wat op grond van sy wêreldsiening wel in die bestaan van Satan en demone as gode glo en demone of Satan nie slegs as selfobjekte wil hanteer nie? Hierdie vraag bring die navorser by die tweede model wat teenoor die bogenoemde psigologiese model staan, naamlik die Christelike model en die geloof in demone as daadwerklike geestelike wesens.

### 1.3.2 Die Christelike teorie en demonologiese model

Die Christelike skrywers voel dat 'n beskrywing van gode of God as *aspekte van die intrapsigiese wêreld* nie voldoende is nie aangesien hierdie soort benadering, soos St. Clair dit stel "...ignores the transcendent realities behind religion and robs religious experiences of the sense of the holy" (1994, p. 3).

Die Christelike skrywers se geloof in demone as transendentale realiteite word daarom ook deur Ivey (1993b) as volg omskryf:

> The demonological model presupposes a belief in evil supernatural entities, capable of infiltrating and controlling psychological life. It is the literal presence of these demonic aliens in the bodies and minds of human victims which gives rise to the alarming symptoms of possession: radical personality changes, loss of self-control, angry and blasphemous outbursts, dissociative states and voice changes, hearing and/or seeing evil spirits etc. (p. 186)

Daar is tans een sielkundige, Dr. James Friesen (1997), waarvan die navorser bewus is, wat die onderwerp van satanisme, die gepaardgaande patologie en demonisering vanuit die psigologiese sowel as die Christelike benadering bestudeer en integreer. Sy werk sal in Hoofstuk 5 heelwat aandag geniet.

Daar is ook enkele akademiese werke hieroor op die gebied van verpleegkunde (Heathcote, 1997); en teologie (Anderson, *et. al.,* 2000; Koch, 1994; Murphy, 1996, 2003). Nie-

akademiese boeke en literatuur oor satanisme is volop (Anderson, 1991, 1993, 2000; Bezuidenhout, 1992; Brown, 1986; Els & Jonker, 2000; Frattarola, 1998; Jonker, 1991, 1992, 1993; Lewis, 1967; Peck, 1983; Seale, 1992.) Hierdie skrywers is meestal Christene en die area van geestelike oorlogvoering geniet ook aandag.

Dit is duidelik dat Christene Satan en God nie net as nog objekte hanteer nie, maar as persoonlike realiteite. Christene het daarom ’n heel ander benadering en werkswyse as wat die Objekrelasie-teorie sal hê wanneer hulle oor sataniste dink, of wanneer ’n satanis kies om deel te word van die Christelike godsdiens. Daar is egter ook verskeie Christene wat ’n mitologiese siening oor Satan huldig. Wanneer daar in hierdie navorsing na Christelike teorieë verwys word, word daar spesifiek verwys na die Christene wat Satan sien as ’n *persoon wat in beheer is van geestelike wesens wat demone genoem word*.

Aangesien die belangrikheid van verhoudings die ooreenstemmende aspek tussen Christelike sienings en die Objekrelasie-teorie is, is dit relevant om aan beide aandag te skenk. Die terapeutiese waarde van die Christelike geloof is reeds aangedui deur Venter (1985), en daarom sal hierdie navorsing die area van demonisering, satanisme en die satanis se oorskakeling en gepaardgaande subjektiewe ervarings ook vanuit die Christelike teorie beskryf en verklaar. Sodoende sal ’n meer holistiese benadering tot die onderwerp daargestel word, omdat enige bydraes wat die Christelike teorie rakende die navorsingsonderwerp kan lewer, waargeneem sal word.

Die snellerinsidente en die subjektiewe beleweniswêreld van ’n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens is dus nog nie sover as wat hierdie navorser se kennis strek a) wetenskaplik nagevors nie en b) vanuit die Christelike sowel as die Sielkundige teorieë binne die Suid-Afrikaanse konteks verklaar nie.

### 1.3.3 Wetenskaplike bydrae

Die hoofbydrae is dat die snellerinsidente sowel as die ervaring van sataniste se oorskakeling na die Christelike geloof ondersoek gaan word. Die tweede bydrae is dat daar beperkte kommunikasie plaasvind tussen die Christelike verstaan van die verskynsel van satanisme en die sielkundige se verstaan vanuit die psigodinamiese perspektief. Temas wat gevind word, sal moontlik help om beide sienings toe te laat om by mekaar te leer. Dit sal hopelik ook idees gee vir verdere navorsing wat ’n raamwerk kan bied vir sielkundiges wat graag hul Christelike siening wil inkorporeer met hul sielkundige verstaan van die onderwerp. In die woorde van Anderson, *et al.,* (2000) “…although we cannot accept a secular

psychology…we also cannot accept a liberal theology and we cannot reject psychology as a disciplined science” (p. 11).

Dieselfde geld vir die domein van die sielkunde. St. Clair (1994) dui daarop dat psigoanalise ’n dissipline is met beperkings en dat sielkundiges ook moet besef dat hulle net die sielkundige domein en subjektiewe realiteit kan navors. Hy noem verder dat die sielkundige nie kan oordeel oor God se bestaan nie en net so kan hy nie oordeel oor die werklike bestaan van Satan nie. Daar sal dus na die Objekrelasie-teorie sowel as die Christelike *aannames* rakende satanisme gekyk word. Dit is geldig aangesien St. Clair meen dat: “While we must guard our intellect, we must not surrender it. It is a balance between the initiative of God and the responsiveness of the human person” (1994, p. 2).

## 1.4 NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

Vanuit die aard van die navorsingsvraag en -titel is die logiese gevolgtrekking dat daar ’n indiepte-ondersoek sal moet plaasvind van die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings, wat die katalisators is vir die oorskakelingsproses. In sy keuse van navorsingsmetodologie ondersteun die navorser die siening dat wetenskaplike navorsing gesien word as ’n rasionele, sistematiese wyse om die wêreld te verstaan. Die doel van die navorsing is daarom ook primêr, ondersoekend, eksploratief-beskrywend met die fokus: om aan die hand van ’n gevallestudie die snellerinsidente of -ervarings vir ’n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens, en die gepaardgaande subjektiewe belewenis wetenskaplik te ondersoek. Aangesien die studie poog om die onderwerp betekenisvol te eksploreer en te beskryf, eerder as om een of ander oorsaak-en-gevolg of bevinding te verifieer en te verduidelik, is die kwalitatiewe metodologie, wat ’n eksistensieel-fenomenologiese navorsingsmetode aanwend, van pas.

### 1.4.1 Kwalitatiewe navorsing

Creswell (1998) voer aan dat kwalitatiewe navorsing net sulke geldige navorsing is as kwantitatiewe navorsing. Die navorsing sal geskied aan die hand van die eksploratief-beskrywende gevallestudiemetode. Hierdie gevallestudiemetode se doel is om ’n georganiseerde, geloofwaardige en samehangende beeld van die fenomeen daar te stel en fokus op die proses eerder as die uitkomste (Babbie & Mouton, 1999; Creswell, 1994, 1998; Neuman, 1997). In die eksploratief-beskrywende of verkennend-beskrywende gevallestudiemetode gee die navorser ’n omvattende, akkurate beskrywing van ’n individuele geval. Dit is daarop gerig om ’n idee wat nog nie ten volle gekonseptualiseer is nie, in diepte te ondersoek. Breuer (in Freud & Breuer, 1895) se beskrywing van Anna O is ’n voorbeeld

hiervan. Omdat hierdie tipe studie in wese verkennend is, lê dit aan die kant van die kontinuum wat net 'raak' aan teorie. Teoretiese konsepte kom reeds hierin voor, maar in wese is hierdie tipe gevallestudie nog net daarop gerig om die fondamente van teoretiese konseptualisering neer te lê. Die klem is op die uniekheid van die fenomeen of sisteem (Leedy, 1997), in hierdie geval die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe belewenisse van 'n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens, ten *einde soveel as moontlik* daaroor te wete te kom.

### 1.4.2 Metodologie en data-analise

Giorgi se metodologie en riglyne vir 'n eksploratief-beskrywende of verkennend-beskrywende gevallestudie sal gevolg word (Giorgi, 1970a, 1970b, 1975, 1982, 1985). Die werk van Giorgi (1975) en Kvale (1996), hul denke en beginsels oor 'n eksplisiete kwalitatiewe metode vir navorsing in die veld van fenomenologiese sielkunde sal sentraal staan in hierdie studie.

Gevolglik sal die kenmerke, teoretiese oriëntasie en metodologie eksistensieel-fenomenologies van aard wees. Verder sal die proses van data-insameling, fases van interpretasie, sowel as prosedures van data-analise aan die hand van die eksistensieel-fenomenologie geskied.

### 1.4.3 Deeglikheid en nougesetheid in kwalitatiewe navorsing

Aangesien kwalitatiewe navorsing te gereeld gemeet word aan die kriteria wat meer van toepassing is op kwantitatiewe navorsing, blyk dit soms of kwalitatiewe navorsing tekort skiet. Krefting (1991) wys daarop dat die aard en doel van kwalitatiewe navorsing radikaal verskil van kwantitatiewe navorsing en daarom kan dieselfde kriteria vir meriete en waarde nie geld nie. Alhoewel kwalitatiewe navorsing subjektiwiteit en intersubjektiwiteit beklemtoon, lewer dit homself nie noodwendig oor aan relativisme of 'n alles-is-aanvaarbaar-filosofie nie. Om laasgenoemde te voorkom, het kwalitatiewe navorsing riglyne om in kwantitatiewe terme die betroubaarheid ("trustworthiness") en geldigheid ("reliability") van kwalitatiewe navorsing te "bepaal" of te "meet". Guba (in Krefting, 1991), het 'n model voorgestel om die betroubaarheid ("trustworthiness") van kwalitatiewe navorsing te bepaal.

Ten einde die deeglikheid en nougesetheid van hierdie navorsing te verseker, sal die navorser gebruik maak van Guba (in Krefting, 1991), se model wat waarheidswaarde, toepasbaarheid, konsekwentheid en neutraliteit insluit, aangesien dit in vergelyking met ander modelle 'n konseptueel goedontwikkelde model is, en ook reeds jare deur kwantitatiewe navorsers gebruik word (Krefting, 1991).

## 1.5 ETIESE MAATREËLS

Dit is belangrik om wat die etiese aspekte betref, te onthou dat ingeligte toestemming verkry moet word. Ook moet die navorser herinner word dat hy 'n verpligting het teenoor die deelnemer (Denzin & Lincoln, 1994). Die deelnemer sal 'n toestemmingsbrief onderteken. Soos Creswell (1998) voorstel, sal die deelnemer *eerstens* die reg hê om vrywillig enige tyd tydens die navorsing te onttrek. *Tweedens* sal die sentrale doel van die studie en die prosedures wat in data-insameling gevolg sal word ook daarin verskyn. *Derdens* sal daar opmerkings wees wat die deelnemer sal verseker dat die navorser data sal beskerm en konfidensieel sal hanteer. Daar sal ook 'n stelling gemaak word ten opsigte van die risiko van deelname aan die navorsing. *Vierdens* sal die verwagte voordele uit die studie ook aan die deelnemer duidelik gemaak word. In hierdie geval is die verwagting 'n omvangryke verstaan van die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings van die satanis wat oorskakel na die Christelike godsdiens. *Laastens* sal daar ook 'n plek wees waar die deelnemer en navorser hul handtekenings kan plaas en die datum kan invul (Creswell, 1998).

In die geval van 'n gevallestudie oor die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings is dit belangrik om slegs 'n persoon te vind wat die verskynsel self beleef het en geskrewe toestemming vir sy deelname aan die navorsing moet van hom ontvang word. Indien daar op enige stadium van die navorsing lewensbedreigende situasies vir die deelnemer ontstaan, sal die navorsing onderbreek word. Voorsiening sal gemaak word vir ondersteuning van die deelnemer deur die okkulte-eenheid en die traumasentrum. Selfmoord is 'n algemene verskynsel onder persone betrokke by satanisme en sekere vrae kan snellers wees wat herinneringe aan traumatiese gebeure ontlok. Verder poog lede van die "coven" of satanistiese beweging om lede wat na die Christelike godsdiens oorskakel, te vermoor, soos genoem tydens gesprekke met Grobler (2003) en Jonker (2003). Selfmoord en lewensbedreiging is ook aspekte waarna Havinga (2000a, 2000b, 2000c) verwys.

## 1.6 KONFIDENSIALITEIT

Ingeligte toestemming moet van die deelnemer verkry word. Om konfidensialiteit te verseker, sal die navorser a) persoonlik die oudiobande, nadat hy dit self getranskribeer het, vernietig; b) 'n skuilnaam gebruik; c) algemene agtergrondinligting gee; en d) as gevolg van die verwagte volume van die getranskribeerde onderhoude slegs uittreksels uit die geskrewe data neem. Om uittreksels te gebruik, word beskou as minder blootstellend vir die deelnemer terwyl dit steeds die relevansie van temas onder bespreking effektief kan uitlig. Verder sal

die navorser ook skuilname gebruik vir alle ander persone wat betrokke mag wees. Laastens sal die navorser ook die ingesamelde data persoonlik aan die studieleier oorhandig.

## SAMEVATTING

Ten einde die leser te oriënteer, word die inhoud en fokus van die verskillende hoofstukke uiteengesit en kortliks genoem. In **Hoofstuk 2** word daar bespreek wat 'n wêreldsiening is en die impak van die Westerse wêreldsiening op die Christelike wêreldsiening word uitgelig, waarna die navorser aan die hand van die vier aspekte van 'n ideologie, 'n Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening voorstel. **Hoofstuk 3** fokus op die antitese van hierdie siening naamlik moderne satanisme, enkele wanbegrippe oor satanisme en die vaders daarvan word ook bespreek. Die invloed wat hul op die filosofiese en teologiese denke van die satanis gehad het, word hieruit duidelik. Daarna word satanisme as 'n vorm van godsdiensbeoefening en die wêreldsiening daarvan, ook aan die hand van die vier aspekte van 'n ideologie as 'n wêreldsiening bespreek. Hoofstuk 3 word afgesluit met 'n bespreking van die faktore wat 'n persoon vatbaar maak vir satanisme, redes vir betrokkenheid en redes vir oorskakeling uit satanisme. In **Hoofstuk 4** word die Objekrelasie-teorie en die psigodinamiese verstaan van godsdiens bespreek, waarna W.R.D. Fairbairn se Objekrelasie-teorie, soos in die twee voorafgaande hoofstukke, ook aan die hand van die vier aspekte van 'n ideologie as wêreldsiening bespreek word. Hierdie hoofstuk sluit ook 'n bespreking van enkele psigodinamiese denke oor disfunksionele families en demone in. Die Objekrelasie-teorie dra by tot 'n omvangryke verstaan van die invloed wat die eerste verhoudings het op die vorming van die persoonlikheidstruktuur en dié se invloed op die verstaan van demonisering. In Hoofstuk 4 word daar ook uitgewys dat die term "besetenheid" nie 'n akkurate vertaling van die oorspronklike Bybels woorde is nie. **Hoofstuk 5** handel oor Dissosiatiewe Identiteitsversteuring (DIV) en veral James Friesen se werk aangesien DIV moontlik kan voorkom onder Generasionele sataniste. In hierdie hoofstuk sal daar ook klem gelê word op die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening se verstaan van demone, aangesien Friesen 'n onderskeid tref tussen demone en alter-egodele en die aspek van demone nie by die vloei van argumente van Hoofstuk 2 ingepas het nie. Dit is verder ook van belang aangesien dit beperkte kommunikasie tussen die Objekrelasie-wêreldsiening en die Christelike wêreldsiening moontlik. Hierdie kommunikasie dra by tot 'n meer holistiese benadering. Nadat **Hoofstuk 6** die navorsingsontwerp en navorsingsmetodes volledig

uiteengesit het, word hierdie omvangryke voorafgaande literatuurstudie se geldigheid duidelik wanneer die geval bekendgestel word en die snellerinsidente vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening sowel as die Objekrelasie-ideologie in **Hoofstuk 7** bespreek word. **Ten slotte** sal tekortkominge uitgewys en gevolgtrekkings en aanbevelings in Hoofstuk 8 gemaak word. Die gevolgtrekkings waartoe die navorser gekom het, sal bespreek word. Indien daar tekortkominge is/was, sal dit uitgewys word en aanbevelings sal gemaak word na aanleiding van die navorsing. Hopelik sal 'n omvangryke verstaan van die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings van die satanis wat oorskakel na die Christelike godsdiens, lei tot kritieke vrae rakende die sielkundige se verstaan van hierdie groep mense en verdere navorsings vrae of hipoteses.

# HOOFSTUK 2 WÊRELDSIENINGS

> Writers are of two sorts, those who dig up facts and theories and describe them, and others who, from the depth of their personal struggle with truth, speak from their living experience. (White in Friesen, 1997, p. 13)

## INLEIDING

Daar is reeds effektief in hoofstuk een uitgewys dat satanisme, Christenskap en die Objekrelasie-teorie gesien kan word as ideologieë of wêreldsienings elk met: 1) ’n siening oor die skepping, 2) die basiese natuur van die mens, 3) ’n diagnose oor wat verkeerd is met die mens, en 4) voorskrifte oor hoe om die probleem op te los. In hierdie hoofstuk sal daar eers bepaal word wat ‘n wêreldsiening is aangesien dit verwant is aan godsdiens. Daarna word die Christenskap en Satanisme aan die hand van die voorafgenoemde vier aspekte bespreek. Die Objekrelasie-teorie as wêreldsiening sal ook onder hierdie vier aspekte in Hoofstuk 4 bespreek word. Hoofstuk 5 sal poog om aan die hand van Friesen se model en werk oor DIV aspekte van ooreenkoms in die psigoloog en Christen se benadering tot satanisme uit te lig.

### 2.1 WÊRELDSIENING

Soos in hoofstuk een bespreek, gee ‘n mens se wêreldsiening aan hom sy basiese aannames oor realiteit, terwyl godsdiens die spesifieke inhoud van die realiteit gee. Daar is ook uitgewys dat alhoewel godsdiens en wêreldsiening verwant is aan mekaar, is hulle nie identies nie. Daar is uitgewys dat ‘n wêreldsiening ’n groot impak het op alle gelowe en ook op beide die deelnemer en die navorser se benadering en verwagtings. Die wêreldsiening is dus die bril wat ‘n individu opsit en waardeur daar, op grond van die aannames oor realiteit, gekyk word na verskeie fenomene. Dit spreek die “wat”-vraag aan, terwyl godsdiens poog om die waarnemings of “hoekom”-vraag aan te spreek, deur inhoud aan die realiteit te verskaf. Schott Peck, psigiater en skrywer van The Road less traveled skryf oor Jim Friesen se handleiding *Uncovering the mystery of Miltiple Personality Disorder* (MPD) die volgende:

> An excellent but naturally anecdotal, subjective book on a major frontier for both religion and psychiatry, pointing to the desperate need for scientific research on the subject of demonic possession in all of its ramifications. When will we listen? When are we going to get serious about looking at this reality? (Friesen, 1997, p. ii)

In hierdie aanhaling kan die impak van ‘n wêreldsiening duidelik waargeneem word wanneer daar net gekyk word na die onderwerp van demone. Die navorser is bewus dat die besprekings wat in hierdie hoofstukke volg deur baie van sy sielkundige kollegas verwerp, of anders geïnterpreteer kan word. Die pleidooi aan hulle is egter om dit te lees en daaroor te dink. As sielkundige wat ‘n Christelike wêreldsiening huldig, voel die navorser net soos White dat:

> For too long, the human sciences have buried their heads in the sand regarding the supernatural. Even with the trend changing, the fashion is to welcome what comes from the Orient as enlightened and sophisticated but to despise traditional Christian concepts. Scriptures are “regressive, outmoded. (White, in Friesen, 1997, p. 14)

Dit is daarom dat hierdie navorser soos ander skrywers (Anderson *et al.,* 2000; Els & Jonker, 2000; Friesen, 1997; Koch, 1994; Murphy, 1996, 2003; Rhodes, 2001) die belangrike invloed van die wêreldsienings wat mense huldig van nader wil bekyk, voordat die onderwerp van satanisme bespreek sal word.

### 2.1.1 Definiëring van wêreldsiening

Die mens se wêreldsiening bepaal sy definiëring van sosiale, maatskaplike en gesondheidsprobleme en dit rig ook die wyse waarop hierdie waarneembare probleme aangespreek en nagevors word. Verder beïnvloed dit die mens se denke, morele oortuigings, geloof en lewenstyl. Ongelukkig is dit egter so dat wanneer ‘n fenomeen nie binne die raamwerk van ‘n persoon se wêreldsiening pas nie, is die meeste mense geneig om dit te ignoreer. Die realiteit van vreemde, okkultiese of bonatuurlike ervarings is ongetwyfeld ‘n voorbeeld hiervan (Murphy, 1996).

Murphy (1996) noem dat ‘n wêreldsiening ‘n reeks of aantal aannames is wat die mens bewustelik of onbewustelik aanhang. Hierdie aannames handel gewoonlik oor die basiese bestanddele of elemente van die lewe en wêreld. Wie het dit gemaak? Hoe is dit gemaak? Daarom kan dit gedefinieer word as: (a)”Your basic assumptions about reality” (Murphy, 1996, p. 14); of (b) “Peoples’ most deeply held beliefs” (Colsons & Pearsy, 1999, p. xiii), of (c) “a set of presuppositions (or assumptions) which we hold (consciously or subconsciously) about the basic makeup of the world” (Sire, 1976, p. 17). Collins (2001) vat hierdie definisies soos volg saam:

> This is what we really believe, whether we have thought much about it or not. These are views of life and the world that we rarely question, almost never mention to friends, and usually ignore unless somebody disrupts what we believe by showing a different perspective. (Collins, 2001, p. 13)

Die mens se wêreldsienings help hom dus om sin te maak uit die lewe, om waarde en normes te kies en om morele oordele te vel. Die wêreldsiening wat die sielkundige huldig, bepaal weer sy mensbeskouing of wat hy as die oorsaak van emosionele probleme gaan sien, waaruit die behandelingsplan gaan bestaan en wat die kriteria gaan wees om die progressie van terapie aan te meet (Collins, 2001).

Anderson *et al.,* (2000) noem dat elke wêreldsiening duidelike sienings en perspektiewe oor tien onderskeibare areas huldig, naamlik: 1) Teologie en 2) Filosofie – wat die een of ander aanname oor 'n god huldig. Onder andere kan die volgende genoem word: (a) Daar is net een God (Christenskap, Judaïsme, Islam); (b) Daar is geen God nie (Humanisme, Utopianisme); (c) Daar is baie gode (Panteïsme); d) Alles is god ("New Age"); 3) Etiek; 4) Biologie; 5) Sielkunde (oorsaak en oplossing van emosionele probleme); 6) Sosiologie; 7) Regte; 8) Politiek; 9) Ekonomie; 10) Geskiedenis (Sien tabel 2-1). Aangesien al tien voorafgenoemde areas interafhanklik is van mekaar en as geheel 'n bepaalde wêreldsiening vorm, moet al tien areas in lyn wees met die aannames van die bepaalde wêreldsiening om steeds beskou te word as daardie wêreldsiening. Gevolglik kan 'n persoon nie eklekties die teologie van Christenskap aanhang, die filosofie van Hindoeïsme, die sielkunde van Humanisme en die politiek van "New Age" en steeds geklassifiseer word as iemand met 'n Christelike wêreldsiening nie (Collins, 2001).

Aangesien daar soveel aspekte is wat tot 'n bepaalde wêreldsiening bydra, sal enkele tipes wêreldsienings vervolgens van nader beskou word om duidelikheid te gee oor die verskillende wêreldsienings.

### 2.1.2 Tipes wêreldsienings

Hier sal 'n kort beskrywing gegee word van verskillende tipes wêreldsienings naamlik: Teïsme, Bybelse teïsme, Panteïsme, Monisme, Politeïsme. Na afloop hiervan sal die Ateïstiese, Geestelike Tradisionele en Naturalistiese of Materialistiese sienings waaronder alle Westerse wêreldsienings geklassifiseer kan word, aandag geniet.

**Teïsme:** verwys na 'n God wat persoonlik en een is. Hy is transendent (deel van die skepping as die skepper en ook die onderhouer van die skepping). Hy is inwonend in die sin dat hy orals teenwoordig is en toeganklik is vir mense.

**Bybelse teïsme:** God is 'n *persoonlike* en ware God. Die perfekte persoon wat alwetend en almagtig is. Hy het perfekte emosies, wat hy voel, is wat gevoel moet word. Hy het 'n

perfekte wil. Hy het volmaak lief en dit maak die Hemel ‘n werklikheid en hy haat met ‘n volmaakte haat wat die hel ‘n realiteit maak.

**Panteïsme:** Afgelei van die Griekse woorde *pan* en *theos* wat onderskeidelik *alles* en *God* beteken. God is dus in alles en alles is God. Rhodes (2001) noem dat die panteïstiese God ‘n onpersoonlike, amorele ‘dit’ is en direk teenstrydig is met die persoonlike, morele God waarin die Christene glo. Vir Murphy (1996) is panteïsme die doktrine wat glo dat die heelal en alle realiteit god is – die kosmiese eenheid wat gelyk gestel word aan God.

**Monisme:** Rhodes wys dat dit afkomstig is van die Griekse woord *monos* (wat een beteken). Monisme is ‘n teorie wat alle realiteit sien as ‘n “unified whole”. Als in die skepping is saamgestel uit dieselfde substans en hy verduidelik dat “Man, god, and the world of nature are linked to ‘waves’ in a single cosmic ‘ocean’. Perceived differences are apparent, not real” (2001, p. 131)

**Politeïsme:** Die geloof in en aanbidding van veelvuldige gode. Dit was die algemene godsdienstige siening van die antieke Bybelse wêreld na die sondeval, sê Murphy (1996).

Daar is hoofsaaklik vier tipes wêreldsienings waaronder alle wêreldsienings geklassifiseer kan word en Murphy (1996) lig die volgende uit:

**Ateïstiese:** Glo daar is geen God nie en dat realiteit bestaan uit die sintuiglik waarneembare en wetenskaplik meetbare. Daar is niemand groter in die lewe as die mens nie, die ‘ek’. Ek bepaal wat in my lewe gebeur en wanneer en is daarom self god oor myself.

**Geestelike:** In hierdie siening is absolute realiteit nie ‘n natuurlike, materiële of fisieke realiteit nie, maar ‘n bonatuurlike of geestelike realiteit. Daar is dus groter kragte as die mens wat aan die werk is, ‘n God, gode of energie. ‘n Persoonlike verhouding met ‘n godheid is nie noodsaaklik nie, die absolute realiteit bly steeds die geestelike realiteit. Die meerderheid mense huldig hierdie siening. Die wêreld is dus nie ‘n filosofiese materialisme nie, maar ‘n wêreld van oortuigende spiritualiteite. Die mens is dus nie slegs liggaam nie maar ook siel met spiritualiteit.

**Tradisionele:** Die siening wat nie slegs die geloof in kieme of wetenskap aanvaar nie, maar ook die spirituele of geestelike. Geestelike kragte wat inwerk op die natuur in so ‘n mate dat die natuurlike onvoorspelbaar word. Vir mense wat ’n tradisionele siening huldig, is die vraag nie: *Wat is waar?* nie, maar eerder: *Watter god het die meeste krag?* Nuus oor ‘n God wat

meer krag het as ŉ gees of vloek kry meer aandag as die feite. Die satanis en Christen val in baie opsigte binne hierdie kategorie. Murphy (1996) wys daarop dat tradisionele mense die verskil tussen die godsdienstige, magiese en wetenskap verstaan. Alhoewel hulle erken dat bose geeste die normale gang van die natuur kan beïnvloed, skryf hulle nie alle negatiewe ervarings toe aan die aktiwiteite van astrale geeste of bose geeste nie.

**Naturalistiese of Materialistiese:** In hierdie wêreldsiening is absolute realiteit nie geestelik nie, maar materialisties en fisiek. Die sintuiglik waarneembare, die wetenskaplike feite en hoër-orde-denke is waaruit absolute realiteit bestaan. Daar is dus natuurwette wat alles reguleer en nie 'n god nie. Vyf gevolgtrekkings spruit voort uit hierdie siening: 1) Die kosmos en die skepping was 'n groot natuurontploffing. 2) Menslike lewe is 'n "biologiese ongeluk" wat nie werklik betekenis het nie. 3) Die lewe eindig by die dood. 4) Die mens is dus primitief in sy denke. Hy is nog nie verlig deur hoër-orde-denke nie en gevolglik glo hy nog in 'n intuïtiewe, historiese en universele geloof, in 'n absolute god, gees, krag, energie, of God agter die geskiedenis van die mens wat heers oor die natuur. 5) Die mens is nie uniek nie en het nie 'n doel nie (Murphy, 2003).

Die **Westerse wêreldsiening** kan as 'n vyfde tipe (oorkoepelende) wêreldsiening beskou word. Onder die Westerse wêreldsiening is daar vier wêreldsienings wat relevant is tot hierdie navorsing, aangesien dit die grootste impak het op die meeste Westerlinge naamlik: *Humanisme*, *Utopianisme*, "New Age" en *Bybelgefundeerde Christenskap*. Hierdie vier Westerse wêreldsienings word aan die hand van die tien areas waaruit 'n wêreldsiening bestaan, saamgevat deur Anderson *et al.,* (2000, p. 27, Direkte vertaling) en in Tabel 2-1 weergegee.

Binne 'n bepaalde wêreldsiening kan verskillende areas met mekaar vervleg wees, soos byvoorbeeld (a) sielkunde – of aannames oor die mens, kan vervleg wees met (b) teologie – of aannames oor God. Noudat dit duidelik is dat 'n bepaalde wêreldsiening bestaan uit tien basiese areas sal enkele gedagtes oor die impak wat naturalistiese en selfs wetenskaplike navorsing se aannames op die Christelike wêreldsiening gehad het, uitgelig word.

Tabel 2-1 Die Vier Westerse Wêreldsienings

| **VIER WESTERSE WÊRELDSIENINGS** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Humanisme** | **Utopianisme** | **"New Age"** | **Bybel-gefundeerde Christenskap** |
| **Bronne** | Humanistiese Manifeste I en II | Werke van Marx en Lenin | Werke van Sprangler, Ferguson en ander. | Die Bybel. |
| **Teologie** | Ateïsme | Ateïsme | Panteïsme | Teïsme |
| **Filosofie** | Naturalisme | Dialektiese materialisme | Onnaturalisme "nonnaturalisme" | Supernaturalisme |
| **Etiek** | Relativisme | Ploretariaat moraliteit | Relativisme | Absolutes |
| **Biologie** | Darwin se evolusieteorie | Darwinisme of "punctuated" evolusie | Darwinisme of akkurate evolusie "punctuated" | Skepping deur God. |
| **Sielkunde** | Self - aktualisering | Behaviorisme | Kollektiewe bewussyn | Liggaam, siel/gees. |
| **Sosiologie** | Nie-tradisionele familie | Afskaffing van huis, kerk en staat | Nie-tradisionele huis, kerk en staat. | Tradisionele huis kerk en staat. |
| **Regte** | Positiewe wet | Positiewe wet | Wet van die self | Bybelse of geestelike wette en natuurlike wette. |
| **Politiek** | Wêreldregering (Globalisering) | Nuwe wêreldorde (nuwe samelewing) | Nuwe wêreldorde | Geregtigheid, vryheid en orde |
| **Ekonomie** | Sosialisme | Sosialisme | Universele verligte produksie | Rentmeesterskap van eiendom. |
| **Geskiedenis** | Historiese evolusie | Historiese materialisme | Evolusionêre godheid | Historiese opstanding uit die dood. |

### 2.1.3 Die impak van die Westerse wêreldsiening op die Christelike wêreldsiening

Naturalisme het 'n groot impak op die Westerse wêreldsiening. Dit is die siening oor die realiteit wat ontwikkel het in die revolusie van die "rede" tydens die agtiende eeu (Murphy, 2003). Dit is in 'n groot mate die basis vir wetenskaplike metodes of navorsing. Hierdie wêreldsiening is dus die raamwerk waarmee die navorser na realiteit moet kyk, maar dit kan egter ook in direkte konflik met 'n persoonlike Christelike wêreldsiening wees. Byvoorbeeld, vanuit eersgenoemde wêreldsiening word die aarde gesien as 'n universele sisteem wat gebaseer is op natuurwette, oorsaak en gevolg en verhoudings tussen die verskillende dele van die sisteem, terwyl laasgenoemde die aarde sien as die skepping van 'n Skeppergod (Genesis 1) wat dit in stand hou deur middel van hierdie natuurwette.

Binne hierdie naturalistiese raamwerk is die fokus baie sterk op die sigbare of die wetenskaplike feite, en daar is geen of weinig plek vir supernaturalisme of byvoorbeeld genesing deur God nie. As iemand siek is, is daar 'n biologiese rede hiervoor en die pasiënt kan na 'n mediese dokter toe gaan, wat vir hom die nodige medikasie sal voorskryf om die

siekte te genees of die simptome te verlig. Die fokus is die sigbare. Naturalisme verduidelik dus dat die mens ontwikkel het deur 'n proses van evolusie, dat fenomene verstaan kan word op grond van oorsaak en gevolg, en dat daar nie veel is wat die mens kan doen om sy lot te verander nie. Aan die ander kant is die Christelike wêreldsiening van mening dat die mens geskape is deur God en kan heers oor sy omstandighede en dat gebed soms genesing kan bring ('n siening wat egter verder wetenskaplik nagevors moet word).


In 'n groot mate leef die hedendaagse Suid-Afrikaner vanuit die Westerse wêreldsiening wat deur die naturalistiese wêreldsiening beïnvloed is: Sien is glo, rasionele argument dra meer krag en vrae wat algemeen in akademiese en sosiale gesprekke gehoor word, sluit in: Waar is die feite? Is dit wat jy nou sê al bewys? Volgens wie is dit so? Die klem wat die moderne wetenskap op 'feite' plaas, veroorsaak dat daar nie noodwendig altyd meer plek is vir geloof in die supernaturalisme of geloof nie. Die woord 'feite' word hier in aanhalingstekens geplaas aangesien dit wat een wêreldsiening as 'n feit aanvaar, nie noodwendig vanuit 'n ander wêreldsiening as 'n feit aanvaar word nie. Om te illustreer, kan daar uitgewys word dat die Westerse wêreldsiening/Naturalisme 'n groot invloed het op die Christen se wêreldsiening en geloof in supernaturalisme. In lyn met hierdie gedagtes vestig Anderson (2000a) en Murphy (1996) die aandag op 'n antropoloog – Paul Hiebert – se persoonlike bewuswording en besef dat die Westerse wêreldsiening sy feite oor die hantering van die Christelike godsdiens, die Bybel, sy aannames oor God en die mens, sowel as die basiese probleem van die mens beïnvloed het. Die bewuswording het gekom toe hy in Lukas 7:20 lees dat Jesus hulle (Johannes die doper se dissipels) geantwoord het: "not with logical proofs, but by a demonstration of power in the curing of the sick and casting out of evil spirits". As iemand wat 'n Christelike wêreldsiening aanhang, skryf Hiebert die volgende oor sy bewuswording:

> ...As a Westerner I was used to presenting Christ on a basis of rational arguments not by evidences of His power in the lives of people who were sick, possessed and destitute. In particular, the confrontation with spirits that appeared so natural a part of Christ's ministry belonged in my mind to a separate world of the miraculous - far from ordinary everyday experience [skuinsdruk bygevoeg]. (Hiebert in Murphy, 1996, p. 4)

Daar is verskeie ander Skrifgedeeltes wat dit ook duidelik maak dat Jesus Christus demone uit mense gedryf het en verskeie siektes genees het (Markus 1:23). Tog, aangesien die Westerse wêreldsiening 'n groot invloed het op die Westerse Christen se denke, twyfel baie mense in die bestaan van demone as geestelike entiteite. Aan die een kant is die hedendaagse mens meer gemaklik met die gedagte dat demone interne psigiese strukture is en aan die ander kant, soos wat Money-Kyrle (1961) uitwys, speel die ontwikkelingsvlak van die mens se psige 'n groot rol in die samestelling van 'n persoon se wêreldsiening. Tog is die boodskap van die bogenoemde Skrifgedeeltes vir die Christen baie duidelik: Jesus het

demone uitgedryf, maar dit kan verskillend geïnterpreteer word afhangende van die wêreldsiening wat die persoon huldig. Daar kan egter nie oor wêreldsienings gedink word sonder om die rol wat psigiese ontwikkeling speel by die vorming van 'n wêreldsiening in ag te neem nie. Money-Kyrle (1961) is van mening dat wat ons die wêreld noem niks anders is as 'n gedagtemodel, 'n tipe kaart oor wat ons glo die moontlikhede van ervaring is nie; en ervarings is 'waar' of eg waar dit ooreenstem met hierdie kaart se moontlikhede, 'vals' waar dit nie ooreenstem met die moontlikhede nie en onvolledig waar dit nie in staat is om informasie te gee oor wat in die geantisipeerde ervaring verwag kan word nie. [1] Wat egter in hierdie hoofstuk van belang is, is dat die navorser vanuit die bogenoemde aanhaling daarvan oortuig is dat daar Suid-Afrikaanse sielkundiges is wat 'n Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening huldig wat soos Hiebert bewus is daarvan dat die Westerse wêreldsiening 'n invloed het op hul interpretasie van fenomene soos satanisme en die gepaardgaande ervaring van demonisering en/of die geloof in die bonatuurlike.

Een rede wat moontlik aangevoer kan word vir die groot invloed van die Westerse wêreldsiening op die Christelike wêreldsiening is die feit dat baie Westerse Christene die geestelike aspekte van die lewe as los en apart van die materiële of sigbare wêreld (sien Figuur 2-1) beskou. Laasgenoemde is nie 'n Christelike wêreldsiening nie, aangesien die geestelike en die materiële wêrelde vanuit hierdie siening nie los staan van mekaar nie, maar eerder interafhanklik is van mekaar. Collins (2001) bevestig hierdie stelling as hy daarop wys dat een van die sleutelareas van die basiese Christelike teologie "Angelology: the doctine of angels" is (p. 22). Die materiële en die geestelike is dus twee interafhanklike wêrelde (sien Figuur 2-2 ). Dit is egter so dat die meeste Westerse Christene die materiële en geestelike van mekaar skei. Dit word uitgebeeld in Figuur 2-1.




Figuur 2-1 Die Westerse skeiding van godsdiens en die wetenskap

[1] Vir verduideliking van die verskillende stadiums wat bydra tot die ontwikkeling van 'n wêreldmodel kan Bylaag 1 bestudeer word na afloop van die lees van Hoofstuk 4.

Figuur 2-1 beeld duidelik hierdie skeiding tussen Christenskap of godsdiens aan die een kant en die realiteit van die alledaagse of materiële sigbare wêreld aan die ander kant, uit. Die twee wêrelde is geskei en apart van mekaar, maar dit word gewoonlik eers bewustelik en as interafhanklik beskou wanneer die mens krisisse, soos die dood van 'n geliefde en/of ander traumas beleef. Hiebert (in Murphy, 1996) verduidelik dat as gevolg van hierdie skeiding (tussen godsdiens en die natuurlike) is dit vir die meeste Westerlinge moeilik om *nie skepties* te wees oor bogenoemde teksverse, en die area van geestelike wesens en hul invloed op die mens nie. Hy verduidelik dat hy as 'n wetenskaplike geleer is om met die empiriese wêreld deur middel van naturalistiese terme om te gaan. As teoloog is hy geleer om absolute vrae in teïstiese terme te beantwoord, en gevolglik was die bonatuurlike tussenwêreld van engele en demone nie 'n werklikheid of realiteit nie. Verskynsels soos geeste, engele en demone was vir hom deel van die mitiese wêreld en gevolglik het hy geen antwoord gehad vir mense wat oor hierdie wêreld vrae gehad het nie. Hiebert se dilemma kan vasgevang word in Anderson (2000a) se woorde:

> Many Christians either exclude the supernatural from their world view altogether or consign in to the transcendental tier where it will have no effect on their lives. By doing so they do not only exclude God's power from their theology and practice, but they also explain all human failure ... as the result of psychological or natural causes. (p. 33)

Teenoor die Westerling wat die twee wêrelde skei, kan diegene wat 'n tradisionele siening huldig, geplaas word. Tradisionele mense is minder skepties oor die tussenwêreld aangesien hulle van mening is dat geestelike aspekte '*n direkte* invloed het op die natuurlike. Vir hulle is die geestelike en natuurlike nie geskei of los van mekaar nie. Murphy (1996) is soos Els & Jonker (2000) van mening dat hierdie realiteit sigbaar word deur aktiwiteite van toordokters, vloeke, aanbidding van gode en ook satanisme. Waar die westerling die tussenwêreld verwerp en die panteïsme weer te veel klem daarop plaas, erken die Christelike wêreldsiening beide aspekte. Dit is hierdie interaktiewe realiteit tussen die geestelike wêreld en die natuurlike wêreld – die bonatuurlike tussenwêreld van engele, demone en tussenmagte – wat die Westerling uit hul oënskynlik Christelike wêreldsiening uitgesluit het. Anders as die tradisionele mens skryf die Christen egter nie alles toe aan hierdie bonatuurlike tussenwêreld nie, maar glo dat die mens en die natuur eerder interafhanklik daarvan is. Murphy (1996) is van mening dat binne hierdie deel van die realiteit, die "uitgesluite middelwêreld" is waar die mens die interaksie tussen die natuurlike en die geestelike kan waarneem. Hy wys verder daarop dat beide die tradisionele wêreldsiening en die Westerse wêreldsiening nie harmonieer met 'n Bybelgefundeerde wêreldsiening nie. Beide die tradisionele en Westerse wêreldsiening, sê hy, het hulle foute en is beperk. Hy noem dat die tradisionele siening "nader" is aan 'n Bybelse wêreldsiening omdat dit ten volle

die geestelike realiteit inkorporeer. Hiebert (in Murphy, 1996) en Anderson (1993, 2000a), staaf Murphy se argumente dat alhoewel 'n Bybelgefundeerde Christen se wêreldsiening 'n bonatuurlike tussenwêreld van engele, demone en tussenmagte insluit, is dit nie soos die tradisionele wêreldsiening politeïsties, panteïsties, magies en animisties nie, en hulle noem hierdie tussenwêreld die *uitgesluite middelwêreld* (Anderson, 2000a; Hiebert, in Murphy, 1996).

Daar is dus vir die Christen drie realiteite naamlik: 1) God of die geestelike; 2) die wetenskaplike en/of natuurlike realiteit, en 3) die uitgesluite middelwêreld (Myers, 1991). Die Bybel beskryf verskeie van die wesens van die uitgesluite middelwêreld as a) magtige wesens, b) engele wat vlieg in die middelhemel, c) wesens wat praat van die inwoners van die aarde (Openbaring 8:14, 14:6 en 19:7). Die Griekse woord vir middelhemel is *mesouanema* wat letterlik middelste hemel of "mid heaven" beteken (Anderson *et al.,* 2000; Murphy, 1996; Prince, 1998, 2000). Die Bybelse boek Daniël wys daarop dat hierdie wesens kontak maak met die mens en in oorlog met ander hemelwesens gewikkel is. Die Griekse woord *angelos* wat letterlik boodskappers beteken, dui ook daarop dat hierdie wesens in interaksie met die mens staan. Els & Jonker (2000) en Richards (1998) wys daarop dat engele verskeie take het en deur God gestuur word om Sy planne en doelwitte op aarde te bewerkstellig. Els & Jonker (2000), Murphy (1996, 2003), Prince (2000) en Richards (1998), lig ook uit dat daar verskeie engele in die Bybel voorkom en dat hulle verskeie take het.[2] Collins (2001) verduidelik dat engele: a) geskape wesens is (Psalm 104:4, Psalm 148:2, 50); b) geestelike wesens is wat individuele name het en alhoewel hulle nie 'n fisieke liggaam soos die mens het nie, het hulle soms verskyn in 'n vorm wat sigbaar is vir die mens, of as mense (Daniël 10:11-14; Lukas 1:19); c) bonatuurlike intellek en wysheid het (2 Samuel 14:20), magtige wesens is (2 Konings 19:35), bonatuurlike krag het (2 Petrus 2:11), nie beperk word deur die fisieke grense of natuurwette nie, beskik oor taalvaardighede en vlot kan kommunikeer (1 Korintiërs 13:1).

Die hedendaagse Christene en sielkundiges dra waarseinlik weinig kennis van dié uitgesluite middelwêreld. Die wesens van hierdie middelwêreld (engele en demone) word gewoonlik afgemaak as slegs primitiewe gedagtes, maar ironies is daar terselfdertyd 'n oplewing in spiritualiteit met 'n toenemende belangstelling in Oosterse, naturalistiese en mistisistiese beskouings met die aanvaarding van bv. "spirit guides" en "sharmanism". Vir die leser wat 'n naturalistiese siening huldig skryf Rhodes (2001) dat daar in die Verenigde State van Amerika sowat 42% glo dat hulle al kontak gehad het met iemand wat dood was, 14% is

[2] Die geïnteresseerde leser kan Tabel 1, 2 en 3 in die Bylaag 2 bestudeer wat die engele van wet en onrde , die aard of take van engele en die verskil tussen engele en mense uiteensit.

spiritiste of tree op as mediums vir geeste. Een uit drie Amerikaners glo dat fortuinvertellers hul toekoms kan voorspel, 67% lees astrologie – praktyke wat streng verbied word deur die Bybel. Hy gaan verder en lig uit dat daar sowat 2500 okkultiese boekwinkels en sowat 3000 uitgewers van okkultiese boeke, joernale en tydskrifte in Amerika gevind kan word. Vir hom dui hierdie statistiek daarop dat die "New Age"-beweging groot invloed het in die Westerse kultuur en denke.

Hieruit kan die volgende gevolgtrekking gemaak word: teoreties behoort die humanistiese sielkundige en die sielkundige wat 'n Christelike wêreldsiening huldig se interpretasie en verstaan van 'n satanis op grond van hul verskillende wêreldsienings van mekaar te verskil. Aangesien die uitgesluite middelwêreld nie ingereken word deur beide bogenoemde sielkundiges nie, is daar nie 'n werklike verskil in benadering tot en gedagtes oor terapie in die breë en Satanisme spesifiek nie.

Indien die uitgesluite middelwêreld deel uitmaak van die sielkundige wat 'n Christelike wêreldsiening huldig, se beskouing, sal hy dus met ander oë na 'n satanis kyk as die humanistiese sielkundige wat nie 'n filosofie van supernaturalisme, en 'n teologie van teïsme huldig nie. Ten slotte is die navorser vanuit bogenoemde argumentering van mening dat Christene in Suid Afrika nie besef tot watter mate wetenskaplike navorsing hul wêreldsiening oor die mens geskuif het weg van 'n monoteïstiese wêreldsiening na 'n meer humanistiese wêreldsiening toe nie. Selfs die Christen-sielkundige en pastorale sielkundige kyk vandag waarskynlik na die mens nie noodwendig vanuit die Christelike wêreldsiening nie maar ook vanuit die humanistiese wêreldsiening.

Christenskap en die Christelike wêreldsiening is in baie opsigte baie divers en dit is daarom dat die navorser homself vereenselwig met die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening wat die uitgesluite middelwêreld van geestelike wesens, soos uiteengesit deur Anderson (1993, 2000a), Anderson *et al.* (2000) en Murphy (1996, 2003) insluit. Vervolgens word hierdie Bybelgefundeerde wêreldsiening bespreek.

## 2.2 DIE BYBELGEFUNDEERDE CHRISTELIKE WÊRELDSIENING

> The answers and impressions I bring you are the result of study, meditations, prayer and practical experience. I certainly do not claim to have answered all the questions that arise. There is no limit to such questions! But we should never allow the things we do not understand to obscure for us the areas of truth in which God has provided clear understanding. (Prince, 2000, p. 7)

Daar is reeds uitgelig dat die Christelike wêreldsiening beïnvloed is deur die Westerse wêreldsiening. Om volledig die verskillende standpunte binne die Christendom te bespreek, val buite die raamwerk van hierdie afdeling en skripsie van beperkte omvang. Die navorser is bewus daarvan dat daar selfs binne die Christengemeenskap ander sienings rakende God, die skepping en die mens is, maar ten einde die satanis se wêreldsiening beter te verstaan, het die navorser dit nodig gevind om te fokus op die meer letterlike interpretasies van die Christelike Wêreldsiening. Die doel van hierdie afdeling is om aan die sielkundige 'n raamwerk te bied wat gegrond is op 'n meer *letterlike* Christelike verstaan en siening. Dit is om 'n alternatiewe denkraamwerk daar te stel wanneer die data in Hoofstuk 7 bespreek word.

### 2.2.1 Siening oor die skepping

#### 2.2.1.1 Oor God

Aangesien Christene en die Bybel 'n monoteïstiese wêreldsiening huldig, is hulle van mening dat daar net een ware God is wat die skepping geskape het en dit in stand hou. Dit is 'n God wat transendent en immanent is en tog alomteenwoordig sonder die beperking van tyd. Hy was daar voor die skepping, is tans hier en sal daar wees na die skepping. Hierdie God is groter as en buite die mens se raamwerk van tyd en ruimte (Ps. 90:2, Gen 1:1) en tog staan hierdie God wat bo die mens se begrip is in 'n persoonlike verhouding met die mens (sy skepsel) (Alberts, 1996). Els & Jonker (2000) dui enkele natuurlike en morele aspekte van God aan en dit word weergegee in Tabel 2-2.

Tabel 2-2 Enkele natuurlike en morele aspekte van God

| **Natuurlike aspekte:** | **Morele aspekte van God** |
|---|---|
| Ω is almagtig (Job 42:2, Jer. 32:27)<br>Ω is alwetend (Ps. 139:1-6)<br>Ω is alomteenwoordig (Jes. 57:15; Ps. 139:7-10)<br>Ω is ewig (Klaagliedere 5:19)<br>Ω is konstant (Ps. 102:25-27, Heb. 3:8)<br>Ω is groter as wat die mens kan dink of droom (Jes. 55:8, Rom. 11:33-36)<br>Ω is soewerein (Dan. 4:34-35) | Ω heilig, regverdig en vol geregtigheid (Ps. 89:14; Jes. 47:4; Deut. 32:4)<br>Ω liefdevol, genadig en geduldig (Jer. 31:3; Rom. 5:8-9;20-21; Ps. 106; 2 Pet. 3:9; Ef. 2:8-9)<br>Ω wys, eerlik, getrou (Jes. 40:28; Dan.2:20-23; Tit. 1:2; Deut. 7:9)<br>Ω jaloers en toornig. (Eks. 34:6-7 & 14, Rom. 1:18, Joh. 3:36 |

Die transendentale bestaan van God is dus volgens Stevenson (1987) essensieel tot die Christelike godsdiens. Alhoewel die transendentale bestaan van God – as 'n persoonlike bonatuurlike Wese – verskeie filosofiese probleme tot gevolg het, sal die meeste teoloë egter in hul argumentering oor God se bestaan saamstem met Stevenson as hy sê:

> Many Christians will now agree that God's existence can be neither proved nor disproved by reason alone, that belief in Him is a matter for faith rather than argument... if God is transcendent, He is of course not visible or tangible, or observable by any of the methods of science..." (1987, p. 42).

Die bestaan en verhouding met God is dus 'n geloofskwessie en nie 'n kwessie van wetenskaplike feite nie.

*2.2.1.1.1 Die openbaringsaspek van God*

> Christians do not believe in the one true God as a by-product of human intuition or common sense. (Murphy, 1996, p. 11)

Al die skrywers van die Bybel huldig 'n monoteïstiese wêreldsiening en 'n algemene siening van God. Christelike monoteïsme is gebaseer op Goddelike openbaring en nie menslike intuïsie en instink nie en gevolglik is hulle van mening dat hul kennis oor God, deur God geopenbaar is deur Sy Profete, Seun en die Heilige Gees. Die God wat in Genesis een openbaar word, is dieselfde God van die hele Ou en Nuwe Testament. Christene, Jode en Moslems deel hierdie siening aangesien hulle almal glo dat die Ou Testament die geopenbaarde Woord van God is. Hierdie God openbaar Homself deur sy verskillende name om Sy betrokkenheid in die skepping en die mens duidelik te maak. Murphy (1996) noem dat God se openbaring van Homself aan die mens hoofsaaklik rondom vier name sentreer: *El, Elohim, Adonai* en Yahweh. Dit word vervolgens in tabelvorm bespreek.

Tabel 2-3 Die Name waardeur God Homself aan die mens openbaar

| **Naam** | **Beskrywing** | **Verwys na** |
|---|---|---|
| **El** | Een van die oudste verwysings na Godheid in die Bybel en antieke wêreld. | Is die algemene naam van God en verwys na mag en oortreflikheid of transendasie. |
| **Elohim** | Kom sowat 2000 keer in die Bybel voor en verwys na die God van Israel. Dit word saam met die deelwoord Ha (Ha-Elohim ) gebruik | Die meervoudsnaam van God, die meervoud van intensiteit. Ha-Elohim beteken die "een ware God" |
| **Adonia** | Die Jode het nie die naam algemeen gebruik nie. Die Hebreërs het wel. | |
| **Yahweh** | Aan Israel gegee as God se verbondsnaam – "Ek is" | Verbondsnaam tussen God en Israel. God bevry Israel uit Egipte. Ek is Yahweh jou God (Elohim) wat jou uit Egipte bevry het. |

Hieruit kan drie afleidings gemaak word. *Eerstens*: vanuit 'n Christelike wêreldsiening is daar net een God wat homself aan die mens openbaar het. *Tweedens* is hierdie God die Skepper God, Skepper van die mens diere en die aarde. *Derdens* is hy 'n Verhoudingsgod wat in verhouding met die mens staan.

*2.2.1.1.2 Die drie-eenheid van God*

Murphy (2003) argumenteer suksesvol dat alhoewel die drie-eenheid van God nêrens in die Ou en Nuwe Testament spesifiek genoem word nie, dit orals geïmpliseer word. Dit is op hierdie punt wat die Christen verskil van die ander twee monoteïstiese godsdienste aangesien Christene glo dat God homself ook deur die Nuwe Testament geopenbaar het. Vir die Christen is daar dus een ware persoonlike God, wat Homself geopenbaar het as Vader, Seun en as Heilige Gees (Matteus 28:19; Romeine 8:1, 5; 15:30; 2 Korintiërs 13:14).

> The writer of Hebrews declares that God "at various times and in various ways spoke in times past to the fathers by the prophets" (Heb. 1:1). Hebrews 1:2 continues saying, "[God] has in these last days spoken to us by His Son"...His son is "[the one] through whom also He made the worlds... the brightness of His glory and the express image of his person, and upholds all things by the word of His power." (Murphy, 2003, p. 11-12)

God as drie-enige God is 'n kernaspek van die Christelike wêreldsiening. Die Jode sien Jesus slegs as 'n onverstandige Joodse Hervormer, en vir die Moslems is Hy 'n profeet, kleiner en minder belangrik as hul grootste profeet van almal, Mohammed. Hulle beskou Jesus ook nie as die Seun van God nie maar as slegs 'n mens.

*2.2.1.1.3 Die devolusie van die Christen-God*

Daar het egter 'n devolusie plaasgevind in die meeste Westerse Christene se denke aangaande God soos hierbo bespreek (Anderson, *et. al.*, 2000; Murphy, 2003; Rhodes, 2001). Murphy (2003) verduidelik die devolusie soos volg: die Westerse Christen het beweeg vanaf *teïsme*, na *deïsme,* na *naturalisme,* na *nihilisme,* na *eksistensialisme,* na Oosterse *panteïsme* na *monisme,* na die *New Age-beweging*. Hierdie devolusie het aanleiding gegee tot sinkretisme – of die poging om verskillende, soms kontrasterende godsdienstige en filosofiese leerstellings met mekaar te sintetiseer – en die impak hiervan op die Westerse Christen word duidelik in die volgende aanhaling: "They agree that God revealed himself in Jesus... he also revealed himself in Buddha, Krishna and a host of others" (Rhodes 2001, p. 131). Sinkretisme het verder tot gevolg dat die gesaghebbendheid van die Bybel as die enigste ware openbaring van God bevraagteken word. Histories wys die Bybel daarop dat hierdie geneigdheid tot devolusie van die vroegste tye af al bestaan het by God se volk (Israel) wat verskeie kere weggedraai het van hul monoteïstiese siening en aanbidding van Hom alleen, na politeïsme. Sinkretisme is daarom vanuit die Bybelsgefundeerde Christelike wêreldsiening nie 'n opsie nie omdat ander nasies gesien is as mense wat rebelleer teen God aangesien hulle meer as een god aanbid.

> Scripture reveals that the gods of the nations are no-gods. They are powerless to save their followers, in essence they are demons who manipulate the pagan god system and receive the homage paid to the no-gods. (Murphy, 2003, p. 10)

Hierdie aanhaling word ook bevestig deur verse soos: Levitikus 17:7; Deuteronomium 32:17; Psalm 106:37; 1 Korintiërs 10:20-21 en bring die navorser by ‘n aspek wat die Christelike wêreldsiening se verstaan van die satanis radikaal kan beïnvloed. Soos reeds uitgelig in die bespreking van die impak wat die Westerse wêreldsiening op die Christelike wêreldsiening gehad het, is daar ‘n interaktiewe realiteit tussen die geestelike wêreld en die natuurlike wêreld – die bonatuurlike tussenwêreld van engele, demone en tussenmagte of die *uitgesluite middelwêreld*. Die navorser is van mening dat hierdie dimensie effens beter verstaan kan word indien daar na die Christelike God as oorlogvoerende God gekyk word.

*2.2.1.1.4 God as oorlogvoerende God*

Prince (2003) verduidelik dat die idee van God as oorlogvoerder duidelik word wanneer die Name van God wat van Sy militêre kenmerke uitlig van nader beskou word. Sy bespreking oor die militêre kenmerke van God word in die tabel saamgevat.

Tabel 2-4 Die name van God wat Sy militêre kenmerke uitlig

| **Naam van God** | **Aanhaling** | **Vers** |
|---|---|---|
| As **militêre bevelvoerder** verslaan God die vyande van sy volk. | “The lord is a man of war, the LORD (Yahweh) is his name” | Eks. 15:3-4 |
| **Kaptein** van die weermag van die Here[3] | “No, but as Commander of the army of the LORD I have come” | Jos. 5;13-15 |
| Die Here as **krygsman** | “Who is the King of glory? The LORD strong and mighty, the LORD mighty in battle.” | Ps. 24:8; Sef. 3:17 |
| Jehovah: Die **Heer van die leërskare** “lord of hosts”[4] | “The LORD of hosts *(tsava)* musters the army for battle” | Jes.13:4 )Oor die honderd verwysings in die Bybel) |

Die Christengod voer dus oorlog en om vas te stel presies waarteen Hy oorlog voer, kan die oorlog in filosofiese terme, volgens Murphy (1996) beskryf word as die twee dualistiese sienings van goed en sleg/boos. Dit is: a) absolute dualisme en b) Christelike of gewysigde dualisme (Sien Figuur ). *Absolute dualisme* huldig die standpunt dat die absolute realiteit vir ewig dualisties sal wees, en dat goed en kwaad altyd bestaan het en altyd sal bestaan (Murphy, 2003). Hierdie siening het grootliks sy populariteit onder die hedendaagse

[3] As teoloog het Prince (2003) geen twyfel dat hierdie goddelike man, met sy swaard uit sy skede uit, wat aan Josua verskyn en homself bekendstel as “the commander of the army of the LORD” die een is wat later in die menslike geskiedenis gemanifesteer het as Jesus van Nasaret, die Seun van God nie.

[4] Prince (2003) wys dat die Hebreeuse woord vir “host” hier *tsava* is, wat die moderne Hebreeus is vir die weermag van Israel. Die woord het deur die geskiedenis nog nie verander nie en God is steeds die “Heer van die leërskare” (p. 24).

Westerse samelewing te danke aan die “New Age”-beweging en die *Star Wars*-filmreeks met sy verwysing na die “Force” as ‘n uitbeelding van God as beide goed en sleg. Dit is ook die dualistiese siening wat Ivey (1997) huldig en na verwys in sy bespreking van satanisme.

*2.2.1.1.5 Christelike of gewysigde dualisme*

*Christelike of gewysigde dualisme* huldig die siening dat daar huidiglik ‘n toestand van dualisme is, maar dat daar nie dualisme was van die begin af nie en dat dit ook nie die geval sal wees in die toekoms nie.

> ”In the Beginning God...” is the view of Scripture. There was no evil, no opposing force, only God and God is good. Then God created moral beings, the angels, and placed them within His kingdom. Still there was no dualism. They obeyed His will. At some point in the hidden past rebellion occurred within the angelic Kingdom. Dualism was born. Evil entered God’s Kingdom, dividing it into two kingdoms, the kingdom of God and the kingdom of Satan. This is the Biblical view of the distant past. (Murphy, 2003, p. 13)

Dualisme is egter tans ‘n realiteit ook vir die Christen. Die skepping verkeer tans in ‘n staat van kosmiese aardse konflik of geestelike oorlogvoering.

> ...this is the most vivid, dynamic, and all- pervading biblical world view dimension. At the same time probably the most neglected, least understood, and least applied... it can be expressed in one statement: present reality exists in a state of cosmic-earthly conflict or spiritual warfare. The kingdom of God and the kingdom of evil supernaturalism are engaged in fierce conflict one against the other...Earthly dualism is a reality: spiritual warfare rages on earth... God and his angelic kingdom confront Satan and his demonic kingdom” (Murphy, 2003, p. 13).

Murphy (2003) wys verder daarop dat soos die Bybel tydsgewys deur die ewige “verlede” en die ewige “toekoms” beweeg, verdwyn dualisme, en slegs God en Sy perfekte koninkryk sal bestaan in die ewige toekoms. Prince (2000) verwys op sy beurt na die sondeval (Gen 3:1-15). Volgens hom dui vers 14 en 15 op ‘n profetiese uitspraak deur God oor die toekoms en hy skryf hieroor die volgende:

> It focused on two persons: the descendant of the serpent and the descendant of the woman. It predicts what would become an ongoing conflict between them, with the result that the heel of the woman’s descendant will be bruised but the head of the serpent will be crushed. While the bruising of the heel would not be a final defeat, the crushing of the head will be. (Prince, 2000, p. 35)

Dit is die aangepaste dualisme: daar sal ‘n einde kom aan dualisme en die konflik tussen God en die engele, God se mense en Satan en sy demone. Satan se oorsprong en hoe hy deel is van hierdie oorlog word onder die opskrif: *Die diagnose van wat verkeerd is met die mens* bespreek, terwyl die hiërargiese struktuur van satan se koninkryk onder die onderwerp

van demonisering in Hoofstuk 5 aandag sal geniet. Vervolgens sal die natuur van die oorspronklike mens aandag geniet.

### 2.2.2 Die natuur van die oorspronklike mens

> En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! (Die Apostel Paulus, 1 Tessalonisense 5:23)

Die twee- of drieledige komponente van menswees is al vir eeue die onderwerp van debatte, met die *dualistiese* siening van die mens as materiële (liggaam) en nie-materiële (siel of gees) aan die een kant, en die *trigotomiese* siening van die mens as bestaande uit drie afsonderlik onderskeibare maar tog interafhanklike dele naamlik: liggaam, siel en gees (Hebreërs 4:14) aan die ander kant. Net soos wat Freud die mens se psige of siel in drie dele naamlik: Id, Ego en Superego verdeel het, verdeel die Bybel vanuit hierdie Christelike wêreldsiening die mens in drie dele – gees, siel en liggaam. Die trigotomiese siening word ook gehuldig deur teoloë en sielkundiges (Anderson, 1993, 2000a; Anderson, *et. al.*, 2000; Murphy, 1996, 2003; Nee, 1977; en Prince, 1990, 1998, 2003). Die gees en siel is dus twee onderskeibare dele en is essensieel nie dieselfde nie. Elkeen van hierdie dele verskil ten opsigte van hulle aard, eienskappe, funksie en verhouding tot mekaar. Hierdie verskil sal later duideliker word wanneer die liggaam, siel en gees afsonderlik bespreek word.

Volgens Alberts (1996) varieer die interpretasie en siening van Genesis 1 en 2, in sover dit die Christelike wêreld betref, van ’n letterlike aanvaarding van elke woord tot die standpunt dat dit as mitologie gelees moet word waar laasgenoemde wel ’n Goddelike boodskap bevat. In hierdie afdeling van die navorsing sal daar geen poging aangewend word om die verskillende voorstellings van God as skepper in die Ou Testament, sowel as die vele skeppingsverhale van die antieke wêreld te behandel nie. Die skepping van die mens sal egter nie gesien word as mite nie, maar 'n handeling van God en 'n meer letterlike interpretasie of openbaring oor hoe die mens sy ontstaan het, sal bespreek word. Vanuit die Christelike Wêreldsiening was daar dus 'n Skeppergod wat die mens en aarde geskape het. Die mens het dus nie deur 'n proses van evolusie ontwikkel nie. Verder help hierdie interpretasie van die skepping van die mens om die leefwêreld van die satanis beter te verstaan.

#### 2.2.2.1 Trigotomiese siening van die oorspronklike mens

Dake (1991) wys daarop dat “mens” in Genesis 1:26, 27 na mense of mensdom verwys en nie na ‘n spesifieke persoon Adam nie. Hier is die skepping van die geesmens opgeteken –

die gees, wat nie gevorm is uit die stof van die aarde nie. Volgens Dake (1991) is die Hebreeuse woord wat hier as beeld vertaal is, *tselem,* wat beteken vorm, figuur of liggaamlike vorm en dit verwys na die uiterlike vorm en nie na eienskappe nie. Die Hebreeuse woord *demuwth/demooth* wat vertaal word as gelyke of verteenwoordiger beteken model, ooreenkoms, gelykenis, ewebeeld. Dit is ook dieselfde woord wat verwys na die uiterlike liggaamlike vorm van God. Die ooreenstemmende Griekse woord is *eikon* en bevestig die idee van beide liggaamsbeeld of liggaamsvorm en gelyke.

Hy argumenteer dat die mens volgens God se beeld of liggaamlike vorm geskape is, en hy haal 'n aantal verse aan wat daarop wys dat die Israeliete God se liggaamlike vorm gesien het (sien Genesis 18:24-30; Daniël 7:9-14) en hy kom tot die gevolgtrekking dat die mens se gees na die beeld van God se Gees geskape is. Die mens se gees het dus ook 'n liggaamlike vorm soortgelyk aan God as Gees se liggaamlike vorm. Volgens hom het alle engele en geestelike wesens, behalwe demone, 'n liggaam, siel en gees (Dake, 1991).

Hieruit kan afgelei word dat die oorspronklike mens geskape is as gees, 'n wese na die beeld van God met 'n geestelike liggaamsvorm en identiteit soortgelyk aan God s'n. God het die mens 'n geestelike wese geskape, een uit Homself soos Hy – Gees na gees, Sy gelyke wat in verhouding staan met Hom, 'n gevoel van behoort, identiteit, gesag het en oor die aarde heers.

> En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. (Genesis 2:7)

Dake verduidelik dat in hierdie gedeelte die frase "die mens" spesifiek na die mens Adam verwys. Die Hebreeuse woord hier is Adam en beteken "ruddy, to flush or turn rosy red" (Dake, 1991, p. 53). Hierdie woord beskryf die oorsprong van Adam wat gevorm is uit die stof van die *adamah* – grond of rooi grond. Die woorde "die mens geformeer uit die stof" verwys na die mens se liggaam, terwyl die woorde "en die mens het 'n lewende siel geword" na die siel van die mens verwys. Soos Dake (1991) verduidelik Nee (1977) en Lee (1997) dat God die mens (Adam) geskape het uit die stof van hierdie aarde. Hulle verskil effens van Dake (1991) in die sin dat hy slegs vanuit Genesis 2:7 verduidelik dat die mens uit gees, siel en liggaam bestaan. Vir hulle is die siel eers gevorm toe die mens se gees in kontak gekom het met die mens se liggaam. Die siel is dus die kombinasie van die gees en die liggaam wat een geword het en vandaar die term "'n lewende siel".

> According to Genesis 2:7, man was made up of only two independent elements: the corporal (liggaam - stof/soma) and the spiritual (gees - beeld/gelyke), but when God placed the spirit within the casting of the earth, the soul was produced. The spirit of man touching the dead body and produced the soul. (Nee, 1977, p. 24)

Die mens het ‘n liggaam, maar hy is nie ‘n liggaam nie; die mens het ‘n siel, maar hy is nie ‘n siel nie; die mens het ‘n gees, maar hy is nie ‘n gees nie. Die mens is uniek en die interaksie en interafhanklikheid van liggaam, siel en gees maak hom ‘n wese anders as enige ander wese op aarde. Hy het ‘n wil van sy eie en dit maak hom ‘n morele wese wat verantwoordelikhede het (Dake, 1991; Murphy, 1996; 2 Petrus 1:14; Nee, 1977; Romeine 7:18).

Die trigotomiese siening van die mens huldig die standpunt dat die mens ‘n *uiterlike self* of ‘n liggaam het, wat in verhouding staan met hierdie wêreld deur die vyf sintuie, en afhanklik is van sy innerlike en verborge self. Die *innerlike self* verwys na die siel. In die siel vind ons die mens se verstand, wil, emosies en die hart, wat ook deel is van die gees en dit moontlik maak om lief te wees vir mens en God. Die *verborge self* verwys na die gees wat bestaan uit die intuïsie, intimiteit of verhouding met God en die gewete. Laasgenoemde is ook die deel van die gees waarin mens die hart vind.

**2.2.2.2 Die tweevoudige lewe: fisiek en geestelik**

Die fisieke en geestelike lewe van die mens en sy oorspronklike opdragte, eienskappe en behoeftes sal vervolgens bespreek word. Nee (1977) en Anderson (1993) wys daarop dat die oorsprong van die woord “lewe” in “asem van die lewe” die woord *chay* is. *Chay* is ‘n meervoudswoord. Hy verduidelik:

> This may refer to the fact that the inbreathing of God produced a two fold life, soulical and spiritual, when the inbreathing of God entered man’s body it became the spirit of man; but when the spirit reacted with the body the soul was produced. (Nee, 1977, p. 24)

Wat Nee (1977) hier die “soulical” en die “spiritual” noem, beskryf Anderson (1993) as die *fisieke lewe* en die *geestelike lewe*.

*2.2.2.2.1 Die fisieke lewe*

Die Nuwe Testament beskryf die fisieke of natuurlike lewe akkuraat met die woord *bios* wat die eenheid tussen: a) die mens se nie-materiële self – die siel (emosies wil en intellek) en b) die mens se materiële self – die liggaam – beskryf. Om fisiek lewendig te wees, beteken dat daar eenheid is tussen liggaam en siel en om fisiek te sterf, beteken dat die siel *geskei* word van die liggaam [of tydelike tempel (2 Korintiërs. 5:1-4, 8)] en dan sal *bios* eindig. Beide die

siel en die liggaam het dus mekaar nodig om fisiek te kan leef en funksioneer (Anderson, 1993). Om in 'n fisieke wêreld te leef, vereis 'n fisieke liggaam (Genesis 1:27). Die oorspronklike plan was dat die *bios*-lewe nooit sou eindig nie. Adam se liggaam sou ewig leef indien hy die harmonie tussen die innerlike en uiterlike self sou handhaaf deur nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie (Genesis 3:12). Maar Adam het nie net 'n innerlike self en uiterlike self gehad nie. Hy het ook 'n verborge self gehad. Dit bring ons by Adam se geestelike lewe of *zoe.*

Vanuit die psigologiese perspektief kan daar uitgewys word dat Freud (1918, 1953). geglo het dat die idee van 'n goue of ideale era in die verlede of die toekoms wat in so baie mites voorkom, se oorsprong gevind kan word in die vae herinnerings van die prenatale fase waartydens al die mens se behoeftes volledig en outomaties bevredig was. Dit was 'n tydperk van sekuriteit en gemak, wat moontlik met tye deur angsaanvalle versteur is. Die tuin van Eden kan dan gesien word as die plasenta wat as 'n filter dien om die oordrag van endokrienes (wat 'n moontlike bron van angs is) na die baba te beperk. Tot watter mate die baba egter bewus is van homself of hierdie ervarings van angs is onbekend en dra moontlik by tot die misterie van verstandelike ontwikkeling en mites soos hier bespreek (Money-Kyrle, 1961).

*2.2.2.2.2 Die geestelike lewe*

Om geestelik te leef, beteken dat die mens se innerlike self (siel) en verborge self (gees) in eenheid en harmonie met God is. Die woord wat in die Nuwe Testament gebruik word, is *zoe* en verwys na hierdie harmonie. Die oorspronklike mens ontvang dus tydens sy skepping ook, volgens Anderson 1993, die *zoe* of geestelike lewe wat dui op sy kapasiteit om geestelik te leef. Adam het dus die *bios*-lewe en die *zoe*-lewe ervaar. Hy was oorspronklik fisiek en geestelik lewendig en in perfekte harmonie met God. Net soos die siel en liggaam mekaar nodig het om fisiek te leef, so het die siel en gees vir God en mekaar nodig om geestelik te leef. Dit is dus die mens se siel en gees, wat geestelik lewe (God se gelykenis, Genesis1:26, 27). Ons sien dus dat die *oorspronklike Adam* se gees, siel en liggaam onsterflik was en in volle harmonie met sy Skepper, die Een wie se asem hom aan die lewe hou (Anderson, 1993). Omdat die mens geestelik en fisiek geleef het, het God ook aan die mens se psigologiese en geestelike behoeftes voldoen. Die oorspronklike mens se behoeftes, opdragte, eienskappe en gesag was in harmonie met God. Vervolgens word die oorspronklike mens se eienskappe bespreek.

*2.2.2.2.3 Eienskappe van die oorspronklike mens*

Anderson (1993, 2000a) bespreek die volgende drie eienskappe in die oorspronklike mens se lewe.

2.2.2.2.3.1 Betekenis en waarde

God het die mens weinig minder as ’n goddelike wese gemaak en aan hom besonderse waarde gegee. Alhoewel Lucifer op die aarde neergewerp is, was dit nie hy wat op die aarde geheers het nie, maar Adam. Die mens was die hoogste gesag en vanuit sy gees se gesag, posisie en outoriteit regeer hy oor die aarde. Aanvanklik het die slang geen gesag of outoriteit op die aarde of oor die mens gehad nie. Die mens kon hierdie Godgegewe betekenis en waarde aan die slang afstaan indien hy sou toelaat dat die slang hom mislei om te sondig.


2.2.2.2.3.2 Veiligheid en sekuriteit

God het aan al Adam se psigiese en fisieke behoeftes in die Tuin van Eden voldoen. Omdat Adam geheers het en in harmonie was met God en ander mense was dit nie vir hom nodig om kennis te hê van goed en kwaad nie. Al was hy naak en kwesbaar was hy nie skaam nie (Genesis 1:29). Gevolglik het Adam, wat as hoogste gesag veiligheid en sekuriteit by God geniet het, ook geen verdedigingsmeganismes nodig gehad nie. Indien die mens egter sou sondig, sou hy sterf en sou dit verander.

2.2.2.2.3.3 Verhouding en gevoel van behoort

Adam het God persoonlik geken, hulle het een-tot-een gesprekke met mekaar gehad en saam in die tuin gewandel. Adam se gees was lewendig (zoe) – een met God. God was Adam se vriend, meester en *gees*genoot. God het geweet dat Adam *gees*telik leef en op vertikale vlak in verhouding met Hom staan, maar God het ook geweet dat Hy Adam geskape het as *lewende siel* om op horisontale vlak, fisiek te leef (bios) en in verhouding met ander mense te staan. Gevolglik het Hy gesê: ”Dit is nie goed dat die mens alleen is nie” en Hy skep vir Eva, een uit Adam (sy gelyke) sodat hy ook op horisontale vlak ‘n dieper verstaan van intimiteit kon ervaar. Eva is dus Adam se *sielsgenoot* (Gen 2:18). Let op hier dat dit nie Adam was wat vir God gesê het: “Dit is nie goed dat ek alleen is nie”. Adam het slegs genoem dat hy nie een van sy eie soort kry nie. God het vir Adam onderskei tussen dit wat vir hom goed is, en dit wat hom kwaad sou aandoen. Figuur 2-2 illustreer die tweevoudige lewe en die oorspronklike mens se eienskappe (wat na die sondeval behoeftes geword het) en is saamgestel uit Anderson (1993, p. 22). Daar kan dus geargumenteer word dat die mens slegs in verhouding met God en ander mense ‘n werklike begrip en verstaan van intimiteit en sy doel kan hê, aangesien dit sy hart aanspreek.

Om geïsoleerd van God en mense te leef, is albei ewe problematies. Satanisme is sekerlik een voorbeeld van 'n negatiewe gevolg wanneer iemand nie in verhouding staan met God nie. Skisofrenie is weer 'n voorbeeld van iemand wat dalk in verhouding met God staan, maar geïsoleerd lewe van ander mense. Sataniste of mense wat aan skisofrenie ly, het – soos wat Objekrelasie-teorie beskryf – splitsing as verdedigingsmeganismes nodig om hul inherente behoefte om deur ander en God liefgehê te word, te ontken. Hulle moet van splitsing gebruik maak ten einde 'n verhouding met hul eie interne of fantasiewêreld te behou, en hul behoefte aan 'n verhouding met God of ander te ontken. Die area van menseverhoudings en die siel is die grootste area van belang vir die sielkundige




Figuur 2-2 Die lewe en behoeftes van die oorspronklike mens

Vanuit die Objekrelasie-perspektief is iemand 'n gesonde mens as hy nie van splitsing gebruik maak nie. Hy is gesond as hy volwasse en betekenisvolle verhoudings met mense kan handhaaf, sonder om gebruik te maak van primitiewe verdedigingsmeganismes. Vanuit die Christelike perspektief is dit duidelik dat 'n gesonde mens iemand is wat soos die oorspronklike Adam harmonieuse of volwasse en betekenisvolle verhoudings met beide sy medemens en God het. Die verskillende dele van die oorsrponklik mens – die gees, siel en liggaamsal vervolgens bespreek word.

#### 2.2.2.3 Die Gees van God vs. die gees van die mens

Ten einde die menslike gees te verstaan, moet onderskeid getref word tussen die Gees van God of Heilige Gees en die menslike gees (Lee, 1997; Nee, 1977). Die gees van die mens is nie die Gees van God self nie en dit word duidelik in Skrifgedeeltes soos Romeine 8:16 as Paulus sê dat "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" en Job

33:4 wat lees "Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend". Die Heilige Gees verstaan die dinge van God en bewoon die gees van die mens wat wedergebore is en die mens ontvang intuïtief hierdie kennis deur sy gees. Die Heilige Gees het nie net inspraak in die gees van die gelowige nie, maar Hy het ook inspraak in die gees van die ongelowige.

> Of all our parts the spirit is the most hidden one within us. This inmost part is not only hidden within the body, but is even hidden within the soul [siel]. Hence, there are the outward parts of the body [liggaam], the inward parts of the soul [siel], and the hidden parts of the spirit [gees]. (Lee, 1997, p. 54)

Die Bybel gebruik twee woorde vir gees. Die *eerste* is die Hebreeuse woord *ruach,* en dit kom 389 keer voor en word sowat 237 keer gebruik om te verwys na "die gees". Die *tweede* is die Nuwe Testamentiese Griekse woord *pneuma* en dit kom 385 keer voor. Beide woorde beteken primêr o*nsigbare krag.* Die gees ["*ruach*"/"pneuma'' of "spirit"] is die interne geestelike deel van die mens en leef ewig (1 Petrus 3:4) (Dake, 1991). Die gees van die mens is die aspek van die mens wat van God *weet* en Hom *ken.* Die gees bestaan uit 'n deel wat *intimiteit soek*, 'n deel wat *intuïtief is*, en die *gewete* wat intuïtief oordeel tussen reg en verkeerd.[5] Dit word die "mees innerlike mens" (Psalm 51) of die verborge mens van die hart (Spreuke 4:23 en 2 Korintiërs. 4:16) en die onsigbare deel/krag wat in die liggaam is (Sagaria 21:1; 1 Korintiërs 2:11) genoem. Die gees sal die liggaam egter weer verlaat (2 Korintiërs 5:8). Nee (1977) en Lee (1997) noem die drie dele waaruit die gees bestaan, 1) die *intuïsie*; 2) die *gewete* en 3) die *Godbewuste of deel wat intimiteit* en kameraadskap soek (sien Figuur 2-3)

*2.2.2.3.1 Die intuïsie*

Die openbaringskennis van God en die werke van die Heilige Gees word aan die mens se gees bekend gemaak en deur die "orgaan" van intuïsie word hierdie kennis oorgedra aan die mens se siel. Nee (1977) verduidelik dat die mens in werklikheid deur sy intuïsie ken/weet/onderskei; en dat sy verstand hom slegs help om te verstaan en te begryp. Intuïsie is die openbaringskennis (of *rhema*) wat na die mens kom sonder enige hulp van sy siel (verstand, emosies en wilskrag), die "aanvoelingsorgaan" van die menslike gees (Nee, 1977) en beteken om direkte kennis of aanvoeling te hê (Lee, 1997). 'n Mens wat in verhouding met God staan, het intuïsie in sy diepste menswees en 'n direkte aanvoeling, onafhanklik van eksterne invloede, vir die Goddelike. Die gees van die mens weet die verborge dinge wat sy siel nie kan weet nie. Nee (1977) verduidelik dat die siel leer, ken en deur die rede kan onderskei omdat sy gevoelens en aanvoelings deur ander mense, ervarings, omstandighede

[5] Die geïnteresseerde leser kan Tabel 1 Bylaag 3 bestudeer vir 'n uiteensetting van die gees se behoeftes, begeertes, aanvoelings en soeke na verhouding.

of gebeure ontlok word. Maar die gees ken, onderskei en weet intuïtief sonder enige oorsaak, ervarings of invloed van die verstand. Hy verduidelik aan die Christen:

> Oftentimes we think of a certain thing we have good reason to do and our heart delights in it and finally our will decides to execute it; yet somehow, in the inner sanctuary of our being there seems to arise an unuttered and soundless voice strongly opposing what our mind, emotion and volition has entertained, felt or decided...Other times we may sense in the inner depths that same wordless and noiseless monitor greatly urging, moving and constraining us to perform a certain thing which we view as highly unreasonable, as contrary to what we usually do or desire, and as something which we do not like to do. (Nee, 1977, pp. 71-72).

Innerlike konflik ontstaan dus in die botsing tussen die siel en die intuïtiewe inspraak van die Heilige Gees deur die mens se gees.[6]

*2.2.2.3.2 Die gewete*

Die gewete is die onderskeidings-"orgaan " van die gees en sy funksie is om die siel bewus te maak van wat reg en verkeerd is (Nee, 1977). Die gewete vanuit die Christelike wêreldsiening is nie 'n siels- of morele bewustheid, soos Freud se voorbewuste, bewuste of superego nie, maar is 'n Goddelike bewustheid oor wat vir God sonde en gehoorsaamheid is en is gesetel in die mens se gees. Die gewete onderskei tussen wat goed en kwaad is en veroordeelbaar of regverdig is (Lee, 1997). Hierdie onderskeid geskied nie deur die invloed van kennis nie, maar deur spontane, direkte oordeel of openbaringskennis. Die mens weet intuïtief wat reg en verkeerd is omdat sy gees deur die gewete spontaan oordeel oor sy gedrag. Die werk van die gewete is onafhanklik en direk, en buig nie voor opinies van buite nie. Die gees is bewus van God en sy gewete onderskei tussen dit wat harmonie en verhouding tussen hom en God sal handhaaf of versteur.

Die Christen wandel vanuit sy gees en nie alleenlik vanuit sy kennis nie aangesien kennis slegs help om te verstaan en die gewete beïnvloed deur die gewete te help om te onderskei. Daarom is dit die Heilige Gees se inspraak deur die gewete en nie alleenlik die kennis nie, wat altyd die gees moet lei om die gedrag te oordeel (Nee, 1977, en Lee, 1997).

*2.2.2.3.3 Godbewuste, intimiteit of kameraadskap*

Die gees of verborge mens se primêre behoefte is aan *intimiteit*, om gemeenskap te hê en in verhouding te staan met God. Sekondêr tot die gees se behoefte aan intimiteit en verhouding met God is die siel of innerlike mens se behoefte aan verhoudings met ander mense. Lee (1997) wys daarop dat intimiteit vervang kan word met die woord "fellowship" en dat dit die

---

[6] Vir die Objekrelasie-godsdiens ontstaan konflik as gevolg van die interne slegte objek se aanvalle op die interne goeie objek.

mens se gemeenskap met God beskryf. Die gees het dus 'n "orgaan" van intimiteit of kameraadskap wat die gees se behoefte aan gemeenskap met God en met die siel uitdruk. Intimiteit is die gees se verhoudingsorgaan en daarom is die gees verhoudingsoekend. Die mens is dus nie geskape om sonder 'n verhouding met God sy behoefte aan intimiteit te bevredig nie. As die gees nie in verhouding staan met God nie, is die siel geskei van God of 'leeg' en kan die mens nie God se inspraak en doel met sy lewe begryp nie. Hierdie skeiding tussen die gees en God sal ongeag hoe goed die verhouding met ander mense is, 'n leemte in die innerlike mens (siel) veroorsaak. Die mens se behoefte aan intimiteit en verhouding word dus slegs bevredig indien die gees in verhouding met God staan en die siel in verhouding met die mens (Lee, 1997; Nee, 1977).

Die gees van die mens soek verhouding met God en is intuïtief bewus van hoe hy met God in 'n intieme verhouding kan staan. Net soos wat die moeder die eerste persoon is wat die leemte in die kind se soeke na verhoudings met mense moet bevredig, net so glo Christene is dit net die drie-enige God wat die gees se behoefte aan intimiteit met God kan bevredig. Al is die moeder 'n toegewyde, goed genoeg moeder kan hierdie verhouding nie aan die mens se geestelike behoefte aan intimiteit met God voldoen nie, en aangesien die siel ook in verhouding staan met die gees, weet die siel dat die gees hierdie behoefte het. As hierdie behoefte aan geestelike intimiteit bevredig is, is die siel nie vir ewig beskadig of ongelukkig indien die verhouding met ander mense nie goed genoeg is nie, want aan die gees se behoefte is voldoen en dit kommunikeer die onvoorwaardelike liefde wat hy by God ervaar aan die siel en die siel kan nou ander vergewe wat hom skade aandoen.

Nee (1977) noem dat die drie dele van die gees interafhanklik is van mekaar. Die gees se gewete oordeel alle gedrag wat nie in lyn is met die intuïsie nie, sodat intimiteit – die gees se verhouding met God – gehandhaaf kan word. Die mens moet dus ag slaan op die stem van sy gewete en die onderrig van sy intuïsie en gehoorsaam wees aan God. Indien hy die stem van sy gewete en die onderrig van sy intuïsie sou ignoreer en willens en wetens kies om te doen wat hy wil (sondig), sal sy verhouding met God skade lei en die gees sal sterf. Die mens kommunikeer dus met die materiële wêreld deur die liggaam en met die geestelike wêreld deur sy gees en sy drie dele. Gees is dus in verhouding met gees, liggaam met liggaam en siel met siel. God tot mens deur die mens se gees, mens tot mens as verhoudingswese wat voel, ervaar en beleef, en liggaam in verhouding met liggaam deur seksuele gemeenskap.

**2.2.2.4 Die Siel**

> ..the organ of man's free will, the organ in which spirit and body are completely merged If man's soul wills to obey God, it will allow the spirit to rule over the man as ordered by God. The soul, if it chooses, also can suppress the spirit and take some other delight as lord of the man, Nee, 1977, p. 25)

Volgens Dake (1991) is die Hebreeuse woord vir siel "*nephesh*" en kom sowat 754 keer in die Bybel voor en word sowat 457 keer as siel vertaal. Die Griekse woord *nephesh* se gelyke is "*Psuche*" ook die woord waaruit psige afgelei is. Nephesh beteken 'n asemhalende wese, lewende organisme of onsigbare *innerlike mens.* [7] Dit word ook gebruik om aan te toon dat die mens geskei kan wees van God, sterflik is en onderhewig is aan die dood.

Nee (1977) onderskei duidelik tussen siel en gees maar glo egter soos Lee (1997) dat die twee dele vervleg en interafhanklik van mekaar is. Die siel van die mens kan omskryf word as die innerlike mens, onsterflik, maar nie die verborge mens nie – die setel van die mens se emosie, sy passies, sy begeertes, sy gevoelens en sy verskeie luste. Dit is die deel wat bestaan uit die mens se intellek, wil en emosies, die deel wat *voel, kies, en besluit*, en dit gee aan die mens 'n selfbewustheid en 'n vrye wil. Dit is die deel van die mens wat beskryf kan word as sy persoonlikheid, karakter of temperament (Dake, 1991; Lee, 1997; Nee, 1977). Die mens se siel maak hom uniek en anders as die ander diere van die aarde, 'n individu om God te verteenwoordig op hierdie aarde, 'n lewendige siel.

Net soos die mens se gees hom verteenwoordig in die geestelike wêreld, so verteenwoordig die mens se siel hom op die aarde en maak hom bewus van sy aardse bestaan as lewende siel. Deur sy siel word sy individualiteit aan ander bekend gemaak. Die siel het 'n intellek of verstand wat hom help om keuses te maak om te oorleef in die materiële wêreld, maar moet ag slaan op die gees om te doen wat God wil. Die siel kan 'n keuse maak en kies of hy gehoorsaam wil wees aan die gees se intuïsie, gewete en intimiteit of behoefte aan kameraadskap.

Nee (1977) noem dat daar menige plekke is waar die oorspronklike taal van die Bybel die woord siel gebruik in plaas van mens om daarop te wys dat *die essensie van die mens se persoonlikheid opgesluit lê in sy siel* – die mens se selfbewustheid, die elemente wat hom mens maak. Die mens wat 'n intelligente wese is, gedagtes, idees, ideale, liefde, emosies onderskeiding, keuses, besluite neem, seerkry, trauma ervaar, opgewonde raak, redeneer en leef. Waar die ego vir Freud die area is wat keuses maak tussen Id en Superego en

[7] Sien Tabel 3, Bylaag 3 vir 'n uiteensetting van gebruike van die woorde *psuche* en *nephesh*..

verskeie verdedigingsmeganismes gebruik om angs te verlaag, is die siel vanuit die Christelike perspektief die area waar daar op vertikale vlak gekies word vir God en Sy Gees of teen God vir die vlees en die liggaam. Die siel kies dus tussen die menslike en die Goddelike. As die gees geskei is van God dan sal die mens se siel as morele wese op horisontale vlak keuses maak en probeer onderskei tussen reg en verkeerd deur na die wet of ander mense se gedrag te kyk. Wanneer die siel vanuit homself tussen reg en verkeerd onderskei, het ons te doen met Freud se superego wat die siel se poging is om die gees se funksies te vervang .

Uit bogenoemde bespreking word dit duidelik dat die siel van die mens soos die gees uit drie afsonderlike, tog interafhanklike, dele bestaan. Volgens Nee (1977) en Lee (1997) is die drie primêre dele waaruit die siel bestaan die *wil of wilskrag*, *verstand* of *intellek*, en die *emosies*. Elk van hierdie dele bestaan weer op sy beurt uit ‘n menigte ander aspekte, verskillende emosies[8] en verskillende denke (prosessering, mediasie, ideasie). Die siel word grafies in Figuur 2-3 voorgestel as die middelste konsentriese sirkel [met sy drie dele – in hiërargiese orde van belangrikheid – die verstand (**V**), wil (**W**) en emosies (**E**) aangesien dit ook onsigbaar is en die innerlike mens genoem word.

*2.2.2.4.1 Intellek of verstand*

Die verstand is die aspek in die siel wat maak dat die mens vir homself kan dink en dit openbaar sy vermoë om sy eie keuses te maak. Uit die verstand ontstaan wysheid, kennis en sy vermoë om te redeneer. ‘n Gebrek aan kennis maak die mens dwaas. Die liggaamlike orgaan van hierdie aspek van die mens is die brein. Die Bybel wys daarop dat die denke die volgende eienskappe en funksies het soos gegee in Tabel 2-5 (Dake, 1991; Lee, 1997; Nee, 1977).Daar is dus ‘n deel in die siel wat begeer en graag kennis wil opdoen; wat wil weet en onthou wat gebeur; raad wil gee’ in die fisieke lewe verskillende opsies oorweeg om te kan oorleef; wat dink oor dinge en Godelike wysheid begeer.

[8] Vir ‘n samevatting van die verskeie emosies van die siel kan Tabel 4 en 5 in Bylaag 3 bestudeer word.

Tabel 2-5 Funksies en eienskappe van die verstand

| Eienskappe | | Funksies | |
|---|---|---|---|
| Begeertes | (Deut. 18:6) | -benodig kennis, begeer om te ken | -(Spr. 2:10; 19:2 en 24:14; Ps 139: 14) |
| Smart, of spyt | (Deut. 28:65) | -gee raad | -(Ps 139:14 ) "how long must I bear *pain -Syriac*: die Hebreeurse woord wat beteken om te beraad (hold cousels)-in my soul".<br>(Es. 24:25; Spr. 19:2; 2:10) |
| Wrok kweek | (2 Sam. 17:8) | | |
| Hartlik | (Kol. 3:23) | - om op te hef | -(Klaag. 3:20) |
| | | - dink/ oordink en onthou | -(Spr. 3:21, 22; Spr. 24:14) |
| Gewillig | (2 Kon. 9:15, 1 Kron. 28:9) | - om Goddelike wysheid te bekom/ oorweeg | -(Ps. 13:2) |

Hierdie deel word die verstand genoem. Deur die brein kry die siel dit reg om hierdie eienskappe en funksies in die liggaam te verrig en in verhouding met die gees ontvang hy die godelike vryheid wat hy graag wil hê.

*2.2.2.4.2 Wil of Wilskrag*

Volgens Nee (1977) is die wil die instrument vir die mens se besluite, en dit openbaar die mens se mag om keuses te kan maak. Die mens het mag in die sin dat hy keuses kan maak en tot keuses in staat is. Die wil is die deel wat homself uitdruk in die mens se gewilligheid of onwilligheid om sekere handelinge te verrig – die *ek wil*- of *ek wil nie*-stellings.

Die mens is sonder sonde geskape. Sy wil het egter aan hom die potensiaal gegee om ongehoorsaam aan God se opdrag te wees en te sondig, of om gehoorsaam te wees aan God (Gen 2:16-17; 1 Joh 3:4). Dit is wat mense anders maak as diere. Die mens het 'n wil en is nie slegs impulsgedrewe soos Freud geargumenteer het nie. Ook Fairbairn (1949) en Guntrip (1969) het die fokus wat Freud op instinkte en bevrediging van drange geplaas het, verskuif na 'n soeke na verhouding deur die ego (Sutherland in Grotstein en Rinsley, 2000). Die wil gee ons die vryheid om te kies. Wil ek of wil ek nie – dit is elke individu se keuse. God wil hê die mens moet in verhouding met Hom staan as sielsmens omdat hy wil en nie omdat hy gedwing of gedomineer word om in verhouding met Hom te staan nie. Soos wat enige verhouding grense het, so het God ook grense gestel vir die mens se verhouding met Hom. Elke keuse wat hy uitvoer, het potensieel positiewe of negatiewe gevolge ('n vloek of seën tot gevolg – Deut 28).

Nee (1977) wys daarop dat die wil die volgende funksies of handelinge het om uit te voer. Die wil: a) kies (Job 7:15); b) weier (Job 6:7) c) besluit om deur keuses of ‘n eed die siel aan God, ‘n ander mens of saak te bind (Num. 30:2) d) rig die siel – verstand en hart – om God te soek of op ‘n saak (1 Kronieke. 22:19) en e) kan die siel oorgee aan gierigheid (Esegiël 16:27).

*2.2.2.4.3 Emosies*

Nee (1977) wys daarop dat die verstand die bron van ons denke is en die wil die bron van ons keuses en besluite, en daarom ontstaan alle ander gedrag en handelinge uit die emosies. Emosies speel ‘n groter rol as die denke en die verstand en daarom is dit amper altyd die fokus van Satan se aanval op die mens, en ook die rede waarom die meeste vleeslike of sondige praktyke hul ontstaan het by emosies. Deur die emosies kan die mens liefde of haat uitdruk, vreugde of hartseer, woede of geluk beleef en woede, affek, empatie, opgewondenheid, trots, vrees, angs en nog baie ander gevoelens uitdruk en ervaar. Die emosies is die deel van die siel wat die openbaring is van die ambivalensies wat begeer, en is volgens Nee (1977) die “instrument” wat maak dat die siel van sekere goed hou of nie daarvan hou nie. Onderdrukking van emosie maak die mens egter onsensitief en koud[9]. Die mens se emosies openbaar sy kwesbaarheid en afhanklikheid van mekaar. Dit openbaar ook die gebrek of oormaat van intimiteit deur verskillende tipes emosies, elk met sy teenpool – liefde en haat blydskap en droefheid, bitterheid en vergifnis. Ons sien dus hier dat wat Objekrelasie heelobjekte noem, ook in die Bybel beskryf word as essensieel tot die mens se sielsdimensie. Anders gestel: Die vermoë om die goeie en slegte eienskappe van iemand raak te sien, maar steeds in verhouding met daardie persoon te kan staan.

Nee (1977) en Lee (1997) is daarvan oortuig dat emosies oorwin moet word, in die sin dat die mens se gedrag nie slegs vanuit die emosies gerig moet word nie, maar dat die mens soms ten spyte van sy emosies gehoor moet gee aan sy gees en sodoende sal die gees dan heers oor die siel. Emosies en hul impak moet met ander woorde bewus gemaak, erken en deurgewerk word sodat dit nie meer die stem van die gees verdraai nie. Die belangrikste deel van die Christen en sy emosies is dat Christene nie slegs volgens gevoelens en wêreldse kennis wandel nie, maar op grond van beginsels van God, aangesien die gees sy eie wette en beginsels het. Die Christen verrig daarom nie noodwendig ’n handeling bloot omdat dit goed of reg voel nie, hy doen dit omdat hy in sy gees oortuig is dat dit God se wil vir hom is. Dus, al voel hy nie lus nie, doen hy steeds wat hy voel God van hom vra. Dis egter belangrik om te onthou dat soos hy gehoorsaam en in verhouding staan met ander

[9] Sien Tabel 4, 5 in Bylaag 3 vir ‘n uiteensetting van die vertalings van siel en dié se eienskappe en die tipes emosies in die Bybel.

mense, staan hy in verhouding as sielsmens, en ervaar en beleef hy steeds elke emosie soos wat hy gehoorsaam is. Die geestelike beginsels help die siel dus om aspekte van die lewe te definieer. Nee (1977) gaan verder en noem dat mense wat vanuit die emosie alleen funksioneer, slegs die beginsels van God aanvaar as dit ooreenstem met dit wat hulle voel. As hulle anders voel as wat die beginsel sê, dan verwerp hulle die geestelike beginsel. Die Christen glo dus dat alhoewel die sielkunde waardevol is en groot bydraes lewer tot die bewuswording en deurwerk van emosies, is emosies interafhanklik van die gees, maar nie volgens hierdie trigotomiese siening deel van die gees wat volgens beginsels funksioneer nie.

Ook *begeertes* moet soos die emosies oorgegee word aan God, anders is die begeertes selfgesentreerd. Lee (1997) en Murphy (2003) wys daarop dat natuurlike begeertes in diens is van die self. Sulke begeertes is nie geesgerig nie, maar gerig op die "self" en alles wat die self sal bevredig, byvoorbeeld selfbejammering, selfstandigheid, selfliefde, selfbevrediging en selfbeeld.[10] Alle begeertes, maak nie saak hoe goed dit op die oog af lyk nie, bevat iets van die vlees en is gerig op self . Dit is belangrik om te noem dat die self of ego vir die Christen net so belangrik is as vir die sielkundige aangesien die mens 'n selfbewustheid het en as lewendige siel op aarde leef. As die self of ego swak is, kan die mens nie sy volle potensiaal as lewendige siel op aarde bereik nie. Die verskil lê egter daarin dat die Christen daarvan oortuig is dat iemand wat God nie liefhet nie, homself nie kan liefhê nie en iemand wat homself nie liefhet nie, kan nie ander mense liefhê nie: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matteus 22:37-39). Hy kan homself nie liefhê nie aangesien hy nie by die gees sy ware identiteit in God kan waarneem nie. Die fokus is egter dat die self ondergeskik sal wees aan die stem van die Heilige Gees en die gees se Godbewustheid. Daarom is die fokus nie op die self gerig en op dit wat vir die self belangrik is nie, maar primêr op dit wat God wil.

Dit is dus duidelik dat die mens se siel bestaan uit sy emosies, wil en intellek of verstand. Die Christen glo dat die emosies 'n groot impak het in die mens se alledaagse bestaan, maar dat die emosies onder die beheer van die mens se gees moet staan wat weer onder die beheer van die Heilige Gees is. Al drie dele van die mens is interafhanklik en kan nie sonder die ander volkome funksioneer nie, maar elk funksioneer egter onder verskillende wette – die gees onder geestelike wette, die siel onder geestelike sowel as verhoudingswette en die liggaam onder natuurwette.

---

[10] Money-Kyrle (1961) gebruik die woord silopsisme hiervoor.

**2.2.2.5 Die liggaam**

Die liggaam is saam met die siel die belangrikste deel vir die natuurlike bestaan en maak dat die mens gedurende sy aardse bestaan afhanklik is van die siel, maar dit kan ook "onafhanklik" van God funksioneer. 'n Mens sien dus hier dat die liggaam nie onafhanklik van God kan funksioneer nie, want die siel het die gees nodig om te leef en die gees vir God. Die liggaam is egter tydelik en gaan sterf en is daarom vir die Christen nie die belangrikste fokus nie. Aangesien die gees oor die siel heers en die siel sy opdragte uitvoer deur die liggaam is die liggaam ook die mees ondergeskikte van die drie dele.

*2.2.2.5.1 Die sigbare deel: die liggaam*

InPsalm139:1-4 verduidelik die Psalmdigter dat die mens wonderlik geskape is. Dit sluit sy liggaam in. Die liggaam is 'n besonderse komplekse sisteem wat kan wanfunksioneer as gevolg van net 'n geringe tekort aan 'n chemiese stof. Die liggaam is die uiterlike, sigbare deel [soma of "body"] van die mens, en huisves die gees en die siel. Die woord *adam* "reddish dust " verwys na die mens se liggaam (Dake, 1991, p. 51), die deel wat in kontak is met die mens en sy aardse bestaan of die materiële wêreld. Dit gee aan hom 'n "wêreldbewustheid" (Nee, 1997, p. 26). Terwyl die liggaam op die aarde leef, bestaan hy egter nie net uit 'n sigbare deel nie, maar ook uit onsigbare dele.

*2.2.2.5.2 Die onsigbare dele: die vlees en die drange*

> That which is born of the flesh is flesh (Johannes 3:6).What is born out of flesh? Man; therefore man is flesh and everything a man naturally inherits from his parents belongs to the flesh. No distinction is made as to whether the man is good, moral, clever, able, and kind or whether he is bad, unholy, foolish, useless and cruel. Man is flesh. (Nee, 1977, p. 71)

2.2.2.5.2.1 Die vlees

Die wêreldse dinge, *vleeslike* deel of in Grieks die *sarkikos* van die mens is die teenoorgstelde van die *geestelike* of in Grieks die *pheumatikos* wat vertaal word as "spiritual" nie-wêreldse of geestelike (Murphy, 1996; Nee, 1977; Romeine 7:14).[11]

Hierdie deel het nie bestaan tydens die oorspronklike skepping van die mens nie. Die mens het bestaan uit liggaam, siel en gees. Die vlees kon nog nie bestaan nie, want dit is die sondige natuur van die mens en die mens was sonder sonde. Die siel moes eers uit vrye wilteen die gees vir die sonde kies en "sekerlik sterf" (Genesis 2:16) voordat Satan die mens se plek kon oorneem en hom 'n slaaf maak van die sonde (sy karakter). Hierdie aspek word volledig bespreek in 2.3.3 *'n Diagnose van wat verkeerd is met die mens*.

[11] Tabel 6, Bylaag 3 kan bestudeer word vir 'n uiteensetting van die oorspronklike woorde en hul vertaling as vlees.

2.2.2.5.2.2 Drange en impulse

Onder drange word al die hongerdrange, drange na voedsel, seksuele drange ensovoorts genoem. Dit sluit in al die wêreldse begeertes in, rebellie teen God, seksuele impulse en sondige dade van die liggaam (Rom 8:13). Die liggaam se drange is gefokus op oorlewing, op die sigbare fisieke dinge. Maar wanneer die liggaam nie deur die siel (ego en superego) beheer word nie en hy net vanuit sy impulse en drange optree en gratifikasie najaag, dan is hy soos 'n dier omdat hy geen impulskontrole het nie. Vir beide Freud en die sataniste is die bevrediging van impulse en drange van die mens belangrike motivering vir gedrag.[12]

Daar is egter een laaste area aangaande die mens wat aandag moet geniet. Net soos wat die sintuie die "instrumente" is waarmee die liggaam met die siel kommunikeer, so is die hart die "instrument" waarmee die siel en gees met mekaar kommunikeer. Die hart verbind dus siel en gees en is daarom volgens Lee (1997) die area waarmee die mens eerste moet deel as dit kom by 'n verhouding met God en ander.

### 2.2.2.6 Die hart

> Wees versigtig wat in jou hart aangaan want dit bepaal die koers van jou lewe. (Spreuke 4:23)

Die hart is nie 'n losstaande aspek van die gees of die siel nie. Verskeie skrywers (Lee, 1997, Murphy, 1996; Nee, 1977) wys dat daar vanuit die Bybel geargumenteer kan word dat die hart bestaan uit al die dele van die siel, verstand, wil en emosies en een van die komponente van die gees naamlik die gewete. Hierdie vier dele waaruit die hart bestaan, word saamgevat en voorgestel in Figuur 2-3.[13] Indien die oorspronklike mens (Adam) sy hart sou verhard teenoor God, sou sy gewete belaai word met skuld, veroordeling en/of leuens (Genesis 3:7-9).

Aangesien die oorspronklike mens 'n skoon gewete gehad het en sonder skuld geleef het, het hy 'n positiewe selfbeeld gehad en kon daarom op volwasse manier in verhouding met ander en God staan. Affeksie (liefde en/of ander emosies) word dus uitgedruk deur die hart en die kern van affeksie is volgens Lee (1997) en Nee (1977) om God lief te hê. Vir die Christen beteken dit om God lief te hê met sy hele hart aangesien God 'n jaloerse God is en die hart van die mens deurgrond (Eksodus 20:1-6). Dus as liefde (die hart) gerig is op God, dan sal God prioriteit nommer een wees en belangriker as ander mense of sake. Daar is 'n

---

[12] Freud word nie hier beskou as 'n satanis nie. Dit is slegs die bevrediging van impulse en seksuele drange as motivering vir gedrag wat by Freud en die satanis waargeneem kan word. Freud se teorie het die konsep van 'n superego en 'n ego wat gratifikasie uitstel en balans handhaaf, terwyl die satanis die invloed van impulse na 'n ekstreme vlak neem en selfs die mens sien slegs as 'n dier wat nie nodig het om die gratifikasie van seksuele drange en impulse uit te stel nie (sien Hoofstuk 3).

[13] Sien Tabel 7, Bylaag 3 vir 'n uiteensetting van die vier elemente van die hart.

standaard vir reg en verkeerd en die Christen glo dat die mens slegs deur Jesus Christus die ewige lewe kan beërwe (sien die oplossing vir die mens se probleem).

Lee (1997) wys daarop dat *geloof* ‘n funksie van die hart is en nie van die gees, siel of liggaam nie, en daarom moet die hart geloof hê (Romeine 10:9). ‘n Hart wat daagliks in geloof tot God gerig word, erken sy afhanklikheid van God. In harmonie het die hart vrede en is vol vreugde *in* die Here en oordeel dus nie oor sy gedrag vanuit sy eie siel se verstaan van reg en verkeerd nie, maar volgens God se standaarde vir reg en verkeerd. Reg of verkeerd is egter nie die fokus nie, *maar verhouding, liefde en gehoorsaamheid tot God.*


Die gewete van die oorspronklike mens was dus skoon omdat hy God liefgehad het met sy hele hart (Matteus 12:30). Liefde lê dus in die hart – liefde wat gerig is op God deur die gees, en liefde wat gerig is op mense deur die siel. Die gewete oordeel beide vorms van liefde se optrede en help om die verhouding intiem te hou op beide die psigologiese en geestelike vlak. Gevolglik kan daar vanuit hierdie trigotomiese siening van die mens as volg oor die Christen mens geargumenteer word: a) hoe meer hy sy hart na God draai, hoe meer sal hy sy liefde teenoor God en ander kan uitleef; b) sy kapasiteit om God lief te hê en om ander lief te hê, groei soos wat hy in kennis groei en soos wat sy gewete sy gedrag en optrede teenoor ander oordeel; c) geestelike ervarings het hul oorsprong by die liefde, in die hart, vir God (of die geestelike lewe).

As die Christen nie vir God liefhet en geestelik lewendig is nie, kan hy nie geestelike ervarings hê met die Skeppergod nie. Die gevolgtrekking moet dus gemaak word dat die geestelike lewe ‘n belangrike rol speel in die Christenmens se lewe, maar dat as sielsmens die liefde (hart) die grootste en eerste stap is om die verhouding met God te herstel. Omdat die hart bestaan uit die komponente van die siel en daarom ook mense liefhet, speel die natuurlike en psigologiese liefde net so ‘n groot rol in die ervaring van die geestelike liefde. Negatiewe liefdeservarings en verhoudings met mense veroorsaak negatiewe konstrukte in die siel. Die siel konnekteer nou negatiewe ervarings aan byvoorbeel “vader” en kan daarom nie God as “vader” op ‘n liefdevolle manier ervaar nie. Die negatiewe konstrukte is gevorm omdat die siel homself wou beskerm en nie bewus was van sy ware identiteit nie, aangesien sy gees as gevolg van sonde dood was en nie in verhouding met God gestaan het nie. God kon dus nie Sy hart met hom deel om die negatiewe ervaring te korrigeer nie. God in die persoon se lewe is die absolute goed genoeg “Vader” en “Moeder” en kan dus die negatiewe ervaring genees en die siel se verhouding met mense herstel en handhaaf. Hierdie negatiewe konstrukte kan maak dat iemand ook glad nie in God glo nie, aangesien sy

ervarings van mense so negatief was dat hy oortuig is daar kan nie ‘n God van liefde wees nie. Iemand anders weer wat net sulke negatiewe ervarings van mense het, kan dalk weer God so idealiseer omdat hulle Sy liefde ontdek het, dat hulle nie meer in verhouding tot ander mense kan staan nie.

**2.2.2.7 Samevatting van die mens**

Die mens as trigotomiese wese bestaan dus vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening uit drie dele: die gees, die siel en die liggaam. Elke deel bestaan weer onderskeidelik ook uit drie dele: a) die gees uit die intuïsie, gewete en Godbewustheid en soeke na intimiteit; b) die siel uit die verstand, wil en emosies; en c) die liggaam uit die “body” – murg en been, die vlees of sondige natuur, en die impulse, drange en begeertes. Figuur 2-3 gee ‘n grafiese voorstelling en opsomming van die trigotomiese mens en sy verskillende komponente.




Figuur 2-3 Die Trigotomiese mens

*Die gees* is die verborge mens, die mens se kern of “innermost man” en daarom voorgestel in hierdie figuur as die binneste en kleinste konsentriese sirkel. Die Heilige Gees kommunikeer direk met die gees en sy drie dele. Die gees kommunikeer weer met die *siel* of “innerlike mens” (voorgestel in die middelste stippellyn- konsentriese sirkel) deur die hart, en deur die hart kommunikeer die siel ook met God. Die *mens se hart* (voorgestel as die boonste derde van die twee binneste sirkels en ‘n **H)** is die siel se skakel met die gees. Dit bestaan uit ‘n belangrike komponent van die gees naamlik die gewete en al drie die komponente van die siel wat hier onderskeidelik voorgestel word deur ‘n **swart kol** en

**V**;**E**;**W**. 'n Deel van die hart lê bo-oor die binneste sirkel en die ander helfte in die middelste sirkel om simbolies die verbinding tussen gees en siel voor te stel.
Die siel se drie dele – verstand, wil en emosie – word onderskeidelik voorgestel deur **V**;**E**;**W**. Die siel voer die gees en hart se begeertes uit deur die liggaam of uiterlike mens (voorgestel deur die buitenste konsentriese sirkel). Die drie dele van die liggaam word simbolies voorgestel deur die **L**. Aangesien die liggaam met die siel kommunikeer deur die vyf sintuie en laasgenoemde die twee verbind, word die sintuie simbolies voorgestel deur 'n reghoek, waarvan die een helfte binne die buitenste sirkel (die liggaam) en die ander helfte binne die middelste sirkel (die siel) lê om die verbinding tussen die twee simbolies voor te stel.

Die belangrikste komponent vir die aardse bestaan is die mens se siel, waarvan die belangrikste deel sy wil is. Deur die vrye wil kies die mens aan wie sy hart behoort. Dit is belangrik aan wie die mens sy hart (siel) uitverkoop, aangesien dit 'n invloed het op sy gedrag, optrede en verhouding met mens en God. Daar is groot ooreenkomste tussen die trigotomiese siening en Freud se id, ego en superego, maar Freud se denke lê op die horisontale vlak – verhoudings mens tot mens – terwyl hierdie uitbeelding op horisontale en vertikale vlak lê – mens tot God en mens tot mens. Die belangrikste egter is mens tot God en dan mens tot mens.

Die hart bepaal wat die mens wil om te doen. Die wil is nie die belangrikste nie, maar die hart. As die siel se hart nie een is met God nie, sal hy toegee aan die begeertes van die vlees en die gedagtes wat Satan en sy demone plant. Satan het nie soveel mag nie, die keuse lê by die siel wie se keuse beïvloed word deur dit waaraan sy hart behoort. In die geval van demonisering wat later bespreek sal word, lyk dit effens anders. Die demoniese magte sal dele of areas van die hart of siel met hulself verbind of vervleg en dan sodra die hart in daardie area na God gedraai word, sal die leuens veroorsaak dat die hart soos 'n marionet teruggebring word na dit wat die vleeslike mens of die ou natuur wil hê. Die wil is dus onder dwang of invloed om eerder teen God te kies, maar die wil het self gekies dat demoniese magte 'n "houvas" kan kry. As hy sy hart voor God verootmoedig en vergifnis vra, sal Jesus Christus dan die demoon se leuens en houvas breek en die persoon se hart kan dan weer, aangesien dit vry is van skuld en veroordeling, vrylik tot God gerig word (sien Hoofstuk 5 *Grade van demonisering*). Nee (1977) verduidelik dat die mens se diepste behoeftes dus aangeraak word deur onderskeiding, en ten spyte van al die wetenskaplike navorsing oor die mens is dit veral die funksie van die Heilige Gees en die gees van die mens wat intuïtief sal openbaar wat iemand se diepste seer/probleem of sleutel tot genesing is.

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


### 2.2.3 'n Diagnose van wat verkeerd is met die mens

> The fall of man somehow involves the whole of creation in evil (Rom 8:22); everthing is in someway short of the glory of God…(Stevenson, 1987, p. 48)
>
> Sin tends to be ignored or dismissed as an archaic concept that has no present-day relevance for couselors. Many would argue that morality is personal…and that sin is a meaningless concept since it implies violation of an objective moral code that doesn't exist. (Collins, 2001, p. 97)

Vir die Christen is die oorsaak van dit wat met die wêreld en die mens verkeerd is die gevolg van sonde. Ander wêreldsienings kan die oorsaak sien as die onderdrukking van die mens se potensiaal en vermoëns, of negatiewe denke. Die "New Age"-beweging is weer van mening dat die mens probleme en beperkings ervaar omdat hy nog nie verhelderde denke het nie, en dat 'n groter bewussyn oor onsself en die kosmos sal maak dat die mens ontslae sal raak van sy onkunde en 'n beter lewe sal hê (Collins, 2001).

Beide engele en mense moes die keuse tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan God self maak. Net soos wat die Bybel nie poog om verklarings te gee oor waar God vandaan kom, en hoe presies die hemel en aarde gemaak is nie, net so poog dit nie om te verklaar waarom beide engele en mense gesondig het nie (Murphy, 1996). Vir die Christen is sonde egter 'n persoonlike handeling om ongehoorsaam te wees aan God en om af te wyk van Sy wil – rebellie teen God – om te weet wat God verwag, maar om dan die teenoorgestelde te doen of om nie te doen wat hy veronderstel is om te doen nie (Romeine 1:32).

#### 2.2.3.1 Die Kosmiese Rebellie: Satan en die gevalle engele

> …experience in counselling severe cases of demonization with diverse types of... deliverance experiences over a period of years have caused thousands of us who are theologically trained to look anew at our interpretation of biblical Satanology and demonology. As a result, we have found that some dimensions of our traditional theology of evil supernaturalism are inaccurate both biblically and historically. (Murphy, 1996, p. 50)

Verskeie argumente aangaande Satan word onder Christenskrywers gehuldig. Slegs die argumente wat Satan beskou as die personifiëring van boosheid en skepping van God sal hier bespreek word. Vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening is Satan dus 'n engel wat deur God geskape is en later teen God gerebelleer het. Els & Jonker (2000) wys daarop dat "*die Satan*" afgelei is van die Griekse woord *diabolos* wat beteken "die aanklaer" met implikasies van vals aanklaer, "'n lasteraar", "die vyand", die "leuenaar" die "engel van die bodemlose put" – dit is ook die woord waarvan die Afrikaanse woord *duiwel* afgelei is. Reeds in 1983 in die boek *People of the lie:The hope for Healing Human Evil* skryf Peck dat

nege-en-negentig persent van psigiaters en die meerderheid teoloë nie glo in die werklike bestaan van die duiwel of dat boosheid 'n krag is waarmee daar rekening gehou moet word nie. Is dit moontlik as gevolg van die invloed van die naturalistiese wêreldsiening op die Christelike wêreldsiening? Teenstrydig met alledaagse denke oor Satan soos hierbo uitgelig, wys Prince (2000) wat soos Peck tot die oortuigging gekom het dat Satan bestaan, ook daarop dat Satan nie tans in die hel is nie, maar dat hy vrylik oor die aarde en heelal rondbeweeg (Job 1:6-7). Volgens hom is daar twee demoniese prinse (Dood en Hades) wat tans in die hel is. Aangesien Satan die aanklaer van die gelowige is, maak die Nuwe Testament dit duidelik aan die Christen dat hy outomaties deel is van die kosmiese oorlog (huidige dualisme). Daarom moet alle Christene voorbereid wees om as soldaat in diens van God en Sy Koninkryk oorlog te voer teen die Koninkryk van Satan en sy bose geeste (Efesiërs 6 ).

*2.2.3.1.1 Die oorsprong van Satan: die hemelwesens*

Teologies wys Richards (1998) daarop dat die soeke na wie Satan is en sy oorsprong nie in Genesis drie kan begin nie, aangesien *die slang* nêrens in die Ou Testament as 'n bonatuurlike wese beskryf word nie. Dit is eers in die Nuwe Testament (2 Korintiërs 11:3; Op. 12:9) waar Satan as die slang van ouds omskryf word. Volgens Murphy (2003) is daar slegs negentien verwysings na Satan in die Ou Testament (met die eerste direkte verwysing in 1 Kronieke 21:1). In hul bespreking oor die oorsprong van Satan verwys Els & Jonker (2000), Murphy (1996, 2003) en Richards (1998), almal na twee Skrifgedeeltes naamlik Esegiël 28:12b-19 en Jesaja 14:12-15. Richards (1998) verduidelik dat hierdie gedeeltes die algemene Bybelse patroon van profesie volg wat daarop neerkom dat die natuurlike aspekte of huidige situasie van die gebeure 'n lens word vir die profeet waardeur hy in die toekoms, verlede of geestelike wêreld in sien. Nadat Esegiël die historiese agtergrond van die Prins van Tirus uitlig (wat so hoogmoedig en trots was as gevolg van die hoeveelheid mag wat hy gehad het dat hy homself as 'n god begin sien het), beskryf hy die oorspronklike skoonheid, die val, en die karakter van 'n magtige engel wie se trots en rebellie hom teen God in opstand laat kom het – die "Koning van Tirus". Oor die Koning van Tirus skryf Richards: "a spiritual being who stood behind the prince of Tyre and whose character was reflected in him" (1998, p. 6).

Die profeet Jesaja gee weer op sy beurt meer detail oor Satan terwyl hy die Koning van Babilon op soortgelyke wyse aanspreek. Hy praat van 'n gevalle engel met die naam *Lucifer* wat "môrester" of "day star" beteken en geparafeer kan word as "ligdraer".

Richards (1998) wys daarop dat die verwysing na "berg" in Esegiël in Bybelse simbolisme staan vir regering of heerskappy en dus moontlik daarop dui dat Satan betekenisvolle

heerskappy in God se regering gehad het. Satan se begeertes impliseer volgens hom nie slegs trots nie maar ook ‘n rebellie teen God, ‘n verwerping van God se wil, en vyandigheid teen God se doel en planne . Een van die teologies belangrike Skrifgedeeltes aangaande hierdie stelling is Oppenbaring 12:10 waar aangetoon word dat Satan uit die hemel gewerp is en tans die gelowiges voor God aankla. Uit hierdie gedeeltes en verskillende name van Satan maak hierdie skrywers verskeie gevolgtrekkings oor Satan, sy aard, houding, en aksies en dit word saamgevat in Tabel 2.6. Uit die name wat Satan se houding en aard beskryf, word dit duidelik dat hy konstant in opstand is teen die Goddelike, die opponent is van God en ook van alle mense. Dat hy die wêreldse manier van leef (“ways of living”) inisieer as die regeerder van die wêreld en die inwoners daarvan. Hy is die kaptein in beheer van al die gevalle engele/demone (Els & Jonker , 2000, p. 27).

Tabel 2-6 Samevatting van Satan se aard, houding, karakter en outoriteit

| **1. Aard** | **2. Houding** |
|---|---|
| ▪ Gevul met trots, rebelleer en kom in opstand teen God al voor die mens se skepping.<br>▪ Het die kranksinnige en waansinnige, perverse natuur van die Draak (Op. 12:9).<br>▪ Het as skepsel van God die seël van perfektheid gehad voor sy val (Es. 28:12; Kol 1:16-17).<br>▪ Was vol wysheid en skoonheid (Es. 28:12).<br>▪ ‘n Geestelike wese (Gerub) met uitgestrekte vlerke wat beskut (Es. 28:14;Jes.14:12-13, Mat. 25:41, Op. 12:9).<br>▪ Magtig, Teenwoordig, Onsterflik, Leuenaar, Sondig, Boos, Vol haat, Onheilig, Die vernietiger, Ongeduldig, Oneerlik. | ▪ As Satan is hy teen God en gelowiges (Job 1:6-9).<br>▪ As die slang, die misleier vol leuens (Gen. 3:13-15; 2 Kor 11:3; Op. 12:9).<br>▪ Is die vyand van die Drie-eenheid, Christene en ongelowiges (Mat. 13:25;39; 1 Pet. 5:8).<br>▪ As die bose een besig met bose planne (Mat. 13;19;38; 1 Joh. 2:13-14).<br>▪ As die wolf of leeu is hy sonder genade, destruktief en gewelddadig. (Joh. 10:12; 1 Pet. 5:8).<br>▪ As Belial en sonde is hy sleg en oortree al god se opdragte (2 Kor. 6:15). |
| **3. Aksies** | **4. Outoriteit** |
| ▪ Kom om te steel, roof slag, moor en vernietig (Joh. 10:10; 8:44; Mat. 13:19, Op. 9:11).<br>▪ Kla gelowige aan en versoek die mens as die engel van die lig (Job 1:6; 1 Kor. 11:14; Op. 12:10).<br>▪ Voer as die Draak oorlog teen die kerk en Christene (Op. 12:9).<br>▪ Engel van die lig - die verleier en misleier (2 Kor. 11:4) (Mat. 4:3, 1 Tes. 3:5).<br>▪ Die leuenaar en die vader van die leuens (Joh. 8:44; Op. 12:9).<br>▪ Duiwel, val aanhoudend en herhaaldelik aan (Ef. 6:11, 1 Pet. 5:8, Op. 12:9). | ▪ **Gerub** met hoogste outoriteit van al die gevalle engele (Eseg. 28:14).<br>▪ **Beëlzebub,** god van die mishoop (“Dung hill”) en heer van die vlieë (Lord of flies) (Mark. 3:22).<br>▪ **Sterk man** Sterkste van al die gevalle engele (Luk. 11:23).<br>▪ **Abaddon,** prins van hierdie wêreld (Joh. 14:30).<br>▪ **Appolion,** engel van die onderwêreld, diepte. Heerser van elke ongelowige op aarde (Joh. 14:30; Joh. 16:11, Op. 9:11).<br>▪ **God van hierdie wêreld** en hy inisieer die wêreldse leefwyse (2 Kor. 4:4).<br>▪ **Hoof oor die magte van die lug** wat heers oor die wêreld, sy bewoners en ‘n derde van die gevalle engele (Jes. 14:12; Mat. 25:41, Eff. 2:2; Op. 12:4; 2 Pet. 2:4).<br>▪ **Prins van die demone** Die kaptein aangestel oor al die gevalle engele (Mark 3:22). |

#### 2.2.3.2 Die aardse rebellie

> Given the Christian doctrine of man as made by God, the Christian diagnosis of what is basically wrong with man follows easily. He has sinned, he has misused his God-given free will, he has chosen evil rather than good, and has therefore disrupted his relationship with God (Isaiah 59:2)... but this doctrine of 'original sin' does not imply that we are totally and utterly depraved, that we can do nothing good. It is that nothing we can do can be perfect by God's standards: 'all have sinned and fall short of the glory of God' (Rom 3:23). (Stevenson 1987, p. 48)

Soos reeds uitgewys is, het die sonde sy oorsprong by die rebellie van Satan en nie by die mens nie. Daar is ook reeds geargumenteer dat die mens geestelik en fisiek lewendig was en dat daar harmonie tussen hom en God was; dat God die mens 'n vrye wil gegee het en dat hy kon kies om gehoorsaam of ongehoorsaam aan God te wees. Laasgenoemde sou die harmonie tussen hom en God versteur en skeiding tussen hulle bring en die mens sou sekerlik sterf (Genesis 2:17).

Die *Dake Annotated Reference Bible* verduidelik dat binne die konteks van die mens beteken die frase "sekerlik sterwe" – nie net skeiding of om afgesny te wees van God nie, maar ook om afgesny te wees van die besef van God se oorspronklike lewensdoel met hom. Volgens hom kan 'n mens die woord "dood" bykans elke keer waar dit in die Bybel voorkom, vervang met die woord "skeiding" (Dake, 1991).

Dake (1991) verduidelik verder dat daar in die Bybel verskillende tipes dood is: a) die *fisieke dood* –wanneer die liggaam sterf en geskei word van die innerlike self en verborge self; b) die *tweede dood* of ewige dood – wanneer die innerlike self en verborge self ewig van God geskei word; c) *Dood vir die sonde* – wanneer Jesus die ou mens saam met Hom kruisig en die sondaar se gees weerderbaar; d) die *geestelik dood* – die skeiding tussen God en die mens se gees en siel as gevolg van sonde.In Genesis 3:1 tot 10 word die verhaal van die mens wat deur die slang mislei word, aangetref. Dit is ook hier waar daar die eerste keer na die geestelike dood van die mens verwys word. Deur subtiele oorreding en halwe waarhede mislei die slang (Satan) die mens en oortuig hom dat hy iets kort en dat die mens nie so goed geskape is soos wat God gesê het hy is nie. Die slang verwar die siel deur die karakter van God te bevraagteken en van Hom 'n leuenaar te maak (vers 4 & 5). Satan oortuig die mens dat hy nodig het om in sy intellek te kan onderskei tussen dit wat goed is en dit wat sleg is. Hy loods 'n tweede aanval in vers 6, deur te fokus op die sintuiglike waarneming (sien) en liggaamlike behoeftes van honger ('n lus vir die oë). Die vrugte van die boom spreek die voedselbehoefte van die mens se liggaam aan en die siel moet nou 'n keuse maak. Gaan die natuurlike – sy liggaam – of die geestelike – sy gees – heers. Deur die

liggaamlike sintuie bereik die slang die siel van die mens, en die siel kies teen die inspraak van die gees (vers 2) vir die begeertes van sy liggaam en hy eet van die boom, met die gevolg dat hy dadelik sterwe. Belangrik is dat die slang nie die oorsaak was van die mens se sondeval nie. Die slang verwar wel deur leuens en vestig die aandag op die natuurlike aspekte, maar dit is steeds die siel wat ‘n vrye wil het en self sy eie keuses gemaak het nadat hy sy hart weggedraai het van God af. Die slang kan dus nie geblameer word vir die ongehoorsaamheid en verkeerde keuses van die siel nie.

*2.2.3.2.1 Die vlees*

Die vlees het ontstaan nadat die siel die gees se inspraak geïgnoreer het en homself oorgegee het aan die versoeking en begeerlikhede van die materiële wêreld in die vorm van die liggaam se passies, impulse en begeertes. Die mens het dus sy geestelike/sondevrye bestaan verruil vir ‘n vleeslike en sondige mensebestaan (Nee, 1977), Murphy (1996) wys daarop dat die Ou Testamentiese teologie van die mens se persoonlikheid die klem plaas op die psigo-fisiologiese eenheid van die menslike natuur. Die Hebreeuse woord vir vlees korrespondeer volgens hom nie met die Nuwe Testamentiese siening dat vlees of sondige natuur die sentrale beginsel is waaronder die gevalle mens leef nie. Die vlees was kwesbaar, maar is nie gesien as sondig nie. Hy verduidelik dat vlees verwys na (a) die impuls om te sondig of (b) die setel van sonde (Galasiërs 5:17 & 19; 6:8; Johannes 2:16; 1 Petrus 3:21; Romeine 7:18, 25; 8:5b; 12-13 1) terwyl Nee (1977) drie aspekte uitlig waarna die woord vlees verwys naamlik: a) die “sagte” deel van die mens se liggaam, nie die murg en been nie wat dui op alles wat iemand is wat nie wedergebore is nie, die sondige vleeslike mens; b) die liggaam en c) soms na die mensdom in geheel.

Verskeie skrywers (Dake, 1991; Murphy, 1996; Nee, 1977) wys daarop dat die woord *vlees* uit die Hebreeuse woord “*basar”* en die Griekse woord “*sarx of sarkikos”* afkomstig is.[14] Die Griekse woord *sarx* as vlees word verbind met sonde, maar as liggaam het dit ‘n meer neutrale betekenis. Die verstand kan begeertes hê wat sondig of vleeslik is (Efesiërs 2:3) en dit maak die gees en hart onrein (1 Korintiërs 7:1). Die mens kan dus ‘n vleeslike liggaam of vleeslike verstand hê. Die vlees sal egter nooit wedergebore word nie, slegs die fisieke liggaam sal opstaan (1 Korintiërs 15:44). Vlees word dus gebruik om te verwys na psigologiese vlees (sondige natuur) en ook die fisiologiese vlees of liggaam (Murphy, 1996). Die natuur van vlees is volgens Prince (2000) vleeslik. Geen opvoeding, verbetering, gekultiveerdheid, moraliteit, godsdienstigheid of goeie dade of werke gaan maak dat die mens nie meer vlees is nie, geen menslike krag of poging kan dit verander nie (Gal 2:16). Die mens is sondaar vleeslik.

---

Die drie wyses waarop hierdie woorde gebruik word, word uitgelig in Tabel 6 in Bylaag 3.

### 2.2.3.3 Negatiewe effek van die sondeval

*2.2.3.3.1 Geestelik sterf die mens*

Alhoewel Adam en Eva fisiek geleef het en bewus was van hul liggame, was hulle steeds 'n lewende siel wat nou skaam was oor hul eie naaktheid, en emosies van vrees beleef het. Hulle sterf dus geestelik (die *zoe-lewe* eindig) en hulle is skielik van God geskei. Die mens verloor die openbaringskennis van God, die intieme, persoonlike verhouding wat hy met God gehad het en sy ware geestelike identiteit, asook die harmonie tussen gees, siel en liggaam. Waar die gees eers in verhouding met God geheers het, is die siel nou die heersende deel. *Verhouding, intimiteit en aanvaarding word verbreek en lei na verwerping en onveiligheid.* Adam en Eva word verban uit God se teenwoordigheid en die tuin van Eden. Sedertdien vrees die mens verwerping en voel hy kwesbaar en onveilig (Anderson, 1993).

Met die eerste oogopslag blyk dit of God die mens straf en verwerp, maar God is 'n Verhoudingsgod en 'n alwetende God van liefde. Hy plaas gerubs voor die ingang van die tuin om die mens teen homself te beskerm. As die gevalle mens wat geestelik dood is, sou eet van die boom van die lewe, sou hy ewig leef en ewig geskei gewees het van God. Verder word dit duidelik dat 'n fisieke handeling (sonde) 'n impak het op die geestelike en dat God ook deur die bonatuurlike realm (gerubs) 'n invloed op die sielsbestaan van die mens het. Selfs wanneer die Christen die geestelike behoefte in plek het om 'n verhouding en intimiteit met God te beleef, het hy nog steeds 'n groot behoefte aan verhoudings en intimiteit met ander mense en sy geestelike familie (die Kerk). Anderson (1993) wys daarop dat studies oor kerkgroei aandui dat 'n kerk vir mense Christus kan gee, maar as hy nie aan hom ook vriende en omgee bied nie, sal hy daardie lid binne 'n paar maande verloor. Die hedendaagse mens het steeds hierdie behoeftes en soek intimiteit en aanvaarding selfs by 'n dwelm of satanistiese subkultuur, of in ongesonde verhoudings. Die mens het dus as gevolg van die sondeval 'n diepgewortelde geestelike en psigiese behoefte om aanvaar te word en iewers te behoort. Hierdie behoeftes was egter voor die sondeval, soos reeds uitgewys, eienskappe van die oorspronklike mens.

*2.2.3.3.2 Fisiek sterf die mens*

Die mens is nie net geskei van God nie, maar ook as gevolg van die sondeval is sy uiterlike self (liggaam) besig om te sterf (2 Korintiërs 4:16). Net soos wat die mens vandag die fisieke lewe by sy eerste ouers erf, erf hy ook die geestelike dood van hulle. Alle mense is dus in sonde gebore en ontvang (Romeine 5:12;, Efesiërs 2:1; 1 Korintiërs 15:22), is geestelik dood, geskei van God en besig om fisiek te sterf (Anderson, 1993). Laasgenoemde is volgens die Christelike perspektief die diagnose van die probleem – *alle mense is sondaars*.

*2.2.3.3.3 Die mens verloor die kennis van God – te veel keuses*

Terwyl die oorspronklike mens in die tuin van Eden woonagtig was, kon hy net een verkeerde besluit maak. Sy wil was slegs onderhewig daaraan om nie van die Boom van Kennis van Goed en Kwaad te eet nie. (Genesis 2:16, 17). Voor die sondeval kon die mens nie onderskei tussen goed en kwaad nie (Genesis 1:25). God het namens hom onderskei, maar die mens moes self kies om gehoorsaam te wees aan God se opdrag. Die mens moes slegs een negatiewe opdrag gehoorsaam – die keuse het dus gelê binne die uitvoer van hierdie opdrag. Na die sondeval het die mens steeds 'n wêreldbewustheid gehad, maar kan nou onderskei tussen goed en kwaad. Hy is byvoorbeeld skaam, vermy God en is bewus van sy eie naaktheid. Hy is nou soos God en ken goed en kwaad (Genesis 2:22) wat veroorsaak dat sy keuse en wil nie meer net beperk is tot die uitvoer van een negatiewe opdrag nie, maar verskeie besluite gebaseer op sy nuwe kennis oor goed en kwaad. Anders as voor die sondeval toe die mens se gees in harmonie met God, kennis en opdragte direk uit sy verhouding met God ontvang het en die opdrag oorgedra het aan die siel wat die opdrag deur die liggaam uitgevoer het, heers die siel nou vanuit hierdie kennis tussen goed en kwaad. In plaas daarvan dat die gees vanuit die verhouding met God tussen goed en kwaad onderskei, besluit die siel nou as heerser oor die gees en liggaam op grond van sy eie onderskeid tussen goed en kwaad wat hy wil doen. Die mens moet of kan dus nou daagliks vanuit sy sielsdimensie 'n groot aantal keuses maak. Vanuit sy intellek maak die mens byvoorbeeld keuses om te oorleef. Hy het dus sy "ware persepsie van realiteit" verloor in die sin dat sy gees beroof is van sy openbaringskennis van en verhouding met God (Anderson, 1993). Vir die mens om goed en kwaad te ken, is dus om in 'n nabye, intieme en persoonlike verhouding met homself en sy eie siel (intellek, wil, en emosies) sonder die inspraak van God te staan.

*2.2.3.3.4 Geestelike eienskappe verval en word behoeftes*

Omdat die mens se oorspronklike identiteit versteur is, verloor hy sy betekenis en waarde, sy veiligheid en sekuriteit, sy outoriteit en doel en wat eers geestelike eienskappe was, word sielsbehoeftes. Die gees is geskei van God, maar is steeds deel van die mens en het steeds sy oorspronklike funksies. Gevolglik weet die siel intuïtief, omdat sy gees se gewete hom aankla en sy aardse verhoudings met mense hom nie volkome bevredig nie, dat iets kort. Hy beleef verwerping, skaamte en skuldgevoelens, hulpeloosheid en swakheid. Sy gees maak hom deurgaans telkens intuïtief daarvan bewus dat daar 'n tyd was wat hy nie hierdie negatiewe emosies ervaar het nie. Wat vroeër, omdat die gees geheers het eienskappe van die siel was, word nou sielsbehoeftes. Die mens se siel smag daarna om waarde te hê en erkenning by ander mense te kry. Die siel wil veilig voel en wil hê ander moet aan sy behoeftes voldoen.

Dit is egter nie slegs sy betekenis, veiligheid en sekuriteit wat verlore is nie, maar ook sy outoriteit, doel en gesag, en die mens kompenseer hiervoor deur die erkenning van ander te soek. Intuïtief weet die siel dat hy gesag het en oorspronklik geheers het, maar aangesien hy nou oor die gees heers, word hierdie wete misplaas. Gevolglik wil hy sonder God oor homself beheer hê, al is dit ook oor sy eie emosies in sy interne psigiese wêreld. Ook het hy nou die behoefte aan selfbeheersing (vroeër was dit Geestelike beheersing), mag, krag, status, heerskappy en om selfs ander te domineer. In satanisme word hierdie behoefte aan mag en dominansie in sy uiterste vorms uitgedruk en nagejaag.

Dit word duidelik dat die menslike siel geskape is om te heers in verhouding met God en nie onafhanklik en vanuit homself nie. Sonde is die direkte gevolg van die mens se poging om onafhanklik van God en Sy inspraak te funksioneer, maar dit kan egter nie die gees se behoefte aan intimiteit en verhouding met God vervul nie. Die mens wil en is veronderstel om op ‘n volwasse manier afhanklik van God en ander te funksioneer. Die Christen aanvaar dat die wêreld (en ander mense) aan sekere behoeftes kan voldoen, maar op die ou einde is dit slegs Jesus Christus wat al sy behoeftes volkome kan bevredig en die gees weer kan verenig met God. “En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus” (Filippense 4:1).

**2.2.3.4 Dominante negatiewe gevoelens**

Die eerste Bybelse verslag van negatiewe emosies en ontkenning van verantwoordelikheid word aangetref in Genesis 3:10 wat lui: “Ek het ‘n geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak, daarom het ek my verberg” (Genesis 3:8). Adam en Eva was skaam, het God gevrees en vir Hom weggekruip. Beide het egter nie persoonlike verantwoordelikheid vir hul eie sonde aanvaar nie en het mekaar en die slang daarvoor geblameer. Anderson (1993) argumenteer uit hierdie gedeelte dat die mens se eerste negatiewe emosies, vanuit die Christelike perspektief, dus vrees, skaamte en skuldgevoelens is.

*2.2.3.4.1 Vrees en angs*

Na die sondeval was die mens geskei van God, skaam oor sy sonde en bang vir God en hy kruip weg. Dit is steeds vandag die mens se geneigdheid om, wanneer hy sondig of bewus word van sonde, aanvanklik vir God weg te kruip en God te vermy omdat hy skuldig voel. Die mens kruip egter nie net vir God weg nie maar ook vir ander, veral wanneer daar trauma of seer (die sonde van een mens teen ‘n ander) in ‘n persoon se lewe is. Dan bou hy verdedigingsmure om homself of hy onttrek in sy eie wêreld in, om enige soortgelyke ervarings te vermy. Die Christen glo dat sy gees weer leef deur Jesus Christus wat sy verhouding met God herstel. Hy is nie meer skaam en bang vir God nie, maar kan nou met

vrymoedigheid na God gaan. Ideaal gesproke is hierdie emosies nie veronderstel om meer dominant te wees nie, aangesien God hul nie 'n "gees van vreesagtigheid gegee het nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1:7). Daar is talle mense wat hulself Christene noem wat steeds deur vrees, fobies en angs gedomineer word – vrees vir sataniste, vrees vir die dood, vrees vir verwerping en vrees vir mislukking om net 'n paar te noem. Hierdie dominansie deur vrees en angs kan toegeskryf word aan: a) 'n wanbegrip oor hul werklike identiteit as Christen (Anderson, 1993, 2000a); b) leuens wat geglo word oor hulself en God, wat geassosieer word met negatiewe emosionele ervarings, wat onderdruk word (Smith, 2000); c) demonisering (Murphy, 1996; Sandfort & Sandfort, 1982, 1985) en/of d) gevestigde denkpatrone wat die siel verhinder om God te sien vir wie hy werklik is (Nee, 1977). Vrees en angs is ook geïdentifiseer as kernemosies vir die verstaan van die mens se gedrag in die veld van die sielkunde.

*2.2.3.4.2 Depressief en kwaad*

Anderson (1993) wys daarop dat die impak van die sondeval en die gepaardgaande negatiewe effekte ook gevoelens van depressie, woede en bitterheid by die mens veroorsaak het. Hiervan lees mens in Genesis 4:5 wat lui: "Kain het baie kwaad geword en hy was bedruk." Dit blyk dus dat die belangrike verband tussen die internalisering van aggressie en depressie reeds in hierdie gedeelte na vore kom. Die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening skryf dus depressie ook toe aan die onvermoë om aggressie te hanteer. Die eersgenoemde siening, soos wat Kaplan en Sadock (1998) uitwys, stem ooreen met Freud en Klein se argumente dat depressie ontstaan by persone wat die geneigdheid het om haat en aggressie, wat oorspronklik verband hou met iemand anders wat hulle verloor het, op hulself te rig; gekoppel aan die onvermoë om suksesvol deur die depressiewe posisie tydens die kinderdae te werk. Laasgenoemde geniet meer aandag onder die onderwerp *Objekrelasie-teorie* (Hoofstuk 4). Aangesien Anderson (1993), Collins (2001), Murphy (2003), Prince (1998) en (Sandfort & Sandfort, , 1982, 1985) die moontlikheid insluit dat depressie deur demone veroorsaak kan word, sal die onderwerp van demonisering in Hoofstuk 5 bespreek word.

*2.2.3.4.3 Skaam en onseker*

Dit is duidelik dat die geestelike waarde en identiteit na die sondeval nie meer deel is van die mens nie, dat sy gees geskei is van God en een is met die siel. Satan wat eers ondergeskik was aan die mens kry nou skielik die heerskappy oor hom (2 Korintiërs 4:4). Die siel moet nou kompenseer en ontwikkel die behoefte aan selfwaarde en selfaktualisering sodat hy nie skuldig of skaam hoef te voel oor homself nie. Vanuit die sielkunde bevestig Maslow (1970)

hierdie siening van die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening se standpunt aangaande die gevalle mens se behoefte en begeerte om homself te aktualiseer.

Selfs vandag sukkel talle individue steeds met 'n swak selfbeeld of minderwaardigheid. Anders as Maslow (1970) wat die klem plaas op selfaktualisering as hoogste behoefte van die mens, argumenteer Anderson (1993) dat selfaktualisering nie die hoogste behoefte is nie. Hy verduidelik dat selfbeeld en selfwaarde nie bepaal word deur hoe talentvol, intelligent en/of beeldskoon iemand is nie, maar deur sy verstaan van sy ware geestelike identiteit, die identiteit in Christus. Selfwaarde is dus 'n identiteits*kwessie* van die gees en die persoonlike waarde, selfbeeld en sielswaarde spruit voort uit 'n mens se kennis oor wat God sê die mens in Christus is. Met ander woorde, die mens sal 'n goeie selfbeeld hê as sy gees lewendig is en sy identiteit in God vasgemaak is en hy vanuit hierdie identiteit oor die siel heers. Dit is vanuit die Christelike godsdiens slegs moontlik om vanuit die gees te leef indien die gees deur die proses van bekering of geloof in Christus se opstanding en dood gewederbaar word. Die mens se werklike identiteit lê dus nie in wat hy doen of besit nie – wat wel alles behoeftes is wat bevredig moet word voor selfaktualisering kan plaasvind – maar in dit wat God in Jesus Christus van die mens sê. As die siel deur die openbaringskennis van God aan sy gees besef wat hy geërf het by God, dat hy saam met Christus vanuit die hemele regeer (Efesiërs 2), dat hy nie veroordeel word nie (Romeine 8:1), dat hy 'n kind van God is (Johannes 1:12), dan sal hy 'n goeie selfbeeld ook hê.

### 2.2.4 Voorskrifte oor hoe om die probleem op te los – die nuwe mens

Stevenson (1987) argumenteer dat aangesien God die mens geskape het om in verhouding met Hom te staan, die mens sy rug op God gedraai het deur te sondig, en sonde die verhouding met God verbreek en versteur het, is dit net God self wat die verhouding tussen Hom en die mensdom kan herstel. Gevolglik is die oplossing vir die probleem van sonde en supernaturalisme, die kruisdood van Jesus Christus, die Seun van God wat geoffer is in die plek van die mens, opgestaan het uit die dood en so die Middelaar en Verlosser tussen die mens en God geword het. God het egter in die Ou Testament reeds 'n poging aangewend om die mens in staat te stel om die verhouding met Hom te herstel deur aan Moses die Wet te gee.

#### 2.2.4.1 Die Wet

> Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe, ek is saam met Christus gekruisig... (Galasiërs 2:19)

Prince (1993) verduidelik die verband tussen die Christen en die Wet deur die drie basiese feite oor die Wet te verduidelik. *Eerstens* het God die Wet deur Moses vir eens en vir altyd gegee as ‘n enkel, volledige sisteem, en daarom kan niks daarvan weggevat of bygevoeg word nie (Johannes 1:17). God gee aan Adam en Eva nie ‘n volledige sisteem van wette nie, maar slegs een negatiewe opdrag: hulle moet net een ding nie doen nie. Toe die mens hierdie opdrag verontagsaam het, het sonde in die wêreld gekom en gelei tot die geestelike en fisieke dood van die mens. Deur Moses kom God egter en gee aan Israel die Wet ten einde die verhouding tussen Hom en sy volk Israel te herstel. Die vereiste was egter dat Israel die Wet en al sy voorskrifte moes gehoorsaam. *Tweedens* moet die Wet, aangesien dit ‘n volledige sisteem is, in geheel beskou word en ook te alle tye in totaliteit gehoorsaam word. Enige persoon onder die Wet moet dus te alle tye aan al die Wet se vereistes voldoen (Jakobus 2:10-11). Indien een deel van die Wet oortree word, word die hele Wet oortree en so ‘n persoon kan verolgens onder ‘n vloek wees (Deuteronomium 28; Galasiërs 3:10). *Derdens* is die Wet van Moses as ‘n historiese gebeurtenis in die mens se geskiedenis as ‘n totale sisteem gegee aan die Israeliete en nie ander nasies nie. Prince (2000) wys dat die Bybel nêrens noem dat enige heidennasie (alle nie-Jode) die Wet moet onderhou nie. Israel kon egter nie hierin slaag nie en God het self ingegryp om die verhouding te herstel deur sy Seun te gee as ‘n volmaakte offer (Johannes 3:16). Maar as God self ingegryp het deur sy Seun en as die doel van die Wet nie is om mense te verlos en regverdig te maak nie, wat is die doel van dieWet dan vandag? Prince (1993) verduidelik hierdie vraag wanneer hy die vier funksies van die wet bespreek.

*Eerstens* help die Wet die mens om sy eie sondige natuur raak te sien. Dit openbaar aan die mens wat sonde is en oortuig hom dat hy ‘n sondaar is en deur God geoordeel sal word. Die Wet is die DSM-IV van die Bybel. Dit diagnoseer die probleem en oorsaak van die mens se probleme. Nadat die Bybel (Wet) gediagnoseer het, gee dit ook die gepaste medikasie of geneesmiddel – Jesus Christus. *Tweedens* wys die Wet aan die mens dat alhoewel hy onafhanklik wil wees van God en Sy genade hy nie sonder God se genade (Jesus Christus) verlossing kan kry nie. Hierdie geneigdheid tot onafhanklikheid maak dat die mens poog om sonder God se genade homself regverdig te maak. Deur te probeer om wette en reëls te gehoorsaam, poog mense om die stem van hul gewete stil te maak en om hulself te sien as inherent goed en regverdig eerder as sondig. Die mens se rebellie en trots maak dat hy nie wil erken dat hy God nodig het nie. *Derdens* het die Wet voorspellings van die Verlosser se koms moontlik gemaak. Jesus sou die prys vir sonde betaal, die mens verlos en hom regverdig maak voor God. So word die mens se gees weer een met God. Jesus se koms is voorspel deur direkte profesieë en ook deur die tipe rituele en vereistes van die Wet. ‘n

Voorbeeld is die paaslam – die eenjarige offer wat die sonde van die volk bedek het (Levitikus 1-7 ). *Laastens* bewaar en beskerm die Wet God se volk Israel (Prince, 1993).

Daar kan geargumenteer word dat die satanis onder verdraaiing van die Wet funksioneer, aangesien hy streng formalistiese rituele reëls moet handhaaf tydens rituele om straf te vermy. Vir die Christen lê verlossing egter nie in die onderhouding van die Wet nie, maar in die verlossingswerk van en geloof in Jesus Christus. Christus het sonder sonde geleef, het geen wet oortree nie en was daarom 'n offer wat vir God aanneemlik was.

### 2.2.4.2 Jesus Christus die verlosser

> The law, including the Ten Commandments, is a single, complete system. As a means of achieving righteousness, it was introduced as a single complete system by Moses; and, as a single complete system it was done away with by Christ... He has thereby taken away the great dividing line of the law of Moses which separated Jews from Gentiles making it possible... through faith in Christ, to be reconciled both with God and with each other. (Prince 1993, p. 165)

*2.2.4.2.1 Jesus Christus, die Wet en die Christen*

Uit Galasiërs (2:19-20) verduidelik Prince (2000) dat die Christen verlos word van die Wet en nie meer onder die Wet staan nie. Om onder die Wet te wees, is om deur goeie werke of die onderhouding van 'n stel reëls of wette te poog om regverdig en heilig te wees en so die verhouding met God te probeer herstel. Om in Christus te wees, is om regverdig vrygekoop te staan voor God. Die Christen is nie onder die Wet nie, maar onder genade (Romeine 6:14) en daarom kan hy nie onder die Wet en genade gelyktydig wees nie. Die oplossing is om onder die Wet uit te kom en onder genade vrygekoop te word (Romeine 7:5-6). Prince (1993) verduidelik uit Romeine 10:4 dat die Christen vrygemaak is van die Wet, en daarom God kan dien, nie volgens die bepalings van die Wet nie, maar in die vernuwing van sy gees wat ontvang is (of weer geestelik leef – *bios*) deur geloof in Jesus Christus. Die wet lei dus nie die kind van God se gedrag nie, maar die Gees. Die Wet is soos 'n padkaart terwyl die Gees 'n gids is wat die Christen lei om op die regte pad te wandel (Prince, 1993). Elke instruksie op die kaart moet in detail gevolg word om die bestemming te bereik, terwyl dit nie nodig is wanneer iemand 'n gids het wat hom na die bestemming kan lei nie. Prince (1993) wys ook daarop dat die Wet vervul en volbring is deur Jesus Christus en sy dood. Hy verduidelik: Jesus het die sonde van almal wat onder die Wet was op hom geneem, en ook die prys vir die oortreding van die Wet – die dood – betaal. God wat regverdig is, het die sonde gestraf met die dood in Sy seun Jesus Christus: "Christ fulfilled the law in three ways: 1) by His perfect life, 2) by His redeeming death and resurrection, 3) by fulfilling all that the law foretold

and foreshadowed concerning the Saviour and Messiah who was to come" (Prince, 1993, p. 176).

Die Wet bring die mens tot geloof in Jesus Christus wat 'n einde bring aan die Wet as 'n manier om verlossing te verkry. Geloof in Hom bring verlossing, maar in elke ander aspek, as 'n volledige sisteem, staan die Wet nog. As deel van God se Woord staan die Wet vir ewig. Die Wet se geskiedenis, profesieë en algemene openbaring van God se manier van dink en doen bly steeds staan. Die oorwinning lê nie daarin om teen Satan en die ou mens te veg met eie krag nie, dit lê in oorgawe aan die Gees van God en Jesus Christus. Jesus Christus in beheer van die mens se gees maak a) die gees weer lewendig, b) van die mens 'n nuwe mens. As Hy oor die mens se lewe heers, kan die ou mens, vlees, sonde, eie ek nie meer heers nie.

*2.2.4.2.2 Jesus Christus en die kruis*

Prince (2000) beskryf breedvoerig al die gevolge en impak van die kruisdood van Jesus Christus. Aangesien Jesus Christus die kern is van die Christelike geloof se oplossing van wat verkeerd is met die mens, word enkele gedagtes oor Hom bespreek. Vir die Christen is *Jesus die volledige en volmaakte offer* aangesien die mens as sondaar nie daarin kon slaag om die Wet volmaak te gehoorsaam nie. God gee daarom volgens Johannes 3:16 Sy Seun as die volledige en volmaakte offer vir die sonde van die mensdom. Jesus neem dus die straf van die sonde op Homself en herstel so die mens se verhouding met God. Prince (2000) verduidelik aan die Christen ses wyses waarop die Vader, Seun en die Heilige Gees betrokke was in hierdie herstelproses en word saamgevat in Tabel

Tabel 2-7 Die betrokkenheid van God by die herstel van die verhouding met die mens

| **Die Vader** | **Die Heilige Gees** | **Jesus Christus** |
|---|---|---|
| Vleeswording en bevrugting van Jesus (Luk. 1:35)<br>Salwing van Jesus vir Sy publieke bediening (Hand. 10:38)<br>Wek Jesus uit die dood op (deur Heilige Gees) (Hand. 2:32, Rom 1:4) | Teenwoordig tydens die doop van Jesus in die Jordaan (Matt. 3:14-17) | Gee Homself aan die Vader as heilige offer (Heb. 9:14)<br>Ontvang Heilige Gees by die Vader en Doop Sy dissipels met Hom. |

Die gevalle mens word in Jesus en deur Sy kruisdood en opstanding herstel na die oorspronklike mens. Dit wat behoeftes geword het na die sondeval word nou weer in Christus eienskappe en die mens kan in Christus terugkeer na sy oorspronklike staat. Die mens se verhouding met God is herstel, hy het weer 'n gevoel van behoort, veiligheid en sekuriteit en intimiteit met God en sy gees kan weer heers oor sy siel en liggaam. Ten einde

die impak van die kruisdood uit te lig, verduidelik Prince (2000 p. 45-132) die volgende uitruilings wat tydens die kruisiging plaasgevind het (Tabel 1.7)

Tabel 2-8 Die sewe uitruilings aan die kruis

| **Negatiewe gevolge van sonde** | **Jesus ruil die negatiewe vir die positiewe en goeie** |
|---|---|
| Jesus word gestraf | Sodat die mens vergewe kan word |
| Jesus se liggaam is gewond en verbrysel | Sodat die mens genesing kan ervaar |
| Jesus word een met sonde omdat die mens se sonde op Hom neergekom het | Sodat die mens regverdig kan word in Sy regverdigheid en nie meer 'n sondaar is nie |
| Jesus sterf in die mens se plek | Sodat die mens kan lewe |
| Jesus word 'n vloek of vervloekte | Sodat dié wat in Hom is, geseënd kan wees |
| Jesus word arm gemaak | Sodat dié wat in Hom is, oorvloedig kan leef |
| Jesus dra die mens se skuld en skande | Sodat die mens kan deel hê aan Sy heerlikheid en glorie |
| Jesus is deur God verwerp en verlaat | Sodat die mens nooit deur God verwerp of verlaat hoef te word nie |
| Die ou sondige mens sterf saam met Jesus aan die kruis | Sodat die nuwe geestelike mens in Jesus kan leef |

Jesus Christus het ook 'n vloek geword sodat die mens geseënd kan wees. Prince (1990) verduidelik die verskillende eienskappe van vloeke en hoe Jesus Chrisuts deur Sy kruisdood die vloek breek en die vloek verander in 'n seën.

*Jesus as Heer van die leërskare* het verder deur sy kruisdood oorwinning oor Satan en al sy demoniese magte behaal en sodoende die heerskappy wat die mens aan Satan afgestaan het, teruggeneem. Vir die Christen stel Jesus se oorwinng oor Satan dus die satanis in staat om ook in Jesus Christus oorwinning oor Satan te behaal. Deel van hierdie oorwinning behels dat die Christen (byvoorbeeld 'n bekeerde satanis) geestelik oorlog voer in die Naam van Jesus Christus teen Satan en sy demone. Gebed, lofprysing, geestelike oorlogvoering, die kruisiging van die eie ek, en verskeie ander onderwerpe kan bespreek word as deel van die oplossing van die probleem van die mens.

## SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar uitgewys wat 'n wêreldsiening is. Die tien interafhanklike aspekte waaruit 'n wêreldsiening bestaan en enkele tipes wêreldsienings is kortliks bespreek ten einde die klinikus in staat te stel om meer as een wêreldsiening in gedagte te hou wanneer daar met 'n satanis as kliënt gewerk word. Vier Westerse wêreldsienings is uitgelig, naamlik:

Humanisme, Utopianisme, die “New Age”-beweging en Bybelgefundeerde Christenskap. Daar is uitgewys dat die Westerse wêreldsiening veral ‘n impak gehad het op die Christelike Wêreldsiening se benadering tot die bonatuurlike aspekte of die uitgesluite middelwêreld van engele en demone; en daar is geargumenteer dat die inkorporasie van hierdie uitgesluite middelwêreld die wyse waarop die Satanis deur die klinikus benader word radikaal kan verander. Die belangrikste bydra hiervan lê daarin opgesluit dat dit alternatiewe terapeutiese intervensies moontlik maak. Verder kan die insluiting van die uitgesluite middelwêreld moontlik bydra tot die maksimale terapeutiese behouding van die satanis.

‘n Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening is voorgestel en in diepte bespreek. Die skepping, siening oor God, die wyse waarop God Homself openbaar, die oorlogvoerende eienskappe van God, die devolusie van die Christelike God en die gewysigde Christelike dualisme is bespreek. Vir die Christen is die belangrikste implikasie van die gewysigde dualisme dat daar aanvanklik net goed was en dat kosmiese en aardse rebellie (sonde) die huidige dualisme tussen goed en sleg veroorsaak het. Hierdie dualisme sal tydens die wederkoms van Christus, op grond van die oorwinning wat Hy behaal het oor Satan aan die kruis, eindig. In ‘n bespreking oor die natuur van die mens is die klem veral geplaas op ‘n meer letterlike interpretasie van die Bybel en die trigotomiese siening van die mens, aangesien dit inpas by die meer konkrete en letterlike denke van die satanis. Die oorspronklike trigotomiese mens wat geestelik en fisiek geleef het en dié se eienskappe, naamlik betekenis en waarde, veiligheid en sekuriteit, en verhouding en gevoel van behoort het aandag geniet. Hieruit het dit duidelik geword dat God aanvanklik die mens geskape het om sonder verdedigingsmeganismes en gebrekkige behoefte-bevrediging in harmonie met hom te leef. Terwyl die gees van die mens geleef het (*Zoe-lewe*) was daar harmonie tussen hom en God en het hy God op aarde verteenwoordig as lewendige siel. Hy moes heers, regeer en het doel en betekenis gehad.

Die drie interaktiewe dele van die mens − gees, siel en liggaam − is volledig bespreek ten einde die interakasie tussen die mens en die uitgesluite middelwêreld op verstaanbare wyse aan te bied. Hierdie trigotomiese siening maak dit moontlik om te verduidelik hoe ‘n demoniese mag ‘n invloed op die mens se siel kan hê. Die gees met sy drie interaktiewe dele (gewete, intuïsie en Godbewustheid of intimiteit), die siel met sy drie interaktiewe dele (verstand, wil en emosies) en die liggaam met sy drie interaktiewe dele (liggaam, vlees, drange) is uitgelig en verduidelik. Die gees ontvang by die Heilig Gees die nodige openbaringskennis wat hy nodig het om oor die siel en die liggaam te heers, en die harmonie tussen hom en God te handhaaf. Die mens is egter tydens sy aardse bestaan primêr ‘n

lewendige siel en staan daarom ook in verhouding met die mens. Daar is beklemtoon dat die drie dele van die mens interafhankilk is van mekaar, dat die gees van die mens in verhouding met God moet heers oor die siel en die liggaam om harmonie tussen God en ander mense te behou. *Laastens* het die hart van die mens (gewete, siel) ook aandag geniet aangesien dit die hart is wat die mens laat besluit wie hy sal dien. Die hart dra ook by tot die tipe gedrag en optrede van die mens. Onder die opskrif *'n Diagnose van wat verkeerd is met die mens*, is die kosmiese rebellie en gedagtes rondom Satan as 'n godheid of gevalle engel wat uit die hemel gewerp is, bespreek, asook die aardse rebellie of sondeval van die mens en die gevolge en negatiewe effekte daarvan. Dit wat vroeër eienksppe by die oorspronklike mens was, word nou behoeftes by die gevalle mens aangesien hy geskei is van God en geestelk dood is (die *zoe-lewe* het geëindig).

Wat egter nie in hierdie hoofstuk volledig bespreek is nie, is die area van demonisering en dit sal in Hoofstuk 5 bespreek word. Die relevansie van hierdie omvangryke bespreking van die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening word duidelik wanneer die navorser ook vanuit hierdie siening die snellerinsidente vir die satanis se oorskakeling in Hoofstuk 7 bespreek.

Ten slotte is Jesus Christus as die oplossing van die gevalle mens se probleem bespreek. In hierdie bespreking het dit duidelik geword dat Jesus Christus as die volmaakte offer die prys vir die mens se sonde betaal het. Deur Sy kruisdood wederbaar Hy weer die mens se gees en die verhouding tussen die mens en God word dus herstel. Die Christen ontvang in Christus weer sy oorspronklike eienskappe. God reik dus eerste uit na die mens en herstel sy verhouding met Hom. Die mens moet egter deur die funksies van die hart en die siel 'n keuse maak of hy hierdie verlossingswerk aanvaar al dan nie. Die Christen ontvang ook in Christus weer heerskappy oor Satan en al sy demoniese magte.

In die volgende hoofstuk word die inversie van die Christelike godsdiens − satanisme − volledig bespreek as wêreldsiening ook aan die hand van die vier eienskappe van 'n ideologie bespreek.

# HOOFSTUK 3 SATANISME

> A Satanist has a goal, an ulterior motive beyond the satisfaction of the "ego" and indulgence of unconscious impulses. This goal is to excel – to go beyond what one is. What a Satanist does in real life or in ritual, is to explore the limits of themselves and the world – to experience and thus grow, to fulfil the potential of existence, of 'godhead'/divinity latent within them. Everything is a means to this – rituals, other people, society itself. (Long, 1999, p. 2)

## INLEIDING

Vir die Christen het satanisme reeds ontstaan tydens die kosmiese rebellie (soos bespreek in Hoofstuk 2). Rhodes (2001) wys egter daarop dat die geskiedenis en ontwikkeling van moderne satanisme 'n lang en kronkelende pad is wat oor eeue strek. Satanisme het ontwikkel uit 'n kombinasie en samevoeging van heksery, bygelowigheid, godsdienstige oorlewerings, en die antieke paganisme, deur mense wat in opstand gekom het teen die groeiende teologie en morele invloed van die Christelike godsdiens in die tydperk (400-1600 n.C.).

Satanisme is 'n groeiende godsdiens en die navorser is van mening dat 'n nadere blik op die mites aangaande satanisme genoodsaak is, aangesien talle Afrikaners en sielkundiges steeds die werklikheid van satanisme ontken of slegs sien as simptome van 'n psigiatriese versteuring (Kaplan & Sadock, 1997). Vir die sielkundige wat 'n Christelike wêreldsiening huldig, skryf Collins dat geen Christen-sielkundige maksimaal effektief kan wees as hy of sy onkundig is oor Satan en sy strategie en werke nie (Collins, 2001).

In hierdie hoofstuk word daar 'n aantal mites aangaande satanisme bespreek. Daarna sal die belangrike "vaders" van satanisme en die wêreldsiening van die satanis bespreek word. Satanisme as 'n wêreldsiening sal geskied aan die hand van die vier hoofopskrifte waaronder die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening in Hoofstuk 2 bespreek is. Drie ander aspekte relevant tot satanisme sal ook aandag geniet, naamlik: a) faktore wat 'n persoon vatbaar maak vir satanisme, b) redes vir betrokkenheid in satanisme en c) redes om satanisme te verlaat.

Vervolgens word die mites oor satanisme soos vervat in Els en Jonker (2000) bespreek:

## 3.1 MITES OOR SATANISME

Die volgende mites oor satanisme blyk die vernaamstes te wees:

*1. Satanisme is net 'n gier of "fad": Ignoreer dit en dit sal verdwyn.*

Dieselfde mite word toegepas op ander hedendaagse probleme soos dwelm misbruik wat aanvanklik gesien is as 'n modegier wat sou oorwaai. So 'n benadering motiveer eksperimentering sonder die nodige klem op die erns en emosionele skade wat sulke eksperimentering of deelname tot gevolg kan hê. In 'n artikel wat handel oor satanistiese rituele-mishandeling (SRM) skryf Perrin & Parrott (1993) die volgende:

> We cannot dismiss these stories just because they sound outrageous or unbelievable. It was not too long ago that disturbing stories of sexual abuse and incest were dismissed as fantasies... now these horrors are well documented facts. (p. 20)

Dieselfde word dalk oor 'n paar jaar geskryf van satanisme en SRM.

*2. Die pers sensasionaliseer satanisme: 'n mens kan nie die verhale glo nie.*

In 'n groot mate is dit so dat verhale oor satanisme gesensasionaliseer word. Sommige mense kan op grond van hul onkunde en persoonlike moraliteit nie insien dat mense die praktyke van satanisme sal wil beoefen nie. Els en Jonker (2000) noem dat in eersgenoemde geval die grusame realiteit van satanisme nie aanvaar word nie en afgemaak word as sensasioneel. Soos wat die aanhaling van Perrin en Parrott (1993) hierbo duidelik uitwys, is dit nie genoeg rede om satanisme af te maak as net 'n sensasionele fenomeen nie. Hierdie houding van skeptisisme pas sataniste en hulle floreer weens die passiwiteit van die samelewing teenoor die satanistiese beweging.

*3. Satanisme word beskou as 'n heksejag – vreemd in ons geledere.*

Els en Jonker (2000) maak dit duidelik dat satanisme en satanisties verwante misdade reg oor die wêreld gerapporteer word en dat Suid-Afrika dit nie vryspring nie. Hulle dui ook aan dat daar sedert 1966 'n toename is in gepubliseerde media-artikels oor die verskynsels van Satansaanbidding, rituele moorde, verkragtings, molesterings, menslike en dierlike offers, seks met diere of bestialiteit en skending van grafte. Selfs Pistorius (2004) ag dit nodig om in haar bespreking van die psigodinamiese verstaan van reeksmoordenaars 'n onderskeid te tref tussen die twee groepe en sy wys uit dat sommige reeksmoordenaars ook sataniste is. Die toename in hofsake in Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika kan ook aangevoer word as teenvoeter vir hierdie mite (Els & Jonker, 2000).

*4. Satanisme is beperk tot stedelike gebiede.*

Satanisme strek oor sosiale, fisieke, kulturele, kruiskulturele, ideologiese, ekonomiese en internasionale grense. Dit is nie gebonde aan 'n spesifieke sosio-ekonomiese, rasse- of etniese groep nie. Els & Jonker (2000) wys daarop dat Christene en sataniste in dieselfde geografiese area sal voorkom aangesien satanisme volgens hulle in 'n geestelike oorlog teen die Christelike kerk is.

*5. As satanisme werklik 'n realiteit is sal die polisie ons daarvan in kennis stel.*

Satanisme is nie beperk tot 'n spesifieke sektor van die samelewing nie. Verder ondersoek die polisie slegs die misdade van satanisme. So 'n ondersoek word hanteer soos enige ander ondersoek en die Suid-Afrikaanse Polisiediens behou die reg om sekere inligting en ondersoektegnieke van die publiek te weerhou (Els & Jonker, 2000).

*6. Psigiaters en sielkundiges sien satanisme as simptome van patologie.*

Friesen (1997) en Els & Jonker (2000) stem saam dat suiwer kliniese metodes onvoldoende is in die terapeutiese proses met sataniste. Wanneer 'n persoon wat betrokke is/was in satanisme vir terapie verwys word, is dit noodsaaklik om die psigiater of sielkundige se ervaring en agtergrondskennis in hierdie area vas te stel. Perrin en Parrott (1993) bevestig hierdie stelling en wys daarop dat slagoffers wat SRM oorleef, tydens die aanvang van terapie presenteer met:

> …pre-awareness symptoms for severe depression, anxiety, or dissociation...Typically...the therapy lasts an average of seven years, involving several therapists (usually ending with a therapist who believes both in the "reality of the abuse" and "in [the survivor's] capacity to recover. (p. 20)

Hierdie aanhaling beklemtoon dat die terapeut se openheid om meer as een wêreldsiening te huldig, kardinaal is tot die sukses van terapeutiese intervensie en dat satanisme nie slegs 'n simptoom van patologie is nie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die klinikus deur goeie opleiding sensitief vir 'n verskeideinheid fenome kan wees sonder om sy "neutraliteit" prys te gee. 'n Klinikus wat die realiteit van satanisme bloot net ignoreer, beperk homself sowel as die terapeutiese proses. Dit is egter net so riskant om as terapeut net een realiteit te aanvaar en te veel klem te plaas op supernaturalisme en/of geestelike oorlogvoering. Op grond van die Post-modernistiese siening dat 'n terapeut nie werklik neutraal kan wees nie, en dat sy wêreldsiening wel 'n rol speel, kan daar geargumenteer word dat: "A therapist who is not a Christian would obviously not handle the victim in the same way as the Christian therapist would have done" (Els & Jonker, 2000. p. 11).

7. *Daar is te veel gerugte sonder klinkklare bewyse.*

Die teenoorgestelde is egter ook waar. Dit bewys nie dat satanisme nie bestaan nie. Volgens Els & Jonker (2000) is daar twee redes vir die gebrek aan bewyse wanneer daar bewerings van menslike slagoffers ter sprake is: 1) Observasie en getuienislewering van rituele is lewensgevaarlik en die slagoffers van satanisme is dikwels kinders wie se verhale nie geglo word nie; 2) Verder is bewyse ook skaars vanweë die feit dat sataniste gebruik maak van metodes soos verassing en selfs kannibalisme om die liggame van slagoffers te vernietig (Els & Jonker, 2000). Ivey (1997) wys daarop dat die ervaring van die satanis en sy verhaal nie net afgemaak kan word as mites nie.

> When subjects report having literally seen Satan, and having been posessed by demons, the "objective" truth of these event can obviously not be established in any scientific sense. *However, these experiences are very real to the subjects*. The task of the researcher is not to dismiss these accounts as "untrue", but rather to interpret the subjective truth of the subjects' experiential reality [Skuinsdruk bygevoeg]. (1997, p. 331)

8. *'n Mens moet niks met satanisme te doen hê nie – ignoreer dit*.

Vanuit die Christelike wêreldsiening waarsku die Bybel dat die volk ten gronde gaan as gevolg van 'n gebrek aan kennis (Hosea 4:6). Daar is reeds uitgewys dat satanisme 'n geestelike oorlog is en iemand wat in 'n oorlog betrokke is en dit ontken, gaan verseker 'n slagoffer van daardie oorlog word. Friesen skryf oor hierdie oorlog die volgende:

> The public has no inkling about what is really going on in this war and is getting just a hint as to its magnitude. ...I believe that people will be ready to take protective action only after the war has been openly exposed. In most cases the victims are suffering quietly, because their experiences are beyond belief... It can be lethal to innocent people like you and me. (1997, pp. 30-31)

Verskeie skrywers is van mening dat 'n mens wel ingelig moet wees oor satanisme om onkunde te bekamp (Els & Jonker, 2000; Havinga, 2000a, 2000b, 2000c; Prince, 1998, 2003).

9. *Dit is die kerk en die staat se verantwoordelikheid om satanisme te hanteer.*

Die beoefening van satanisme beweeg in die area van die geestelike wêreld en "…should be handled in part on spiritual level and in part on secular level. Non-spiritual answers to spiritual questions are unacceptable" (Els & Jonker, 2000, p. 12). Dit is egter ook onaanvaarbaar om geestelike oplossings aan te bied waar die oorsaak patologie is eerder as geestelik.

*10. Om die realiteit van satanisme te erken, prikkel net die mense en kinders se belangstelling.*

Die noodsaak om professionele sielkundiges, lekepersone en kinders oor satanisme in te lig is nie te betwyfel nie. Die kwessie ter sprake is egter wie die inligting verskaf (Els en Jonker, 2000). Is dit die satanis self, die media, die okkultis of die Christelike opvoeder? As slegs die Objekrelasie-teorie die sielkundige leer oor satanisme, sal dit net gesien word as ‘n manifestasie van die psige. As net die teoloog mense oor die onderwerp leer, sal dit moontlik net gesien of verklaar word as ‘n geestelike probleem. Indien beide egter inspraak het in die verstaan van die fenomeen sal ‘n meer holistiese benadering ontstaan.

*11. Dit is ‘n sensasionele onderwerp – gee liefs die feite.*

Kultusleiers soos Jim Jones buit hierdie mite uit deur slagoffers of oorlewendes se getuienis daarmee te smoor. Jim Jones het volgens Els en Jonker (2000) aan ‘n kultuslid gesê dat hy nie geïntimideer word deur dreigemente om die pers te vertel van hulle aktiwiteite nie, want wat hulle daar doen, het hy gesê, is so bisar dat niemand die lid in elk geval sal glo nie. Dit is juis die bisarheid en die feit dat baie sataniste hul verhaal dramatiseer in ‘n poging om mense te oortuig van hul ervarings, wat mense skepties maak oor die “feite” van satanisme (Havinga, 2000a). Ongeag of die feite waar is, bly die ervaring daarvan vir die slagoffer waar. Die terapeut moet poog om vas te stel watter deel van die ervaring is die waarheid en soos sommige skrywers uitwys, kan die terapeut in hierdie poging gebruik maak van die ‘10/90’ of ‘20/80’ reël wanneer daar na sataniste se verhaal geluister word.

> ...only 10 percent and in some cases 20 percent of everything reported by Satanists, ex-Satanists or the media, can be believed...The question is: ‘Which 10 percent or 20 percent of the story is the believable part? (Els & Jonker, 2000, p. 13)

*12. Satanisme is nie ‘n godsdiens nie; die staat verbied satanisme in elk geval.*

Satanisme en die beoefening daarvan word soos reeds uitgewys deur die Konstitusionele Wet van Suid-Afrika aangespreek en verdedig as ‘n godsdiens. Satanisme word dus nie deur die staat verbied nie.

Om moderne satanisme en die ideologie daarvan beter te verstaan, is dit nodig om na die persone wat sleutelrolle gespeel het in die ontwikkeling daarvan van nader te beskou.

### 3.2 VADERS VAN MODERNE SATANISME

Daar is hoofsaaklik drie persone wat die fondasie van moderne satanisme gelê het. Hulle is Aleister Crowley, Anton Szandor La Vey, en Charles Manson. Michael A. Aquino en Paul D. Valentine kan egter ook bygevoeg word (Els & Jonker, 2000; Ivey, 1997).

### 3.2.1 Edward Alexander (Aleister) Crowley (1875-1947)

Crowley het grootgeword in ‘n streng fundamentalistiese, Calvinistiese broedergemeente-kerk in Engeland (Rhodes, 2001). As ‘n jong man het hy sy ouers se geloof verwerp en baie geïnteresseerd geraak in toorkuns en okkultisme as ‘n manier om persoonlike mag te kry. Hy is deur sy ma beskryf as die Antichris in die vlees en identifiseer sterk met: “die dier met die nommer 666” van die Bybelboek Openbaring en verskeie bose gode soos Pan, Dionusos, Baphomet, Set en Satan (Ivey, 1997).[15] Crowley doen in die Ooste kennis op van seksuele toorkuns van Tantrisme, Boeddhisme en die Chinese I-Ching. In 1904 skryf hy na ‘n beweerde openbaring van sy beskermengel: “*The Book of the Law”* (Rhodes, 2001) waarin die wet van ‘Thelema’ vervat word - “Do what thou wilt shall be the whole of the law!” (Pulling & Cawthon, 1989, p. 150). Hierdie wet is ‘n geestelike vorm van individuele liberalisme wat die mens self verhef tot ‘n godheid (Ivey, 1997). Die individu word dus verhef tot ‘n god en die Christelike klem teen sonde en op moreel aanvaarbare gedrag is dus ‘n beperking vir die ware geestelike ondersoek. Verskeie skrywers skryf hieroor:

> This self-realisation was a religious project and sexuality, magic, drugs and meditation were all considered ... to merely be the means to this spiritual end. (Ivey, 1997, p. 39)
>
> Man has the right to live by his own will, eat what he will, think what he will, love as he will, man has the right to kill those who would thwart these rights. Love is the law, love under will. (Wedge, 1981, pp. 62-63)

Menige skrywer noem en beskryf hom as: (a) die voorloper van satanisme (Els & Jonker 2000; Havinga, 2000a); (b) die mees invloedryke moderne towenaar (Ivey, 1997); c) “the nearest any living person could become to evil personified” (Parker, 1993, p. 177); d) “the beast... the most evil man in the world” (Lewis, 1985, p.10).

In 1920 bereik Crowley die status van “magus” of die hoogste hiërargiese orde vir ‘n towenaar en satanis. Menslike offerandes is gereeld gedoen met die slagoffer verkieslik ‘n jong onskuldige seun en kontak is met demoniese magte gemaak en versterk deur gebruik te maak van dwelmgeïnduseerde transe (Rhodes, 2001). Crowley was verantwoordelik vir die daarstel van die drie fundamenteel gekombineerde elemente van hedendaagse satanisme, naamlik: “ (1) rejection of Christianity, (2) assumption of the supremacy of the self, and (3) the use of magic to enhance one’s experiences and reach one’s goals” (Passantino & Passantino in Rhodes, 2001, p. 301).

[15] Die navorser kan nie help om die waarde wat die ontwikkeling van die mens se psige speel in die vorming van sy wêreldbeskouing soos wat Money-Kyrle 1961 uitgewys het, hier waar te neem nie. Vanuit die Objekrelasie-teorie wonder mens ook oor die rol van splitsing, projeksie en identifikasie met die interne slegte objek in Crowley se lewe.

Hierdie aanhaling bevestig Ivey (1997) se siening dat die fondasie van Crowley se godsdiens hedonisme en destruktiewe selfbevrediging is. Daar kan ‘n vergelyking getrek word met Crowley se siening oor Satan en Freud se siening oor God, aangesien beide God en Satan sien as die personifisering van die vaderfiguur. Die volgende aanhaling dien as ‘n voorbeeld van waar Satan nie as ‘n godheid gesien word nie maar as die personifiëring van interne psigiese strukture:

> He (*Crowley)* certainly did not acknowledge Satan as an external deity to be worshipped and placated. Satan, rather, was an internal power that could be released and harnessed through the magical practice of divination (divining true knowledge through esoteric means), evocation (calling up spiritual presences), and invocation (imaginative identification with gods' goddesses) [Skuinsdruk bygevoeg]. (Ivey, 1997, p. 39)[16]

Ivey (1997) is van mening dat die belangrike bydrae wat Crowley gemaak het, opgesluit lê in die feit dat Crowley satanisme en sy praktyke geswaai het vanaf ‘n geloof in ’n eksterne gepersonifieerde duiwel na die besef en aanbidding van die demoniese binne die individuele satanis. Dit is egter in konflik met die Christelike wêreldsiening wat Satan sien as ‘n geskape, gevalle engel van God.

### 3.2.2 Anton Szandor la Vey (1930-1977)

Anton Szandor la Vey stig op Walpurgisnacht (‘n pagan-feesdag 30 April – 1 Mei) “*The Church of Satan*” in San Fransisco in 1966 en later in 1969 voltooi hy die *“Satanic Bible” ,* waarin hy ook sy lewensverhaal gee. Ander werke sluit in a) *The satanic witch* (La Vey, 1971); b) *The satanic rituals* (1973) c) *The complete witch* (La Vey, 1987) en *The Devil’s Notebook* (La Vey, 1992). Hy word daarom in baie opsigte beskou as die vader van moderne satanisme. Vir Ivey (1997) is hy die eerste individu wat ‘n verlossingsfilosofie omvorm het in ‘n openlik praktiserende en georganiseerde satanistiese godsdiens.

Anton la Vey is gebore in Rusland in 1930, en as kind het sy ouma vir hom talle kere uit okkultiese literatuur gelees. Hy was ‘n begaafde musikant sedert die ouderdom van vyf, maar het nooit sy skoolloopbaan voltooi nie en gaan werk by ‘n sirkus. Op agtien het hy egter die sirkus verlaat en word hy die assistent van Rastrionni, ‘n handpalmleser, verstand- of gemoedsleser en ‘n hipnotiseur (Els & Jonker, 2000). Rhodes (2001) skryf dat La Vey reeds op ‘n vroeë ouderdom sinies was teenoor Christene en Christenskap aangesien hy die skynheiligheid van sekere Christene waargeneem het . Hy kom tot die gevolgtrekking dat Christenskap irrelevant en ‘n magtelose godsdiens is aangesien soos hy dit stel: “Man’s carnal nature will out no matter how much it is purged or scorched up by any white-light

[16] Die Christen sien natuurlik waarsêery en die oproep van geeste as ‘n vorm van afgodediens en die ontgunning van bonatuurlike hulp en kragte.

religion" (La Vey, 1969, p. 1). Na hierdie gevolgtrekking oor Christenskap stig hy en sy vrou (Diana) studiegroepe in die San Fransisco-hawe, hulle onderrig ander in die okkulte en die beoefening van rituele soos verduidelik in die "Hermetic Order of the Golden Dawn" (Els & Jonker, 2000, p. 34). La Vey en sy kerk het nasionale nuus in Amerika geword en dit het gelei tot sy aanstelling as adviseur van die film *Rosemary's Baby*. Die film was vir hom die besbetaalde advertensie vir satanisme wat daar nog was (Els & Jonker 2000).

Satan is vir La Vey 'n donker, natuurlike mag wat aangewend kan word deur die toepaslike rituele en houding teenoor hom. Satan is 'n simbool van: "indulgence, vital existence, undefiled wisdom, kindness to the deserving, vengeance, (and) responsibility to the responsible" (Melton, 1978, p. 303). Ivey (1997) wys daarop dat die filosofie van individuele pragmatisme en hedonisme binne die "Church of Satan" voorkeur geniet bo die aanbidding van Satan as 'n godheid. Die standpunt is dat satanisme 'n rasionele filosofie is wat klem plaas op die natuurlike instinkte van die mens en die uitleef van drange sonder dat dit skuld veroorsaak of gesien word as sonde. La Vey het in 1997 gesterf en sy dogter het beweer dat dit 'n direkte gevolg is van 'n vloek wat sy oor hom uitgespreek het.

Anders as Ivey (1997) se stelling dat die Kerk van Satan nooit meer as 'n paar honderd lede gehad het nie en net paar jaar gehou het, wys Els & jonker (2000) daarop dat die Kerk van Satan vandag wêreldwyd uitgebrei het. 'n Mens kan dié kerk ook op die webwerf besoek. Laasgenoemde skrywers is ook van mening dat 'n mens nie werklik akkuraat kan bepaal hoeveel mense betrokke is by satanisme nie, aangesien baie sataniste ook "self-styled" sataniste is wat die godsdiens op hul eie beoefen. Ongeag die debat oor hoe groot die Kerk van Satan is, kan daar genoem word dat: "the interest in the super-natural and the occult has, since the establishment of the *Church of Satan,* shown a rising tendency worldwide" (Els & Jonker, 2000).

Els en Jonker (2000) vestig verder die aandag daarop dat daar vier groepe of mense is, wat La Vey se filosofie soos vervat in "*The Satanic Bible"* reeds in die sestigerjare gekritiseer het. Hulle is Charles Manson, Michael A Aquino en Paul Douglas Valentine wat vervolgens bespreek sal word.

### 3.2.3 Michael A Aquino

Aanvanklik was La Vey en Michael Aquino een in hulle siening en benadering tot satanisme, maar Aquino het geweier dat lede wat groot finansiële bydraes maak noodwendig as hoëpriesters aangestel word. Hy het geredeneer dat slegs diegene wat kon bewys dat hulle sekere magiese kragte en toorkunste bemeester het die status van priester in die kerk kon

verwerf. Aquino het op grond van hierdie verskille weggebreek van La Vey en in New York die "*Temple of Set* " in 1975 gestig. Rhodes (2001) wys daarop dat die naam "Set" afkomstig is van "Set-Ham" 'n Egiptiese diade wat Aquino geglo het die ware bron van die naam Satan is. Die "*Temple of Set"* is volgens Els & Jonker (2000) 'n intellektuele ontwikkeling van die "Church of Satan" waarby 'n intellektuele infrastruktuur – wat bestaan uit verskeie mitodologieë en tradisies – by die oorspronklike infrastruktuur gevoeg is met die doel om satanisme 'n nuwe godsdiens, aanvaarbaar vir 'n verskeidenheid mense te maak. Hulle verduidelik dat die "Church of Satan" en die "Temple of Set" (laasgenoemde meer as eersgenoemde) aangedring het op hul eie siening of weergawe van Satanisme. Daar is van die aanhangers/lede van beide die "Kerk van Satan" en "Temple of Set" verwag om die stigters se sienings te aanvaar en daarby aan te pas. Hierdie verwagting het 'n afhanklikheid by die individu gekweek teenoor die groep en in besonder teenoor die leier of meester.

Vir Aquino was satanisme nie net 'n godsdiens of filosofie nie, maar 'n "unreligion". Die belangrikste verskil tussen Aquino en La Vey sentreer rondom hul sienings van Satan. Waar Satan slegs simboliese betekenis gehad het vir La Vey, is Satan vir Aquino 'n realiteit en godheid. Dit is dus duidelik dat onder die sataniste daar ook verskillende sienings en interpretasies is oor Satan, net soos wat daar verskille voorkom onder die Christelike godsdiens.

### 3.2.4 Charles Manson

Charles Manson was 'n voorstander van anargie, hy het geglo hy is beide Satan en Christus en het sy volgelinge, insluitende van sy familielede, opgesweep om aan van die mees perverse en waansinnige bloeddorstige rituele deel te neem.

> According to police reports, Manson and his followers murdered approximately 35 people during 1969. The most notorious of these was the murder of the pregnant film star Sharon Tate who starred in the film Rosemary's Baby. (Els & Jonker, 2000, p. 38)

Hy is lewenslank gevonnis en dien tans sy vonnis uit. Manson se groot bydrae blyk die perverse en bloeddorstige rituele en die klem op anargie en wetteloosheid te wees.

### 3.2.5 Paul D Valentine

Valentine se organisasie C*hurch of Satanic Liberation,* is 'n wegbreekgroep van La Vey se *Church of Satan* en verskil grootliks van ander satanistiese kerkvaders in sy siening en klem op seks en seks-magie (*sex magic*): "…rituals based on the belief that powerful forces are released during orgasm, forces that are then available to carry out the will of the celebrant"

(Els & Jonker, 2000, p. 40). Hy is verder gekant teen die offer van diere en kindermolestering, maar wil graag in opvoeding sien dat Christenskap vernietig word.

Die rol van anargie, seksuele magie, die vernietiging van Christenskap, verskillende sienings van Satan en die gepaardgaande praktyke om Satan se krag te ontgin, word dus deur verskeie vaderfigure in die ideologie van satanisme ingebring. Dit is duidelik dat hierdie vyf persone sleutelfigure is in die ontstaan en ontwikkeling van moderne satanisme. Satanisme as 'n vorm van godsdiensbeoefening sal vervolgens bespreek word.

### 3.3 SATANISME AS 'N VORM VAN GODSDIENSBEOEFENING

Satanisme as godsdiens bestaan uit verskeie individue wat almal 'n diverse stel sienings het. In Hoofstuk 1 is daar reeds uitgewys dat dit volgens Kaplan & Sadock (1998) belangrik is om enige pasiënt se godsdiens te ondersoek en dat "…the psychiatrist should trace the evolution of the patient's adolescent religious practices to present beliefs and activities" (p. 249). Verder wys hulle daarop dat sterk religieuse affiliasies en die effek daarvan op die pasiënt se lewe ook bepaal moet word. Indien 'n persoon betrokke was by satanisme is dit dus belangrik om die impak wat hierdie godsdienstige affiliasie op die kliënt het of gehad het, vas te stel.

Rhodes (2001) voer aan dat satanisme 'n self-dienende godsdiens is met die gevolg dat verskeie sataniste die godsdiens volgens hul eie kriteria definieer. Hy verduidelik verder dat sekere navorsers satanisme definieer as 'n vorm van religieuse sienings en uitdrukkings wat homself besig hou met die aanbidding van Satan, of Satan nou definieer word as 'n bonatuurlike wese of persoon, of diade, die duiwel, 'n bonatuurlike krag, 'n natuurlike mag, 'n (aangebore) menslike mag, of meer algemeen, die self. Drury en Tillett (1978) definieer satanisme as 'n: "…cognizant belief in and deliberate invocation and worship of Satan as a supernatural personal being, or an impersonal force or energy, or a religious symbol representing the material world and carnal nature of mankind" (p. 21).

Bogenoemde definisie is in lyn met die huidige navorsing se bespreking van satanisme as die aanbidding van Satan as godheid. Gegewe die verskeidenheid standpunte oor satanisme is dit dus belangrik om kennis te dra van verskillende vorms van satanisme wat as godsdienste beskou word. Bubeck (1992) lig uit dat diegene wat geïnteresseerd is in satanisme in vier tipes verdeel kan word. Die vier tipes is die tradisionele, georganiseerde en selfgeïnisieerde satanisme asook die sogenaamde *dabblers* in satanisme. Els & Jonker (2000), maak ook 'n onderskeid tussen vier essensiële, nie-verbandhoudende godsdienste wat satanisme genoem word. Hulle word kortliks bespreek.

1. **Religieuse satanisme:** Volwassenes of adolessente wat Satan as ‘n mag of ‘n beginsel erken. Die basis van hulle Satan (hul siening en verstaan van Satan), is pre-Christen en het gevolglik min of geen ooreenkomste met die Christelike konsep van Satan nie. Hulle Satan is gebaseer op en afgelei uit die Paganistiese beeld van mag, fertiliteit, seksualiteit en sensualiteit. Satan is vir hierdie groep ‘n krag in die natuur en nie ‘n lewendige godheid nie, en het gevolglik niks met die hel, demone en diepgaande boosheid te doen nie. Buiten die *black mass*-ritueel wat met die Rooms-Katolieke mis spot, het hulle rituele geen konnotasie met Christenskap nie.
2. **Gotiese (spookagtige) satanisme:** Hierdie is oorheersend ’n verbeeldings-godsdiens, wat geskep is in die laat-Middeleeue. Dit was en word nooit op georganiseerde wyse beoefen nie. Die breek van kruise, rituele moorde van kinders, die verkoop van hul siele aan die duiwel (Satan) en *black mass*-rituele is algemeen.
3. ***Dabblers* in die satanisme:** Hierdie groep sluit in die rebelse tiener of jong volwassene, en hulle dogmas en rituele is gewoonlik ‘n mengelmoes van elemente uit religieuse satanisme, Gotiese satanisme en seremoniële magie, towerkuns of ander bronne van rituele. Volgens Els en Jonker (2000), sien die meeste mense dit net as ‘n verbygaande modegier wat beïnvloed word deur seks, dwelms en rock-musiek, maar hulle noem egter dat dit ernstige spirituele en psigologiese gevolge het.
4. ***Ander tipes* satanisme:** Hierdie is die tipes wat algemeen gevind word binne die psigiatriese konteks, omdat reeksmoordenaars en ander misdadigers voorgee dat hulle sataniste is om hulle aktiwiteite te regverdig. Pistorius (2004) wys daarop dat ‘n werklike satanis moord pleeg tot eer van Satan, terwyl reeksmoordenaars vir hul eie onbewuste psigologiese gewin moord pleeg. Net so sal ‘n kindermolesteerder of pedofiel satanisme gebruik as konteks of afpersmiddel om beheer te handhaaf oor sy slagoffers (Els & Jonker, 2000). Rhodes (2001) beskou dié tipe satanis as die psigotiese sataniste aangesien hierdie persone ly aan geestesversteurings gekenmerk deur simptome soos hallusinasies en ekstreme woede-uitbarstings.

Uit hierdie vier vorms van satanistiese godsdienste ontwikkel daar verskillende tipes sataniste.

### 3.3.1 Tipes sataniste

Dit is belangrik om kennis te dra van die tipes aangesien dit die sielkundige se taak om die godsdienstige agtergrond van die pasiënt vas te stel, sal vergemaklik. Rhodes (2001) maak melding van die volgende vyf tipes sataniste:

1. **Tradisionele sataniste:** Hierdie groep sataniste is geheimsinnig en opereer gewoonlik in assosiasie met 'n sataniese of okkultiese groep. Hulle beoefen hoofsaaklik rituele wat gebaseer is op tradisionele Christenskap en kern-Christelike simbole en beginsels word omgekeer of pervers gemaak en bespot.
2. **Die "self-styled" sataniste:** Hierdie groep sataniste behoort nie aan 'n satanistiese of okkultiese groep nie. Hulle maak egter hulle eie vorm van satanisme op gebaseer op boeke wat hulle oor die onderwerp gelees het. Lyons (1988), verduidelik dat hierdie groep sataniste gewoonlik vervreemde tieners is wat dit moeilik vind om te sosialiseer en hulle rituele is gewoonlik daarop gemik om geld, populariteit, romanse, of seks te verseker. Die gebruik van dwelms en "Heavy metal"-musiek is gewoonlik ook deel van hierdie groep.
3. **Die religieuse sataniste:** Hierdie tipe satanis is lid van satanistiese kerke soos "The Church of Satan" en "Temple of Set". Volgens Rhodes (2001) beklemtoon hierdie groep egosentrisme, selfbevrediging, werwing en die gebruik van persoonlike en politieke mag. Hierdie groep het 'n goedgedefinieerde teologie en outoriteitstruktuur. Die werwing van nuwe lede vind openlik plaas. Hedonisme in die vervulling van die self, is sentraal en spruit voort uit die verlustiging in die sewe sondes naamlik: hebsug, trots, afguns/naywer, woede, swelgery/vraatsug, wellus/vleeslike lus en luiheid.
4. ***Dabblers* of liefhebberaars:** Hierdie groep bestaan uit jongmense wat *eksperimenteer* met okkultiese literatuur (soos die *Satanic Bible* ), *obsessies* met satanistiese rock-musiek of sekere tipes "Heavy metal"-musiek met satanistiese lirieke, *beheptheid* met okkulteverwante speletjies, soos "Ouija Boards", "Dungeons en Dragons" en meer spesifiek "Advanced Dungeons en Dragons"[17] (Els & Jonker, 2000; Rhodes, 2001). Hulle kyk ook gereeld na satanistiese rillerfilms. Hierdie groep is dus nog nie ten volle verbind tot satanisme nie, maar is baie kwesbaar om betrokke te raak op grond van hul sterk assosiasie daarmee.
5. **"Outlaw satanists**": Hierdie groep sataniste aanbid die duiwel en fokus op dwelms, vandalisme, en "Heavy metal"-musiek. Russel (1977) noem dat hierdie groep se lede gewoonlik sestien tot vyf-en-twintig jaar oud is, sosiaal vervreemd is en by mekaar gehou word deur 'n charismatiese leier. Die ontmoetings is sporadies en het geen samehangende/onderhoudende teologie nie. Verder is die rituele saamgestel uit verskeie films en boeke oor swart magie.

---

[17] Dit is veral die fantasie-aspek van Dungeons en Dragons wat die persoon vatbaar kan maak vir die bonatuurlike aspek van satanisme, maar dit is belangrik om te onthou dat die konteks, die persoon se vatbaarheid en persoonlikheidstruktuur van die individu wat deelneem aan die speletjie in ag geneem moet word. Dit is dus nie net die fantasiespeletjies of *Heavy metal*-musiek *per se* wat van die persoon 'n *dabbler* maak nie.

## 3.4 WÊRELDSIENING VAN DIE SATANIS

Soos reeds uitgewys sal die wêreldsiening van die satanis aan die hand van die vier aspekte van 'n ideologie bespreek word. Verder sal areas soos God, Satan, die mens, die satanistiese sondes, ensovoorts aandag geniet.

### 3.4.1 Siening oor die skepping

Els en Jonker (2000) wys daarop dat georganiseerde satanisme essensieel 'n *monoteïstiese* godsdiens is wat gereken word as afstammeling van Christenskap. Volgens hulle is die populêre filosofie van satanisme in verskeie bronne opgeteken. Die vernaamstes waarin die basiese opsommende riglyne te vinde is, is die volgende werke deur La Vey: *The nine Satanic Statements* (La Vey, 1969)*, The eleven Satanic Rules of the Earth* (La Vey, 1967)*, The nine Satanic Sins* (La Vey, 1987). Hierdie aspekte sal aandag geniet onder die volgende bespreking waartydens satanisme as ideologie bespreek word onder die opskrifte 1) siening oor die skepping; 2) basiese aannames oor die natuur van die mens; 3) diagnose oor wat verkeerd is met die mens en 4) voorskrifte oor hoe om die probleem op te los. Daar sal hoofsaaklik gelet word op die werke van Els en Jonker (2000), Havinga (2000a, 2000b), Ivey (1997) en Rhodes (2001),

#### 3.4.1.1 God

Vir die Christen is die Bybel 'n gesaghebbende boek. Die wyse waarop God Homself verbaal aan die mens openbaar het, 'n boek met meer gesag as enige ander een en die enigste ware Woord van God wat betroubaar is bo persoonlike ervaring (Collins, 2001). Maar vir die Satanis is die Bybel 'n boek om te bespot, uit te lag en in totaliteit te verwerp. Vir hulle is dit 'n ongeloofwaardige boek wat mense onderdruk, hulle tot slawe maak, leuens versprei en 'n boek gevul met fabels terwyl die *Satanic Bible* net die teenoorgestelde is (La Vey, 1992). Rhodes (2001) wys daarop dat Satanisme geen heilige boek, insluitend die satanistiese Bybel as outoritêr of gesaghebbend sien nie, alle satanistiese priesters bestudeer egter die Bybel om hulle vyand te ken. Sataniste hou egter streng volgens Rhodes (2001) by die voorskrifte van die *Satanic Bible*, maar as die self superieur wil bly, moet alle boeke sekondêr en ondergeskik wees aan die wil van die individu. Satan openbaar homself aan die satanis tydens die uitreagering van sy vleeslike behoeftes en rituele.

Sataniste het volgens Rhodes (2001) die volgende sienings oor God: (a) *Ateïsties:* 'n totale verwerping van die idee van 'n soewereine God wat Homself met die mens bemoei; (b) *Dualisties:* Erken die bestaan van God en Satan as onafhanklik van mekaar, maar gelyk in mag; (c) *Naturalisties:* God is 'n onpersoonlike natuurkrag of energie wat deur middel van

rituele vir persoonlike gewin gebruik kan word; (d) *Genadelose, vergeldende God* – soortgelyk aan die Griekse mitologie. Oor die satanis wat Satan as god aanbid kan die volgende oor Satan as godheid genoem word.

**3.4.1.2 Satan**

Waar die Christen die drie-enige God aanbid, aanbid die sataniste Satan as god. Hulle huldig egter verskeie sienings oor Satan: (a) *Persoonlike godheid* wat aanbid word: Hulle glo wel wat die Christelike Bybel oor Satan sê, dat hy deur God geskape is en uit die hemel op die aarde neergewerp is. Volgens Rhodes (2001) kies hulle bewustelik ‘n verbintenis met Satan; (b) *Dualisme:* God en Satan word beskou as twee gelyke maar opponerende geestelike kragte. Die mens kan enige een van die twee kragte aanwend om sy doelwit te bereik; (c) *‘n Metaforiese Satan*: Dit simboliseer die verwerping van die Christelike godsdiens en is in teenstelling met Christenskap. Hierdie sataniste interpreteer die Christelike godsdiens as ‘n magtelose godsdiens wat te make het met niks meer as selfverloëning, selfontkenning en onderdrukking nie; (d) *Humanisties/Ateïsties*: [18]Glo nie aan die bestaan van God of Satan nie maar is gefokus op die mag van die self. Satan is die simbool van die personifisering van die vleeslike menslike behoeftes, begeertes en honger. Gevolglik reageer hulle teen Christenskap se siening dat die begeertes van die vlees onder beheer gehou moet word in die belang van geestelike waardes. In die plek van Christelike deug van nederigheid, selfopofferring en reinheid is daar die sataniese deugde van trots, gierigheid, en wellus (Rhodes, 2001). Sataniste glo in gratifikasie van die self – die self is eerste. Die fokus is dus die “ek” en daar is geen rede vir impulskontrole of uitstel van gratifikasie nie.

*3.4.1.2.1 Drie-enigheid van Satan*

Havinga (2000b) wys daarop dat die satanis ook glo in ‘n drie-enige godheid. Hierdie drie-enige godheid bestaan volgens hom uit 1) Satan of die duiwel, 2) die Antichris of die ondier en 3) die valse profeet.

*3.4.1.2.2 Satan as oorlogvoerende god*

Sataniste in die algemeen is gekant teen die Christendom en ook teen die Christelike God. Daar word veral gespot met Jesus en dit word duidelik uit die filosofie van satanisme dat Satan gesien word as ‘n krag of god wat oorlog voer teen die Christelike God. Soos hierbo uitgelig is onder die opskrif Satan, huldig sommige sataniste ‘n dualistiese siening van God en Satan. In ‘n mate is dit ook ‘n gewysigde dualisme aangesien volgens hulle Satan vir God sal oorwin en sal regeer as die ware god (Els & Jonker, 2000, Rhodes 2001).

---

[18] Die navorser sê nie hier dat die humanis of ateïs *per se* gefokus is net op die mag van die self of satanisme nie.

**3.4.1.3 Nege satanistiese stellings**

Die nege satanistiese stellings som die basiese sataniese doktrines en siening oor Satan wat deur die moderne sataniste aangehang word op (Els & Jonker 2000; Havinga, 2000a, 200b; Rhodes, 2001). Die nege satanistiese stellings is deur La Vey (1969) neergelê en dui op die verwantskap tussen Christenskap en satanisme. In die volgende tabel (aangepas uit Els en Jonker 2000, p. 70) word satanisme se siening oor Satan weergegee.

Tabel 3-1 Satanisme se siening oor Satan

| **Satanisme** |
|---|
| 1. Satan verteenwoordig selfbevrediging in plaas van weerhouding. |
| 2. Satan verteenwoordig noodsaaklike oorlewing in plaas van godsdienstige drome. |
| 3. Satan verteenwoordig ongetwyfelde wysheid in plaas van skynheilige selfmisleiding. |
| 4. Satan verteenwoordig goedhartigheid aan die wat dit verdien in plaas daarvan om liefde te mors op oningeligtes. |
| 5. Satan verteenwoordig selfgelding en wraak in plaas van "om die ander wang te draai". |
| 6. Satan verteenwoordig verantwoordelikheid vir die verantwoordelikes in plaas van bekommernis oor psigiese bloedsuiers. |
| 7. Satan verteenwoordig mens as dier. Deur sy goddelike, spirituele en intellektuele ontwikkeling het die mens die mees boosaardige dier van alle diere geword. |
| 8. Satan verteenwoordig alle sogenaamde sondes, want dit lei tot fisieke, intellektuele en emosionele gratifikasie. |
| 9. Satan is die beste vriend wat die kerk nog ooit gehad het, want hy hou dit aan die gang (La Vey, 1969, p. 25). |

**3.4.1.4 Sewe basiese aannames**

Els en Jonker (2000) wys daarop dat daar basies sewe aannames is waarop die satanistiese geloofsisteem gebaseer is.

1. *Godsdiens en plesier is wedersyds eksklusief.*

As iemand godsdiens aanvaar as 'n invloed op sy lewe, moet hy alle plesier en genietinge prysgee. Dwelms is die vinnigste en maklikste manier waardeur fisieke en emosionele plesier bereik kan word, dan volg seks. "Life is the great indulgence – death, the great abstinence. Therefore, make the most of life – HERE AND NOW! (La Vey, 1969, p. 35).

2. *Die mens is inherent 'n aggressiewe wese.*

Aggressie is nie aangeleer nie maar oorgeërf en aangebore. Gevolglik is aggressiewe gedrag aanvaarbaar en word selfs aanbeveel. Rebellie teen reëls, beperkings en wette word aangemoedig. Dit dien as 'n trekpleister vir bitter en seer jeugdiges en hulle openbaar gedrag soortgelyk aan sielkundige gedragsversteurings.

*3. Sleg en goed word omgekeer.*

> La Vey attempts to reverse the semantic meaning of good and bad. The Church of Satan redefines the seven deadly sins of Christianity – greed, pride, envy, anger, gluttony, lust and sloth – as satanic virtues. It is materialistic and atheistic, where Satan is a symbol of the individual ego rather than a deity to be worshipped. (Els & Jonker, 2000, p. 74)

Els en Jonker (2000) wys verder daarop dat aangesien sataniste die ego self aanbid is dit aantreklik vir kinders wat emosionele seer het. *Eerstens* omdat skuldgevoelens toegelaat word en gesien word as ‘n positiewe goeie emosie en *tweedens* omdat hierdie verdraaiing van goed en sleg ook ‘n invloed het op die betekenis wat ‘n kind heg aan die woorde van hul ouers en ander outoritêre figure.

*4. Satanisme is krag.*

Satanisme is aanloklik omdat dit aan die kind se natuurlike behoefte aan krag en mag asook selfgelding voldoen en word duidelik uitgelig deur La Vey as hy skryf:

> Make yourself a tarot to your adversary thus you will make yourself respected...hate your enemies with a whole heart, and if a man smites you on one cheek, SMASH him on the other; smite him hip and thigh, for self-preservation is the highest law! He who turns the other cheek is a cowardly dog! Give Blow for Blow, scorn for scorn, doom for doom – with compound interest liberally added thereunto! Eye for eye, tooth for tooth, eye fourfold, a hundredfold! (La Vey, 1969, p. 33)

Hierdie aanhaling vestig weereens die aandag daarop dat die fokus van satanisme juis geplaas word op die gratifikasie van die self, die ego en die beoefening van Christelike “sondes” vir algehele gratifikasie.

*5. Satanisme is vir die oomblik – die hier en nou.*

Die hier en die nou is belangrik en word op gefokus. Die toekoms, lewe na die dood en die verlede is nie belangrik nie.

> There is no heaven of glory bright, and no hell where sinners roast. Here and now is our day of torment! Here and now is our day of joy! Here and now is our opportunity! Choose you this day, this hour, for no redeemer liveth. (La Vey, 1969, p. 33)

*6. Satanisme is mag.*

Lede van ‘n satanistiese groep volg hulle leier amper slaafs na en dit laat hulle met een van twee opsies: a) onderwerp jouself aan die mag van ‘n magtige satanistiese leier, of b) dwing jou mag af op ander. “Blessed are the strong, for they shall possess the earth. Cursed are the weak, for they sal inherit the yoke...Cursed are the righteously humble for they shall be trodden under cloven hoofs” (La Vey, 1969, pp. 33-35).

*7. Kies tussen seksuele bevrediging en godsdiens.*

Seks en godsdiens is net so onversoenbaar as wat godsdiens en plesier is. Volgens Rhodes (2001) is dit verstaanbaar dat La Vey oop is vir 'n verskeidenheid seksueel bevredigende praktyke soos homoseksualiteit, seksuele promiskuïteit en egbreuk, omdat dit die self bevredig. Volgens La Vey (1969) is enige persoon wat seksuele gevoelens of begeertes het, reeds 'n satanis. Hoewel verkragting, kindermolestering en bestialiteit deur La Vey verwerp word, dui die bewyse egter wêreld wyd op die beoefening hiervan (Stratford, 1988).

### 3.4.2 Sienings oor die natuur van die mens

#### 3.4.2.1 Die mens 'n dier en god

Die mens is aan die een kant die enigste godheid. Geen god word benodig nie omdat die mens sy eie probleme deur menslike pogings moet en kan oplos. Die enigste opperwese is die "self" en dié is bo enige iets anders. Hedonisme en sadisme word beskou as vervulling van die self en is aanvaarbaar aangesien dit drange bevredig sonder om dit te onderdruk. Dit verwerp God en die natuur of natuurlike word gehoorsaam (La Vey, 1969).

Aan die ander kant is die mens 'n dier wat sy impulse uitreageer. Hy is die "most vicious animal of all" en glo in die totale bevrediging en die ego. (La Vey, 1969, p. 94). Enige iets met die voorvoegsel 'self' is belangrik. Selfverheffing, selfbevrediging, selfvervulling ens. Die mens gesien vanuit die satanistiese wêreldsiening kan dus uiting gee aan sy behoeftes soos hy wil, wanneer hy wil net soos 'n dier. Rhodes (2001) noem dat selfs al beteken dit dat selfvervulling ten koste van 'n ander mens se lewe plaasvind is dit steeds goed.

### 3.4.3 Diagnose van die probleem: sonde

#### 3.4.3.1 Sonde

Sonde is nie werklik die probleem nie, maar die konsep van sonde beperk die mens en verhinder hom om vrylik uiting te gee aan sy drange en begeertes. Rhodes (2001) wys daarop dat sataniste nie glo in 'n Bybelse lering oor sonde en die behoefte aan verlossing nie. Enkele van die standpunte wat sataniste huldig oor sonde word deur hom gegee. Sonde is: (1) 'n konsep wat Christene uitgedink het om Christenskap aan die gang te hou; (2) 'n konsep wat bydra tot die mite dat Jesus Christus gesterf het vir mense se sondes en hulle so red. Die kruis en alles waarvoor dit staan, is 'n vernedering en 'n teken van swakheid; (3) nie 'n konsep wat skeiding bring tussen die mens en God nie maar bring hom juis nader. Gevolglik het die mens (as god) nie 'n verlosser nodig wat sy sondes vergewe nie; (4) absurd – die wyse ding om te doen, is om alles in jou vermoë te doen om jouself te bevredig in

hierdie lewe. Dit is interessant daarop te wys dat alhoewel bogenoemde die stanis se basiese siening oor sonde is, het La Vey (1992) tog nege satanistiese sondes geformuleer.

*3.4.3.1.1 Nege satanistiese sondes*

Sataniste glo nie in sonde nie, maar hulle glo dat in hul strewe na perfektheid hul soms in negatiewe patrone of aksies kan verval wat onproduktief is. Vervolgens sal die nege satanistiese sondes volgens La Vey (1992) in tabelvorm, direk vertaal gegee word.

Tabel 3-2 Die Nege satanistiese sondes

**Nege satanistiese sondes:**

1. **Dwaasheid** – 'n satanis kan dit nie bekostig om dwaas te wees nie. Onkunde is een ding maar dwaasheid is onverskoonbaar.
2. **Aanmatiging** – dit is baie irriterend en nie in lyn met die kardinale reëls van "Lesser Magic" nie.
3. **Absolute individualisme –** dit is 'n fout om van ander mense dieselfde konsiderasie, hoflikheid en respek te verwag, as wat jy aan hulle toon. Die kern is om aan ander te doen wat hulle aan jou doen.
4. **Selfmisleiding –** 'n satanis moet geen eer betoon aan enige "heilige koeie" wat aan hom voorgehou word nie; dit sluit ook die rolle in wat mense verwag ons moet speel.
5. **Konformering tot die "trop**" – net 'n dwaas konformeer tot die "trop" en laat 'n onpersoonlike entiteit aan hom dikteer wat om te doen. Kies jou meester wys, eerder as om die slaaf te word van die massas.
6. **Gebrek aan perspektief** – hou altyd in gedagte wie en wat jy is. Onthou dat die blote feit dat jy bestaan, 'n bedreiging kan inhou. Sien die patrone en manipuleer jou omgewing.
7. **Vergeet die ortodoksie van die verlede** – Dit is die sleutel om mense te breinspoel om iets nuuts en anders te aanvaar terwyl dit in realiteit 'n ou en eens wyd aanvaarde konsep was, wat nou bloot in 'n nuwe pakket aangebied word.
8. **Teenproduktiewe trots –** as iets vir jou werk, is dit goed. Wanneer dit egter nie meer vir jou werk nie, en jy in 'n hoek vasgedruk is, erken jou fout en gaan 'n kompromie aan.
9. **Gebrek aan die estetiese** – Die estetiese is belangrik vir "Lesser Magic". Dit moet gekultiveer word. 'n Oog vir balans is essensieel en word toegepas vir die mees effektiewe towerkuns.

(La Vey, 1992, p. 245-247; Direkte vertaling).

### 3.4.3.2 Lewe na die dood

Rhodes (2001) wys daarop dat verskillende sienings oor die lewe na die dood onder sataniste gehuldig word: (a) daar is *geen lewe na die dood* nie – hierdie lewe is al wat jy het; leef dit ten volle; (b) *Reïnkarnasie* – die ewige fisieke wedergeboorte van die liggaam van die

mens. So kan hy dus vir ewig en vrylik al sy drange uitleef en bevredig; (c)*Ewige lewe*: Satan sal finaal vir God oorwin, en alle sataniste sal die ewige lewe in Satan se koninkryk van die Hel deurbring. Hier sal daar net plesier wees en alle sensuele behoeftes sal vir ewig bevredig word; (d) *Erkenning van die oordeelsdag*: Sommige sataniste ken die Bybelse waarskuwing oor die oordeelsdag dat Satan deur God geoordeel sal word en alle sataniste en mense wat nie aan Jesus Christus behoort nie, na die ewige verderf sal gaan, waar hulle sal ween en op hul tande kners. Ten spyte van hierdie waarskuwings kies hulle steeds om die duiwel te aanbid as gevolg van hulle intense haat teen God en Christene. Dit is daarom verstaanbaar dat vir die satanis die oplossing van die probleem nie in die verlossingswerk van Jesus Christus lê nie.

### 3.4.4 Oplossing vir die probleem

#### 3.4.4.1 Jesus Christus

Waar Jesus Christus vir die Christen die oplossing vir die mens se gevalle, sondige toestand is, is Hy nie dit vir die satanis nie. Daar is verskillende sienings oor Jesus Christus onder die sataniste. Hier word enkele sienings, soos weergegee deur Rhodes (2001) genoem: (a) ‘n Totale ontkenning van Jesus Christus se bestaan en Hy word gesien as ‘n mitologiese figuur sonder historiese gronde; (b) As bloot ‘n ruggraatlose man wat oor liefde, selfverloëning en vergifnis gepraat het; (c) As finale offer aan Lucifer. Lucifer oorwin Jesus Christus aan die kruis; (d) Jesus Christus steel die troon by Satan en is ‘n self-aangestelde heerser van hemel en aarde; (e) Is ‘n bespotting en in sataniese rituele word daar gespot met die kruisdood, Nagmaal en opstanding; (f) As ‘n mislukking – Hy het nie geslaag in Sy redding of as God op aarde nie.

Die oplossing vir die satanis is aan die een kant die totale uitreagering van drange en impulse. Sodoende is daar geen skuldgevoelens of beperkings op sy lewe op aarde nie. Daar is geen gevolge van gedrag of sondes nie. Aan die ander kant kan daar geargumenteer word dat die elf satanistiese aardse reëls (La Vey, 1992) en die vyfpuntprogram of “Pentagonal Revisionism” (La Vey, 1988) die oplossing is vir die satanis wat beperk word om sy drange uit te reageer. Bogenoemde gee aan die satanis riglyne of grense wat gratifikasie van impulse en drange moontlik maak.

#### 3.4.4.2 Elf sataniese aardse reëls of “Eleven Satanic Rules of the Earth”

Die elf sataniese aardse reëls soos direk vertaal uit La Vey (1992, p. 244) word gegee in Tabel 3-3.

Tabel 3-3 Die elf satanistiese aardse reëls

| |
|---|
| ***Elf satanistiese aardse reëls:*** |
| 1. Moenie opinies of raad gee tensy daarvoor gevra word nie. |
| 2. Moenie jou probleme met ander deel tensy jy oortuig is dat hulle dit wil hoor nie. |
| 3. Wanneer jy binne 'n ander se gebied is, moet jy hom respekteer of anders dit vermy. |
| 4. Wanneer 'n gas in jou gebied jou irriteer, moet jy hom wreed en genadeloos behandel. |
| 5. Moenie seksuele toenadering soek tensy aanleiding daartoe gegee word nie. |
| 6. Moenie vat wat nie aan jou behoort nie, tensy dit 'n las vir die ander is. |
| 7. Erken die krag van towerkuns as jy dit suksesvol kan aanwend anders verloor jy alles. |
| 8. Moenie kla oor enige iets waaraan jy jouself nie hoef te onderwerp nie. |
| 9. Moenie kinders kwaad doen nie. |
| 10. Moenie nie-menslike diere doodmaak nie, tensy hulle jou aanval of vir kos. |
| 11. Wanneer iemand jou pla in 'n onbeskermde area, vra hom om te stop. Indien hy aanhou, vernietig hom. |
| (La Vey, 1992, p. 244) |

**3.4.4.3 Vyfpuntprogram of "Pentagonal Revisionism"**

Hier word 'n opsomming gegee van La Vey, (1988) se uiteensetting van die "vyfpuntplan". Inleidend skryf hy dat daar 'n weerstand by sataniste is om die beginsels van hul godsdiens te verduidelik en uiteen te sit. Hy is van mening dat die Kerk van Satan nou moet fokus op 'n vyfpuntplan om die samelewing in 'n rigting te neem wat voordelig is vir die Satanis. Hy noem dat hierdie plan 'n houding reflekteer wat ander in staat sal stel om vir hulself te besluit of hulle hulself wil vereenselwig met satanisme al dan nie. Elkeen van die volgende vyf punte onder bespreking is volgens hom noodsaaklik voor satanistiese veranderings sal plaasvind. Let daarop dat die volgende bespreking van die vyfpuntplan en keuse van woorde gebasseer is op die oorspronklike weergawe van La Vey en daarom minder akademies voorkom.

1. **Stratifikasie:** die punt waarop die ander vier punte rus. Daar kan geen mite van gelykheid vir almal meer wees nie aangesien dit lei tot "middelmatigheid" wat die swakkeling ondersteun ten koste van die sterkes en magtiges. Geen mens moet beskerm word teen die effek van sy eie onnoselheid nie.

2. **Streng belasting op alle kerke:** As kerke belas word vir al hul inkomste en hul eiendomme, sal hulle oornag verkrummel as gevolg van hul eie veroudering, en die Nasionale skuld sal net so vinnig uitgewis en gedelg word. Die produktiewes, kreatiewes, en die vindingrykes moet gesubsidieer word. Solank as wat die nutteloses en die onbevoegdes betaal word, moet hulle swaar belas word.

3. **Geen toleransie vir gesekulariseerde godsdienstige sienings wat geïnkorporeer word in sake aangaande wet en orde nie –** want ten einde "Lex Talionis" weer op te rig, is 'n totale ommekeer nodig van die huidige regstelsel wat gebaseer is op die Joods-Christen ideale. Die slagoffer/verdediger moet as die misdadiger beskou word. Amnestie is nodig vir elke prisonier as gevolg van sy oënskynlike "invloed" op die werklike skuldige van die misdaad. *Elke mens* word beïnvloed in wat hy of sy doen. Om sondebokke aan te wys, het 'n manier geword van oorlewing vir die onfikse en onbekwame. As 'n uitbreiding op die Joods-Christelike kopuittrekkery en blamering van die duiwel vir alles, word aan misdadigers toegewings gemaak en sal selfs lof ontvang wanneer die skuld op 'n geskikte kandidaat geplaas word. Op grond van die satanistiese kreet van "verantwoordelikheid aan die verantwoordelikes", sal en moet elke individu in 'n satanistiese samelewing die gevolge van sy eie aksies – goed of sleg – ervaar.

4. **Die ontwikkeling en produksie van kunsmatige menslike metgeselle:** Die verbode industrie; 'n ekonomiese "godsgawe" wat elke mens "krag of mag" sal gee oor iemand anders. Vriendelike, gesofistikeerde, tegnologies uitvoerbare en praktiese slawerny; die mees winsgewende industrie sedert die televisie en die rekenaar.

5. **Die geleentheid aan elkeen om te leef binne 'n totale omgewing van sy of haar eie keuse, met gevolmagtigde aanklewing van die skoonheidswaarde en gedragstandaarde van gelykheid.** Private eienaarskap, beheerde en bestuurde omgewings moet 'n alternatief word vir homogenisasie en veeltalige omgewings. Jy moet die vryheid hê om jouself te isoleer binne 'n sosiale milieu van persoonlike welstand. Die geleentheid om dit wat die meeste skoonheidswaarde en plesier verskaf, te voel, sien en hoor, sonder die inmenging van diegene wat hierdie opsie wil besoedel of daarvan verskil, is die "New World Order".

### 3.4.5 Samevatting

Die Satanistiese wêreldsiening word in Tabel 3.4 saamgevat en is aangepas uit Els & Jonker (2000, p. 87).

Tabel 3-4 'n Opsomming van die filosofie of wêreldsiening van satanisme

| Satanisme | |
|---|---|
| ❑ Gevul met wellus<br>❑ Donkerte<br>❑ Leuens/ halwe waarhede<br>❑ Geheime<br>❑ Haat<br>❑ Uiterlike voorkoms<br>❑ Lewe is 'n resies<br>❑ Onmiddellike gratifikasie<br>❑ Self-gesentreerdheid<br>❑ Wraak<br>❑ Hel<br>❑ Interne konflik<br>❑ Vrees | ❑ Skuld<br>❑ Misbruik mense vir eie plesier<br>❑ Onbetroubare verhoudings<br>❑ Tydelike, siekte draende seksuele omgang<br>❑ Hier en nou is belangrik<br>❑ Mens skep en is self god, 'n dier<br>❑ Gebruik verlede teen jou<br>❑ Goed is sleg en sleg is goed<br>❑ Soek altyd na meer en is nooit volkome bevredig nie<br>❑ Sonde bestaan nie<br>❑ Christus is 'n mislukking |

Noudat die mites aangaande satanisme, die vaders van moderne satanisme en die wêreldsiening van die satanis geskets is, kan enkele faktore wat 'n persoon vatbaar maak vir satanisme, redes vir betrokkenheid in satanisme, en enkele motiewe waarom 'n satanis satanisme wil verlaat aandag geniet.

## 3.5 Faktore wat 'n persoon vatbaar maak vir satanisme

Ivey (1993a), noem dat satanisme aan sekere sielkundige behoeftes voldoen, waarvoor daar nie voorsiening gemaak word in ander vorms van religieuse aanbidding nie. Daar is verder ook volgens hom verskeie faktore wat 'n persoon vatbaar maak vir satanisme.

### 3.5.1 Psigososiale aspekte

Ivey (1993a) lig die volgende drie psigososiale aspekte uit: 1) mense wat aan hulself twyfel en eksistensiële onsekerheid beleef, vind die fundamentalistiese religie van satanisme aanloklik; 2) in satanisme vind die misplaaste persoon met 'n lae selfbeeld onmiddellik 'n groepsidentiteit en emosionele aanvaarding, 3) Die emosionele energie en opgewektheid van die kultus veroorsaak euforie en skep 'n gevoel van mag en waardigheid.

### 3.5.2 Identifikasie met Satan binne die gesinskonteks

Die respondente in Ivey (1997) se navorsing identifiseer met Satan se uitwerping uit die hemel en beleef hulself as die verwerpte seuns en dogters wat deur hul ouers uitgesluit is van die res van die gesin. Die ouers het hulle gestraf en hulle as buitestanders uitgewerp in 'n vyandige samelewing. Hy skryf oor hul verhoudings met hul vaders die volgende: "Like Satan, they could never return, and so rebelled completely against their unjust fathers by

cultivating “evil” attitudes and behaviors and nursing fantasies of revenge against their paternal tyrants” (p. 335).

Verder skryf Ivey (1997) oor die respondente se verhouding met hul moeders en die interaksie met hul vaders die volgende:

> The subjects believed themselves to be failed by their mothers before coming to hate their fathers... one may speculate that a negative maternal complex found intrapsychic expression in a destructive maternal figure. Had these children turned in resentment, anger and frustration for loving father figures, the negative qualities of the maternal introject could have been somewhat mitigated by a good paternal introject. (p. 336)

Indien beide ouers die kind mishandel het, word die negatiewe geïnternaliseerde ervaring van die moeder nou ook na die vader geprojekteer en ontwikkel daar ‘n intense patriargale rebellie. Ivey (1997) illustreer die intensiteit van die patriargale rebellie deur die voorbeeld te noem van ‘n respondent wat sy vadermet ’n mes in die bors gesteek het as deel van die uitleef van ‘n patriargale fantasie. Hierdie intense patriargale rebellie gaan gepaard met ‘n onbewuste soeke na ‘n ideale, liefdevolle vaderfiguur. Hy verduidelik dat Satan aanvanklik hierdie rol van ‘n ideale liefdevolle vaderfiguur vervul indien die verhouding met die ouers die dinamiek het wat hierbo uitgelig is.

### 3.5.3 Ervaring van die sosiale wêreld buite die disfunksionele gesin

Politieke veranderinge, ekonomiese sekuriteit en sosiale vervreemding speel volgens Ivey (1997) ‘n rol in die betrokkenheid by satanisme en dra daartoe by dat die meerderheid sataniste in Suid-Afrika blanke adolessente en middelklas jong volwassenes is: “For white adolescents, rootless, anxious, powerless, and alienated from the ideologies of the past, a magical solution to their social and psychological plight becomes very enticing” (Ivey, 1997, p. 337). Ivey argumenteer verder dat satanisme nie aanloklik is vir die Afrika-jeug nie aangesien die Afrika-godsdiens, soos hy dit stel: “Always subscribed to beliefs in magic, ancestral spirits, and an essentially pantheistic world view foreign to the dualistic monotheism of Christian spirituality” (Ivey, 1997, p. 337).

Soos Havinga (2000a) is die huidige navorser egter van mening dat satanisme juis aanloklik kan wees vir sommige Afrika-jeugdiges omdat hulle moontlik ‘n geloof in voorvadergeeste huldig en dus bekend mag wees met konsepte wat kan ooreenstem met satanistiese konsepte. Dit kan daartoe bydrae dat jeugdiges wat hierdie siening huldig moontlik aanklank kan vind by die rituele van die satanistiese beweging.

Jeugdiges en jong volwassenes wat reeds verwerp voel, wend hulself na die portuurgroep vir aanvaarding, maar ervaar in baie gevalle ook die portuurgroep as verwerpend. Ivey (1997) lig die negatiewe gevolge van verwerping deur die portuurgroep uit as hy skryf: "Maladaptive behaviour in the form of either social withdrawal or aggression aggravates their experience of being outcasts, and leaves them feeling friendless, isolated, and inferior" (p. 338).

Dit is hierdie gevoelens van minderwaardigheid, isolasie en vriendloosheid wat bydra dat die persoon vatbaar is vir satanisme veral omdat daar tydens die aanvanklike fases van betrokkenheid soos uitgewys deur Els & Jonker (2000) 'n hoë mate van oënskynlike omgee en aanvaarding is. Verder blyk dit uit hul onderhoude en 'n lywige literatuurstudie dat: "…the child who experiences problems with identity formation, and has a negative self-concept and feelings of inadequacy, becomes involved in Satanism more readily" (Els & Jonker, 2000, p. 155).

Ivey (1997) redeneer verder oor die aspek en verduidelik dat die onstabiele Suid-Afrikaanse samelewing veroorsaak 'n diskrepansie tussen die identiteitsbehoeftes van die jeug en beperk terselfdertyd hul identiteitsmoontlikhede, wat a) die persoon laat met 'n gevoel van sosiale vervreemding; en b) langdurige identiteitsverwarring tot gevolg het. Satanisme bied dan 'n manier om weer beheer te neem oor jou lewe, en die satanistiese subkultuur is 'n bewustelike aanneem van 'n afwykende rol wat aan die jeug dan die lank begeerde reaksie en aanvaarding van die portuurgroep gee.

Laastens lig Ivey (1997) die verband tussen die identifikasie met Satan binne die gesin en die ervaring van die sosiale wêreld akkuraat uit as hy die interaksie tussen die twee faktore saamvat.

> At the intrapsychic level, it means identifying with a destructive identity structure or sub-personality based upon the hostile paternal introject, thereby counteracting a sense of weakness and inferiority by becoming powerful and controlling. This typically results in aggressive or cruel behaviour, as individuals unconsciously reverse their childhood experience of being victims of parental maltreatment, by becoming the perpetrators, while projecting their hurt and impotent self-experience onto the objects of their sadism" (Ivey, 1997, p. 339).

### 3.5.4 Okkultiese ervarings en/of fassinering met die okkulte

Die ervaring of kontak met die bonatuurlike of mistiese wêreld fassineer die individu wat op soek is na mag. Els en Jonker (2000) gee die volgende glyskaal vir betrokkenheid by satanisme. In hierdie dertien aspekte wat hulle uitlig kan 'n mens sien hoe die fassinering met die onverstaanbare die persoon dieper en dieper in die beweging intrek. Hier word die

hul dertien fases slegs genoem: 1) bonatuurlike ervaring → 2) pogings om sin te maak uit die ervaring → 3) "dabbling" – probeer die ervaring herhaal → 4) bestudeer die okkulte en groei in kennis – vrae oor ervaring → 5) verstaan die basiese reëls → 6) aanvaar die reëls → 7) kry uitnodiging – word uitgenooi na 'n ritueel of séance → 8) benodig persoonlike hulp → 9) uitdaging en besluit om te reageer → 10) aanvaar uitdaging en word lid → 11) inisiasie → 12) herevaluering (besef dat wat hy doen nie so onskuldig is nie en die persoon ervaar gevoelens van twyfel of skok oor die realiteit van sy besluit) → 13) groei in sy verstaan van die okkulte – waarheen is ek op pad→14) begin bonatuurlik opereer (skuif tafels, levitasie, ensovoorts) → 15) bemeester die kuns om bonatuurlike mag te gebruik en toe te pas vir persoonlike behoeftes – arriveer → 16) soek meer kennis en mag → 17) nuwe inisiasie (hoër orde ensovoorts).

Ook Ivey lig die impak van die magiese krag en onverstaanbare uit as hy sê: "Satanism presents the ultimate vehicle for harnessing this occult power, thereby enticing potential members with the promise of magical control and influence over their interpersonal and intrapsychic worlds (Ivey, 1997, p. 340).

Daar is sekerlik verskeie ander faktore wat 'n rol speel en 'n mens kan argumenteer vanuit die Christelike wêreldsiening dat demonisering of 'n onnatuurlike belangstelling in die okkulte – soos gedefinieer vanuit hierdie wêreldsiening – ook faktore is wat aanleiding kan gee tot 'n persoon se betrokkenheid. Laastens, soos uitgewys, is die satanis wat in hierdie studie bestudeer word, 'n *Generasionele* satanis, en beide die gesinsdinamiek, geskiedenis van mishandeling en sosiale leer kan dien as moontlike faktore vir betrokkenheid.

## 3.6 Redes vir betrokkenheid in Satanisme

Els & Jonker (2000) gee die volgende primêre en sekondêre dryfkragte of redes waarom iemand betrokke sal raak by satanisme.

### 3.6.1 Primêre dryfkragte:

a. *Disfunksionele gesinne.*

b. *Afwesigheid van die vaderfiguur*. Dit sluit in: afwesigheid in die vorm van mishandeling, passiwiteit, onbetrokkenheid, emosionele koudheid, en afwesigheid as gevolg van persoonlikheidsversteurings.

c. Die *morele agteruitgang* van die samelewing. Dit sluit in: dwelmmisbruik, alkoholmisbruik, bendes, geweld, seksueel oordraagbare siektes en gebrek aan morele standaarde en waardes.

d. *Vervreemding*: Vervreemding vind dikwels plaas in enkelouergesinne waarin kinders sonder gepaste rolmodelle grootword, ontsnap in televisie en basiese behoeftes aan liefde, aanvaarding, sekuriteit en beskerming nie bevredig word nie. Verder dra verwerping en vervreemding van die ouerhuis as gevolg van onbetrokke ouers daartoe by dat die kind die lewe en die samelewing as vyandig ervaar.

e. *Dominante negatiewe gevoelens soos* minderwaardigheid, onvolwaardigheid, isolasie, alleenheid, verwardheid, frustrasie, magteloosheid maak die persoon vatbaar vir satanisme

f. *Negatiewe selfbeeld en kwesbare ego's*. Dit sluit in sosiale beeld, liggaamsbeeld, Godsbeeld, selfbeeld en familiebeeld.

g. *Hoë akademiese eise:* Werkloosheid en prestasiedruk lei tot hopeloosheid en dus vind jong mense 'n aanklank by die satanistiese filosofie van uitreagering van drange en gepaardgaande klem op die hier en nou − leef voluit vir vandag.

h. *Geestelike leegheid* en wanhoop. Groeiende betrokkenheid in satanisme word volgens Els & Jonker (2000) deels toegeskryf aan die groei in Humanisme en die "New age"-beweging as hulle uitlig dat: "When the Christian God is confused with humanistic ideas, a spiritual vacuum arises that is often filled by an alternative power such as Satanism, p. 157). Hulle verduidelik verder: Streng outokratiese families kan as gevolg van ouers se reaksie op foute die kind laat voel dat hy "boos" is. Oormatig moralistiese ouerskapstyle kan weer geestelike kommunikasie beperk en ouers wat 'n valse Christusbeeld projekteer, verloor hul integriteit, betroubaarheid en geloofwaardigheid.

i. *Besluiteloosheid* en *ongedefinieerde interpersoonlike grense*.

j. *Onderdrukte aggressie.* Gebrek aan interpersoonlike, konflik- en streshanteringsvaardighede. Die onvermoë om frustrasie te tolereer, dra by tot frustrasies en uiteindelik aggressie. Seer word pyn, pyn word bitterheid, bitterheid word woede, woede word haat, haat word gedagtes van moord of selfmoord of ander maniere waar aggressie uitgeleef kan word.

k. *Gebrek aan effektiewe kommunikasievaardighede*.

l. *Verveeldheid* en die soeke na mag.

### 3.6.2 Sekondêre dryfkragte

a. *Seksuele verwaarlosing*, blootstelling en pornografie. Seksuele oorgawe en pornografie vorm 'n belangrike deel van tradisionele en neo-satanistiese rituele. Dit sluit in die oorgawe aan homoseksualiteit, seks, kindermolestering, bestialiteit. Ook die vooruitsig en aanmoediging van seksuele omgang met meisies/seuns in die satanistiese beweging is 'n trekpleister.

b. *Dwelm- en alkoholmisbruik*.

c. *Fantasie-rolspeletjies* (sluit in "Warhammer" en "Dungeons en Dragons")

d. *Negatiewe groepsdruk.*

e. *"Heavy metal"- en "Hard rock"-musiek, okkulteverwante* films en speletjies soos glasie-glasie, boek-boek, pendulum en Ouija-bord (Anderson, 1993, Els & Jonker, 2000; Ivey, 1997).

Bo en behalwe hierdie primêre en sekondêre dryfkragte speel disfuksionele gesinne ook 'n rol in die betrokkenheid by of vatbaarheid vir satansisme.

### 3.6.3 Disfunksionele gesinne

Binne die gesinskonteks voel en beskou die sogenaamde "swartskaap" homself dikwels as 'n buitestaander. Dit kan daartoe bydra dat hy aangetrokke voel tot satanisme. Hierdie "swartskaap" is slegs 'n simptoom van die disfunksionaliteit van die gesin as sisteem en fokus die aandag weg van die werklike probleem. Die gesin se gesondheid hou direk verband met die gesonde verhouding tussen die ouers. Els en Jonker (2000) sowel as Ivey (1997), som die eienskappe van 'n disfunksionele gesin as volg op: (a)Vermyding van konflik en die vertolking van valse rolle en maskers; (b) Streng beheer oor vryheid van spraak en taboe onderwerpe; (c) Geen gedeelde aktiwiteite; (d) Rigiede en/of ongedefinieerde en/of omgekeerde geslagsrolle; (e) Geïsoleerde gesin met moontlike fisieke, emosionele of seksuele mishandeling. Eienskappe van agterdog, verwerping, selfbeheptheid en sosiale isolasie; (f) Internalisering van aggressie en pyn. Daar mag obsessief-kompulsiewe gedrag asook ontsnappingsmeganismes soos dwelmmisbruik voorkom; (g) Gesinslede voel minderwaardig, hulpeloos, verward, ongedefinieerd, met swak egosterkte en ongedefineerde verhoudingsgrense; (h) Manipulasie is algemeen en dit dra by tot skuldgevoelens en onttrekking van die gesin; (i) Afbreek van gesagsfigure. Mag en dominansie bepaal gewoonlik die uitkoms van konflik; (j) Algemene gevoel van onveiligheid en onttrekking en isolasie van samelewing. (k) Vaderfiguur is óf afwesig, onbetrokke en emosioneel ontoereikend, passief, inkonsekwent; óf dominant aggressief, oorbeskermend, afbrekend en mishandelend. (Els & Jonker, pp. 151-152).

Ivey (1997) het gevind dat die meeste van die respondente in sy navorsing hul ouerfigure en gesinsomgewing as verwerpend, vervreemd en onseker geskets het. Die respondente het hulle moeders as "passively deficient and uncontaining" en hul vaders as: "abusive, hostile, and actively rejecting" beskryf (Ivey, 1997, p. 324). Daar moet genoem word dat hierdie respondent hierdie gevoelens primêr toegeskryf het aan die feit dat hulle aangenome kinders

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


was, en dat sibbewedywering vererger is deur hul persepsie dat die biologiese kinders eerder die objek van hul ouers se liefde en aanvaarding is.

> A child who is denied membership of a healthy family system will see no reason to stay in that situation. Such a child will easily look for a way out in Satanism, because he perceives that there is a possibility that it will give him power to punish his family who have caused him heartache and misery. (Els & Jonker, 2000, p. 154)

Aanvanklik wil dit vir die individu voorkom of satanisme 'n alternatiewe oplossing is vir sy gebrek aan liefde en aanvaarding, maar soos wat in Hoofstuk 4 onder die opskrif *Enkele psigodinamiese denke oor disfunksionele families en demone* bespreek word, verander hierdie oënskynlike aanvaarding en liefde binne die satanistiese familie spoedig as gevolg van groeiende negatiewe ervaring binne die satanistiese beweging. Die teenwoordigheid van intrapsigiese konflikte wat Satan as liefdevolle vader verander in 'n aanvallende tiran bring die navorser by die aspek en fokus van hierdie studie naamlik die moontlike redes of motiewe vir oorskakeling uit satanisme.

## 3.7 Redes om satanisme te verlaat

Die inisiasieritueel van sataniste vereis dat nuwe kandidate hulself ten volle aan satanisme verbind en dat hulle hulself aan Satan ten volle en vir ewig sal aanbid. Hierdie eed word deur die kandidaat met sy eie bloed onderteken (Els & Jonker 2000; Ivey, 1997; Seale , 1993). Ivey (1997) noem dat lede doelbewus gewaarsku word dat Satan self, sy demone of die lede van die kultus hom/haar sal vervolg en selfs doodmaak indien daardie kandidaat poog om die beweging te verlaat. Ten spyte hiervan noem Els en Jonker (2000), Havinga (2000b, 2000c) en Ivey (1997) dat dit wel moontlik is vir lede om die beweging te verlaat. Ivey (1997) dui daarop dat die proses van oorskakeling begin soos wat die respondent in sy navorsing aantoon by 'n "gradual shift from experiencing the cult and their satanic identities as positive, to feeling a deepening sense of disaffection with their cult existence..."(Ivey, 1997, p. 318); en "... persecutory anxiety replaced the earlier state of hypo-manic inflation, culminating in either successful or unsuccessful attempts to flee the cult" (Ivey, 1997, p. 356).

### 3.7.1 Groeiende negatiewe ervaring

Beduidend baie van die respondente in Ivey (1997) het 'n groeiende negatiewe ervaring getoon teenoor satanisme. Die negatiewe ervaring lei gevolglik tot: a) die gevreesde ego-distoniese simptoom van besetenheid, b) paranoïde angs dat Satan hulle sal vernietig; c) vervreemding van ander kultuslede; d) sterk behoefte aan ontsnapping uit die okkulte.

Hierdie groeiende begeerte om die beweging te verlaat, gaan gepaard met stres wat moontlik deur die volgende sewe faktore veroorsaak word: 1) kompetisie binne die kultus; 2) kompetisie en vrees om aangeval te word; 3) die impak van 'n dubbele lewe: as satanis en as normale burger; 4) fisieke tol van dwelmmisbruik; 5) verlies van belangrike verhoudings; 6) onsekerheid oor die toekoms en persoonlike veiligheid; 7) persoonlike of waargenome trauma van mishandelende satanistiese praktyke.

Ten spyte van hierdie groeiende behoefte om die beweging te verlaat is daar egter ook faktore wat dit vir die satanis moeilik of selfs onmoontlik laat lyk om uit die beweging te ontsnap. Ivey (1997) noem die volgende aspekte: *Eerstens* is daar die vrees vir die dood wat ontstaan uit die siening dat Satan wat 'n almagtige, alsiende interne teenwoordigheid is, hulle sal doodmaak eerder as om te sien hoe hulle ontsnap. *Tweedens* speel die vrees vir fisieke wraak, teistering en afpersing deur lede van die groep ook 'n rol. *Derdens* veroorsaak die gevoel van hopeloosheid van die situasie dat sataniste, in 'n poging om die interne psigiese aanvalle van die interne saboteur (Satan) te ontwyk, selfmoordgedagtes kweek of selfs sal poog om selfmoord te pleeg.

Die enigste ander alternatief om die beweging tel verlaat lê in die verlossingsmag van 'n bonatuurlike wese wat meer mag het as Satan, gevolglik die oorgee aan God se genade. Daar is slegs een bonatuurlike mag wat proklameer dat Hy meer mag het as Satan en dit is Jesus Christus. Dit is moontlik een van die hoofredes waarom 'n satanis spesifiek na die Christelike godsdiens sal oorskakel, veral 'n denominasie waar geestelike oorlogvoering of bevryding toegepas word.

> This attempt by ceremonial means, of extruding the destructive sub personality, results in classical psychological and physical symptoms of involuntary demonic possession. Successful exorcism of the destructive self-aspects occurs when the destructive sub personality is expelled in fantasy, and God, a new idealised paternal part-object, is identified with, resulting in a dramatic personality transformation. In many cases this divine salvation promotes adaptive life-style changes. However, insofar as it perpetuates splitting defences and projective identification, and undermines psychic integration, it appears to be a pathological solution based on the formation of another narcissistic sub personality. (Ivey, 1997, p. 327)

Dit is belangrik om uit te wys dat hierdie aanhaling poog om 'n psigologiese verduideliking te te gee vir die fenomeen van onwillekeurige demonisering. Vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening sal mens hier kon verduidelik dat demone in die Naam van Jesus Christus en op grond van Sy oorwinning aan die kruis uitgedryf word. Jesus Christus die God wat meer mag het as Satan en demone skep hoop by die respondent en die uitdryf van

demone en gepaardgaande manifestasies blyk ook in lyn te wees met Bybelse beskrywings van demoonuitdrywing (Markus 1:8).

### 3.7.2 Motiewe om satanisme te verlaat en die ervaring daarvan

Ivey (1997) het enkele gedagtes gehad oor die redes waarom 'n satanis sal oorskakel na die Christelike geloof. Hy bespreek die volgende: 1) die ontdekking van die ware aard van die satanistiese familie; 2) ervaring van traumatiese en stresvolle gebeure. 3) die ervaring van verlies; 4) verliefdheid in kontras met die identifisering met die destruktiewe sub-persoonlikheid; 5) die ervaring van demonisering; 6) die besef van demoniese beheer; 7) 'n transformasie in die verhouding met Satan en 8) moontlike uitkoms en hoop deur kontak met 'n Charismatiese Christen.

#### 3.7.2.1 Die ware aard van die satanistiese familie word ontdek

Binne die bestek van 'n kort tydperk word die nuwe satanis bewus daarvan dat sy aanvanklike belewenis van die groep as 'n liefdevolle familie, onder die heerskappy van die paternale outoriteit van Satan, 'n mite is. Die satanis ontdek dat satanistiese verhoudings gebaseer is op konflik, selfsug en ongenaakbare kompetisie vir mag en status. Daar is 'n konstante vrees vir ander sataniste omdat hulle slegs lojaal is aan Lucifer. Die lojaliteit gaan gepaard met haat en jaloesie teenoor mekaar wat die satanis deurgaans dryf om die persoon wat 'n hoër rang het as hulself te vernietig, aangesien dit die manlikste manier is om daardie persoon se posisie oor te neem en sy demone vir hom- of haarself op te eis (Ivey, 1997).

Hy ontdek verder dat die enigste eenheid wat daar is, in die gemeenskaplike doel is om Christenskap te vernietig en omvêr te werp. Ander sataniste word in fantasie gehate bloedverwante waarmee daar gekompeteer word vir liefde en erkenning deur Satan. Die dinamiek van die oorspronklike familie word dus herhaal: "Initial fantasies of belonging to a loving surrogate family are frustrated and replaced by the familiar experience of fierce sibling rivalry, reminiscent of their childhood experience within their families of origin" (Ivey, 1997, p. 318).

#### 3.7.2.2 Traumatiese en stresvolle gebeure word ervaar

> I was constantly sick and exhausted. When I did sleep, I'd have nightmares about what I was involved in... I was just existing, like a shell, I lost all sensation of life – my taste, my hearing, my smell, because I couldn't feel or sense anything anymore." (Ivey, 1997, p. 357)

Nie die psigiese verdedigingsmeganismes of die identifisering met die destruktiewe aspekte van hul persoonlikhede kan die angs en trauma van die mishandeling en gebeure binne die beweging hanteer of verlig nie. Die konflik en stres wat geassosieer word met die dualistiese lewe – om snags 'n buitengewone kultuslewe te lei en bedags 'n gewone sosiale bestaan te voer – is te veeleisend. Die gepaardgaande geheimhouding van hierdie identiteit, kompetisie binne die satanistese sel, dwelmmisbruik, fisieke uitbranding en mishandeling (seksueel, fisiek, geestelik, emosioneel) is verdere faktore. Die sosiale wêreld en die wêreld van die kultus is onversoenbaar. Ivey (1997) se respondente het a) die offer van menslike babas, b) sterk skuldgevoelens as gevolg van die offer van 'n baba, c) die abortering van een deelnemer se fetus wat daarna deur lede gekannibaliseer is, as traumatiese ervarings genoem wat bygedra het tot hul begeerte om satanisme te verlaat.

**3.7.2.3 Die ervaring van verlies**

> I had lost my family through constantly fighting with them, isolating myself from them... Because of my severe hatred towards my friends, I lost the friends I had. I pushed them away... I was tired of being alone... I never had any girlfriends because I scared them away... (Ivey, 1997, p. 358)

Die ervaring van verlies aan liefde en aanvaarding, sowel as die mag oor demone ondermyn die toewyding aan die beweging. Ook verloor die satanis die liefde van familielede en mense naby aan hom/haar. Dit laat die satanis met gevoelens van alleenheid, leegheid, rou, skuld, verwerping en wanhoop. Ivey (1997) noem dat die satanistiese ideologie en die respondente se eie psigiese verdedigingsmeganismes hulle voor die verliese beskerm het teen hierdie negatiewe gevoelens, maar dit kon hulle nie beskerm nadat die verlies plaasgevind het nie. Verhoudings- en ander interpersoonlike verliese as gevolg van die satanistiese lewenstyl sluit onder andere die volgende in: 1) 'n kind tydens 'n rituele moord; 2) huweliksmaat en opbreek van huwelike; 3) 'n moeder (een respondent glo dat haar moeder deur ander sataniste vermoor is); 4) vriende wat weggedryf word as gevolg van haat en vyandigheid en 5) isolasie van familie. Hierdie verliese bring die satanis weer in kontak met sy verhoudingsoekende egodele: "...interpersonal losses serve to connect Satanists with the split-off libidinal parts of their personalities, which value loving connection with others, and which grieve the loss of relationship with loved objects" (Ivey, 1997, p. 320).

**3.7.2.4 Verliefdheid versus identifisering met die destruktiewe sub-persoonlikheid**

Verliefdheid kan gevoelens van ambivalensie, vervolging, angs en berou ontlok wat in direkte kontras is met die identifisering met die destruktiewe sub-persoonlikheid. Dit kan gesien word as die terugkeer van die goeie objek. Die geprojekteerde libidinale ego keer terug en word

geïnternaliseer en dit veroorsaak ambivalente gevoelens en interne konflik, aangesien die anti-libidinale ego die libidinale ego wat verhoudingsoekend is, aanval.[19]

### 3.7.2.5 Interne konflik

> Human sacrifice really got to me. I remember seeing a baby skinned alive, and the high priest cut its little heart out and eat it, It's a terror... you hear that little thing screaming and... I don't know. (Ivey, 1997, p. 357)

Konflik tussen die destruktiewe interne anti-libidinale ego (sub-persoonlikheid) en die oorblywende libidinale ego, manifesteer as skuld en ongemak in reaksie op perverse okkultiese praktyke. Interne konflik veroorsaak ook angs. Aangesien die beweging die angs, ambivalente gevoelens en interne konflik veroorsaak, begin die satanis soek na 'n oplossing vir hierdie konflik buite die beweging – 'n oplossing wat ook in staat is om die ervaring van demonisering te bekamp.

### 3.7.2.6 Die ervaring van demonisering

Onder normale omstandighede sal 'n persoon, in 'n poging om homself te verdedig teen die vervolging van die geïnternaliseerde slegte objek, die interne objek deur middel van projeksie of projektiewe identifikasie eksternaliseer. Die gevolg is dat die individu dan die eksterne wêreld waarneem as boos of sleg, die wêreld van die transendente, wat bewoon word deur "bose geeste" of "demone". Hierdie bose geeste is dan eintlik niks anders as die geëksternaliseerde "slegte objekte" nie. Dit is egter baie problematies vir die individu as hierdie tydelike oplossing nie werk nie en die slegte objekte terugkeer, aangesien die individu vir 'n tweede maal blootgestel word aan die "mag" van die interne slegte objek wat 'n dinamiese objek is. Die terugkeer van die geprojekteerde slegte objek is 'n ego-distoniese ervaring en die persoon beleef dit as 'n bose gees wat hom beset. Fairbairn (1943) en Ivey (1997) beskou die terugkeer van die geprojekteerde slegte objek as 'n verklaring vir die ervaring van demoniese besetenheid, of aanvalle deur bose geeste: "The intrusive return of these projections would give rise to the experience of being possessed by an evil supernatural force, as the self falls prey to the destructive sub personality" (Ivey, 1993b, p. 191).

Die satanis aan die ander kant maak nie gebruik van bogenoemde proses nie. In plaas daarvan om te identifiseer met die gevreesde, magtelose self-komponent van die interne

---

[19] Indien die leser nie bekend is met die terminologie van die Objekrelasie-teorie nie, mag dit nodig wees om eers die *Sinopsis van die Objekrelasie-teorie van die persoonlikheid* in Hoofstuk 4 te besudeer ten einde die leser in staat te stel om duidelikheid te verkry oor die hieropvolgende besprekings van die huidige hoofstuk.

University of Pretoria etd – Crause, R  (2005)


objekverhouding en die slegte interne objek te projekteer, identifiseer die satanis met die interne slegte objek-verteenwoordiging en word die ooreenstemmende self-verteenwoordiging geprojekteer (Ivey, 1993b). Die vervolging van die interne objek en angs gepaardgaande met die gevoel van vrees en hulpeloosheid word ontduik, en die persoon word een met die interne slegte objek. So 'n individu gee homself dus oor aan die interne slegte objek (interne saboteur) se invloed en neem sy vernietigende mag op. Dit is dus beter om self boos te word, die mag te hê van die slegte objek, en om in verhouding met hierdie slegte objek te staan, as om die gevoelens van kiesbaarheid, magteloosheid en vervolging te beleef. Weens die identifikasie met die slegte objek kan die slegte geïnternaliseerde objekte nie geprojekteer word nie, maar wel die interne verhoudingsoekende deel: "The weak and vulnerable self-representation is projected into others, particularly Christians, where it is denigrated, scorned, and ritually destroyed" (Ivey, 1993b, p.191).

Ivey (1993b) verduidelik dat omdat die satanis die vervolging van die interne slegte objek ontduik deur homself oor te gee aan Satan (die interne slegte objek) en die verhoudingsoekende deel te projekteer, sal enige poging om uit satanisme uit te kom 'n paranoïede vrees ontlok om magies deur die wraaksugtige demoniese god vernietig te word. Die band met die interne slegte objek is egter nie so sekuur nie en indien die satanis wel poog om satanisme te verlaat, identifiseer hy weer opnuut met die self-komponent van die slegte objek – die deel van die ego wat saam met die slegte objek onderdruk is – waarmee die persoon intern in verhouding staan. Die identifisering met die slegte objek reaktiveer die gevoel dat hy vervolg word deur Satan, wat hom wil dood hê.

> Here we see a transition from voluntary to involuntary possession, consistent with shifting patterns of identification with split internal object relations. Dissociation from the destructive introject does not rid the person of possessive symptoms but merely renders these egodystonic. The only escape from the persecuting bad object lay in salvation by an idealized part-object, personified by God, which could magically counteract and vanquish Satan's evil power. The only narcissistic solution to possession by bad objects is thus possession by good ones. Christians need God, they need Jesus Christ; Satanists need Satan, they need demons. (Ivey, 1993b, p. 193)

### 3.7.2.7 Transformasie van die verhouding met Satan

Tydens die identifisering met die destruktiewe interne objek word Satan gesien as die een wat hulle beskerm teen negatiewe objekte. Hierdie verhouding is egter gebaseer op geïdealiseerde verdedigingsmeganismes en splitsing met die gevolg dat wanneer hulle besluit om die beweging te verlaat, aktiveer dit die:

> Paranoid fantasies of the split-off, persecutory part-object relationship, in which they suddenly become the "bad" children of an angry and punitive supernatural father... they not only lose an

> idealised father but, because of defensive splitting, suddenly feel terrorised by a sadistic, destructive father, who would rather destroy them than let them leave. (Ivey, 1997, p. 320)

Hierdie is die terugkeer van die slegte objek waarvan Fairbairn praat en veroorsaak dan intense vervolgingsangs en interne konflik en vrees. Dit is hierdie vrees dat die geïnternaliseerde slegte objek – Satan as persoonlike god – die individu sal vervolg, wat vir Ivey (1997, 1993) een van die redes is waarom baie eks-sataniste dramatiese Christelike bekerings het, aangesien die enigste oplossing vir die dilemma is om te identifiseer en beset te word deur ‘n teenoorgestelde bonatuurlike mag wat meer mag het as Satan en dit is Jesus Christus.

> The polarized perception of the world in terms of good and evil absolutes, a legacy of the splitting defence, is retained, but now an idealized good internal object, personified by Christ, becomes the focus of identification. (Ivey, 1993b, p. 191)

Die behoefte aan ‘n verlosser word verder versterk deur die besef by die satanis dat hy nie die demoniese magte beheer nie, maar dat dit eerder beheer oor hom/haar het.

**3.7.2.8 Die besef van demoniese beheer:**

> I couldn’t handle the tension inside of me... Satan and his demons inside of me, eating me, wanting to kill me. (Ivey, 1997, p. 357)

Die ervaring van ego-distoniese besetenheid, toenemende en intenser vervolging deur Satan asook die besef dat die demone eintlik die satanis beheer, vervang die alvermoënde fantasie of siening dat die demone onder die satanis se beheer is. Dit is vir Ivey (1997) die rede waarom gewillige demonisering ‘n ego-sintoniese ervaring is. Hy verduidelik dat sodra die satanis besef dat hy nie werklik beheer het oor die demoniese magte nie, beweeg die belewenis van demoniese besetenheid vanaf ‘n ego-sintoniese na ego-distoniese ervaring. Geleidelik word die fantasie van alvermoënde beheer vervang met gevoelens van hulpeloosheid en vervolgingsangs oor die destruktiewe mag van die demone. Hy verduidelik die proses so:

> The belief that one commands supernatural entities creates a sense of omnipotence and inflated self-esteem, defensively reversing the childhood experience of vulnerability and powerlessness... anxiety intensifies when the demons induce involuntary displays of aggressive and bizarre behaviour. Subjects believing that they are under demonic control, find themselves engaging in ego-dystonic acts of physical aggression, verbal abuse, self-destructiveness, and perverse sexual behaviour. (Ivey, 1997, p. 319)

Vir baie sataniste is daar slegs enkele maniere om die vervolging deur die “demoniese magte“, Satan en die gepaardgaande angs te verlig. Van die oplossings sluit selfmoord, nie-vrywillige rituele offers, wegbreek uit die beweging, verlossing deur Jesus Christus en bevryding in.

**3.7.2.9 Moontlike uitkoms en hoop deur kontak met ‘n Charismatiese Christen**

Die persoon wat satanisme wil verlaat, staan voor twee moeilike keuses. Die *eerste* is om te bly in die beweging met die dreigende vrees om self ‘n menslike offer te word. Die gevolg is ‘n vreesagtige lewe en voortgesette demoniese besetenheid. Die *tweede* om satanisme te verlaat met die wete dat daar vervolging deur ander lede asook demoniese magte sal wees, wat gevoelens van magteloosheid veroorsaak en moontlik ‘n rede is vir selfmoord onder eks-sataniste. Die ander oplossing is die soeke na ‘n God met meer mag as Satan en demone. Dit is slegs te vinde in die Christelike godsdiens en veral in die meer Charismatiese denominasies. Ivey (1997) verduidelik:

> …traditional Christian denominations underplay the existence of Satan as a malevolent force, whereas the newer Charismatic Christian movement assumes the literal reality of Satan as an actively malign figure, from whom people must be rescued in the name of Jesus Christ. (p. 321)

Indien die Christelike godsdiens aanvaar word, kan daar dus geïdentifiseer word met die geïnternaliseerde libidinale objek wat teruggekeer het, met die gevolg dat angs tydelik verlaag. Identifisering met die geïnternaliseerde goeie objek (Jesus) skep hoop vir die nou geëksternaliseerde slegte objek aangesien Jesus Christus meer mag het as Satan en sy demone en hom reeds oorwin het. Die satanis kan op grond hiervan, wanneer die slegte objek (anti-libidinale ego of demoon) terugkeer en die libidinale ego aanval, homself verdedig (Ivey, 1997).

## SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar geargumenteer dat satanisme 'n moderne godsdiens is, wat steeds besig is om te groei en om te ontwikkel en dat die mites aangaande satanisme nie werklike gronde het nie. Dit daarom noodsaaklik om ag te slaan op hierdie groeiende godsdiens se wêreldsiening ten einde die satanis se leefwêreld ten volle te verstaan. Aangesien die satanis se leefwêreld, denke en gedrag radikaal verskil van ander wêreldsienings is 'n verstaan hiervan noodsaaklik ten einde wanpersepsies uit te skakel. Die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening, soos geargumenteer in Hoofstuk 2, dra by tot 'n verwysingsraamwerk waarbinne die satanis se geloof in bonatuurlike wesens, rituele praktyke en die ontginning van bonatuurlike kragte gekonseptualiseer kan word. Daar is verder uitgewys wie die vaders van moderne satanisme is en satanisme as godsdiens en dié se wêreldsiening het aandag geniet. Dit is veral La Vey wat deur verskeie werke die fondamente vir moderne satanisme gelê het. Crowley het weer op sy beurt satanisme en sy praktyke geswaai vanaf 'n geloof in 'n eksterne gepersonifieerde duiwel na die besef en aanbidding van die demoniese binne die individuele satanis. Satanisme as ideologie is ook bespreek aan die hand van die vier hoofopskrifte waaronder die Bybelgefundeerde wêreldsiening bespreek is.

Die belangrike bydrae van hierdie hoofstuk lê daarin opgesluit dat dit die klinikus in staat stel om die tipe satanis waarmee hy te doen kan kry, te identifiseer en daarvolgens 'n toepaslike terapeutiese program saam te stel. Onder die faktore wat 'n persoon vatbaar maak vir satanisme is psigososiale aspekte, identifikasie met Satan binne die gesinskonteks, die ervaring van die sosiale wêreld buite die disfunksionele gesin en die fassinering met die okkultiese ervaring bespreek. Die moontlike redes vir betrokkenheid in satanisme is aan die hand van primêre dryfkragte, sekondêre dryfkragte, die disfunksionele gesin en enkele psigodinamiese gedagtes oor disfunksionele families bespreek. Uit hierdie bespreking kom dit na vore dat dit veral die persoon se verhouding met die depriverende ouers is wat bydra tot 'n persoonlikheidstruktuur wat die individu vatbaar maak vir satanisme en die ervaring van demonisering.

Ten slotte is – in lyn met die fokus van hierdie studie, naamlik die snellerinsidente vir 'n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens – voorlopige redes vir oorskakeling onder die opskrif *Redes om satanisme te verlaat,* bespreek. Voorlopige redes soos aangevoer deur Ivey (1997) sluit in: a) 'n groeiende negatiewe ervaring van satanisme; b) motiewe om satanisme te verlaat en die ervaring daarvan; c) die ware aard van die satanistiese familie wat ontdek word; d) traumatiese en stresvolle gebeure wat ervaar word; e) die ervaring van verlies; f) verliefdheid versus identifisering met die destruktiewe sub-persoonlikheid wat g) interne konflik veroorsaak; h) die ervaring van demonisering; I) die

University of Pretoria etd – Crause, R  (2005)


transformasie van die verhouding met Satan; j) die besef van demoniese beheer en k) die moontlikheid van uitkoms en hoop deur kontak met ‘n Charismatiese Christen. Wat uit die bespreking in Hoofstuk 2 ook hierby gevoeg kan word as rede vir oorskakeling, is die invloed wat God het in die satanis se oorskakelingsproses.

Dit is veral die Objekrelasie-teorie wat die klinikus in staat stel om die satanis se persoonlikheid, subjektiewe ervarings en intrapsigiese wêreld psigologies te formuleer. Aangesien die Objekrelasie-teorie ook verklarings bied vir die fenomene van demonisering en DIV sal dit heelwat aandag geniet in die volgende hoofstuk. In lyn met Hoofstuk 2 en 3 sal die Objekrelasie-teorie ook as ideologie onder die vier opskrifte: 1) ’n siening oor die skepping, 2) die basiese natuur van die mens, 3) ’n diagnose oor wat verkeerd is met die mens, en 4) voorskrifte oor hoe om die probleem op te los, bespreek word.

# HOOFSTUK 4 DIE OBJEKRELASIE-TEORIE

## INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die Objekrelasie-teorie, soos in Hoofstuk 1 geargumenteer, bespreek as ideologie of godsdiens aangesien dit ook: 1) 'n siening oor die skepping, 2) die basiese natuur van die mens, 3) 'n diagnose oor wat verkeerd is met die mens, en 4) voorskrifte oor hoe om die probleem op te los, behels.

Daar is verskeie redes vir die fokus op Fairbairn se Objekrelasie-teorie in hierdie hoofstuk. *Eerstens* is sy teorie reeds deur Ivey (1997) gebruik om 'n psigologiese verduideliking te gee van die interne psigiese wêreld van die satanis en die verstaan van, aan die een kant onwillekeurige demonisering en aan die ander kant willekeurige demonisering. *Tweedens* het Fairbairn anders as Klein interne objekte as dinamiese strukture beskou, eerder as slegs fantasieë of verstandsbeelde van die instink. Die interne wêreld bestaan dus vir Fairbairn nie uit fantasie nie, maar eerder uit die dinamiese *endopsigiese strukture*. In lyn met die argumente dat die mens se gees en siel verhoudingsoekend is, plaas Fairbairn se teorie ook die klem op die verhoudingsoekende aspek van die mens, en bied volgens Ivey (1993a) (soos uitgewys in Hoofstuk 3) moontlike redes vir die oorskakeling na die Christelike godsdiens. *Laastens* wys Grotstein en Rinsley (2000) daarop dat Fairbairn 'n sensitiewe geleerde, filosofiese, logiese en godsdienstige skrywer was en daarom bied sy teorie en verstaan van die interne psigiese wêreld 'n raamwerk om die impak wat die interne psigiese wêreld op die godsdienstige ervaring van die mens en die satanis het, beter te verstaan. In die bespreking wat volg, word daar talle kere verwys na terminologie uit Fairbairn se werk asook die Objekrelasie-teoretici. Dit is daarom nodig dat die leser eers georiënteer moet word.

### 4.1 SINOPSIS VAN DIE OBJEKRELASIE-TEORIE VAN DIE PERSOONLIKHEID

W.R.D Fairbairn se teorie oor die persoonlikheid (1940, 1941, 1943, 1944, 1946, 1949) word saamgevat in die sinopsis wat hy gee in (1951). Hier sal die weergawe van sy sinopsis, soos weergegee deur Grotstein en Rinsley (2000, pp. 34 -35) egter gebruik word.

1. 'n Ego is sedert die geboorte teenwoordig.[20]
2. Libido is 'n funksie van die ego.

[20] Of oorspronklike ego.

3. Daar is geen doodsinstink nie, en aggressie is ‘n reaksie op frustrasie en deprivasie. [21]
4. Daar is nie so iets soos ‘n “id” nie aangesien libido ‘n funksie is van die ego en aggressie ‘n reaksie is op frustrasie en deprivasie.[22]
5. Die ego, en daarom ook die libido, is fundamenteel objeksoekend.[23]
6. Die eerste en oorspronklike vorm van angs wat deur die kind ervaar word, is skeidingsangs.[24]
7. Internalisering van die objek is ‘n defensiewe maatstaf wat oorspronklik deur die kind aangeneem word om met die oorspronklike objek (moeder en haar bors), tot die mate wat dit onbevredigend is, te deel. [25]
8. Internalisering van die objek is nie net ‘n produk van ‘n fantasie om die objek oraal te inkorporeer nie, maar is ‘n duidelike psigologiese proses. [26]
9. Twee “dele" van die geïnternaliseerde objek, met hul opwindende en frustrerende aspekte, word afgesplits van die hoofkern van die objek en word deur die ego onderdruk.
10. Dus word daar twee onderdrukte interne objekte saamgestel, naamlik die opwindende (of libidinale) objek en die verwerpende (of die anti-libidinale [27]) objek.
11. Die hoofkern van die geïnternaliseerde objek, wat nie onderdruk is nie, word beskryf as die ideale objek of die ego-ideaal.
12. Aangesien die opwindende (libidinale) en die verwerpende (anti-libidinale) objek beide beset word deur die oorspronklike ego, dra hierdie objekte wanneer hulle onderdruk word dele van die oorspronklike ego (waardeur hulle beset word) saam met hulle. Die sentrale kern van die ego (sentrale ego) is dus nie onderdruk nie, maar tree op as ‘n agent vir onderdrukking van die ander twee ego’s.
13. Gevolglik is die interne situasie een waarin die oorspronklike ego (OE) gesplits word in drie ego’s – ‘n sentrale (bewuste) ego (SE) wat verbind is aan die ideale objek (IO) of

[21] Deprivasie ontlok die ingebore geneigdheid tot aggressie en gepaardgaande negatiewe affek. Net so ontlok bevredigende objekverhoudings ingebore kapasiteit vir aangename affek en gedrag wat daarop gerig is om gehegtheid met die objek te bewerkstellig. Die aangename ervaring van die moederbors aktiveer dus die libidinale gehegtheid aan die OE (Kernberg, 1980).
[22] Beide libido en aggressie is die twee primêre dinamiese aspekte van psigiese ontwikkeling, met die vrees dat my liefde my objek gaan vernietig as deel van die paranoïede skisoïede posisie, en die vrees dat my aggressie my objek gaan vernietig as deel van die depressiewe posisie (Guntrip, 1985).
[23] Hierdie ego is volgens Kernberg (1980) ‘n oorspronklike of heel ego wat op soek is na infantiele afhanklikheid van ‘n bevredigende objek (moeder). Erogene sones is dus nie die primêre libidinale fokus nie, maar eerder kanale beskikbaar vir die uitdrukking van libidinale behoeftes gerig op die objek. Libido is daarom nie plesiersoekend nie, maar essensieel op grond van die realiteitsbeginsel – ‘n voorstander van verbinding met die vroeë objek, eerstens die moederbors en later die moeder as heel objek of persoon.
[24] Skeidingsangs word geaktiveer tydens frustrasie en basiese tydelike skeidings van die moeder, wat bydra tot die internalisering van die objek en gepaardgaande ambivalensie teenoor die objek.
[25] ‘n Oormatige afhanklikheid van die moederbors dui egter op ‘n moeder-kind-verhouding wat verbrokkel, waartydens die moeder as heelobjek vervang word met deelobjekte en deelobjekverhoudings.
[26] Interne objekte is nie bloot net fantasie of beelde nie, maar endopsigiese strukture (Fairbairn, 1944). Aanvanklik was Fairbairn van mening dat net die slegte-objek-verhoudings internalisering en splitsing van meganismes veroorsaak het, maar hy is later van mening dat die ervaarde moeder in geheel geïnternaliseer word in ‘n poging om te deel met die onvermydelike frustrerende aspekte van hierdie eerste liefdesobjek (Kernberg, 1980).
[27] Fairbairn het hierdie deel aanvanklik die “interne saboteur” genoem en eers later het hy dit die anti-libidinale ego genoem.

ego-ideaal, ‘n onderdrukte libidinale ego (LE) wat verbind is aan die opwindende (of libidinale) objek (OO), en ‘n onderdrukte anti-libidinale ego (AE) wat verbind is aan die verwerpende (of anti-libidinale) objek (VO).[28]

14. Hierdie interne situasie verteenwoordig die basiese skisoïede posisie wat meer fundamenteel is as die depressiewe posisie wat deur Melanie Klein beskryf is.
15. Die anti-libidinale ego, in deugsaamheid in sy verbinding tot die VO (anti-libidinale objek), neem ‘n kompromislose, vyandige houding aan teenoor die LE, en het tot gevolg die kragtige versterking van die SE se onderdrukking van die LE.
16. Wat Freud beskryf het as die superego is in werklikheid ‘n komplekse struktuur wat bestaan uit a) die IO of ego-ideaal, b) die AE, en c) die verwerpende VO.[29]
17. Hierdie oorwegings vorm die basis van die teorie van die persoonlikheid uitgedruk in Objekrelasie-terme, in kontras met ‘n teorie uitgedruk in terme van instinkte en hul lotswisseling.

Die suigeling maak aanvanklik van drie verdedigingsmeganismes gebruik a) *splitsing* om die frustrerende moeder in ‘n goeie en slegte deelobjek te verdeel, b) *onderdrukking* om die nou interne ondraaglike situasie en onvoorwaardelike gevoel van slegtheid waarmee hy identifiseer te hanteer en c) die *morele verdedigingsmeganisme,* ‘n poging om die “onvoorwaardelike” slegte eksterne objek (libidinale) in ‘n “voorwaardelike” (morele) objek – met die hulp van interne goeie objekte – te verander. Grotstein verduidelik die konsep van die morele verdedigingsmeganisme as volg:

> Here the putative badness of the needed object is split off from the external object, internalized, and identified with in order to keep the external object ideal. (Fairbairn, 1943a)...This mechanism amounts to a ‘laundering’ of the image of the object at one’s own expense... and depends on the collusion of the ideal object. (in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 115)

Die grootste en mees destruktiewe gevaar lê in die paranoïede skisoïede posisie waar die fragmentering van die ego, verlies van ‘n gevoel van ‘one-ness’ en die oortuiging dat die gee van my liefde nie vrugte afwerk nie. Hierdie oortuiging kan domineer en lei tot die vrees by die individu dat sy liefde destruktief is en te veel is vir die eksterne objek om te hanteer.
Die minder destruktiewe gevaar in die depressiewe posisie is die vernietigende alleenheid. Hierdie vernietigende alleenheid ontstaan uit die verlies van die geliefde objek, aangesien

[28] Kernberg (in Grotstein & Rinsley, 2000) wys daarop dat die ego dus ‘n dinamiese struktuur is “a structure that energizes, primarily, object relations and, secondarily, the intra psychic function of internalized objects” (p. 49). Struktuur en funksie is daarom twee aspekte van dieselfdedinamiese geheel, en verskil van Feud se trigotomiese siening eerstens omdat Fairbairn se siening geen id het nie, en tweedens omdat al drie laasgenoemde se dele fundamenteel ego-dele is. Angs word egter soos Freud gesien as die mees direkte simptoom van onbewuste intrapsigiese konflik: die aggressie van die antilibidinale ego gerig op die libidinale ego.
[29] Hierdie proses van internalisering en die vorming van die drie ego’s staan bekend as die endopsigiese situasie.

die individu glo dat dit sy eie aggressie is wat die objek vernietig het (die byt van die moederbors veroorsaak die onttrekking van die bors, wat liefde simboliseer). Die gedagte dra by tot oormatige onbewuste skuldgevoelens wat na vore kom in die “morele verdedigingsmeganisme”.

Hierdie versterkte internalisering van die slegte objek is ‘n poging om die onvoorwaardelike slegtheid van die objek (moeder) te verander in ‘n voorwaardelike slegtheid of die *fantasie dat dit die kind se eie slegtheid is wat die frustrasie of aanval deur die nou eksterne goeie objek, veroorsaak het* en so word eksterne veiligheid ten koste van interne veiligheid verkry.

> Hence, the sadistic self-accusations of the depressed patient reflected not only the object’s aggression directed against the ego, but the anti libidinal ego’s effort to protect the good relation with the ideal object by attacking the libidinal ego as if it were bad, as having caused the frustration from the objects. (Kernberg in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 52)

Fairbairn beskryf die doel van die morele verdedigingsmeganisme die beste:

> The aim of the moral defense is to ameliorate this intolerable situation by presenting the child with the possibilities of conditional (moral) goodness and badness; and this aim is effected by the internalization of compensatory good objects, which thereupon assume a super-ego role. (Fairbairn, 1951, p. 165)

Die verhouding wat die kind met sy ouers het, vorm dus ‘n dinamiese interne struktuur wat die bloudruk is vir alle verhoudings wat daarop volg en speel ook ‘n rol in die mens se verhouding met God.

## 4.2 PSIGOLOGIESE VERSTAAN VAN GODSDIENS

Volgens die psigologiese verstaan van godsdiens is die verhouding met die primêre objekte (moeder en vader) invloedryk tot die mens se verhouding met die Heilige. Teoreties gesproke hanteer Objekrelasie-teorie egter nie die Heilige as goddelik nie, maar as nog ‘n objek waarmee die mens in verhouding staan (St. Clair, 1994). Laasgenoemde dui op die belangrikheid van Hoofstuk 2 waar die impak van die verskillende wêreldsienings duidelik uitgewys is. Waar die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening heilige objekte hanteer as goddelik, hanteer die Objekrelasie dit nie op dieselfde wyse nie, maar eerder as ‘n objek wat bestudeer word.

Vir *sielkundiges van godsdiens,* is godsdiens slegs ’n illusie wat sekerlik toegeskryf kan word aan baie van Freud se werke en denke wat gefokus het op ‘n analise van godsdiens. Sy

hoofargumente oor godsdiens word gevind in *Totem en Taboo (1953), The Future of an Illusion (1927), Civilization and its Discontents (1930) en Moses and Monotheism (1939).* In hierdie werke beskryf hy godsdiens as 'n obsessiewe neurose "obsessional neurosis" en 'n illusie: "The psychoanalysis of individuals has taught us that their earliest impressions (early childhood experiences)... manifest themselves later in an obsessive fashion, although not consciously remembered" (Freud, 1939, p. 205).

Volgens Wallwork en Wallwork (1990) is bogenoemde siening van Freud heel waarskynlik die rede waarom psigoanaliste steeds 'n voorkeur het vir sekulêre alternatiewe sienings teenoor die tradisionele godsdienstige sienings en praktyke.

Freud se teorie wat sentreer rondom die mite van *Oedipus Rex,* die identifikasie met die vaderfiguur en die behoefte om hom te vermoor of uit die weg te ruim ten einde die moeder seksueel te besit, veroorsaak aggressie teenoor die vader. Die Oedipale kompleks – liefde vir die moeder, haat vir die vader en kastrasie-angs, dra by tot die 'doodmaak' van die vader waarin die seun weer die liefde vir die vader herontdek en gevolglik berou en skuld ervaar oor sy aksies en/of gedagtes. Sodra die konflik opgelos is, ontwikkel die super-ego of godsdiens. Die behoefte aan die illusie van godsdiens (en rituele verligting) ontwikkel dus uit skuldgevoelens wat die individu ervaar omdat hy nie daarin slaag om die onderdrukte libidinale en aggressiewe instinkte van die "id" te beheer nie (Meissner, 1984). Uit die Oedipale-konflik ontwikkel Monoteïsme wat volgens Freud (1907, 1913, 1953) gesien word as 'n verdedigingsmeganisme teen skuld, en 'n verskuilde manier om uitdrukking te gee aan onderdrukte wense.

Forster en Carveth (1999) noem dat Freud Christenskap en die verbied van moord en bloedskande sowel as die offer van die seun van God – Jesus Christus – sien as 'n meer moderne weergawe van die primitiewe totem-verdediging teen die Oedipale ambivalensies. Meyer verduidelik:

> Following the murder of the primal father, Freud postulated a repetition of the murder of the father, in the murder of Moses, which lead to Monotheism (in the same way as the murder of the primal father lead to totemism). Guilt feelings over the murder of Moses lead to the wish for a Messaih (actualised in the belief in Christ) who could be sacrificed as atonement for the original sin: the killing of the father. (Meyer, 2001, p. 3)

Die aspekte van godsdiens (Christenskap) soos geloof, verlossing, vergifnis en die lewe na die dood is alles net illusies wat ontstaan by die wense van die kind. Hierdie illusies dien nie net as kompensasie vir die swaarkry wat die mens beleef nie, maar

> The benevolent rule of a divine providence allays our fear of the dangers of life; the establishment of a moral world-order ensures the fulfilment of the demands of justice, which have so often remained unfulfilled in human civilization; and the prolongation of earthly existence in a future life provides the local and temporal framework in which these wish-fulfilments shall take place. (Freud, 1927, p. 30)

Godsdiens en sy rituele praktyke (obsessies) is daarom, volgens hom, die kanaal wat die mens toelaat om die illusie van God of gode te skep. As ateïs was Freud (1918) verder van mening dat soos wat die samelewing ontwikkel, sal die mens ontslae raak van sy illusies oor God, godsdiens sal ontgroei word en die mens sal sy infantiliteit prysgee en sy hulpeloosheid as ‘n realiteit aanvaar. [30] Die gedagte dat gehoorsaamheid aan hierdie gode aan die mens beheer gaan gee oor die onbeheerbare eksterne kragte in die natuur, sowel as die interne kragte in die vorm van die instinkte en drange, is ‘n alvermoënde infantiele fantasie. Godsdiens as illusie dien drie funksies (wense) a) dit gee sin aan die lewe en help om die komplekse gevoelens wat voortspruit uit die verhouding met die vader te hanteer; b) dit help om gevoelens van hulpeloosheid teenoor die interne en eksterne kragte te oorkom en c) dit verlig skuld wat ontstaan as gevolg van individuele en kollektiewe herinneringe wat verwant is aan die verhouding met die vader.

Ongeag hierdie gedagtes van Freud vind mens onder sy opvolgers ook die *godsdienstige sielkundiges* wat meer positiewe maniere daargestel het om die godsdienstige ervaring te konseptualiseer. Daar kan geargumenteer word dat ‘n mens onder hierdie groep die werk van Melanie Klein (1946, 1975), Fairbairn, die Ego-sielkunde van Hartman (1939, 1964) en die Objekrelasie-teorie van Winnicott (1935, 1965, 1971) kan plaas. Hierdie werke het soos Carveth (1999) dit stel, die sielkundige in staat gestel om die meer kreatiewe en aanpasbare aspekte, sowel as die regressiewe en wanaanpassingsaspekte van godsdiens waar te neem en te verklaar. Dit is veral Melanie Klein (1975) se werk wat maniere suggereer waarop godsdiens psigiese groei bevorder eerder as belemmer. Forster en Carveth (1999) argumenteer suksesvol dat Klein se teorie betekenisvol sekere funksies van Christenskap verlig. Vir hulle is haar werk nie ‘n uitbreiding van Freud se werke oor die Oedipale en pre-Oedipale dinamiek nie, maar in die Kleiniaanse teorie is die Oedipale reeds pre-Oedipaal in die sin dat alhoewel dit verskillend voorkom, is dit gesetel in beide die paranoïede-skisoïede posisie (PS) en die depressiewe posisies (DP). Verder verduidelik hulle dat Klein se teorie

[30] In die tydperk en era waarin Freud geleef het, was redusionisme, darwinisme, rasionalisme en die fokus op die “rede” aan die orde van die dag. Die siening was dat alles verklaar en verduidelik kon word en dat godsdiens en geloof minder belangrik was. Die invloed van hierdie tydperk se wêreldsiening en ontwikkeling van materialisme is duidelik in Freud se werke, maar soos Palmer (1997) tereg hieroor sê: “it did not make him (Freud) into an atheist, they did not awaken his hostility to religion, but they gave him the best possible grounds for both” (p.7). Waar godsdiens verlossing deur ‘n ander impliseer, het Freud gelglo dat die mens, deur die gebruik van sy ego, sy eie verlosser kan wees.

die geleentheid bied om die terapeutiese waarde van sekere praktyke en sienings binne Christenskap te verstaan eerder as wat die praktyke slegs as primêr regressief of defensief soos Freud geargumenteer het, gesien moet word. 'n Volledige bespreking van hul werk oor Klein se gedagtes oor Christenskap val buite die omvang van hierdie skripsie en daar sal volstaan word met die drie belangrikste aspekte wat bydra tot 'n beter verstaan van die terapeutiese waarde van Christenskap:"Three aspects of her (Klein) theory – its emphasis on object relations, her view of fantasy, and her theory of developmental p*ositions* rather than stages – lay the groundwork for an alternative understanding of religious experience" (Forster & Carveth, 1999, p. 5).

## 4.3 OBJEKRELASIE-TEORIE

### 4.3.1 Siening oor die skepping

Die Objekrelasie-teorie dra by tot 'n beter verstaan van die beeld van God, godsdienstige ervarings, persoonlike integrasie en geestelike volwassenheid (St. Clair, 1994). Waar teologie aannames oor God het, het Objekrelasie 'n psigologiese verstaan van die mens se verhouding met God, die oorsprong van dié verhouding sowel as die ontwikkeling van die aspekte wat die verhouding met God en godsdienstige gedrag inkleur en omskryf. Die vraag is egter: Van watter God praat Objekrelasie? Gedurende die volgende bespreking sal klem gelê word op (a) die God van die Objekrelasie-teorie, (b) die vorming van die beeld van God, (c) God en Satan, en (d) waar is die godsdienstige ervaring psigologies gesetel?

#### 4.3.1.1 Die God van die Objekrelasie-teorie

In 'n poging om hierdie vraag te beantwoord, is dit belangrik om te noem dat St. Clair (1994) aandui dat beide Fairbairn en Klein nie werklik aandag gegee het aan godsdiens nie. Die klem wat beide Fairbairn en Klein egter op verhoudings plaas, stel volgens St. Clair die sielkundige in staat om tot ware insigte op die gebied van godsdiens te kom. Hy tref 'n onderskeid tussen twee tipes sielkundiges.

Die eerste is die *sielkundige van godsdiens.* Hierdie sielkundige sê hy, poog om die godsdienstige fenomene op 'n "neutrale" wyse te verstaan en te verduidelik. Daar word binne die grense van die dissipline gehou en stellings wat eerder deur teoloë gemaak moet word, word vermy. Vir hierdie groep is God (psigologies gesproke) 'n illusie of 'n transisionele objek, maar hulle poog egter nie om die objek van gelowiges se geloof (God) te bewys of te verwerp nie. Freud kan as voorbeeld dien aangesien hy God sien as 'n obsessiewe neurose met sy oorsprong in die Oedipale-konflik. God as persoonlike Vader is dus 'n geprojekteerde

wens vir (of onbewuste soeke na) 'n liefdevolle vaderfiguur, niks anders as 'n verhewe vaderbeeld nie.

Die tweede tipe sielkundige waarvan St. Clair (1994) praat, is die *godsdienstige sielkundige* met 'n persoonlike agting vir of oorgawe aan godsdiens. So 'n sielkundige maak gebruik van sielkundige konsepte, het simpatie met godsdienstige sienings en waardeer die adaptiewe rol wat godsdiens speel. Vir die godsdienstige sielkundiges bied Objekrelasie-konsepte die geleentheid om idees te vorm oor die "ware" objek "agter" die verteenwoordiging van God en hulle argumenteer volgens St. Clair as volg:

> …the deep human yearning to be in a relationship points in the direction of *a God* who satisfies that universal need and who has objective (that is, not merely psychological) existence... Development involves personal relationships at every stage. Part of maturity, reaching the full potential of a person in relationship, is also to be in relation to a personal God [Skuinsdruk bygevoeg]. (St. Clair, 1994, p. 16)

St. Clair verwys na Spergo (1992) en noem dat hierdie skrywer belang gehad het in die objektiewe realiteit wat God genoem word. Hy was volgens St. Clair oortuig dat: "the psychological approach alone has still not given us access to the transcendental entity that is to be found beyond the early mother-child matrix or oedipal triangle (1994, p17).

Belangrik is dat ongeag die tipe sielkundige, die ontwikkeling, die rol en belangrikheid van die godsdienstige ervaring van die kliënt aanvaar word en die waarde wat dit vir die kliënt inhou, in ag geneem word. Laasgenoemde help die terapeut om te onderskei tussen gesonde en problematiese godsdienstige ervarings.

> Religion can be a mature, healthy expression of meaning that supports the individual. Religion plays its role in the maintenance of the self by helping to hold the self together and avoid psychological fragmentation... the person's relationship to God serve a crucial psychic function of assisting in providing for a coherent sense of self in a world that might seem chaotic at times... relationships with God and a community can help the individual move outside and beyond a self-centered view of the world and transcend the boundaries of the self. (St. Clair, 1994, p. 18).

#### 4.3.1.2 Die vorming van die beeld van God

Die verhouding wat die mens met ander het, speel 'n rol in hoe die mens sy verhouding met God en die heilige vorm en uitleef. Net soos wat die kind die gevoel van self versus ander in die familie ontwikkel, so ontwikkel die kind ook die beeld van God. Die beeld van God en mense neem dus vorm aan in die konteks van interpersoonlike verhoudings. Dit is veral die primêre verhouding met die moeder en die vader wat die fondasie lê vir die verhouding met God: "The child's experiences of relationships that generate images of self and others begin

with the parents and end with the child's creation of an inner representation of the divinity long before the child becomes exposed to institutional aspects of religion" (St. Clair, 1994, p.11).

Hy wys daarop dat die proses en formering van God, 'n voortdurende proses is wat nooit werklik voltooi word nie. Die beeld van God hou dus in baie opsigte verband met die verhouding met die ouers en die pre-Oedipale denke wat bydra tot die interne of psigologiese teenwoordigheid van hierdie liefdevolle God, wat nie sintuiglik waarneembaar is nie. Die beeld van God hou ook verband met die waarneming en konkrete ervarings van die ouers se gedrag, hoe hulle bid en hoe hulle ander mense hanteer – 'n meer Oedipale gedagte.

As die kind ervaar dat die ouers goed is deur aan sy behoeftes te voldoen, is die kans groot dat daar 'n beeld van God as 'n goeie God aanwesig sal wees. Indien die ouers egter nie aan sy behoeftes voldoen nie en die ouers gevolglik as sleg en verwerpend ervaar word, is daar een van twee moontlikhede: 1) God kan óf net goed wees, terwyl die ouer gesien word as ongenaakbaar, wreed en sleg, óf b) die kind kan die ouers idealiseer en God sien as sleg en wreed.

Aangesien Fairbairn (1943, 1944) daarop wys dat objekte dinamiese strukture is, het die beeld wat die kind van God vorm al die psigiese energie en dinamiek van 'n lewendige persoon. Verder speel die verskillende ontwikkelingsfases, verhoudings en gebeure in die ontwikkelende kind se lewe 'n groot rol in hoe die individu later godsdiens, God en die verhouding met God of Heilige sal ervaar (Money-Kyrle, 1961).

#### 4.3.1.3 God en Satan

Grotstein en Rinsley (2000) wys daarop dat Fairbairn van mening was dat internalisering van die slegte objek bydra tot die vorming van die konsep van God en Satan. Soos wat die suigeling die slegtheid van die frustrerende vervolgende objek en ook sy goeie objekte (wat dan saamsmelt om 'n superego-rol te vervul) in homself inneem, ontwikkel die digotomiese siening van twee objekte, een wat verwerpend is en een wat aanvaar word. Hierdie internalisering word herhaal in die beoefening van godsdiens met die geloof in die oorspronklike sonde (sondeval), en die basiese Christelike aanname dat die mens 'n sondaar is (net sleg) in verhouding met 'n goeie God in die transendentale realiteit, aangesien die kind se fisieke realiteit nie in sy eie oë so 'n goeie objek het nie.

> It is better to be a sinner in a word ruled by God than to live in a word ruled by the Devil. A sinner in a world ruled by God may be bad; but there is always a certain sense of security to be derived from the fact that the world around is good – "God's in His heaven – All's right with the world!; and in any case *there is always a hope of redemption* [skuinsdruk bygevoeg]. (Fairbairn, 1943. p. 66)

Kernberg (1980) lewer kommentaar op hierdie gedagte van Fairbairn en skryf die volgende:

> Paraphrasing this, in the light of his concept of the "conditionally bad object, " we might say that the Devil is internalized in an effort to transform him into an irate God, and later condensed with the ideal God in order to maintain the hope for an eventual redemption in God's word. (Kernberg, 1980, p. 74)

Hierdie hoop op verlossing lê verberg in die aktiwiteite van masochistiese objekverhoudings (deels gevorm deur die morele verdedigingsmeganisme) in die oordragsverhouding. Grotstein en Rinsley (2000) wys verder daarop dat masochistiese behoeftes vir Fairbairn 'n sleutelfase in die oplossing van patologiese skisoïede toestande reflekteer, met die behoefte om die afgesplitste en onderdrukte objekverhoudings te reaktiveer, ook as die basiese verduideliking van repeterende kompulsies.

Die psigologiese oplossing van onbewuste skuldgevoelens mag 'n intensifisering van die kliënt se weerstand en/of negatiewe terapeutiese reaksies na vore bring. Die rede hiervoor is natuurlik die lojaliteit van die AE teenoor die slegte objek; en die psigologiese oplossing behels dat dié sy libidinale bande met die slegte ambivalente geliefde objekte moet erken en verbreek. Dit is die verbrekeing van die AE en LE met hul objekte wat plaasvind in die transisie fase, hierdie verbrekeing van die libidinale bande help om te verklaar waar die godsdienstige ervaring psigologies gestel is.

#### 4.3.1.4 Waar is die godsdienstige ervaring psigologies gesetel?

Winnicott (1935) se idee van 'n derde area van menslike lewe en ervaring, gekenmerk deur oorgangsobjekte, help om die vraag te beantwoord. Die ervaring ontstaan uit die interaksie tussen die innerlike wêreld van die persoon en sy eksterne of objektiewe omgewing waarin hy leef. Hierdie tussenarea van ervaring is 'n interpersoonlike area aangesien die suigeling primêr verhouding- (objek-) soekend is. Tydens die transisiefase van Winnicott leef die suigeling deur geloof – 'n geloof wat nog nie duidelik kan onderskei tussen self en nie-self of ander nie. Die baba is op 'n manier deel van en tog los van sy objek. Winnicott gebruik die term "oorgangsobjekte" of "transitional objects" om te verwys na sagte speelgoed soos 'n teddiebeer of 'n kombersie, wat die kind help om te beweeg van die fisieke teenwoordigheid

van die moeder na die meer volwasse kapasiteit om in sy gedagtes ‘n beeld van die moeder te behou, terwyl hy onafhanklik van haar funksioneer.

> The essential feature... or transitional objects... *is the paradox*: the baby creates the object, but the object was there waiting to be created and to become a cathected object... We will never challenge the baby to elicit an answer to the question: Did you create that or did you find it. (Winnicott, 1935, p. 89)

Hierdie oorgangsobjekte dra die betekenis vir dit wat die baba is en dit wat hy nie is nie. Dit is vir die baba soos om in ‘n spieël te kyk maar sy moeder te sien – die objek en die baba is nie duidelik gedifferensieer nie. Wat hier ervaar word, is simbolies en help om ‘n gevoel van heelheid te skep. Die duim wat gesuig word as ‘n “oorgangsobjek” help met hierdie gevoel van heelheid, aangesien dit die moeder (of moederbors) simboliseer, maar die duim is nie die moeder self nie. Die duim wat ‘n werklike eksterne objek is, kry dus subjektiewe betekenis en waarde. Godsdienstige simbole soos die kruis, brood en wyn het soos die duim, waarde op grond van die subjektiewe betekenis en waarde wat daaraan gekoppel word. Dit word dus duidelik dat die ervaring van godsdiens ontstaan in die tussenarea van Winnicott wat poog om die objektiewe en subjektiewe areas van menslike ervaring te verenig. St. Clair (1994) skryf hieroor die volgende: “the use of these transitional objects demonstrates a human capacity for illusory experience that is simultaneously subjective and objective, a middle ground that is neither purely external reality nor purely inner psychic halluscination” (p. 14).

Dit is uit hierdie fase dat “geloof” ontstaan. Die baba “skep” met behulp van sy geloof en hierdie transisie-objekte in fantasie vir homself ‘n objek (in die Fairbairniaanse sin van die woord – die moeder). Net so skep die gelowige die objek (God/gode) van sy geloof uit ervaring. Geloof is dus ‘n transisieruimte op sigself, aangesien dit die interne objek (mens) verbind met die eksterne objek (God/gode). Vir die gelowige is dit nie slegs geloof in ‘n objek (mens) nie, maar ‘n transendentale realiteit (God) wat nie wetenskaplik nagevors kan word nie.

Vir Fairbairn, soos uitgelig in 4.3.1.3, is die ervaring van God gesetel in die endopsigiese situasie. Sy teorie sal vervolgens gebruik word om die siening van die Ideale mens en sy ontwikkeling asook die diagnose van die probleem en die oplossing daarvan te bespreek.

### 4.3.2 W.R.D. Fairbairn: 'n Siening oor die normale mens en die diagnose van wat verkeerd is

Grotstein en Rinsley (2000) wys daarop dat Fairbairn die eerste was om 'n ware Objekrelasie-teorie daar te stel, met die gevolg dat die primêre, nie-patologiese verhoudings gesien word as interpersoonlik en nie, soos hul patologiese gelyke, as geïnternaliseer nie. Om Fairbairn (1940, 1941, 1943, 1944, 1946, 1949, 1951) se aannames oor 'n "normale" mens en die ontwikkeling van die persoonlikheid te verduidelik losstaande van die endopsigiese situasie en die basiese diagnose van wat verkeerd is, is nie moontlik nie. Twee redes kan aangevoer word: a) sy teorie is in wese 'n ontwikkelingsmodel gebaseer op die invloed wat die onbevredigende primêre objekte (moeder en vader) het op die internalisering van die slegte objek wat aanleiding gee tot die ontstaan van die endopsigiese situasie en slegte-objekverhoudings (Kernberg, 1980); b) krities tot Fairbairn se verstaan van die skisoïede persoonlikheid en veral psigopatologie is die endopsigiese strukture en die gepaardgaande identifikasie met die geïnternaliseerde slegte objekte (die oorsprong van psigopatologie).

Fairbairn gebruik egter die term "objek" op 'n verwarrende wyse en duidelikheid moet eers verkry word:

> An important distinction must be made between the concept of the 'object' and 'person'. Fairbairn used 'object' in two senses – as an *external* person and as an *internalized* (distorted) version of that person – but assigned the former sense to the interpersonal realm, and the latter sense to the pathological arena of object relations" (Grotstein & Rinsley, 2000, p. 6).

Normale menslike verhoudings is dus fundamenteel interpersoonlik, met die suigeling wat primêr objek- (persoon-) soekend is, 'n persoon in sy eie reg wat aanvanklik afhanklik is van sy eksterne objekte (moeder en vader). Waar Freud die fokus op infantiele seksualiteit geplaas het, plaas Fairbairn dit op 'n ego wat primêr objeksoekend is, met die belangrike motivering vir gedrag nie drange en die bevrediging daarvan nie, maar die ego wat daarna strewe om in verhouding met 'n heelobjek te staan. Libido is daarom nie deel van die ego of die objek nie. Verder is die suigeling vir Fairbairn totaal onskuldig, kwesbaar, afhanklik en daarom geregtig op sorg, 'n persoon in sy eie reg en nie 'n "demoniese suigeling" wat net a) plesiersoekend is (Freud) of b) die klem plaas op infantiele alvermoëndheid (Klein) nie. Grotstein en Rinsley (2000) noem dat Freud die vader en sy rol opgehef het, Klein die moeder en haar rol en Fairbairn en Winnicot die kind. Alle mense is volgens Fairbairn (1940)

as gevolg van die endopsigiese situasie basies skisoïed en daarom is die basiese skisoïede posisie in alle mense aanwesig.

#### 4.3.2.1 Die basiese skisoïede posisie van alle mense

Reg deur die werke van Fairbairn word dit duidelik dat die rol van die moeder en haar vermoë om 'n veilige en liefdevolle omgewing vir die suigeling daar te stel van kardinale belang is en daarom aanleiding kan gee tot die ontwikkeling van patologie – die impak van die splitsing van die ego kan slegs volledig verstaan word as dit benader word vanuit 'n ontwikkelingstandpunt (Fairbairn, 1941). Fairbairn was van mening dat die basiese skisoïede persoonlikheidstrekke, wat Melanie Klein omskryf het as die *skisoïede posisie,* in alle mense aanwesig is aangesien die moeder nie te alle tye aan die suigeling se behoeftes kan voldoen nie. Aangesien moeders soms onbevredigend ervaar word, maak alle mense gebruik van splitsing tydens die orale fase om hierdie deprivasie deur die primêre objek (die moeder) te hanteer.

Fairbairn het volgens Kernberg (1980) sy teorie ontwikkel uit die analise van pasiënte se drome en die oordragverhouding met hulle. Dit is danksy die aandag wat hy gegee het aan die simboliese betekenis wat aan alle persone (eg of fantasie) in die droom gekoppel is, wat hy 'n kenmerkende stabiliteit in dié "personifiërings" opgemerk het. Kernberg (1980) verduidelik:

> This universal characteristic in dreams reflected a 'schizoid' operation, namely, a splitting of the ego in the service of defense, with a consonant splitting of a fundamental, core object that was libidinally invested and yet frustrating at the same time. Fairbairn described clinical connections between these universally 'schizoid' tendencies of dreams and the unconscious meaning of hysterical conversion symptoms, dissociative episodes, and multiple personalities. (p. 61-62)

Die frustrerende aspek van die objek word onderdruk as 'n slegte interne objek (die anti-libidinale objek) en die opwindende aspek van die objek, op sy beurt, as 'n nie-beskikbare onderdrukte libidinale objek, terwyl die segmente van die OE verwant aan die twee afgesplitste en onderdrukte aspekte van die objek die interne saboteur (later die anti-libidinale ego genoem) en die libidinale ego vorm. Die relatief arm SE is verwant aan die "ideale objek" of die deel van die oorspronklike geïnternaliseerde aspekte van die eksterne objek wat oorbly nadat die oortollige libido en aggressie van hierdie objek "afgeskeur" en saam met die frustrerende en opwindende aspekte onderdruk is. Die SE is die waarneembare ego of die "ek" (Fairbairn, 1944). Dit is veral in die oordragverhouding met die terapeut waar Fairbairn waargeneem het dat die terapeut aanvanklik deur die bewuste SE van die pasiënt as 'n IO waargeneem word. Kernberg (1980) verduidelik dat Fairbairn oortuig

was dat pasiënte hierdie ideale verhouding tot elke prys handhaaf. Die handhawing van die ideale verhouding is ‘n poging om die terugkeer van die slegte interne objek en die ooreenstemmende onbewuste behoefte te verhoed. Die terugkeer van die slegte objek word verhoed deur die onbewuste behoefte aan onderdanigheid, nousluitendheid, en masochistiese afhanklikheid op die sadistiese, vervolgende objek te projekteer op die analis. Deur die onbewuste behoefte te projekteer en die ideale verhouding te handhaaf, behou die pasiënt sy interne verhouding tussen die anti-libidinale ego en die libidinale ego.
Bo en behalwe hierdie verhouding met die libidonale objek om die losbreek van onbewuste slegte interne objekte te verhoed, poog pasiënte ook om ‘n *meer* gevreesde aktivering van die libidinale ego in verhouding met die libidinale objek teen te staan. Die rede hiervoor is die aanvalle deur die AE op die LE wat angs veroorsaak sodra die LE in verhouding wil staan met ‘n libidinale objek – die terapeut. Verder het Fairbairn uit sy studies van skisoïede persoonlikheidstipes antwoorde geformuleer vir die: “general questions of the origin of splitting of internalized objects, the nature of the conflicts involved, and the primary and secondary defensive operations characteristic of various types of psychopathology.” (Kernberg in Gotstein & Rinsley, 2000, p. 46)

Tydens sy analises van die superego-patologie in pasiënte wat afsydig was in die oordragverhouding het Fairbairn nie (soos reeds uitgewys) die verwagte verlaging in onbewuste skuld waargeneem nie, en hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die konflik dus pre-Oedipaal eerder as Oedipaal moet wees. Die skisoïede persoon het in die onttrekking uit die oordragverhouding gepoog om homself te verdedig teen die gevreesde aktivering van die basiese verhouding in die oordrag. Hierdie basiese verhouding in die oordrag word gekenmerk deur ’n libidinale belegging deur die analis wat veroorsaak dat die pasiënt dié ervaar as ‘n pre-Oedipale orale moeder. Die vrees by die pasiënt is dat sy eie liefde die objek wat libidinaal in hom investeer (in dié geval die terapeut) sal vernietig. Hierdie vrees het ontstaan tydens deprivasie toe die pasiënt as suigeling sy moeder as deelobjek ervaar het. Die kenmerkende gevoel en fantasie is gevolglik die oortuiging by die pasiënt dat sy eie moeder hom nie kon liefhê nie, aangesien hy haar bors (as deelobjek) vernietig het, deur dit leeg te maak. Sy eie liefde is dus te veel en het die moeder leeggemaak, en die moeder kan hom nie terug liefhê nie. Saam met hierdie vrees is daar die gevoel dat hy sy liefde mors op ‘n objek wat nie terug liefhet nie. Dus intensifiseer die orale behoefte aan liefde, maar bogenoemde gee ook daaraan ‘n aggressiewe kwaliteit, met die gevolg dat die pasiënt sy eie liefde as destruktief ervaar. Guntrip (1969) wys daarop dat hierdie die basiese skisoïede vrees is. Die pasiënt moet dus onttrek, nie alleen omdat hy nie reaksie kry op sy liefde nie, en die gepaardgaande gevoel dat sy eie liefde destruktief is en sy objek sal vernietig nie,

maar ook omdat die gebrek aan reaksie deur die moeder vir hom aanduidend is van haar aggressie teenoor hom:

> For all these reasons, the patient had to maintain a carefully guarded isolation and detachment in the transference, thus protecting the remaining 'ideal' relationship with the analyst (the relation between the residual, 'central' ego and the ideal object), while dissociating all his love and hate in the split-off repressed relations of segments of his ego (self) to bad and exciting objects. (Kernberg in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 46)

Hierdie onttrekking en emosionele afsydigheid van die skisoïede persoon is gekoppel aan die houding van alvermoëndheid, objektiewe isolasie en preokkupasie met die innerlike wêreld, aangesien die eksterne verhouding onbevredigend is. Skisoïede alvermoëndheid ontstaan by die gevoel dat die pasiënt sy interne wêreld kan beheer en manipuleer, wat 'n gevoel van vryheid en onafhanklikheid van die eksterne wêreld veroorsaak. Gevolglik vind skisoïede persone dit moeilik om in ander persone te investeer aangesien hulle fikseer of regresseer na 'n reseptiewe objekverhoudingstadium van inkorporasie, neem en totale afhanklikheid – hulle neem graag liefde, maar vermy om van hulself te gee. Om te gee, is om "leeg"-gemaak te word, 'n herinnering van die kere wat die moeder nie gereageer het op sy liefde nie. Fairbairn (1941) verduidelik dat die neiging om objekte as deelobjekte te oriënteer, veroorsaak dat die persoon ander mense hanteer as mense sonder inherente waarde van hul eie. Robbins (1992) wys daarop dat hierdie gedagtes en narsissisme na aan mekaar is en dat hoe groter die mislukking van die primêre objekverhouding, hoe ernstiger die splitsing van die ego en dieper die patologie en/of die ontwikkeling van grandieuse en onrealistiese idealisering. Kernberg (1980) verduidelik dat die persoon dus nie objekverhoudings het met 'n persoon nie, maar as gevolg van die egosplitsing en gepaardgaande libidinale investering en internalisering van die objek, slegs deelobjekverhoudings het. Die objek is dus óf goed óf sleg, maar nie beide nie. Liefde word gevrees en 'n verdere gevolg van die libidinale onttrekking van eksterne objekte om liefde te vermy, is verdere splitsingprosesse wat die SE verder verarm, en dus nie meer slegs 'n afwykende toestand reflekteer nie, maar 'n volgehoue aktiewe verdedigingsproses.

Uit bogenoemde bespreking van die basiese skisoïede eienskap van die mens word dit duidelik dat dit veral die internalisering van die objek en die vorming van verskillende egodele is wat die kern vorm van sy teorie. Hierdie vorming van egodele staan bekend as die endopsigiese situasie.

#### 4.3.2.2 Die endopsigiese situasie

Die hele endopsigiese situasie ontstaan uit ambivalente gevoelens wat die suigeling beleef uit sy verhouding met die eerste libidinale objek (moederbors en moeder). Die fokus van hierdie endopsigiese situasie is die splitsing van die ego (volgens die basiese skisoïede posisie) en sy objek en die gepaardgaande onderdrukking wat lei tot interne strukture (Fairbairn, 1944). Die suigeling is tydens die infantiele afhanklikheidsfase totaal afhanklik van sy moeder vir die bevrediging van beide fisieke en psigologiese behoeftes en sal nie aggressie teen sy moeder rig sonder enige frustrasie nie. Hierdie fase dien as basis vir die endopsigiese situasie en die differensiëring van die endopsigiese struktuur en beïnvloed toekomstige verhoudings. Dit is tydens die infantiele afhanklikheidsfase en veral tydens deprivasie wat die endopsigiese situasie ontstaan. Die endopsigiese situasie sal nooit nodig wees as die suigeling, soos Kestenbaum (1984) dit stel, onder die liefdevolle versorging van 'n goed-genoeg moeder, die wêreld waarneem as liefdevol en veilig nie.

In die geval van 'n onbevredigende moeder of frustrasie sal die suigeling sy moeder splits in 'n goeie (libido-bevredigende) en 'n slegte (libido-frustrerende aspek) objek omdat hy haar (oorspronklike objek) as ambivalent (gelyktydig opwindend en frustrerend) ervaar. Aangesien die orale fase deur inkorporasie gekenmerk word, is die suigeling van mening dat die enigste hulpbronne binne homself is en omdat die suigeling eerder self sleg sal wees as wat hy slegte objekte het, sal hy in 'n poging om sy moeder te beheer die slegte frustrerende objek internaliseer na sy eie interne realiteit. Aanvanklik was Fairbairn van mening dat dit net die slegte objek is wat geïnternaliseer word: "Fairbairn (1943) believed that the infant does not need to internalize a good object (or part-object), insofar as the object satisfies the infant's needs (Grotstein in Grotstein en Rinsley, 2000, pp. 114 -115).

Dit word egter duidelik tydens Fairbairn (1951) se verduideliking van die morele verdedigingsmeganisme dat dit ook die goeie objek is wat geïnternaliseer word as verdediging vir die ego teen interne aanvalle:

> Later, he allowed for the internalization of the accepted object. This ultimately becomes the IO descended from the preambivalent object of the early oral phase.It is internalized so as to modify the absolute badness of the primarily unaccepted object, which, upon internalization, becomes the EO and the RO. (Grotstein in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 117)

Ivey (1997) verduidelik dat die hele objek geïnternaliseer word om aan die een kant die ambivalente kwaliteite van die verhouding uit te skakel en aan die ander kant die risiko van verwerping en teleurstelling uit te skakel. Teleurstelling verwys hier na die onvermoë van die oorspronklike (net-goeie) objek om sy "afspraak" met die suigeling na te kom, wanneer dit

van kritieke belang is (Grotstein & Rinsley, 2000). Die gevolg van hierdie internalisering van biede objekte en die voortspruitende situasie is:

> one in which conditional goodness depends upon a preponderating identification with good internalized objects, and conditional badness upon a preponderating identification with bad internalized objects, and either of these alternatives presents itself as preferable to unconditional badness since even conditional badness leaves room for hope owning to the possibilities of repentance and forgiveness. (Fairbairn, 1951, p. 165)

Internalisering help dus die kind om bewustelik die eksterne wêreld as meer hanteerbaar waar te neem. Fairbairn (1943) verduidelik hierdie proses as hy noem dat uiterlike sekuriteit gekoop word ten koste van innerlike sekuriteit met die gevolg dat die ego oorgelaat word aan die genade van die nou interne slegte objek. Die ego is oorgelaat aan die genade van hierdie *dinamiese* interne objek (of strukture) aangesien s*trukture geskei van energie en energie geskei van strukture betekenislose konsepte is* (Fairbairn, 1946). Die mag wat die moeder egter in die eksterne werklikheid oor die kind gehad het, word in die interne werklikheid behou en steeds verlei en frustreer die moeder hom. Nou is dit 'n interne ondraaglike situasie. Hy word besit deur die interne objekte, amper soos deur 'n demoniese mag (Fairbairn, 1943). Weer maak hy gebruik van splitsing as verdediging teen die heel-geïnternaliseerde objek wat nou verdeel word in 'n verleidende en frustrerende deel. Omdat libido essensieel objeksoekend is en nie 'n bevredigende eksterne objek vind nie, is 'n deel van hom aangetrokke tot hierdie verleidende en frustrerende dele van die interne objek. Beide die ooropwindende en die oorverwerpende dele van die interne objek is onaanvaarbaar vir die OE en word afgesplits en onderdruk om sodoende interne aktiewe strukture in die psige te vorm. Die gevolg is dat dinamiese strukture ontstaan uit die splitsing van die ego in assosiasie met die gesplitste interne verleidende en frustrerende dele of objekte (Fairbairn, 1949). Die onverdeelde SE se verwerping van beide die verleidende en verwerpende interne objek word *primêre onderdrukking* genoem*. Sekondêre onderdrukking* vind plaas as die *SE* splits en die egodele wat geheg bly of in verhouding staan met een van die dele van die interne objek (verwerpte en verleidende deel) verwerp en onderdruk.

> The frustrating aspect of the object was repressed as a “bad internal object” (the anti libidinal object) and the exciting aspect of the object as the unavailable repressed libidinal object. The segments of the ego relating to these two split-off and repressed aspects of the object constituted the ‘antilibidinal ego’ and the “ibidinal ego.” (Kernberg, 1980, p. 61)

Die SE is die deel van die ego wat daarvoor verantwoordelik is om eerste die verleidende deel van die objek en daarna die libido-ego na die onbewuste te verban. Die SE is dus die deel van die ego wat oorbly nadat die egodele wat geassosieer word met die interne objek onderdruk is. Deur 'n maksimum aggressie te gebruik om 'n maksimum libido-ego te

onderdruk, vermy die suigeling om uitdrukking te gee aan libido en aggressie. Die oorblywende *libido* en *aggressie* word onderskeidelik opgeneem deur die LE en die interne saboteur of AE. Die oorblywende libido word deur die LE gerig op sy objek (OO) en in reaksie hierop rig die AE die oorblywende aggressie op die LE sowel as die objek (OO) waarmee hy in verhouding staan (Fairbairn, 1944, 1951).

Die objeksoekende strewe van die LE veroorsaak hardnekkige verbinding met die opwindende aspek van die objek wat dit moeilik maak om die objek te verwerp. Sodoende word die gehegtheidsband tussen die suigeling en die moeder verlaag en die interne realiteit behou. Aanvalle op die LE maak dat die LE sy verhouding met sy objek wil beskerm en dra daartoe by dat die behoeftigheid en haat teenoor die oorspronklik objek nie maklik laat vaar word nie, wat weer die onderdrukking deur die SE versterk. Die AE se band met die verwerpende deel van die interne objek hou weer die aggressie teenoor die interne objekte in stand. Die AE is 'n indirekte onderdrukker van slegs die LE en daarom is die libidinale komponente van die psige meer onderhewig aan onderdrukking as die aggressiewe komponente. Die LE beskerm die verhouding met sy interne objek (behoefte aan 'n moeder) omdat dit aangeval word deur die interne saboteur, met die gevolg dat daar ambivalente gevoelens ontstaan ten einde die objek in stand te hou.

Beide libido en aggressie word nie volledig onderdruk tydens die endopsigiese situasie nie. Die gevolg is 'n vrees by die kind dat indien hy haat/aggressie teenoor sy onbevredigende objek (moeder) sou uitleef, hy sy goeie objek sou verloor aangesien die suigeling glo dat hy so alvermoënd is dat hy haar as goeie objek sal vernietig. Ook kan die suigeling nie sy eie behoefte aan affeksie of libido wys nie. Hy kan nie sy behoefte wys nie, want dalk verloor hy sy eie goedheid (eie libido) en egostruktuur. Die gevolg is dat die suigeling as gevolg van sy behoefte aan liefde skuldig voel, en hy verlaag sy eie waarde en voel minderwaardig. Die intensiteit van hierdie ervaring is direk eweredig aan die intensiteit van die kind se behoefte en verhoging in die gevoel van slegtheid. Dit is hierdie situasie, interne konflik, skuld en vervolgingsangs wat ontstaan uit die vrees dat a) my liefde te veel is en my objek sal vernietig en b) my aggressie te destruktief is en my objek sal vernietig wat aanleiding gee tot patologie. Die suigeling skryf dus die ouer se onvermoë om vir hom te sorg toe aan homself en sy destruktiewe liefde en/of aggressie.

Die primêre objek is daarom die oorspronklike model van die verwerpende geïnternaliseerde objek en in die naam van hierdie objek word die aggressie van die AE gerig op die LE wanneer hy poog om in verhouding te tree met 'n libidinale objek.

Ook die verhouding met die vader word besoedel deur wisselvallighede wat ervaar is tydens die vorming van hierdie oorspronklik model. Teoreties gesproke word die vader dus ook 'n ambivalente objek en die kind ervaar ook ambivalensie teenoor hom. Die oorspronklike situasie herhaal homself nou met 'n nuwe objek, maar die reeds aangeleerde tegnieke word weer gebruik (Fairbairn, 1944). Die nuwe paternale objek is dus gedeeltelik besmet en uitgebrand deur die onderskeie maternale objekte. *Maternale objekte is soos 'n parasiet wat klou aan die nuwe interne objekte*. Die kind het nou twee interne objekte wat beide opwindend en verwerpend is. Dit is ondraaglik en hy etiketteer een ouer as verwerpend en die ander een as opwindend. Primêre identifikasie is dus van kardinale belang, omdat, wanneer nuwe objekte geïnternaliseer word, word dit opgeneem binne die reeds bestaande interne OO en VO wat gebasseer is op die oorspronklike maternale verhouding.

Depressiewe gevoelens ontstaan dan omdat beide affeksie en aggressie *nie direk gerig kan word op die eksterne objek nie, maar eerder op die LE en sy interne objek*. Aanvanklik is die suigeling dus narsissisties (affeksie gerig op self) en depressief, want depressie is die verlies van die goeie objek: dit is makliker om ontslae te raak van jouself as om ontslae te raak van aggressie. Skisofrenie is weer die gevolg van verlies van libido of egostruktuur, want om ontslae te raak van libido is moeiliker as om ontslae te raak van aggressie. Angs ontstaan as onbewuste (interne objekte) spontaan na die bewuste vlak beweeg of as daar ooridentifikasie met geïnternaliseerde slegte objekte plaasvind wat tot 'n gevoel van haat vir die self lei. Slegs as onderdrukking misluk en die ego bedreig word, word die vier klassieke patologiese verdedigingstegnieke gebruik om geïnternaliseerde objekte te beheer (Fairbairn, 1943). In opsomming van die endopsigiese stituasie word die proses van sekonêre onderdrukking en die verskillende ego's strukture weer genoem.

Sekondêre onderdrukking is die aggressie wat deur die IS gerig word op die LE en sy objek. *Uit die splitsing van die OE tydens die endopsigiese situasie* ontstaan die basiese skisoïede posisie wat die ontwikkeling van die depressiewe posisie voorafgaan en die volgende endopsigiese strukture ontstaan:

1) Die *Sentraal- of Waarneembare ego – die "ek".* Dit kan omskryf word as die deel van die OE wat oorbly nadat die slegte objek geïnternaliseer is, om beide die verwerpte en onbewuste *IS* en *LE* te vorm.
2) Die *Interne saboteur* (IS) of Fairbairn se later term (anti-libidinale ego) is die onderdrukte deel van die SE wat in verhouding staan met die frustrerende deel van die interne slegte objek.

3) Die Libidinale *ego* is die onderdrukte deel van die SE wat in verhouding staan met die opwindende deel van die interne slegte objek. Dit is dus die behoeftige deel van die ego wat aangetrokke is tot die bestaande objek (Fairbairn, 1944).
4) Die G*eïdealiseerde objek of ego-ideaal* wat die positiewe aspek van die oorspronklike objek (moeder) is en geïnternaliseer was as ‘n verdediging teen die aanvalle van die interne slegte objek (Ivey, 1997).

Grotstein som die endopsigiese situasie goed op:

> The internalized objects are reconstituted with corresponding parts of the original ego as endopsychic structures. A rejecting object (hereafter abbreviated as RO), in identification with an anti-libidinal ego (AE), constitutes a primitive negating superego toward its opposite counterpart, the exciting object (EO), and its partner in identification, the libidinal ego (LE). Whereas topographically, both are repressed horizontally by the central ego (CE) in association with the ideal object (IO) the RO and the AE secondarily repress the EO and LE vertically. Thus a maximum of repression (CE/IO in addition to RO/AE) is directed towards the needy LE in its relationship to its EO. (Grotstein in Grotstein & Rindley, 2000, p. 115)

Noudat die endopsigiese situasie bespreek is, kan die ontwikkeling van die ego en die persoonlikheidstruktuur aandag geniet.

#### 4.3.2.3 Persoonlikheidstruktuur en ontwikkeling van die ego

Die resultaat van die endopsigiese drama is die direkte onderdrukking deur die SE van die LE en sy opwindende objek, sowel as die AE en sy VO, of anders gestel die interne-objekverhoudings tussen aktiewe dinamiese strukture binne die persoonlikheid, wat ‘n invloed het op eksterne verhoudings. Reg deur ontwikkeling verander en vergroot die kind se verhoudings met objekte vanaf ‘n infantiele afhanklike verhouding met die moeder na ‘n volwasse afhanklikheid; ‘n komplekse sisteem van sosiale verhoudings van alle vlakke van intimiteit. Die feit dat die libido objeksoekend is, word opgesom deur een van Fairbairn (1946) se kliënte: “You’re always talking about my wanting this and that desire satisfied, but what I really want is a Father!” (p. 137).

Murray (1991) stem baie ooreen met Fairbairn as sy sê: Tot die mate waartoe die moeder in staat is om te identifiseer met haar baba en die wisselvallige gevoelens wat haar suigeling in haar losmaak, kan inhou, tot daardie mate sal sy op ‘n aanvaarbare manier reageer wat aan haar suigeling se behoeftes sal voldoen. *Slegs dan kan die kind volledig op objekte vertrou, angs hanteer en wegbeweeg van infantiele afhanklikheid*. In die geval van deprivasie, as die tegnieke van die suigeling om angs te hanteer, nie werk nie, kan dit versteurings veroorsaak. Die suigeling internaliseer objekte om dit te beheer (aggressiewe motief as gevolg van

frustrasie) maar hoofsaaklik omdat die libido objeksoekend is, en as die libido nie 'n gepaste eksterne objek vind nie, skep hy 'n gepaste interne objek. Infantiele afhanklikheid vorm dus die basis van die endopsigiese situasie en dien as differensiëring van die endopsigiese struktuur. Dit is tydens die endopsigiese drama wat die SE se sterkte bepaal word aangesien die SE se sterkte direk eweridig is aan die mate waartoe die suigeling splitsing en sekondêre onderdrukking gebruik. Hoe groter die AE en LE hoe swakker die SE. Die impak van die endospigiese situasie op die vorming van die SE is dus duidelik. Om die rol van die endopsigiese situasie ten volle te begryp moet dit verstaan word binne die raamwerk van die verskillende ontwikkelingsfases aangesien dit in die verskillende ontwikkelingsfases is wat die endopsigiese situasie se rol in die vorming van patologie duidelik waargeneem kan word.

**4.3.2.4 Drie fases van ontwikkeling en hul rol in patologie**

In sy verduideliking van patologie begin Fairbairn (1941) deur die tekortkomings van 'n libido-teorie uit te wys en te argumenteer vir 'n objekrelasie-teorie. Vir hom kan die impak van die splitsing van die ego egter slegs volledig verstaan word vanuit 'n ontwikkelingstandpunt. Drie ontwikkelingsfases was vir hom belangrik:

1. Die fase van *infantiele afhanklikheid* (of die Pre-ambivalente fase) – word gekenmerk primêr deur 'n houding van neem en bestaan uit twee subfases naamlik:
    a. *Vroeë orale fase* – inkorporasie en konflik tussen suig en nie suig (liefde of aanvaarding en verwerping van objek).
    b. *Laat orale fase* – inkorporasie en konflik tussen suig en byt (liefde of aanvaarding en aggressie of verwerping) – die Ambivalente fase.
2. Kwasi-interafhanklike of transisiefase tussen die infantiele afhanklikheidsfase en die volwasse afhanklikheidsfase – digotomiese objekte en eksternalisering ("exteriorization") van die geïnkorporeerde. Die heelobjek word dus behandel as inhoud.
3. Fase van volwasse afhanklikheid, primêr gekenmerk deur 'n houding van "gee" en die aanvaarding en verwerping van eksterne objekte – heelobjekte met genitale organe.

Fairbairn (1941) trek die volgende verbande tussen psigologiese toestande (of patologie) en hierdie ontwikkelingsfases:

*1) Die skisoïede* toestand van die mens en splitsing word in verband gebring met die vroeë orale fase wat gekenmerk word deur die suig van die moederbors; *depresiewe toestand* word weer gekoppel aan die laat orale fase wat gekenmerk word deur die byt van die moederbors (aggressie); 2) die *fobiese* toestand met die transisiefase gekenmerk deur pogings om gedifferensieerde verhoudings ("ek", "nie-ek") met eksterne heelobjekte daar te stel; 3) die *paranoïede* toestand met die anale fase gekenmerk deur 'n primitiewe anale tegniek waar die objek verwerp word, terwyl die 4) *obsessionele* persoon (ook verwant aan

die anale fase) egter gebruik maak van ‘n meer gevorderde tegniek om beheer te kry oor die objek; en 5) die *histeriese* toestand met die genitale of falliese fase wat gekenmerk word deur pogings om die verhouding te verbeter deur genitale oorgawe te verwerp. Fairbairn sien egter nie die *paranoïede, obsessiewe, histeriese en fobiese toestand* as produkte van fiksasie op spesifieke fases nie, maar eerder as verskillende verdedigingstegnieke wat in diens geneem word om die ego te beskerm. Hy gee twee redes vir sy siening uit die analise van bogenoemde toestande: a) die aanwesigheid van orale konflikte en b) die feit dat hierdie toestande die algemene voorlopers is van, en samehangend voorkom met die skisoïede en depressiewe neigings in alle mense.

Die mond is eksklusief die pad vir die suigeling wat die minste weerstand bied teen objekbevrediging en daarom primêr ‘n libidinale objek. Net so is die genitale area weer die pad wat die minste weerstand bied vir die volwasse ontwikkelde persoon se behoefte aan objekbevrediging. Die genitale houding is dus essensieel ook libidinaal[31], maar is slegs een van vele kanale om bevredigende libidinale verhoudings daar te stel. Die belangrikheid van die genitale fase lê in die *volwassenheid van die objekverhouding* en die genitale houding is daarom slegs ‘n element van volwassenheid. Die belangrikheid van die orale stadium lê weer in die *onvolwassenheid van die objekverhouding*, en die orale houding is daarom slegs ‘n element van afhanklikheid met die klem op die fisieke.

Die grootste behoefte by die kind is dus om sekerheid te kry oor of a) sy ouers hom as persoon werklik liefhet en b) sy ouers sy liefde aanvaar. Slegs as die ouers aan beide hierdie behoeftes voldoen, kan die kind volledig op werklike objekte vertrou en wegbeweeg van infantiele afhanklikheid sonder oormatige skeidingsangs. Wanneer hierdie twee behoeftes nie bevredig word nie, sal daar ‘n oormaat skeidingsangs wees en die houding van infantiele afhanklikheid sal nie prysgegee kan word nie. Om tydens ‘n oormaat skeidingsangs hierdie posisie prys te gee, is soos om alle hoop prys te gee om ooit hierdie onbevredigde behoeftes bevredig te kry. Die frustrasie as gevolg van hierdie behoefte om as persoon liefgehê te word en dat ander sy liefde moet aanvaar, is die grootste trauma wat ʼn kind kan ervaar. Hierdie trauma veroorsaak die ontplooïng van die verskillende verdedigingstegnieke en die vind van substituut-objekte, aangesien sy eie emosionele verhouding met die uiterlike objek onbevredigend was. Deur die *outo-erotiese*[32] aktiwiteit verkry die suigeling die belangrike verhouding met die interne objek en hy suig sy duim aangesien daar nie ‘n objek in die eksterne wêreld (die moederbors) beskikbaar is nie. Om ‘n verhouding met die duim te hê,

---

[31] Hierdie genitale houding is egter nie kenmerkend genitaal nie, maar ontwikkeld. Ware genitale seksualiteit kan dus slegs beleef word as daar bevredigende objekverhoudings gevorm is.
[32] ‘n Tegniek wat gebruik word deur ‘n persoon om aan homself te voorsien dit wat hy nie kry by sy objek nie, maar dit behels ook die skep van ‘n objek wat hy nie kan kry nie.

moet die suigeling dus 'n geïnternaliseerde objekverhouding hê: "It is no exaggeration to say that the whole course of libidinal development depends upon the extent to which objects are incorporated and the nature of the techniques which are employed to deal with incorporated objects" (Fairbairn, 1941, p. 34).

As voorbeeld van substituut-objekte verduidelik Fairbairn (1940) die volgende:

> ...(masturbation and anal erotism) all represent relationships with internalized objects, to which the individual is compelled to turn in default of a satisfactory relationship with objects in the outer world. Where relationships with outer objects are unsatisfactory, we also encounter such phenomena as exhibitionism, homosexuality, sadism and masochism; and these phenomena should be regarded as in no small measure attempts to salvage natural emotional relationships which have broken down. (p. 40)

Noudat daar 'n oorsig gegee is oor die verskillende ontwikkelingsfases en die gepaardgaande verdedigingstegnieke sal hierdie drie ontwikkelings fases, die rol van die interne objekte en ontwikkeling van die objekverhoudings (intern en ekstern) en die kwaliteit van die afhanklikheid van die objek, bespreek word.

*4.3.2.4.1 Die ontwikkeling van die objekverhouding en die kwaliteit van afhanklikheid*

Die ontwikkeling van die objekverhoudings is essensieel "*a process whereby infantile dependence upon the object gradually gives place to mature dependence upon the object"* (Fairbairn, 1941). Hierdie proses word gekenmerk deur a) 'n geleidelike verwerping van die oorspronklike objekverhouding (gebaseer op *primêre identifikasie*[33]) en b) die geleidelike aanneming van 'n objekverhouding gebaseer op differensiasie van die objek – 'n verandering vanaf 'n orale "neem"-houding na 'n ontwikkelde volwasse houding van "gee" en interafhanklikheid: "Dependency has now become the central issue in psychoanalytic theory and technique. In Fairbairn's terms, the issue is how to allow infantile dependency to emerge into mature (mutual) dependency, or what we would now call 'interdependency'" (Grotstein & Rinsley. 2000, p. 9).

Normale ontwikkeling word dus gekenmerk deur die progressiewe differensiasie van die objek en 'n verlaging in identifikasie. Ego-ontwikkeling geskied dus deur drie fases, naamlik: 1) *infantiele afhanklikheid* wat die *vroeë en laat orale fase insluit*; 2) *transisionele of kwasi-onafhanklike fase*; en 3) *volwasse afhanklikheid*.

---

[33]*Primêre identifikasie* is die proses waar katekse van die objek ongedifferensieerd is van die objek wat die katekse veroorsaak. [*Katekse* of besetting is weer die "proses waardeur libido of psigiese energie gefikseer word op, of belê word in 'n opbjek soos 'n persoon" (Plug, Louw, Gouws, & Meyer, 1997, p.42).] Hierteenoor verwys *identifikasie* na 'n verhouding gebaseer op ongedifferensieerdheid met 'n objek wat reeds tot 'n sekere mate gedifferensieer is.

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


*4.3.2.4.2 Fase 1: Infantiele afhanklikheid*

(fase waar gepaste objek die moederbors is)

Infantiele afhanklikheid is universeel by alle mense en niemand word ooit volledig vrygemaak van die toestand nie, met die gevolg dat alle mense in 'n mindere of 'n meerdere mate oraal gefikseer is en gebruik maak van internalisering. Onderliggend aan alle mense is daarom 'n basiese skisoïede en depressiewe neiging.

Die orale aspek maak die libidinale houding een van inkorporasie en internalisering, 'n houding van neem. Hierdie fase word verdeel in die vroeë orale (pre-ambivalente) en die laat orale (ambivalente) stadium. In die vroeë orale (pre-ambivalente) stadium oorheers die bors (as deelobjek) met die mond as orgaan, en die verhouding word gekenmerk deur ekstreme afhanklikheid. Die inkorporatiewe houding terwyl die kind aan die bors suig, is een van verwerping of liefde.

Die *laat orale* fase bestaan uit twee dele. Eerstens, *orale liefde* (die suig van die moederbors). Tweedens, *orale haat* (die byt van die moederbors). Dit is die suigeling se eerste sosiale verhouding en ervaring van 'n liefdesverhouding. Dit vorm ook die fondasie waarop alle verdere verhoudings met liefdesobjekte gebou word. Dominerend hier vir die persoon is die vraag: *Hoe het ek lief sonder om my objekte deur haat te vernietig*? Dit is die verwerping van aggressie eerder as liefde wat probleme veroorsaak.

Die volgende kan *oor die suigeling* tydens die infantiele afhanklikheidsfase gesê word: 1) hy word gebore met 'n volledige heel-ego of self (Scharff & Scharff, 1997)[34]; 2) hy is onvoorwaardelik en totaal afhanklik van sy eksterne objek en die bevrediging deur hierdie objek vir sy fisieke en psigologiese behoeftes; 3) hy het net *een* objek en kan die objek daarom nie verloor nie; 4) hy kan egter ook nie die objek kies nie en het een van twee keuses: hy moet die objek of aanvaar of verwerp – vir hom 'n keuse tussen lewe en dood; en 5) die aard van sy objekverhouding is gebaseer op identifikasie en sy objek is daarom biede sy wêreld en homself.

Fairbairn (1940) verduidelik dat die verhouding met die primêre objek bevredigend is as die spontane en egte uitdrukkings van affeksie deur die moeder die suigeling oortuig dat die moeder werklik vir hom omgee en lief is. Indien die primêre objekte die suigeling kan behou, sal die suigeling nie nodig hê om gebruik te maak van internalisering nie, aangesien die

[34] Van die staanspoor af het die suigeling dus 'n OE of self waaruit (in die geval van deprivasie) die SE en die verskillende afgesplitste egodele ontstaan wat later geassosieer word met verhoudings met mense (Sutherland in Grotstein & Rinsley, 2000).

interpersoonlike verhouding inherent bevredigend is. Om 'n outonome self te ontwikkel, benodig die suigeling dus liefdevolle versorging. Dit is paradoksaal, aangesien die suigeling slegs in afhanklikheid van 'n liefdevolle moeder 'n outonome self kan ontwikkel. Aan die een kant dra die primêre verhouding met die moeder by tot die ontwikkeling en daarstel van sekuriteit en 'n gevoel van self, en aan die ander kant is die verhouding met die vader essensieel tot die besef van die volle outonome potensiaal en volkome waardering van die self. Solank as wat infantiele afhanklikheid egter voortduur, bly identifikasie die meer kenmerkende aspek van die individu se emosionele verhouding met sy objek. Uit identifikasie ontstaan daar 'n houding van narsissisme (die prominente eienskap van infantiele afhanklikheid en beide die vroeë en laat orale fase): "Indeed primary narcissism may be simply defined as just such a state of identification with the object, secondary narcissism being a state of identification with an object which is internalized" (Fairbairn, 1941, p. 48).

In narsissisme van die *vroeë orale fase* is die objek "die bors van die moeder" en in die laat orale fase "die moeder met die bors". Die oorgang behels dus die uitruil van deelobjekte vir heelobjekte en die gepaardgaande houding van aggressie of byt in die laat orale fase.
In die vroeë orale fase kan die inkorporatiewe drang destruktief wees in die sin dat dit wat geëet word, verdwyn. Sover as wat 'n objek as "goed" ervaar word, word die inhoud geïnkorporeer, maar sover as wat dit as "sleg" ervaar word, word die inhoud verwerp. Die konflik hier is om die moederbors te "suig of nie te suig nie" (om lief te hê of nie lief te hê nie) – die basiese konflik van die skisoïede toestand en vrees dat my liefde te veel is .

In die *laat orale fase* is die situasie anders aangesien die objek gebyt kan word as dit sleg is, wat beteken dat 'n gedifferensieerde aggressie en libido gerig kan word op die objek en vandaar die kenmerkende ambivalensie van die laat orale fase. Die konflik hier lê in die keuse om te "suig of om te byt" (om lief te hê of om te haat) – die basiese konflik van die depressiewe toestand en vrees dat my haat destruktief is en my objek sal vernietig.

4.3.2.4.2.1 Die skisoïede toestand

Die konflik van die skisoïede toestand is meer vernietigend as die konflik van die depressiewe toestand, aangesien eersgenoemde sy ontstaan het in die vroeë fase van ontwikkeling, bydra tot groter patologie en dus moeiliker opgelos word. Fairbairn (1941) verduidelik die tragedie van die skisoïede individu en onttrekking van libido:"…the great tragedy of the schizoid individual that his love seems to destroy; and it is because his love seems so destructive that he experiences such difficulty in directing libido towards objects in outer reality" (p. 50).

Die skisoïede persoon raak bang om lief te hê, hou homself en sy objekte op ‘n afstand, verwerp die objek en weerhou libido van hom, selfs in so ‘n mate dat die emosionele en fisieke kontak met ander verwerp word en die libidinale skakels met die eksterne realiteit ook prysgegee word. Alle belangstelling in die wêreld kwyn weg en alles raak betekenisloos en in die mate wat libido onttrek word van die eksterne objekte word dit gerig op die interne objekte en raak die persoon meer van ‘n introvert. Interne objekte is dinamies en kan steeds in die wêreld van eksterne objekverhouding indring wat veroorsaak dat die ware eksterne objek ook vir die individu verlore raak.

> The schizoid personality is characterized by an impoverished central ego relating to objects mostly stripped of their aggressive and libidinal characteristics, a general impoverishment of the affective capabilities of the central ego, and a withdrawal into an internal world of fantasy which permits the gratification of libidinal and aggressive needs intrapsychically and is reflected in detachment, secrecy and subtle superiority in the relation with external objects... representing a highly pathological fixation at or regression to the basic intrapsychic organization elaborated into a specific clinical syndrome. (Kernberg in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 53)

Dit is beide die verlies van die ware eksterne objek en hierdie egoswakheid wat vir die persoon[35] problematies is en ‘n gevoel van magteloosheid en nutteloosheid is die kenmerkende affek van die skisoïede posisie. Die moeder is dus as onbevredigend as deelobjek ervaar. Die gevolg was splitsing, die endopsigiese situasie, splitsing van die ego en die dinamiese interne egodele wat ontstaan as gevolg van internalisering van die objekverhouding. Die neiging om objekte as gedeeltelik te oriënteer, veroorsaak dat die persoon ander mense hanteer as mense sonder ‘n inherente waarde van hul eie. Die onttrekking van die libido en splitsing van die ego intensifiseer die effek en omvang daarvan op die self. Dele van die ego word saam met die objek na die onbewuste verban en noudat libido onttrek word van die bewuste dele van die ego is dit slegs die onbewuste egodele wat die funksie van die ego kan oorneem.

Die ego beskerm homself teen die vrees dat sy liefde vernietigend is deur libido te onttrek, die libidinale behoefte om in verhouding te staan te onderdruk en sodoende word alle emosionele verhoudings met eksterne objekte verhoed. Deur libido te verwerp, verwerp die ego die basiese energie wat dit aanmekaar hou en so raak die ego verlore:

[35] Egoswakheid is die gevolg van oormatige libidinale investering op die interne objek wat ‘n gevoel van superioriteit oor die interne objek gee. Die individu voel egter steeds minderwaardig teenoor sy eksterne objek – ‘n teken van egoswakheid wat homself nie spontaan kan uitdruk nie.

> L*oss of the ego* is the ultimate psychopathological disaster which the schizoid individual is constantly struggling, with more or with less success, to avert by exploiting all available techniques (including the transitional techniques) for the control of his libido. In essence therefore, the schizoid state is not a defense, although evidence of the presence of defenses may be detected in it. It represents the major disaster which may befall the individual who has failed to outgrow the early oral phase of dependence. (Fairbairn, 1941, p. 53)

4.3.2.4.2.2 Depressiewe toestand

Die depressiewe persoon (verwant aan die laat orale fase) ervaar sy liefde egter as goed en is daartoe in staat om libidinale verhoudings met eksterne objekte te stig, maar dit is die ervaarde ambivalensies wat dit moeilik maak om die verhouding te handhaaf. So ‘n persoon kan suksesvol ‘n substituut-objek vind vir direkte aggressie (byt nie meer die moederbors nie) maar kan nie die verdere stappe van ontwikkeling, om objekte te splits, voltooi nie. Splitsing stel hom in staat om ontslae te raak van haat deur dit te rig op die verwerpte objek, maar as hy nie die objek kan splits nie, voel hy ambivalensie teenoor die geïnkorporeerde objekte. Die depressiewe persoon het dus nog nie die vermoë om die oorspronklike objek op te deel in ‘n digotomiese objek nie – ‘n verwerpte deel (waarop haat en aggressie gerig kan word) en ‘n aanvaarde deel (waarop liefde gerig kan word). Solank as wat eksterne aanpassing in ag geneem word, beleef die persoon geen blokkasies wat die uitwaartse vloei van libido keer nie. Die innerlike situasie kan egter gereaktiveer word en indring in die eksterne objekverhoudings indien die libidinale verhoudings van die depressiewe persoon versteur word. Enige versteuring bring haat-elemente na vore en is dus gerig op die geïnternaliseerde objek wat skuld en ‘n *depressiewe* reaksie veroorsaak. Dus, vir die depressiewe persoon is dit die verwerping van haat wat baie moeilik is. Frustrasie in die objekverhoudings is dus funksioneel gelyk aan die verlies van die objek. Fairbairn stel dit so: “Severe depression is so common a sequel to actual loss of the object (whether by the death of a loved person or otherwise), *loss of the object* must be regarded as the essential trauma which provokes the depressive state” (Fairbairn, 1941, p. 54). Aangesien die depressiewe persoon ook steeds in ‘n mate met objekte identifiseer, word die verlies van dele van die liggaam ook gesien as die verlies van die objek. In sover as wat die suigeling met slegte interne objekte identifiseer of in verhouding staan is hy self ook onvoorwaardelik sleg.

Hierdie twee tipes patologie ontwikkel in ‘n onvermoë deur die individu om gedurende die infantiele afhanklikheidsfase bevredigende verhoudings met eksterne objekte te ontwikkel. Die traumatiese situasie in beide gevalle is een waarin die kind voel dat mense hom nie werklik liefhet nie, en dat sy eie liefde nie aanvaar word nie – omdat sy liefde sleg is of omdat sy aggressie destruktief is – met laasgenoemde wat onderskeidelik die skisoïede en die depressiewe patologiese neigings veroorsaak.

*4.3.2.4.3 Fase 2: Kwasi-interafhanklikheid of transisiefase*

(*transisie tussen infantiele en volwasse afhanklikheid en dié se patologie)*

Hierdie fase poog nie slegs om verhoudings met gedifferensieerde eksterne heelobjekte daar te stel nie, maar ook om reeds geïnternaliseerde objekte te verstaan en te beheer. Dit is ‘n fase van wisselvallighede wat uit die moeilikhede van die oorgang na volwasse afhanklikheid ontstaan en word gekenmerk deur konflik sowel as verdedigingstegnieke. Die mees kenmerkende aspek van die *infantiele afhanklikheid* is die primêre identifikasie met die objek en psigologies gesproke is beide primêre identifikasie en infantiele afhanklikheid aspekte van dieselfde fenomeen.

Volwasse afhanklikheid het egter te make met ‘n verhouding tussen twee onafhanklike individue, wat gedifferensieer is van mekaar maar gesien word as gelykes. Die soort verhouding is die ideaal, maar wat egter waar bly, is:

> …that the more mature a relationship is, the less it is characterized by primary identification, for what such identification essentially represents is failure to differentiate the object... the abandonment of infantile dependence involves an abandonment of relationships based upon primary identification in favour of relationships with differentiated objects. (Fairbairn, 1940. p. 42)

Wanneer identifikasie egter te lank voortduur, ten koste van differensiasie, kom ‘n kompulsiewe element in die individuele houding teenoor die objek na vore. Dit is moeilik om ontslae te raak van ‘n objek wat geïnternaliseer is. Die individu is egter nie gepreokkupeer met die verwerping van inhoud of objek omdat hy anaal is nie, maar hy is anaal omdat hy gepreokkupeer is met die verwerping van inhoud. Die konflik in die transisiefase word gekenmerk deur die aggressiewe behoefte om die infantiele afhanklikheid en identifikasie met die objek prys te gee en ‘n regressiewe behoefte of drang om die houding te handhaaf – die desperate behoefte om te skei van die objek en om in verhouding te staan met die objek (“in-out movement”). Aanvanklik ossilleer die persoon tussen hierdie twee behoeftes en dit dra by tot a) die fobiese angs van skeiding van die objek wat manifesteer in die vrees vir isolasie en b) identifikasie wat weer beleef word as ‘n vrees om ingeperk of verswelg te word.

Die *transisiefase* word dus gekenmerk deur a) die geneigdheid om infantiele afhanklikheid prys te gee en geleidelik ‘n houding van volwasse afhanklikheid en verhouding met heelobjekte (beide goed en sleg) te aanvaar; b) die verwerpingstegniek (anale fase) – ‘n simboliese en emosionele verwerping van die objek. Laasgenoemde het ‘n psigologiese betekenis van mag en beheer oor die objek. Die fase begin sodra die ambivalensie van die laat orale fase plek maak vir ‘n houding waar die objek as digotomies gesien kan word. Beide

die verwerpte objek en aanvaarde objek word as intern gehanteer – die verwerping van die objek speel dus in hierdie fase 'n belangrike rol[36]. Ossillasie tydens die transisionele konflik tussen uitwerping en inhouding (van die interne objek) word onderskeidelik gekenmerk deur twee obsessionele angste: 1) 'n vrees om leeggemaak te word en 2) 'n vrees om te bars of om 'n interne siekte te ontwikkel. Fobiese en obsessionele tegnieke is dus twee tegnieke om dieselfde konflik op te los. Dit bring die navorser by die vier basiese tegenieke wat tydens die transisie fase gebruik word om objekte te beheer en ontslae te raak van vroeër geïnternaliseerde objekte.

4.3.2.4.3.1 Vier basiese verdedigingstegnieke

Vier basiese tegnieke word gebruik om objekte te beheer en ontslae te raak van vroeër geïnternaliseerde objekte, sonder om hulle te verloor. Die basiese tegnieke om te *oorleef* sluit in: a) *Onbewuste of bewuste rolspel*: 'n bewaring van die persoonlikheid: "Ek gee niks en ek verloor niks". Moet dit nie ; wees nie? b) *Ekshibisionistiese tegniek:* "Ek gee sonder om te gee of omdat ek moet". c) *Inkorporasie en die* libidinale *houding*: Die suigeling beleef die moeder as slegte objek en beleef die emosionele verhouding met eksterne objekte as sleg, gevolglik word die objekte na die interne realiteit verplaas en fiksasie in dié orale fase word deel van die egostruktuur. Samehangend hiermee as verdediging teen emosionele verlies is die onderdrukking van emosies en 'n houding van losmaking van eksterne objekte. d) *'n Verhouding met die geïnternaliseerde objek:* "Ek het 'n verhouding met myself, want ek kan dit beheer". Die angs om die objek deur verwerping te verloor, is te groot en die verhouding is gebaseer op deelobjekte eerder as heelobjekte. Om byvoorbeeld geboorte te skenk, sal dan ervaar word as 'n verlies van self aangesien dit die oordrag van interne inhoud (oorspronklike objekverhoudings) na eksterne realiteit simboliseer.

*1) Die fobiese tegniek* – Die konflik onderliggend aan die tegniek sentreer tussen 'n toenadering tot die objek (aanvaarding van die objek) en 'n ontvlugting (verwerping) weg van die objek (In beide gevalle word die objek egter as ekstern hanteer). Anders gestel: die geveg om weg te breek van en 'n terugkeer na die objek. Dis daarom 'n *passiewe* houding wat minder aggressief is aangesien die keuse slegs lê tussen mag oor die objek of onderdanigheid aan die objek.

*2)* Die *obsessionele tegniek* – Die konflik sentreer rondom uitwerping en inhouding of retensie van die objek en sy inhoud en is daarom 'n meer *aktiewe* houding wat meer overte

[36] Paranoïede en obsessionele tegnieke is daarom nie fiksasies van die laat orale fase nie, maar beide kombineer eerder die aanvaarding van die goeie objek terwyl die slegte objek verwerp word.

(waarneembare) aggressie teenoor die objek bevat. Beide die aanvaarde en verwerpte objek word as intern gehanteer.

3) Die *histeriese tegniek* is 'n spesiale verwerpingstegniek as gevolg van fiksasie in die falliese fase en verteenwoordig die differensiasie van die laat orale fase tussen twee objekte – die aanvaarde en verwerpte ouer. Die konflik sentreer rondom aanvaarding of verwerping van die objek met die aanvaarding van die objek duidelik sigbaar in 'n intense liefdesverhouding wat die idee skep van oorkompensasie vir verwerping. Die histeriese tegniek maak die persoon kwesbaar vir dissosiatiewe fenomene (verwerping van die genitale). Dit is veral 'n orgaan of 'n funksie van die individu self wat gedissosieer word. Die verwerpte objek is daarom 'n geïnternaliseerde objek waarmee daar geïdentifiseer word, met die aanvaarde objek 'n geëksternaliseerde objek aangesien die eksterne objek deur die histeriese persoon oor geëvalueer word. Histeriese persone oorevalueer dus die objekte in die eksterne wêreld en: " is thus seen to be characterized by acceptance of the externalized object and rejection of the internalized object – or, alternatively, by externalization of the accepted object and internalization of the rejected object" (Fairbairn, 1941, p. 45).

*4) Die paranoïede tegniek* is 'n hoër vorm van verwerping en die slegte interne objek word geëksternaliseer en as aktief sleg gesien – 'n vervolger. Die objek in die eksterne wêreld word dus as vervolgend gesien. Waar die histeriese persoon se dissosiasie 'n vorm van self-minagting is, is die houding van die paranoïede individu een van grandiositeit. Verder wys Fairbairn (1941) daarop dat:"*The paranoid state* must, accordingly, be regarded as representing rejection of the externalized object and acceptance of the internalized object – or, alternatively, externalization of the rejected object and internalization of the accepted object" (p. 45).

Fairbairn sien dus die paranoïede, obsessionele, histeriese en fobiese toestande as die verskeidenheid tegnieke wat in diens geneem word om die ego te beskerm teen konflikte van 'n orale oorsprong (1940, p. 30). Hierdie vier toestande en die wyse waarop die VO en die AO hanteer word word in Tabel 4.1 uiteengesit en deur Fairbairn (1941) as volg saamgevat:

> If in the case of the phobic state both the accepted and the rejected objects are treated as external and in the obsessional state both are treated as internal, the situation as regards to hysterical an paranoid states is that one of these objects is treated as an externalized object and the other as an internalized object. In the hysterical state, it is the accepted object that is externalized, whereas, in the paranoid state the object which is externalized is the rejected object. (Fairbairn, 1941, p. 45)

Tabel 4-1 Vier tegnieke van die transisiefase en hul objekte

| TEGNIEK | AANVAARDE OBJEK | VERWERPTE OBJEK |
|---|---|---|
| Obsessionele: | Geïnternaliseer **(IN)** | Geïnternaliseer **(IN)** |
| Paranoïese: | Geïnternaliseer **(IN)** | Geëksternaliseer *(UIT)* |
| Histeriese: | Geëksternaliseer *(UIT)* | Geïnternaliseer **(IN)** |
| Fobiese: | Geëksternaliseer *(UIT)* | Geëksternaliseer *(UIT)* |

Ter opsomming van die transisiefase kan die volgende punte uitgelig word:

1. Die transisiefase word gekenmerk deur 'n proses van ontwikkeling waartydens objekverhoudings wat gebaseer is op identifikasie plek maak vir verhoudings met 'n gedifferensieerde objek.
2. Die sukses van die proses van differensiasie is afhanklik van die suksesvolle deurwerk van die konflik oor skeiding van die objek wat tydens hierdie fase ervaar word.
3. Enige een van die bogenoemde vier verdedigingstegnieke kan ingespan word om hierdie konflik op te los, en indien objekverhoudings onbevredigend is, kan die tegnieke die basis vorm vir kenmerkende psigopatologiese ontwikkeling later in die lewe.
4. Watter tegniek gebruik gaan word en die mate waartoe dit in diens geneem word, word egter bepaal deur die aard van die ontwikkelde objekverhoudings tydens die vorige stadium van infantiele afhanklikheid; en in besonder speel die mate waartoe die objek geïnkorporeer is, en die vorm wat verhoudings aangeneem het – soos bepaal deur die ontwikkelende ego en sy interne objek – 'n rol.
5. Patologie ontwikkel binne die gebied (*realm*) van die interne slegte objekte en ontstaan uit die verhouding van die ego met die geïnternaliseerde objekte. Libido-slegtheid hou verband met die slegte objekte en patologie sal dus *slegs ontwikkel as die onbevredigende verhouding voortduur*. Vir individue waarin 'n volgehoue onklaar staat van infantiele afhanklikheid heers, sal enige iets soos die verlies van 'n werk en selfs die skenk van geboorte 'n traumatiese ervaring verteenwoordig wat die terugkeer van slegte objekte begunstig.

In die volgende bespreking sal die gebruik van hierdie vier verdedigingstegnieke uitlig hoe die individu se onbevredigende verhouding met die moeder (en deelobjekverhoudings) eerder bydra tot skuld en die ontkenning van die genitale organe as die Oedipale-situasie.

*4.3.2.4.4 Oedipale-situasie*

Skuld verwant aan die Oedipale-situasie ontstaan nie as gevolg van die situasie van triangulasie nie, maar omdat 1) die bloedskandelike wens 'n behoefte vir die ouerlike liefde wat nie gegee word nie, verteenwoordig 2) die gevoel in die kind ontstaan dat sy eie liefde verwerpend is. Die onbevredigende verhouding met die moeder veroorsaak regressie na die

oral fase en die bors word dus weer as objek in diens geneem. Die genitale objek kan dus nie as heelmens gesien word nie maar as 'n deelobjek van die oorspronklike deelobjek (bors) van die orale fase van afhanklikheid. Histerie word gekenmerk deur die onvermoë om die houding van infantiele afhanklikheid te verwerp. Histeriese individue ontken soms die *genitale organe, maar dit het sy oorsprong by die feit dat die genitale organe geïdentifiseer word met die oorspronklike deelobjek van die infantiele afhanklikheidsfase (die bors) en nie by die Oedipale-situasie nie*. Histeriese verwerping van die genitale organe is 'n onsuksesvolle poging om die houding van infantiele afhanklikheid te verwerp. Dit is nie deel van die histeriese tegniek om die VO te eksternaliseer nie; verwerpte objekte word intern gehou. Die gevolg is die kenmerkende histeriese dissosiasie – die verwerping van 'n geïnkorporeerde objek en 'n gesamentlike deelse aanvaarding van die houding van "gee" van die volwasse afhanklikheid:

> …for it is characteristic of the hysterical individual that he desires to surrender everything to his love-objects except his genital organs and what these organs represent to him – an attitude which is accompanied by an idealization of the love-object motivated, in part at least, by a wish to establish dependence upon a more reassuring basis. (Fairbairn, 1941, p. 38).

Die waarde van die paranoïede toestand, die obsessionele neurose, histerie en die fobiese toestand lê in die feit dat elkeen 'n toestand verteenwoordig wat ontstaan uit die indiensneming van 'n spesifieke tegniek. Hierdie tegnieke word dus gesien as 'n spesifieke metode wat gebruik word in 'n poging om te deel met die oorgangskonflik van die transisiefase in so verre die konflik onopgelos bly.

Kernberg (1980) wys ook daarop dat Fairbairn die begeerte na genitale verhoudings met die Oedipale objekte en gepaardgaande vrese en beperkings, gesien het as 'n direkte gevolg van die regressie vanaf totale geïntegreerde objekverhoudings na deelobjekverhoudings met die Oedipale ouers. Volwasse heteroseksuele verhoudings word dus gesien as totale- of heelobjekverhoudings wat wedersydse afhanklikheid en die uitdrukking van libidinale behoeftes primêr, maar nie eksklusief, deur genitale kanale toelaat. Dit bring die navorser by die fase van volwasse afhanklikheid – die laaste fase van ontwikkeling.

*4.3.2.4.5 Fase 3: Fase van volwasse afhanklikheid*

Indien die persoon suksesvol deur die transisiefase beweeg en 'n digotomiese objek uit die oorspronklike objek skep, sal hy die fase van volwasse afhanklikheid betree. Tydens hierdie fase staan die individu in verhouding met die eksterne objek as 'n heelobjek (Die eksterne objek is beide goed en sleg) en aggressie word gerig op die slegte deel van die heelobjek en libido op die goeie deel van die heelobjek. Die gedifferensieerde persoon besit dus die

vermoë om 'n verhouding van gelyke *gee* en *neem* met 'n gedifferensieerde objek te hê. Die dominante houding hier is gee. Daar is dus 'n interafhanklike en ontwikkelde verhouding (gebaseer op heelobjekte – goed en sleg) met die eksterne objek. Die aanvaarde en verwerpte objekte is geëksternaliseer. Indien die transisiefase nie suksesvol, met behulp van 'n interne goeie objek deurgewerk word nie, sal die interne maternale objekte (soos reeds uitgewys) soos 'n parasiet teer op alle nuwe geïnternaliseerde objekte. Wanneer nuwe objekte onder sulke omstandighede geïnternaliseer word, word dit opgeneem binne die reeds bestaande interne OO en VO van die oorspronklike maternale verhouding.

Uit hierdie bespreking kan die leser waarskynlik self tot die gevolgtrekking kom dat die oplossing van die probleem baie te make het met 'n goed-genoeg verhouding met 'n eksterne ware objek (persoon) ten einde 'n interne goeie objek daar te stel wat kan help met die suksesvolle deurwerk van die ontwikkelingsfases se konflik en gepaardgaande interne psigiese strukture en interne deelobjekverhoudings.

### 4.3.3 Die oplossing vir die probleem

Van kardinale belang vir die klinikus (wat deel is van die oplossing vir die probleem van die mens of satanis), is die klem wat Fairbairn geplaas het op a) die geïnternaliseerde slegte objekte; b) die slegte-objekverhoudings, en c) die behoefte by die kliënt om gebruik te maak van die defensiewe funksie. Hierdie aspekte en veral die *defensiewe funksie*[37] is wat die terapeut interpretief moet help oplos. Die doel van psigoanalitiese terapie is daarom "to promote a maximum 'synthesis' of the structures into which the original ego has been split, in the setting of a therapeutic relationship with the analyst" (Fairbairn, 1958, p. 380). Terapie los dus die endopsigiese situasie op en help die individu om die volwasse afhanklikheidsfase en interafhanklikheid van eksterne heelobjekte te bereik: "…in so far as the splitting of the 'original' ego is reversed by psycho-analytical intervention, the psychopathological element in the endopsychic situation is reduced and a genuinely psychotherapeutic result is obtained" (Fairbairn, 1958. p. 374).

Aangesien libido gerig word op die geïnternaliseerde objekte en die ego se verhouding met hierdie interne objekte bydra tot patologie is die daarstel van heelobjekverhoudings met eksterne objekte (die doel van terapie) ook *nie altyd moontlik nie*. Dit blyk veral die defensiewe funksie te wees wat bydra tot die instandhouding van die interne strukture. Fairbairn (1951) waarsku dat interpretasies wat daarop gerig is om skuld te verlig 'n verhoging in regressie tot gevolg kan hê, as gevolg van die slegte objek wat terugkeer na die

[37] Hierdie funksie behels die aktivering tydens die oordragsverhouding van die SE se ideale objekverhoudings. Ideale objek verhouidngs word ook beskou as 'n deelobjekverhouding.

bewuste. Dit is daarom slegs tydens die volle aktivering (of terugkeer) van die geïnternaliseerde slegte objek (in beide die frustrerende en bevredigende dele) in die oordragverhouding, wat 'n verlaging van splitsing van die endopsigiese situasie en 'n toename in die diepte en omvang van die SE gefasiliteer kan word. 'n Toename in diepte en omvang van die SE word bepaal deur die teenwoordigheid van 'n interne goeie objek (terapeut) wat sal bydra tot die ontwikkeling van bevredigende libidinale verhoudings met eksterne objekte.

Dit is die onbewuste behoefte by die individu om 'n oplossing te vind vir die endopsigiese situasie se konflik (simptome) wat in die eerste plek die persoon aanmoedig om terapie te betree en daarom is die hoeksteen van terapie volgens Fairbairn (1943) steeds repressie.

In lyn met die godsdienstige ondertoon van hierdie navorsing kan genoem word dat die pasiënt in werklikheid "verlossing" soek. Vanuit die Christelike wêreldsiening soek hy deur Jesus Christus verlossing uit sy sondige natuur, maar vanuit die objekrelasie-perspektief sal dit in lyn met die psigologiese feite van pas wees om te sê dat: "…what the patient is really seeking is 'salvation' (e.g. salvation from his internal bad objects, from his hate and from his guilt)" (Fairbairn, 1958, p. 376).

Kernberg (1980) wys daarop dat Fairbairn (1958) nie net die "hier en nou"-stellings geïnterpreteer het nie, en dat hy die klem geplaas het op die interpretasie van a) weerstand en b) die sentrale aard van die oordragverhouding, tydens analise. Verder hang die sukses van terapie nie net af van die interpretasies (veral dié van oordrag) van die analis nie, maar fundamenteel ook van die analis se kapasiteit om deur middel van ware belangstelling en omgee die nodige teenvoeter vir die aktivering van die slegte onderdrukte objekverhouding in die oordrag te voorsien. Fairbairn (1958) bevraagteken die geldigheid van die analis se uitsig en die lê op 'n bank tydens terapie. Vir Fairbairn is die optimale posisie vir terapie om so te sit dat beide pasiënt en analis binne mekaar se gesigsveld is – 'n voordelige skuif vir die objekrelasie-verhouding en 'n ware verhouding met die terapeut. Laasgenoemde is waarin die kern van terapie vir Fairbairn lê en dit word saamgevat deur Kernberg: "He stressed that *the relationship of the patient to the analist* was the decisive therapeutic factor upon which the other therapeutic factors – insight, recall of infantile memories, and catharsis- rested [skuinsdruk bygevoeg]." (in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 56)

Die kern van die oplossing vir die probleem by die mens lê daarin dat terapie 'n sintese in die persoonlikheid moet bring, deur 'n vermindering te bring in die "triple splitting of the pristine ego which occurs to some degree in every individual, but to some individuals to a greater

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


degree than others" (Fairbairn, 1958, p. 380). Volgens hom is daar ook twee ander doelwitte van terapie: a) 'n maksimale verlaging van die volgehoue infantiele afhanklikheid, en b) 'n maksimale verlaging van die haat van die libidinale objek – wat verantwoordelik is vir die splitsing van die oorspronklike objek.

Dit is in die verhouding as kind met 'n persoon waar die kind se persoonlikheid en patologie sy oorsprong het en dit is dus in 'n verhouding met die analis as 'n persoon waar die individu die oplossing vind vir konflikte, en veranderings in sy persoonlikheid kan maak. Daar is egter by die pasiënt baie weerstand teen verandering en die hoofoorsaak hiervan lê in die onbewuste pogings om die interne wêreld van objekverhoudings *as 'n geslote sisteem* te handhaaf. Binne hierdie interne sisteem kan libidinale bande met afgesplitste en onderdrukte slegte objekte en hul ooreenstemmende egodele op subtiele wyse uitgedruk word in drome, fantasie, simptome en die vermyding van verhoudings met eksterne objekte.

Die verhouding met die terapeut as eksterne objek bied dus die geleentheid aan die pasiënt wat hy nie gehad het nie, naamlik: om die verwronge verhoudings van die interne wêreld (wat 'n invloed het op die reaksies van die pasiënt teenoor eksterne objekte) aan te pas en te verander binne 'n ware en veilige verhouding met 'n betroubare en voordelige outoriteitsfiguur (Fairbairn, 1958). Ten slotte kan die volgende oor die verhouding met die terapeut as oplossing vir die probleem gesê word:

> Thus, in a sense, psychoanalytical treatment resolves itself into a struggle on the part of the patient to press-gang his relationship with the analyst into the closed system of the inner world through the agency of transference, and a determination on the part of the analyst to effect a breach in this closed system and to provide conditions under which, in the setting of a therapeutic relationship, the patient may be induced to accept the open system of outer reality. (Fairbairn, 1958. p. 385)

Aangesien die verhouding met die primêre objekte en die slegte objek so 'n groot rol speel en volgens Ivey (1997) bydra tot die redes vir betrokkenheid in satanisme (sien Hoofstuk 3) word enkele psigodinamiese gedagtes oor die rol van disfunksionele families en demone (sien Hoofstuk 5) in die lewe van die satanis, uitgeruil.

## 4.4 ENKELE PSIGODINAMIESE DENKE OOR DISFUNKSIONELE FAMILIES EN DEMONE

### 4.4.1 Die rol van disfunksionele families in die lewe van die satanis

Vanuit die objekrelasie-teorie val die klem op die moeder-kind-verhouding. Indien die moeder ontoereikend is, beleef die kind frustrasie en aggressie. Die kind internaliseer die ontoereikende aspekte van die moederfiguur om sodoende beheer daaroor te verkry. Die

proses van internalisering en die verhouding met die geïnternaliseerde slegte objek word deur Ivey (1997), in die geval van satanistiese respondente, soos volg beskryf:

> These familial interactions with parents who are hated and distrusted are internalized, creating a primary object relations structure characterized by an abused, unloved and inadequate self representation, linked by resentment and aggressive affect to a cruel and rejecting paternal object, possibly comprising both negative maternal and paternal attributes. Defensive splitting results in the fantasy of a co-existing idealized paternal part-object, the antithesis of the persecutory bad object. (Ivey, 1997, p. 324)

Die satanis het dus 'n interne gehate, mishandelde en minderwaarde self verteenwoordiging met 'n gepaard gaande haat en bitterheid teenoor die ongenaakbare en verwerpende paternale objek. Hy verduidelik verder dat in 'n poging om die angs te hanteer, het hierdie respondente dan gebruik gemaak van die primitiewe verdedigingsmeganismes. Die eerste is *splitsing* wat tot gevolg het dat daar 'n fantasie ontstaan van 'n geïdealiseerde paternale deelobjek of libidinale ego, die antitese van die geïnternaliseerde slegte objek of die AE, Fairbairn (1943, 1944). Omdat dit onsuksesvol gebruik word, gebruik die respondente dan volgens Ivey (1992a, 1997) 'n meer radikale verdedigingsmeganisme naamlik *identifikasie,* die tweede verdedigingsmeganisme. Respondente identifiseer met die interne slegte objek wat bydra tot die vorming van 'n destruktiewe subpersoonlikheid en die aanneming van 'n negatiewe identiteit, wat versterk word deur die aanvaarding van die portuurgroep, veral binne die afwykende jeugdige subkultuur soos satanisme (Ivey, 1997).

Terwyl die individu met die interne of geïnternaliseerde slegte objek identifiseer sonder om te kan erken dat sy ouers slegte aspekte het, word hy self die slegte objek – dit staan bekend as die *morele verdedigingsmeganisme*, die derde verdedigingsmeganisme wat gebruik word en aanleiding gee tot die fenomeen van "scapegoating" (Grotstein, in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 122). Die kind word eerder self sleg (want hy kan homself beheer) as wat hy 'n slegte eksterne objek het. Deur homself sleg te maak, maak hy dus die ouers goed. 'n Gevoel van eksterne sekuriteit ontstaan as gevolg van hierdie proses van internalisering (Fairbairn, 1944). Ivey (1997) verduidelik egter dat in die geval van die satanis skep die geïdealiseerde objek of superego-figure eerder 'n sosiale omgewing wat as verwerpend beleef word, met outoriteitsfigure wat gesien word as vyandig. Ivey stel dit soos volg:

> The hatred of authority figures and their associated 'Christian' morality, the unconscious search for a loving father and surrogate family, the compensatory adoption of a negative identity, and the underlying reeling of being an impotent victim of a paternal tyrant predisposes these individuals to affiliation with a deviant cult. (Ivey, 1997, p. 324)

Aan die ander kant veroorsaak die identifisering met die geïnternaliseerde slegte of destruktiewe objek, saam met die gefassineerdheid met die okkulte se mag, dat die persoon vatbaar is vir die destruktiwiteit van satanisme. Die bekoring van mag kan moontlik ook verband hou met die vierde verdedigingsmeganisme van "omnipotence" of *alvermoëndheid* (Fairbairn, 1940). Die inisiasieritueel, die verwerping van die Christelike God en die drink van seremoniële bloed van 'n dier geassosieer met Satan is vir Ivey (1997) 'n orale inkorporatiewe aksie wat die geïnternaliseerde identifisering met Satan fasiliteer. Die gevolg is dan dat Satan gelyktydig as 'n geïdealiseerde vader en 'n alvermoënde deel van die self gesien word: "the individual's lust for power, yearning for familial belonging, and narcissistic identificaition with an ideal father is thus satisfied by the cult's initiation ritual "(Ivey, 1997, p. 325).

Die dualistiese aard van satanisme en die haat vir Christenskap bevorder dan ook die gebruik van splitsing as verdedigingsmeganisme, egosintoniese[38] identifikasie met die destruktiewe subpersoonlikheid en moedig ook ongeïnhibeerde seksuele en aggressiewe gratifikasie aan.

> Through the practice of malevolent magic rituals the hated bad paternal part-object – symbolised by God – is destroyed in fantasy, and a sense of supernatural omnipotence is cultivated. The normative moral poles of good and bad are reversed, allowing the 'children' of Satan to feel loved and worthy while living out their sadism and destructiveness. (Ivey, 1977, p. 325)

Indien skuldgevoelens en selfbejammering ontstaan, wys Ivey (1997), word dit vervang deur 'n maniese oorwinning deur haat en die verwerping van die libidinale dele van die self deur die proses van *projektiewe identifikasie* wat gefasiliteer word deur die rituele: "Conscious elaboration of hostile projective identification processes, by means of "magic" rituals, promotes sadistic mental attacks on those individuals identified with persecutory internal objects and ego-dystonic self aspects" (p. 325).

Rituele moorde van mense en diere skep 'n groepsolidariteit en vernietig simbolies die geprojekteerde egodistoniese[39] aspekte, bevredig sadistiese impulse en bevorder persoonlike mag deur die geloof dat die slagoffer geïnternaliseer word deur die drink van sy/haar bloed. Wanneer hierdie geprojekteerde objekte terugkeer, word dit egter ervaar as demone.

---

[38] "n Term vat dui op iets wat in ooreenstemming is met die individu se ideale" (Plug *et al.,* 1997, p.81*)* of iets waarmee die ego bekend is.

[39] "'n Term vat dui op die idees of impulse wat vir die ego onaanvaarbaar is' (Plug *et al.*, 1997, p.80).

### 4.4.2 Die terugkeer van die slegte objek

Die terugkeer van die slegte objek behels die traumatiese toestand waartydens die onderdrukte objekte of hul egodele terugkeer na die bewuste. Die persoon wat 'n slegte objek besit, voel skuldig en skaam (vervloek) aangesien hy met die objekte identifiseer of hulle besit. So sal 'n slagoffer van verkragting skuldig en skaam voel as gevolg van die straffende stigma waarvoor sy nou staan of simboliseer naamlik die gebrek aan beskerming deur 'n goeie objek. Ander eksterne ervarings kan ook as traumaties ervaar word aangesien of indien dit herinner of 'n bewustheid van 'n interne slegte objek ontlok.

> The concept of the return of bad objects, along with Fairbairn's concept of primary identification and emphasis on the importance of splitting, offers an interesting paradigm for the currently highlighted phenomena of child abuse and molestation and their sequel, post-traumatic-stress disorder. (Grotstein in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 127)

Ook bied die terug keer van die slegte objek vir Ivey (1997) 'n moontlike verstaan van willekeurige en onwillekeurige demonisering.

### 4.4.3 Demone

Dit is op hierdie punt belangrik om as sielkundige bewus gemaak te word dat Ivey (2002) daarop gewys het dat die verstaan van demone as metafore vir interne slegte objekte, gemobiliseer deur die mens se destruktiewe instinkte, ook maar net metafore is. Nadat Ivey (1993b), 'n psigodinamiese verstaan van Satansaanbidding en demoniese besetenheid daargestel het, noem hy egter in Ivey (2002), dat hy doelbewus dit as metafore gebruik het om die waargenome ervaring te beskryf, en omdat hy gepoog het om dit met respek as eksperimentele realiteit weer te gee, sonder om naïef die letterlike realiteit van enige religieuse wêreldsiening te aanvaar. Hy vra vanuit die sosiaal-konstruksionistiese siening die volgende vraag:

> …is the metapsychological discourse of instincts and internal objects employed to explain the phenomena of evil and demonic possession intrinsically more plausible than mythical narratives of evil spirits? Psychoanalysts would wish to argue that instincts and introjects have a higher ontological status than demons or spirits, that they exist in some realistic way that mythical figures, being fictional entities, do not. (Ivey, 2002, p. 58)

Hierdie vraag is een wat die huidige navorser nie poog om te beantwoord nie, maar eerder poog om in verhouding met mekaar te bring deur 'n intensiewe ondersoek en verduideliking van die invloed van en verskillende wêreldsienings oor die onderwerp. Die ervaring van demonisering en die rol wat dit speel in die motivering om satanisme te verlaat, is reeds in Hoofstuk 3 bespreek en verduidelik die psigoanalitiese aspek van willekeurige en

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


onwillekeurige demonisering. Grotstein en Rinsley (2000) se verduideliking van demone kan gesien word as 'n oorbruggingsdefinisie tussen hierdie siening en die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening.

> "Internal objects"...are *third forms* – neither the external person from whom they were partially modeled, nor merely split-off parts of the self. They are in fact phantasmally altered, transformed montages that have been referred to across all ages of mankind as 'monsters", "demons", "ghosts", "witches", "angels", and so on. (Grotstein in Grotstein & Rinsley, 2000, p. 118)

Hierdie sogenaamde *third forms* pas in by die redenasies oor die uitgesluite middelwêreld van Hoofstuk 2 dat demone dalk gevind word in 'n derde, tans onsigbare realiteit en 'n invloed kan hê op die mens. Laasgenoemde sal meer aandag geniet in Hoofstuk 5, maar vir eers word die psigodinamiese denke oor demone verder bespreek.

Ivey (2002) wys daarop dat die Psigodinamiese teorie of Objekrelasie-teorie demone sien as gepersonifieerde intrapsigiese agente wat beleef word as outonome persone in die persoon self. Dit is dus die terugkeer van die geprojekteerde slegte objek wat as demone ervaar word en Ivey verduidelik dit soos volg:

> By means of ritual invocation, blood drinking, and sexual intercourse Satanists consciously invite possession by demons – previously split-off, personified and projected aspects of their own internal world – in order to acquire supernatural power to advance their status in the cult hierarchy...'Possessed' individuals, by virtue of introjective identification with these primitive and destructive parts of their own minds, experience superhuman strength, dissociative reactions, 'supernatural' abilities, aggression, destructive involuntary behaviour, and dramatic personality transformations...At some point individuals invariably experience persecutory anxiety while possessed, indicating a shift from ego-syntonic to ego-dystonic relationships with these hostile re-interjected objects. Portrayals of demons in cult mythology and iconography, together with the hypnotic effect of rituals and the ingestion of drugs, create the conditions for the visual hallucinatory manifestation of demonic entities, including Satan. (Ivey, 1997, p. 326)

Tog is Fairbairn duidelik daaroor dat dit slegs in die vrylating van die geïnternaliseerde slegte objekte uit die onbewuste is wat die persoon hoop om hul invloed te ontlont – iets wat moontlik deur die proses van bevryding of uitdryf van duiwels gebeur. Ook is Fairbairn, 1943 van mening dat dit in die gebied (*realm*) van die interne slegte objekte, eerder as die gebied van interne objekte (superego) is wat die oorspong van alle psigopatologiese ontwikkeling gevind kan word: "For it may be said of all psychoneurotic and psychotic patients that, if a True Mass is being celebrated in the chancel, a Black Mass is being celebrated in the crypt" (1943, p. 70).

In sy verduideliking van die "Satanic Pact" wys hy daarop dat die blote feit dat die persoon 'n verbond met Satan sluit aanduidend is daarvan dat dit vir die psigoneurotiese of psigotiese persoon moeilik is om homself te skei van sy slegte objek (wat geïdentifiseer word met die vader), want die hele idee van 'n verbond met Satan dui op niks anders as 'n verhouding met die slegte objek nie (Fairbairn, 1943). In die sluit van 'n nuwe verbond met 'n goeie objek (God) ervaar die persoon verligting aangesien hy nou nie meer identifiseer met die interne slegte objek (Satan/demone) nie maar met die goeie (Grotstein in Grotstein & Rinsley, 2000).

Grotstein argumenteer verder dat indien die verwerpende objek VO en die OO sowel as die LE en die AE gesien word as 'n Siamese tweeling – verbind maar tog paradoksaal los van mekaar (eerder as absoluut en suiwer afgesplits van mekaar) – dan kan daar eers volle waardering wees vir die waarneming van die Duiwel. Die OO spook by die LE nie bloot net omdat die LE so 'n groot behoefte aan die OO het nie maar ook omdat die OO ook die VO is. Dieselfde geld ook vir die LE en die AE. Die LE se bewustheid daarvan dat sy alter ego totaal oorgegee het aan die Duiwel laat hom hulpeloos en gedemoraliseerd. Hel is dus die endopsigiese situasie en om gedemoniseerd te raak, is die gevolg van ondraaglike frustrasie en oorgawe aan die slegte objek.

Die disfunksionaliteit van die satanis se primêre verhoudings binne die familie en die gevolge soos hierbo (4.2.2.5.1) beskryf, veroorsaak verder volgens Ivey (1997) dat die sataniste aanvanklik die inisiasie as positief ervaar. Hulle voel aanvaar en spesiaal omdat hulle nou 'n ideale vader en 'n surrogaat familie het wat hulle aanvaar. Verder kan hy al sy drange en instinkte vrylik bevredig sonder enige skuldgevoel wat bydra tot 'n gevoel van alvermoënde mag en onaantasbaarheid wanneer destruktiewe fantasieë uitgeleef word. Satanisme kan slegs as 'n positiewe ervaring beleef word solank as wat die identifikasie met die geïnternaliseerde slegte objek gehandhaaf word. Sodra die libidinale dele van die self, soos skuld, berou, kwesbaarheid, liefde en twyfel ten opsigte van die satanistiese aktiwiteite na vore tree, veroorsaak dit interne konflik. Die interne konflik ontstaan wanneer die anti-libidinale dele of interne saboteur – wat gepersonifieer is as Satan of demone – van interngerigte strafaanvalle "intrapunitive attacks" gebruik maak en die LE aanval: "Any disloyal thoughts or desires to leave the cult implies dis-identifying with the destructive sub personality, transforming Satan from a loving father into a persecutory tyrant" (Ivey, 1997, p. 326).

Daar is in Hoofstuk 1 uitgewys dat daar 'n tweede model is wat poog om 'n antwoord te bied op die onderwerp van demone en dit is die demonologiese model. Daar is veral een skrywer

wie se werk 'n verstaanbare en gebalanseerde integrasie gee tussen hierdie twee modelle en dit is die werk van James Friesen.

## SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar uitgewys waarom die Objekrelasie-teorie van Fairbairn relevant is tot die verstaan van Satan en satanisme. 'n Psigologiese verstaan van godsdiens is gegee waarna die Objekrelasie-teorie as ideologie se siening oor die skepping, die God waarvan die Objekrelasie-teorie praat, die vorming van die beeld van God, God en Satan, en die psigologiese area van die godsdienstige ervaring vasgestel en bespreek is. Hierin het dit duidelik geword dat die beeld van God direk beïnvloed word deur die mens se ervaring met sy primêre objekte, dat geloof sy oorspong het in die transisiefase en dat godsdiens as 'n oorgangsobjek beskou kan word. Aan die hand van Fairbairn se teorie is die siening van die normale mens en die diagnose van wat verkeerd is gelyktydig bespreek, aangesien die verstaan van patologie vervleg is met die ontwikkelingsfases wat bydra tot die ontwikkeling van die ego. Die drie ontwikkelingsfases (infantiele afhanklikheid, transisie- en volwasse fase) is bespreek en die belangrike verdedigingsmeganismes van die transisiefase en hul rol in die ontwikkeling van patologie is ook uitgelig. As deel van die oplossing van die mens se probleem is die rol van terapie genoem. Enkele psigodinamiese gedagtes oor die rol van die disfunksionele familie in die satanis se lewe, en die rol wat dit en die terugkeer van die slegte objek het in die ervaring van demonisering is ook uitgelig (sien ook Hoofstuk 3). Daar is geargumenteer dat Grotstein (in Grotstein & Rinsley, 2000) se gedagte dat demone 'n tipe "third form" is moontlik kan bydra tot die integrasie van die siening oor demone gehuldig deur Ivey (1997) en die siening oor demone gehuldig deur die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening.

Daar is egter ook in hierdie hoofstuk verwys na die onderskeid tussen die sielkundiges van godsdiens en die godsdienstige sielkundiges. Die huidige navorser beskou homself en Friesen (1997) as godsdienstige sielkundiges. Dit is volgens die navorser belangrik om Friesen (1997) se werk van nader te ondersoek aangesien: a) dit handel oor Dissosiatiewe Identiteitsversteuring (wat teoreties voorkom onder sataniste); b) hy in sy bespreking van Dissosiatiewe Identiteitsversteuring (DIV) ook verwys na demonisering (en demone as geestelike wesens); c) hy 'n gebalanseerde en geïntegreerde benadering bied tot hulpverlening aan slagoffers van satanistiese rituele mishandeling (SRM) en d) hy gedagtes

wissel oor die onderskeid tussen interne stemme van DIV en die stemme van demone asook ander verwante patologiese versteurings. Aangesien hy demone beskou as bonatuurlike wesens is dit volgens die navorser nodig om die onderwerp van demone ook kortliks vanuit ‘n Bybelgefundeerde siening te bestudeer.

# HOOFSTUK 5 'N POGING TOT INTEGRASIE, DIV EN DIE WERK VAN JAMES FRIESEN

## INLEIDING

In Hoofstuk 3 en 4 is daar geraak aan die onderwerp van demone en die psigologiese verstaan daarvan. Daar is genoem dat Friesen (1997) se werk poog om die twee demonologiese modelle te integreer en daar is uitgewys dat sy werk sentreer rondom dissosiatiewe identiteitsversteuring (DIV) en slagoffers van satanistiese rituele-moord (SRM). Dit is daarom dat sy werk vervolgens aandag sal geniet en die rede hiervoor is reeds in die slotparagraaf van hoofstuk 4 geargumenteer. DIV sal bespreek word waarna die onderwerp van demonisering gesien vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening aandag sal geniet.

### 5.1 DISSOSIATIEWE IDENTITEITSVERSTEURING (DIV)

Volgens die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorder* (DSM-IV) is die basiese kenmerke van dissosiatiewe versteurings: 'n toestand van verwronge of versteurde bewussyn, geheue, identiteit of persepsie van omgewing (First, 2000). DIV – vroeër bekend as "multiple personality disorder (DIV)" is een van vier dissosiatiewe versteurings. Mense wat aan dissosiatiewe versteurings ly, het nie meer soos die meeste ander mense 'n sin en bewustheid van 'n enkel persoonlikheid of identiteit nie. Hierdie mense is gedisoriënteerd oor wie hulle is en voel soms dat hulle meer as een identiteit of persoonlikheid het (Kaplan & Sadock, 1998).

Carlson en Putnam (1989) het 'n Dissosiatiewe Ervaringskaal (DES) ontwerp waartydens die terapeut vrae vra oor matige en alledaagse dissosiatiewe fenomene (soos verloor van konsentrasie tydens 'n gesprek) tot patologiese dissosiatiewe fenomene. Ander navorsers sê hulle voel dat dissosiasie verband hou met hipnotiseerbaarheid (suggestievatbaarheid), afneem met ouderdom, en net so algemeen voorkom onder vroue as mans. Dit is veral traumatiese ervarings tydens die kinderdae wat verband hou met die ontwikkeling van dissosiatiewe versteurings en simptome, met seksuele en fisieke mishandeling wat die sterkste verwantskap toon. Dissosiasie verskil van onderdrukking en Kaplan en Sadock (1998) verduidelik dat eersgenoemde die persoon se selfverdedigingsmeganisme is; dit help die persoon om homself uit die trauma te neem terwyl dit plaasvind, en dit stel die deurwerk

van die trauma (wat nodig is om die trauma en gebeure in perspektief te plaas in sy lewe) uit. Die verskil tussen onderdrukking en dissosiasie word in Tabel 5-1 gegee.

Tabel 5-1 Onderdrukking en Dissosiasie

| **Onderdrukking** | **Dissosiasie** |
|---|---|
| 1. Verdedigingsmeganismes wat te make het met 'n "skeuring" in die verstand wat selfverteenwoordigings produseer wat verband hou met interne objekte.<br>2. Horisontale splitsing.<br>3. Skep van 'n dinamiese onbewuste interne wêreld.<br>4. Aktiewe kompartementalisering en skeiding van verstandelike inhoud.<br>5. Poging om ongewenste en onaangename affek en emosies wat geassosieer word met die integrasie van teenstrydige dele van die self, af te weer.<br>6. Toleransie van angs en impulskontrole wat belemmer word.<br>7. Die selfverteenwoordigings wat in teenstelling met mekaar is, word in verskillende kompartemente in die brein gestoor. | 1. Verdedigingsmeganismes wat te make het met 'n skeuring in die verstand wat selfverteenwoordigings produseer wat verband hou met interne objekte<br>2. 'n Vertikale splitsing[40]<br>3. Verstandelike komponente bestaan gelyktydig in parallelle bewustheid<br>4. Aktiewe kompartementalisering en skeiding van verstandelike inhoud<br>5. Poging om ongewenste en onaangename affek en emosies wat geassosieer word met die integrasie van teenstrydige dele van die self, af te weer<br>6. Geheue en bewustheid wat geaffekteer word.<br>7. In DIV neem hierdie verskillende selfverteenwoordigende dele 'n metaforiese bestaan aan as aparte persoonlikhede wat alters genoem word. |

### 5.1.1 Epidemiologie

Kaplan & Sadock (1998) wys daarop dat DIV vir sommige 'n buitengewone versteuring is wat selde aangetref word, terwyl ander weer voel die versteuring is grootliks ondergediagnoseer. Friesen (1997) sê dat daar gedurende sy studie aan hom oorgedra is dat dit so 'n seldsame versteuring is dat hy self van mening was dat hy dit heel waarskynlik nie in sy leeftyd sou teëkom nie. Kontrolestudies wys egter dat sowat 0.5 tot 2 persent van die algemene psigiatriese hospitaalopnames aan die kriteria vir DIV voldoen. Ross en Dua (1993) het betroubare navorsing gedoen deur gebruik te maak van gestruktureerde onderhoude, wat aangedui het dat DIV ondergediagnoseer word en 'n meer algemene versteuring is as wat die meeste medici dink. Die studies wys daarop dat 3-6% van psigotiese pasiënte en 5-18% van pasiënte in substansmisbruikkonteks gediagnoseer kan word met DIV.

Dit is veral vroue wat die diagnose ontvang en baie navorsers en klinici glo dat mans ondergerapporteer is omdat hierdie mans in die kriminele sisteme eerder as die geestesgesondheidinstansies opgeneem word. Die algemene ouderdom waarop DIV

[40] Foote (1999) verduidelik dat tydens vertikale splitsing die pasiënt " alternates between different sectors of her personality; each sector is separated from the others, but each one exists in depth...it applies in general to posttraumatic situations where a traumatic memory can intrude at one moment and be experienced in depth, but later becomes inaccessible" (p.330).

voorkom, is laat adolessensie tot vroeë volwassenheid en die meeste pasiënte het 5-10 jaar lank simptome voor die diagnose gemaak word. Friesen (1997), Kluft en Foote (1999) noem dat pasiënte gemiddeld 6.8 of 7 jaar in terapie is voordat die korrekte diagnose van DIV gemaak word. Met die algemene en skokkende statistiek oor die voorkoms van seksuele mishandeling en fisieke mishandeling in Suid-Afrika is dit moeilik om te glo dat DIV 'n skaars versteuring is, veral as mens die faktore wat dit veroorsaak in ag neem. DIV kom verder ook algemeen voor saam met ander versteurings soos angs- gemoed-, somatiese, seksuele disfunksie-, substansafhanklikheid-, eet-, slaap- en posttraumatiese stresversteurings voor. Die simptome stem ook ooreen met die simptome wat gesien word by mense wat aan Grenspersoonlikheid-versteuring ("Borderline Personality Disorder") ly en die onderskeid tussen die twee, sê hulle, is moeilik om te maak. Selfmoordpogings is ook algemeen onder diegene wat aan DIV ly. Tot twee derdes van alle DIV-pasiënte poog om hul eie lewens te neem (Kaplan & Sadock, 1998).

### 5.1.2 Etiologie

Die oorsaak is onbekend, maar 'n geskiedenis van traumatiese ervarings tydens die kinderjare het 'n sterk verwantskap met dié versteuring. Friesen (1997) noem dat een van sy dilemmas met DIV was dat hy nie geweet het hoe om dit te diagnoseer nie, en ten spyte van kliënte se aandrang dat hulle moontlik DIV het, het hy vir sulke kliënte genoem dat DIV baie skaars is. Hy verduidelik 'n vierfaktorteorie wat diagnose van DIV vir hom oopgebreek het. Die teorie word saamgevat in Tabel 5.2 en beweer dat DIV slegs kan ontwikkel as al vier faktore aanwesig is.

Tabel 5-2 Die Vierfaktorteorie

| **Faktor** | **Verduideliking** |
|---|---|
| **1) Biologies** | 25 % van alle kinders word gebore met die vermoë om te dissosieer. |
| **2) Vroeë kinder-mishandeling** | 97% van DIV-pasiënte het ernstige mishandeling ervaar op 'n vroeë ouderdom. Die meeste is seksueel mishandel en moes dissosiasie as verdedigingsmeganisme gebruik om te "cope". |
| **3) Aanhoudende mishandeling en gebrek aan versorging** | Gevaarlike lewensomstandighede en die kind ervaar mishandeling oor 'n lang tyd. Die kind voel nie veilig by die huis nie en moet van dissosiasie gebruik maak om te oorleef |
| **4) Kind se psigologiese struktuur** | Dit is veral 'n kind wat baie kreatief is en graag fantaseer of 'n "High ability to fantasize and high level of creativity" |

Kaplan & Sadock (1998) verduidelik dat daar hoofsaaklik vier oorsaaklike gevolge geïdentifiseer is en dit stem baie ooreen met die vierfaktorteorie. Die vier oorsake is:

1) ‘n *Traumatiese lewensgebeurtenis* – gewoonlik in die kinderdae, seksuele of fisieke mishandeling of bloedskande. Dit kan ook die dood van ‘n nabye familie lid of vriend gedurende die kinderjare insluit, of ook slegs die waarneming van ‘n traumatiese ervaring of dood wees: “Excellent data demonstrates that trauma can be documented in 95% of children and adolescents with DID...and initial studies have demonstrated that many memories recovered in therapy by DID patients can be corroborated as time goes on” (Kluft & Foote, 1999, p. 284).

2) ‘n *Geneigdheid tot dissosiasie* of om die versteuring te ontwikkel – kan biologies of psigologies gebaseer wees. Hipnotiseerbaarheid of suggestievatbaarheid mag ‘n rol speel en ‘n risikofaktor wees. Selfs epilepsie blyk moontlik verband te hou met die ontwikkeling.

3) *Vormende omgewingsfaktore* – sluit faktore in soos rolmodelle en die beskikbaarheid van ander meganismes om stressore te hanteer.

4) *Afwesigheid van eksterne ondersteuning* – veral van betekenisvolle ander soos ouers, broers en susters, ander familielede en nie-verwante mense.

Hierdie vierfaktormodel oorbrug die gebrek aan duidelike oorsake en vergemaklik die diagnosering van DIV.

### 5.1.3 Diagnose

Die DSM-IV-kriteria vir DIV sluit in:

A Die aanwesigheid van twee of meer duidelik onderskeibare identiteite of persoonlikhede (elk met sy eie relatief volgehoue patroon van waarneming, verhouding en denke oor die omgewing en self).

B Ten minste twee van hierdie identiteite of persoonlikhede neem herhaaldelik beheer van die persoon se gedrag en optrede oor.

C Die onvermoë om belangrike persoonlike informasie te herroep. Die informasie is te omvattend om as gewone vergeetagtigheid verklaar te word.

D Die versteuring word nie veroorsaak deur die direkte fisiologiese effek van ‘n substans (soos “blackouts” of chaotiese gedrag tydens alkoholbedwelming) of ‘n algemene mediese toestand (bv. komplekse gedeeltelike beroerte “complex partial seizure”) nie.

**Nota**: In kinders word die simptome nie toegeskryf aan verbeeldingsmaats (“imaginary playmates”) of ander fantasiespel nie.

Hierdie diagnostiese kriteria, sê Friesen (1997), is te algemeen en wat nodig is, is dat die terapeut moet oplet vir a) “time loss”; b) “switching” of persoonlikheidswisselings; c) interne stemme; en d) die vierfaktorteorie (soos bespreek onder 5.2.1.2). ‘n Differensiële diagnose dra egter ook by tot akkurate diagnosering en sal vervolgens bespreek word.

#### 5.1.3.1 Differensiële diagnose

DIV moet onderskei word van die ander dissosiatiewe versteurings, dissosiatiewe amnesie en dissosiatiewe swerfsiekte. In beide van hierdie versteurings vind daar geen persoonlikheidswisseling of "switching" plaas nie. Verder is dit veral *skisofrenie* wat maklik verwar kan word met DIV omdat mense wat aan skisofrenie ly delusioneel kan wees en glo dat hulle aparte identiteite het of rapporteer dat hulle ander persoonlikhede (mense) se stemme met hulle hoor praat. Kroniese sosiale deteriorasie en ander duidelik onderskeibare simptome is egter kenmerkend van skisofrenie. Bipolêre pasiënte se simptome is soortgelyk aan DIV, maar deeglike onderhoude dui egter duidelik op diskrete persoonlikhede in pasiënte met DIV. Grenspersoonlikheid-versteuring kan gelyktydig voorkom saam met DIV en die wisseling tussen persoonlikhede in DIV kan maklik gesien of verwar word met prikkelbaarheid van die gemoed en selfbeeldprobleme wat kenmerke is van eersgenoemde versteuring.

Ten einde effektief te kan onderskei tussen die verskeie patologieë verwant aan DIV verduidelik Friesen (1997) die verskillende vlakke van dissosiasie en in watter patologie dit aangetref kan word.

*5.1.3.1.1 Dissosiasie*

Dissosiatiewe amnesie is die onvermoë om informasie te onthou wat geassosieer word met stresvolle of traumatiese ervarings. Friesen (1997) beskryf die amnesie wat DIV-pasiënte ervaar as 'n "blank spot in the day for which there is no explanation, many of them call it: losing time" (1977, p. 54). Hy noem dat baie terapeute dit nie waarneem in hul kliënte nie omdat hulle nie op die uitkyk is daarna nie.

Hy verwys verder na die "Mesa"- patroon wat aandui dat verstand, wil, emosie en die liggaamlike geheue (body memory) die vier komponente is wat nodig is vir volledige dissosiasie. In die geval van volledige dissosiasie word absoluut geen informasie gedeel tussen dissosiatiewe persoonlikhede nie en tydverlies vind plaas. Indien een van die komponente nie gebreek is nie, maar die res wel, het gedeeltelike dissosiasie (wisseling tussen persoonlikhede sonder tydverlies) plaasgevind. Gedeeltelike dissosiasie, die algemeenste vorm, kom voor wanneer die verstand nie dissosieer nie maar die emosie en liggaamlike geheue wel. [41]

---

[41] Mesa: "that is the feeling that would hit instantly at full force, remain for a while at full intensity and then disappear completely" (Friesen, 1997, p.121), en is 'n patroon konsekwent aan die wyse waarop dissosiatiewe persoonlikheidsalters funksioneer. Dissosiatiewe alters het gewoonlik slegs 'n enkele gevoel. Ander gevoelens word gegee vir nuwe alters. Die gevoel hang saam met die taak geallokeer aan die alter. Vroeg in behandeling kan persone in 'n alter funksioneer wat weinig affek toon, later weer kan die kliënt skielike intense gevoelens toon

In lyn met die gedagtes van Fairbairn (1940) dat elke mens basies skisoïed is en van splitsing gebruik maak om frustrerende situasies te hanteer, wys Friesen (1997) dat elke kind 'n sekere mate van die vermoë het om te dissosieer ("dissociative ability" of DA). Weereens, net soos Fairbairn wat noem dat nie almal in dieselfde mate skisoïed is nie, wys Friesen (1997) verder daarop dat dissosiasie op 'n kontinuum lê. Almal dissosieer, maar party net meer as ander, ongeag die intensiteit van die trauma. Verder wys hy dat: a) slegs 'n klein persentasie van die algemene populasie – (miskien 1%) egter 'n buitengewone hoë DA het en kan dus dissosieer wanneer ook al hulle voel hulle dit nodig het; b) 25 % van alle kinders 'n DA het wat hoog genoeg is dat hulle dissosiasie gebruik vir verligting van kroniese seksuele of fisieke mishandeling – sulke kinders sal DIV ontwikkel.

Friesen is ook van mening dat indien die kind reeds voor die *ouderdom 5 jaar* gebruik maak van dissosiasie sal ander verdedigingsmeganismes moontlik nie ontwikkel word nie. Wanneer dissosiasie die gekose verdedigingstegniek word, sal DIV ontwikkel. Indien die kind egter eers na die ouderdom van vyf die eerste keer gebruik maak van dissosiasie, en laasgenoemde nie die gekose tegniek word nie, sal traumatiese dissosiasie (TD) of die skep van 'n "trauma-dissosiater" heel waarskynlik ontwikkel. Die "trauma-dissosiater" is 'n persoon wat slegs een of twee egostate het wat nie blyk geskei te wees van mekaar nie, aangesien gevoelens aan beide egostate bekend is en hulle konflikte oplos sonder intensiewe of uitgebreide terapeutiese hulp. Die oplos en genesing van traumatiese herinneringe is die fokus van terapie.

*Gedeeltelike dissosiasie* kan weer nie-amnesiese dissosiasie (NAD) veroorsaak. Grenspersoonlikheid-versteuring (GV) ontwikkel by kinders wat trauma ervaar, maar nie daarvan kan dissosieer nie. Hulle het gedeeltelike herinneringe van die trauma en gebruik swak of primitiewe verdedigingstegnieke om hulself teen pyn te beskerm. Kemp, Gilbertson en Torem het reeds in 1988 daarop gewys dat beide die GV's en DIV's dieselfde historiese agtergrond as slagoffers van mishandeling deel, maar dat persone wat ly aan DIV primêr dissosiasie as verdedigingsmeganisme gebruik het terwyl GV's nie van dissosiasie gebruik maak nie – 'n moontlike rede vir die langdurige en intensiewe terapeutiese proses met GV's. Vir Friesen (1997) is terapie met DIV korter as vir GV's en is die prognose ook beter aangesien hy glo dat die gebruik van dissosiasie in effek bygedra het tot die handhawing van gesonde en/of volwasse egodele binne die individu.

---

–"when I notice this mesa pattern, I begin to look for other signs that could point to dissociation" (Friesen, 1997, p.122).

Hy wys egter ook daarop dat dissosiasie nie 'n gepaste verdedigingsmeganisme vir 'n volwasse persoon is nie en problematies kan wees. Wanneer DIV's behandeling ontvang vir DIV is daar egter wel verbeterings. Wat die prognose betref van persone wat aan die kriteria van DIV voldoen, wys Friesen (1997) daarop dat die genesing wel moontlik is en dat die prognose nie so hopeloos is nie. Hy verduidelik dat langtermyn-psigoterapie al suksesvol was en dat daar ook 'n goeie kans is vir integrasie of harmoniese samewerking tussen verskillende alters.

Simptome kan egter vervleg met mekaar voorkom en wat tydens aanvang van terapie soos NAD lyk, kan later gediagnoseer word as DIV. Friesen (1997) gee verder 'n lys van dissosiasie-indikators wat kan help met die toets vir dissosiasie. Hierdie verskillende aspekte van dissosiasie – die DA, DIV, TD en NAD – word in Figuur 5-1 voorgestel en help met die differensiële diagnose.


Friesen (1997) verduidelik dat hierdie figuur van hom (figuur 5-1) gebaseer is op twee hipoteses. Die *eerste* hipotese is *dat alle mense die vermoë het om te dissosieer* (die vertikale lyn). Die DA lê dus op 'n kontinuum van hoog tot laag. Sy hipotese is dat die vermoë of neiging om van DA gebruik te maak direk eweredig is aan die funksioneerbaarheid van die individu. Hoë DA veroorsaak dus hoë funksionerende DIV's. Die *tweede* hipotese is dat kinders verskillend reageer op toenemende vlakke van mishandeling (die horisontale lyn). Hoe ernstiger en meer kronies die mishandeling is, hoe hoër is die kans dat dit dissosiasie kan veroorsaak. Die tipe dissosiasie wat gebruik word (gedeeltelike of totale dissosiasie) hang egter af van die DA en die intensiteit van en tipe mishandeling.

Verder moet genoem word dat die figuur gebaseer is op die aanname dat die insidente van mishandeling plaasgevind het voor die ouderdom van vyf jaar aangesien dit een van die kriteria is vir die vorming van dissosiatiefverwante versteurings. Diegene wat later in hul lewe mishandel is, het heel waarskynlik reeds volgens hom ander nie-dissosiatiewe metodes van oorlewing aangeneem en dissosiasie is dus nie die primêre metode nie. Die figuur is verder so saamgestel om geen limiet te hê in die moontlike gebruik van die twee kontinue nie.

Friesen (1997) verduidelik dat hy slegs nege konfigurasies ingesluit het om die diagram en proses van diagnose te vereenvoudig. Die konfigurasies is verder aanduidend van die simptomologie wat kan presenteer in spesifieke posisies van die twee kontinue.

Waar die dele van die pastei-diagram verbind is met die soliede lyne en langs mekaar is as 'n element van die sirkel, verteenwoordig dit alters wat tydens wisseling nie tyd verloor nie,

met die soliede lyn wat die gedeeltelike amnesiese muur tussen die dele voorstel. Vir sulke alters is dit gewoonlik die emosionele komponent wat deur laasgenoemde uitgeblok word.




Figuur 5-1 DA, graad van mishandeling en presenterende simptomologie

Die dele van die pastei-diagram wat losstaande is van die res van die diagram, verteenwoordig die alters wat gebruik gemaak het van totale dissosiasie en nie bekend is aan die res van die alters nie. Die kronkelende lyne in van hierdie losstaande dele

verteenwoordig die verwronge of vals herinneringe – herinneringe wat nie ooreenstem met realiteit nie. 'n Voorbeeld hiervan is iemand wat glo alle mans is seksuele perverte en oortreders – alhoewel dit dalk die ervaring van een alter mag wees, stem dit nie ooreen met die realiteit nie.

*5.1.3.1.2 Stemme en ander aanduidings van DIV*

Haddock (2001) tref soos Friesen (1997) ook 'n onderskeid tussen DIV en ander vorms van patologie. Sy gee die volgende faktore wat aanduidend is van DIV en bydra tot die effektiewe diagnosering daarvan:

1. 'n Hele aantal verskillende diagnoses oor tyd – een alter is depressief, 'n ander angstig:

> It is more the rule than the exception for DID to underlie (or co-occur with) another apparent condition that is diagnosed and receives treatment before DID is recognized, and for the condition that has been diagnosed not to improve rapidly or completely. (Kluft & Foote, 1999, p. 286)

2. Fisieke simptome – alters ervaar simptome wat ander dele nie ervaar nie en sy wys daarop dat mediese toetse deur Patnum (1989) selfs aangedui het dat verskillende alters verskeie resultate opgelewer het.
3. Die afwesigheid van 'n duidelike mediese rede vir 'n fisieke toestand – psigosomatiese simptome – 'n eienskap of reaksie op trauma. Dit sluit in: kroniese ongediagnoseerde pyn; hoofpyne, visuele versteurings, maagpyne, naarheid, "irritable bowel syndrome" en urienwegversteurings.
4. Tekens van terugflitse, dissosiasie of persoonlikheidswisseling en waarneembare liggaamlike veranderings.
5. Die hoor van innerlike stemme, herhaaldelike nagmerries, paniekaanvalle, verskillende handskrifstyle, kenmerkende verskille in stem, voorkoms en styl tussen sessies.
6. Die noem van selfmutilasie of ander selfvernietigende gedrag soos dwelmgebruik wat hoofsaaklik aangewend word as *'n oorleweringsmeganisme*.
7. Seksuele mishandeling *voor* die ouderdom 5 jaar.
8. Kort periodes van amnesie en die onvermoë om kinderdae te herroep en konflikterende informasie. Daarom is die neem van 'n deeglike historiese agtergrond belangrik by alle pasiënte veral wanneer daar GV-trekke is.

Bo en behalwe hierdie faktore wys Haddock (2001) ook daarop dat die sogenaamde veelvuldige *triade* belangrik is in die diagnosering van DIV. Die eerste komponent van hierdie triade is dat mense wat aan DIV ly nie aan die *kriteria algemeen in skisofrenie voldoen nie*. Dit sluit in delusies dat my gedagtes, gevoelens en aksies beheer word deur iemand *buite*

my. Die tweede komponent sluit in *delusies of hallusinasies dat ander hulle gedagtes kan hoor, of steel, en dat stemme* kommentaar lewer oor hulle gedrag. Die derde komponent behels die *hoor van stemme*: "the major distinguishing factor between DID and Schizophrenia, however, is that dissociators hear voices from *within* themselves and do not lose touch with reality, as occurs in psychosis [Skuinsdruk bygevoeg]" (Haddock, 2001, p. 59).

Ander verskille tussen skisofrenie en DIV waarna sy verwys, word gegee in tabel 5-3

Tabel 5-3 Simptome van skisofrenie vs. simptome van DIV

| **Simptome in Skisofrenie** | **Simptome in DIV** |
|---|---|
| 1. dissosiatiewe simptome in die konteks van bisarre delusies of ander simptome; | 1. herhaaldelike en voortdurende simptome, dissosiatiewe simptome; |
| 2. gebrek aan 'n gevoel van self, identiteit en rol in die samelewing; | 2. konstante veranderings in identiteit; |
| 3. ouditiewe hallusinasies van stemme buite die self; | 3. ouditiewe hallusinasies word gekenmerk deur 'n interne dialoog; |
| 4. delusies wat nie ander persoonlikhede insluit nie; | 4. enigste delusie is die delusie van verskillende persoonlikhede; |
| 5. gedagtes en denke gekenmerk deur los assosiasies; | 5. afwesig in DIV; |
| 6. katatoniese gedrag; | 6. afwesig in DIV; |
| 7. kroniese "flat effect"; | 7. afwesig in DIV; |
| 8. realiteitstoetsing swak; | 8. realiliteitstoetsing intak, algemeen is die "asof"-stelling; |
| 9. "If mood episodes have occurred during active phase syptoms, their total duration has been brief relative to the duration of active and residual periods" (DSM-IV, pp. 284-86). | 9. 'n volle depressiewe of maniese episode kan voorkom saam met die dissosiatiewe versteuring; |
| 10. een of meer areas van funksionering word beïnvloed soos werk of selfversorging merkbaar laer as die vlak voor aanvang of eerste episode [Direkte vertaling] (DSM-IV, p. 285). | 10. enige aantasting in selfversorging is tydelik, en keer terug na die premorbiede vlak van funksionering. |
| 11. simptome en tekens van versteuring moet vir ten minste ses maande aanwesig wees [Direkte vertaling] (DSMV-IV, p. 285). | 11. simptome en tekens van simptome kom en gaan. Daar is vinnige fluktuasies in simptome, gemoed en graad van aantasting. (Haddock, 2001) |

Skisofrenie is nie die enigste versteuring waarmee DIV verwar word nie. DIV word ook verwar met GV en dit moet vervolgens ook aandag geniet. Dit is volgens Haddock (2001) algemeen dat pasiënte wat eerder 'n diagnose van DIV behoort te ontvang gediagnoseer word met Grenspersoonlikheid-versteuring. Vervolgens word die verskille tussen hierdie twee versteurings soos deur Haddock (2001) uitgewys, ook uitgelig. DIV presenteer as

Grenspersoonlikheid-versteuring (GP-V) as gevolg van die herhaaldelike persoonlikheidswisselings tussen alter egodele (alters). Die hoofkenmerke van GP-V is egter die volgende:

1. Desperate pogings om verwerping (eg of verbeel) te verhoed.
2. Onstabiele verhoudings met 'n geneigdheid om mense as *net goed* of *net sleg* te sien (deelobjek- verhoudings).
3. Impulsiwiteit algemeen verwant aan seksuele bedrag en substansmisbruik.
4. Herhaaldelike selfmoordpogings en selfmutilasie.
5. Onvanpaste uitdrukkings van aggressie.
6. Gemoedsveranderings veroorsaak *nie* verandering in persoonlikheid in die mate dat die ego onbewus is daarvan nie (volle dissosiasie).

Haddock (2001) wys verder daarop dat sommige navorsers van mening is dat DIV en GP-V beide eerder gesien moet word as dissosiatiewe versteurings eerder as persoonlikheidsversteurings. Twee redes word hiervoor aangevoer: a) beide DIV en GP-V beskik oor 'n historiese agtergrond van *seksuele mishandeling* en b) GP-V bevat soos DIV ook 'n dissosiatiewe komponent. Die verskil lê egter daarin dat DIV-pasiënte geheue- en tydverlies toon wat nie voorkom by GP-V-pasiënte nie. Dit is daarom nodig om soms die diagnose van GP-V te gebruik, veral wanneer die terapeut onseker is oor die diagnose. Dit is egter ook moontlik dat iemand wat aan DIV ly ook aan die kriteria vir GP-V voldoen en in sulke gevalle is dit nodig om beide DIV en GP-V te diagnoseer. Dit is egter as klinikus belangrik om nie net te fokus op die diagnostiese kriteria nie, maar ook die kliniese beeld en sy waarneming. Gevolglik speel die kliniese beeld van DIV ook 'n rol in die akkurate diagnose van die fenomeen.

### 5.1.4 Kliniese beeld

Pasiënte wat aan die kriteria vir DIV voldoen, word normaalweg (soos reeds uitgewys) gediagnoseer met diagnoses soos: 'n persoonlikheidsversteuring, Grenspersoonlikheid-versteuring (GP-V) , skisofrenie, of "Rapidly cycling" bipolêre versteuring. Kaplan & Sadock (1998) noem dat klinici bewus moet wees van die diagnose van DIV en dié se kriteria en moet luister vir *spesifieke suggestiewe kenmerke* van DIV tydens die *onderhoud*. Daar is volgens hulle gemiddeld slegs 5-10 persoonlikhede, en gewoonlik is net twee of drie van die persoonlikhede duidelik sigbaar of erkenbaar gedurende die onderhoud, terwyl die ander duidelik word soos terapie vorder. Friesen (1997) gee egter gevalle waar hy met meer as 10 persoonlikhede te doen gehad het. Oor of die versteuring van DIV geskep word deur terapeute se suggesties kan die volgende argumente uitgelig word:

> 1. There is a natural occurring presentation of DID, prior to therapist suggestion; 2. Patients do not embrace the DID diagnosis willingly, and in fact usually fight at least as hard to reject it as, for instance a patient with newly diagnosed bipolar disorder, 3. DID symptoms do not disappear when ignored (although the patient is likely to stop reporting them); and 4. The disorder actually begins in childhood, in the context of overwhelming trauma, and therefore could not possibly be caused by the adult therapist together with the patient. (Foote, 1997, p. 321)

Die oorgang of "switching" tussen verskillende persoonlikhede is gewoonlik spoedig en dramaties en is amnesies oor die ander alters se gebeure en ervarings. Daar mag egter alters wees wat bewus is van ander alters se bestaan, aktiwiteite en kwaliteite en ander alters as vriende of vyande beleef. Die meeste persoonlikhede het persoonlike name wat verband hou met sy funksie in die sisteem.

Vir Friesen (1997) is daar basies vier wyses is waarop alters gevorm kan word. *Eerstens,* deur *'n gebeurtenis wat traumaties genoeg is om dissosiasie te veroorsaak*. Tydens so 'n gebeurtenis word 'n nuwe persoonlikheid of 'n persoonlikheidsfragment gevorm en agter 'n amnesiese muur gestoor, wat die persoon in staat stel om die trauma te oorleef. Hierdie gedissosieerde herinneringe is ego-distonies en voel vir die persoon onwerklik. *Tweedens,* deur die *modellering van 'n belangrike ander* of persoon. 'n Ouer of belangrike outoriteitsfiguur se eienskappe word geïnkorporeer en vorm 'n alter wat daardie persoon namaak – die endopsigiese situasie en die vorming van die ideale objek en verskillende egodele. *Derdens* wanneer persone wat geleer het om dissosiasie as 'n voorkeur verdedigingsmeganisme te gebruik 'n *nuwe lewensituasie of uitdaging* moet hanteer. *Vierdens* wanneer *kultuslede* instruksies ontvang om DIV intensioneel te skep in hul kinders (satanisme kan as 'n voorbeeld hiervan genoem word). Deur die skep van DIV word verseker dat die geheime van die kultus beskerm word aangesien die "host" interne-selfhelper niks sal weet van die rituele wat gehou is met die kernpersoonlikheid nie.

Enkele kenmerke van alters of tipe alters word vervolgens genoem.

**Alters:**

1. Die "*Host"* (interne-selfhelper) – is gewoonlik die alter ego-deel wat aanmeld vir terapie, is ook gewoonlik angstig en/of depressief met masochistiese persoonlikheidstrekke, en kom oormatig moreel voor.
2. *Sekondêre* persoonlikhede – kom spontaan of in verhouding met sneller of "trigger" – wat hipnose, medikasie of 'n woord of geassosieerde emosie kan wees – na vore.
3. Kan van *beide geslagte* wees, manlik of vroulik.
4. Kan *enige ouderdom* of ras wees, of afkomstig wees van ander families as die pasiënt se oorspronklike familie.

5. Kan *mekaar teëstaan* en opponeer. Een alter kan 'n ekstrovert en seksueel promisku wees, terwyl die ander 'n introvert, kuis en seksueel geïnhibeerd kan wees.
6. Onderdrukte/onderdanige alters is gewoonlik *kinderlike* alters
7. Word gewoonlik *geïdentifiseer* en *ontdek* in dagboekinskrywings en verskillende handskrifstyle.
8. Alters kan gedemoniseer wees op grond van demoniese infiltrasie.[42]
9. Dierlike alters kan ook voorkom en neem die eienskappe van diere aan.

Verskeie leidrade of aanwysings ("cues") help alters om te wissel en om te weet wanneer hulle "body time" of tyd het om die liggaam te beheer. Kleure, woorde of aankoms by die huis na werk kan leidrade wees vir verskillende alters om na vore te tree. Alters kan met mekaar kompeteer en elkeen benodig tyd in die liggaam om hul funksies te verrig. Die gevolg is liggaamlike moegheid en slaapversteurings – vandaar die verkeerde diagnose van depressie. Wanneer die interne-selfhelpers nie meer die wisseling kan hanteer nie en te veel tyd verlore raak, kan 'n slagoffer-alter (wat identifiseer met die slegte objek, skuldig voel en aggressie op die self rig) depressief word en terapie of hulp soek.

Aangesien trauma en mishandeling een van die kriteria is vir die ontwikkeling van DIV en die verstaan van dissosiasie, en differensiële diagnose deur mishandeling beïnvloed word, sal die vier vorms van mishandeling bespreek word.

### 5.1.5 Vier vorms van mishandeling

Daar is basies twee groepe of vorms van mishandeling en dit kan aan die hand van die volgende analogie verduidelik word. Daar is tweede moontlike wyses om 'n huis te verwoes. Die eerste is deur dit te *verwaarloos;* die tweede is deur 'n ramp of doelbewuste *opblaas* daarvan. Net so kan die kind vernietig en getraumatiseer word deur hom te verwaarloos – *die afwesigheid van dit wat 'n kind nodig het om normaal te ontwikkel (liefde, aanvaarding)*. Die tweede wyse om die kind te traumatiseer is wanneer ander of die ouer self *dinge met die kind doen wat nooit veronderstel is om met hom te gebeur nie* – die ramptipe-trauma. Anders gestel, is dit onderskeidelik tipe een- of *tipe twee-* trauma.

---

[42] Of die terapeut die demoon gaan hanteer as 'n interne objek of 'n geestelike realiteit hang egter af van die bepaalde wêreldsiening. "Verlossing" deur Jesus Christus of terapie (interne objekte) bly egter die fokus, waarna integrasie of samewerking met die res van die sisteem bewerkstellig moet word. Onthou, alhoewel bevryding van demone moontlik nodig mag wees, is dit steeds belangrik om die pasiënt te begelei om 'n gevoel van beheer oor sy lewe te ontwikkel:

> The notion that evil spirits can control our lives can produce feelings of extreme helplessness and hopelessness. My life is not in my own hands if I'm possessed. The direction of DID therapy should be toward establishing self control, and accusations of spirit possession seriously contradicts that direction. (Friesen, 1997, p. 105)

Die vier basiese vorms van mishandeling met hul algemene reaksies word weergegee in tabel . 'n Volledige bespreking van die vier vorms is buite die omvang van hierdie skripsie. Godsdienstige mishandeling sal egter wel aandag geniet aangesien beide SRM en godsdienstige mishandeling in die geval van bevryding kan plaasvind, beide aspekte relevant tot hierdie navorsing.

Tabel 5-4 Algemene reaksie op vier vorms van mishandeling

| **Tipes** | **Vier algemene negatiewe reaksies** |
|---|---|
| **1) Seksuele mishandeling** | Ekstreme mate van skaamte, skuld en interne konflik oor seks en seksualiteit en gepaard- gaande versteurings. Vrees en woede/haat/bitterheid |
| **2) Fisieke mishandeling** | Ekstreme woede/aggressiewe gedrag en problematiese interpersoonlike verhoudings asook rebellie |
| **3) Sielkundige/emosionele mishandeling** | Ekstreme lae en negatiewe selfbeeld en vrees of gevoel van verwerping wat lei tot aggressie, onttrekking of depressie |
| **4) Godsdienstige mishandeling** | Ekstreme verwarring oor God en die Christelike geloof. Onvermoë om God of Jesus Christus te vertrou. Byvoorbeeld, Satanistiese Rituele-mishandeling |

'n Vorm van mishandeling wat die navorser glo al hoe meer gesien gaan word, is Satanistiese Rituele-mishandeling (SRM). SRM is 'n kombinasie van al vier die bogenoemde vorms van mishandeling. Dit lei tot ernstige psigologiese, interpersoonlike en godsdienste skade. As gevolg van die intensiteit daarvan lei dit in sommige gevalle selfs tot ernstige dissosiasie, demonisering en die ontwikkeling van DIV (Friesen, 1997; Havinga, 2000b, 2000c; Murphy, 1996, 2003; Smith, 2000).

### 5.1.5.1 Sataniese Rituele-mishandeling (SRM)

> Some therapists are talking now about the potential for evil that exists in human beings...We are not talking about spanking the children too hard, or about the use of excessive forms of punishment. We are talking about children reporting that they were drugged, terrorized and subjected to horrifying abuse, and that they witnessed the murder of animals and of other children during ceremonies of Satan Worship. They have reported satanic ritual abuse (SRM) ...Even though our awareness continues to lead psychology into deeper levels of discovery; therapists still find only a few places to talk about SRA [Skuinsdruk bygevoeg]. (Friesen, 1997. pp. 207-208)


Hierdie aanhaling verduidelik presies wat SRM is, maar net soos wat mense skepties is oor die werklikheid van satanisme is hulle ook skepties oor hierdie vorm van mishandeling. Friesen (1997) verduidelik dat die samelewing en sielkundiges heel waarskynlik nog nie gereed is om die realiteit van menslike boosheid – soos wat dit ontbloot word in die herinnerings van slagoffers van SRM – te aanvaar nie. Hy argumenteer dat net soos mense nie die seksuele mishandeling en bloedskande in Freud se tyd aanvaar het nie, en navorsing mettertyd aan die lig gekom en die mense daarvan oortuig het, net so glo hy, sal navorsing in die toekoms oor DIV die realiteit van SRM ontbloot. Hy noem dat terapeute selde skryf oor SRM ten spyte daarvan dat studies oor SRM aantoon dat:

> 25 percent of those with DID in North America have been subjected to SRA, and SRA is why they developed DID in the first place. The dissociation of DID is the best way children have of dealing with the trauma... Many of us believe the percentage is much higher, at least in our own region... therapist are learning to treat SRA survivors, but not from books or articles for some reason – I think it is Fear – most therapist do not want to become known as experts in helping SRA survivors, so they do not write about their experience. (Friesen, 1997, p. 209).

## 5.2 BEHANDELING VAN DIV

Kluft (1999) gee ‘n oorsig oor die verskillende stappe in die psogoterapeutiese proses vir DIV-kliënte. In hierdie afdeling sal daar egter op die stappe van Friesen (1997) gefokus word. Die *eerste* beginsels en stap in die behandeling van DIV is volgens Friesen (1997) om die kliënt in te lig oor sy diagnose van DIV slegs wanneer hy of sy gereed is om ingelig te word en ‘n goeie vertrouensverhouding tussen kliënt en terapeut reeds bestaan. Die *tweede* stap is om die verskillende alters te identifiseer en te “map” (sien Figuur 5-2 vir ‘n voorbeeld). Hy noem dat die meeste van die alters baie kwaad en verontwaardig sal wees met die bekendmaking van die diagnose, aangesien die sisteem se geheim nou nie meer ‘n geheim is nie, en gevolglik ontevredenheid teenoor die “host” sal uitspreek. Daar kan geredeneer word dat die libidonale ego aangeval word deur die antilibidonale ego omdat die libido gerig word op ‘n eksterne objek en nie meer soos altyd, ops grond van die basiese skisoïede neiging, op die interne wêreld nie. Friesen (1997) verduidelik aan die hand van hierdie kaart van een van sy kliënte dat alter ego nommer 14 ‘n gedemoniseerde alter was met dominante negatiewe gevoelens en deur die kliënt veel verder op die kaart geplaas is as die res van die alters. Hierdie gedemoniseerde alter (vs. geprojekteerde slegte objek) se aanvalle het spesifiek gefokus op nommer 3, Barb (alter vs. LE) wat die kwesbaarste alter was en namens die sisteem skuldgevoelens hanteer (‘n tipiese eienskap van demone – sien 5.4) Daar kan geargumenteer word dat die ego-distoniese alter moontlik nie slegs ego-distonies

is nie, maar wel vanuit die Christelike wêreldsiening gesien kan word as ‘n demoon of bonatuurlike wese of *third form.*




1. Trix
2. Spock
3. Barb
4. Klein Beth
5. Smiley
6. Marie Curie
7. Terapeut
8. Moeder Teresa
9. Sokrates
10. Die onderwyser
11. Henry
12. Cinderella
13. Lauren
14. Negatiewe stem (demoniese gees)

Friesen (1997, p. 46)

Figuur 5-2 Voorbeeld van ‘n getekende kaart van die verskillende alters

Nadat die kaart saamgestel is, is *die derde* terapeutiese stap om die verskillende alters bewus te maak van mekaar en te help om mekaar te leer ken. Ook moet die verskillende emosies of eienskappe en name geassosieer met elke alter, sowel as elke alter se nie-verbale maniërismes en kommunikasie geïdentifiseer word. Friesen (1997) verduidelik dat party alters van die begin af name het, ander alters wil nie ‘n naam hê nie, ander is bly om ‘n naam te kry, en ander neem ‘n naam aan wat sy karaktereienskappe beskryf. Dit is belangrik dat die terapeut nie name suggereer of voorstel hoe die “kaart” saamgestel moet word nie. *Stap vier* behels die identifisering van die interne-selfhelper – dit is die alter wat gewoonlik bewus is van verskeie alters en oor die meeste kennis van die alters beskik, nie enige spesifieke negatiewe emosies ervaar nie, en nie baie mag het in die sisteem nie. *Stap vyf* behels die identifikasie van die sogenaamde sondebok van die sisteem. Soos enige sisteem is daar een van die lede (alters) wat namens die ander ‘n rol vervul en/of ‘n objek vir projeksies van die sisteem se negatiewe emosies is. Dit stel die ander alters of dele van die sisteem in staat (ten koste van sy/haar eie behoeftes) om nie dié emosies te ervaar of te hanteer nie. Die gevolg is dat die lid of alter (LE) verwerp of alleen voel aangesien die ander alters (in verdediging teen hierdie gevoelens) ‘n negatiewe en aggressiewe houding teenoor hierdie alter of lid handhaaf (AE). Hierdie alter moet hanteer word soos wat die sogenaamde swartskaap in familieterapie hanteer sal word. Ander alters moet dus bewus gemaak word van hierdie lid of alter se belangrike rol in die sisteem. Die *laaste stap* in die terapeutiese proses behels die bevordering van interne kommunikasie en/of integrasie. Dit sentreer basies rondom die bewuswording, goeie samewerking en integrasie. Belangrik egter is dat die terapeut deurgaans die alter wat teenwoordig is of “body time” het, se taal moet praat.

Kluft (1999) wys daarop dat die pad na integrasie verskeie modelle en behandelingsplanne vir DIV opgelewer het:

> Models consistent with stage oriented treatment of trauma victims, containment oriented hypnotic treatment strategies, answers on how to conduct supportive psychotherapy as well as the identifications of subgroups which leads to individual treatment plans… however it often is not possible to provide a given DID patient with treatment appropriate to the needs of the patient. (Kluft & Foote, 1999, p. 284)

Dit word dus duidelik dat alternatiewe behandelingsmetodes soms nodig is. Friesen (1997) maak gebruik van "geestelike oorlogvoering as alternatiewe behandeling veral wanneer daar onverklaarbare verwarring en weerstand tydens die terapeutiese proses voorkom". Dit word egter later onder die opskrif *Bevryding as geestelike intervensie* bespreek. Dit bring die navorser by die laaste afdeling van hierdie hoofstuk en vervolgens word daar vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening na demone en bevryding gekyk waarna Friesen (1997) sal uitlig hoe om te onderskei tussen die stem van 'n demoon en die stem van 'n alter.

## 5.3 Demone gesien vanuit 'n Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening

> There are two equal and opposing errors into which our race can fall about devils. One is to disbelieve their existence. The other is to believe and feel an unhealthy interest in them. They themselves are equally pleased by both errors and hail materialists or a magician with the same delight. (Lewis, 1976, p. 50) [43]

Aangesien Friesen (1997) die Bybelgefundeerde siening van demone huldig en dit op gebalanseerde, ontwikkelde wyse met sielkunde integreer, moet demone ook vanuit hierdie siening bestudeer word om sy onderskeid tussen die stemme van demone en stemme van alters te verstaan. Die geloof in demone is 'n eeue oue verskynsel en in baie opsigte universeel.

### 5.3.1 Bose geeste en die universele geloof daarin

Unger (1977), skryf oor hierdie onderwerp die volgende: Die geloof in Satan en demone is vanaf die vroegste tye 'n universele verskynsel. Dit kan gesien word in die geskiedenis van verskeie godsdienste. Die Bybel wys dat die mens oorbeweeg het vanaf monoteïsme as gevolg van die misleiding van Satan na die mees degraderende vorms van afgodediens. In die tyd van Abraham sowat 2000 jaar voor Christus het die mens 'n krasse politeïsme gehuldig, gevul met bose geeste, vloeke, towerspreuke, magiese geskrifte en verbanning

[43] Collins (2001) dui aan dat Lewis die rasionele linkerbrein-siening die *materialistiese* siening genoem het en die hoogs subjektiewe, intuïtief-emosionele regterbrein-siening die *magiese* siening genoem het. Eersgenoemde lei tot ontkenning en laasgenoemde tot 'n ongesonde belang in bonatuurlike wesens.

van geeste. Murphy (1996) brei hierop uit en wys hoedat die vroeë Christene baie bekeerlinge uit die mag van Satan en demone uit bevry het.

### 5.3.2 Demone

Net soos wat die Bybel nie poog om die bestaan van God te bewys nie, poog dit ook nie om die bestaan van demone te bewys nie. Dit vertel van die aktiwiteite van demone asof die eerste lesers die bestaan daarvan aanvaar het. Die vroeë kerkvaders het ook nie die persoonlike aard en realiteit van demone bevraagteken nie. Prince (1998) wys daarop dat daar basies twee teorieë oor die oorsprong van demone is. Die *eerste* teorie beweer volgens Prince (1998) sowel as Els & Jonker (2000) en Collins (2001), dat demone *gevalle engele* is wat saam met Satan gerebelleer het en uit die hemel gewerp is (Openbaring 12). Die *tweede* teorie beweer dat: "Demons are disembodied spirits of a pre-Adamic race that perished under some judgment of God not recorded in detail in Scripture" (Prince, 1998, p. 99). Vir hom blyk dit duidelik uit Efesiërs 6:12 dat gevalle engele steeds 'n plek in die hemele (heavenlies) het, maar nie meer in God se teenwoordigheid is nie, en tans gebonde is aan hierdie aarde met eienskappe wat nie ooreenstem met dié van engele nie. Prince (2000) gaan verder en wys dat die filosoof Sokrates erken het dat hy 'n *daimonion (demoon)* gehad het wat van sy gedrag beïnvloed het, deur hom te lei en te vertel wat hy nie moet doen nie: "In our [Christen] terminology we would classify that as the work of a divining spirit. It would be out of line with Greek thought, however, to suggest that Socrates has a fallen angel directing him" (Prince, 2000, p. 100).

Soos in die bespreking van satanisme is dit ook nodig om enkele wanbegrippe oor demone, soos uitgelig deur Anderson (2000a), kortliks te noem en te bespreek.

#### 5.3.2.1 Demone – Enkele wanbegrippe

1. *Demone was net aktief toe Christus op die aarde was, maar hulle is glad nie meer aktief nie.* Hierdie wanbegrip is reeds aangespreek in die wyse waarop die Christen as geestelike soldaat beskryf is in Hoofstuk 2.
2. *Wat die vroeë kerk as demoniese aktiwiteite beskryf het, weet en verstaan ons vandag is psigiese versteurings.* Vir Anderson (2000a), weerlê so 'n stelling die geloofwaardigheid van die Bybel en die rol van die Christelike wêreldsiening.

> Terms such as schizophrenia, paranoia, and psychosis, ... are merely labels classifying symptoms. But what or who is causing the symptoms? Is the cause spiritual, psychological, hormonal, or a neurological chemical imbalance? Certainly all these options must be explored. But what if no physical or psychological cause is found. (2000a, pp. 20-21)

3. *Sommige probleme is sielkundig en ander is geestelik.* Anderson (2000a) noem dit 'n valse digotomie wat 'n duidelike onderskeid tussen die mens se siel en sy gees impliseer. Hy sê: "There is no inner conflict which is not psychological, because there is never a time when your mind, emotions, and will are not involved. Similarly, there is no problem which is not spiritual. There is no time when God is not present" (p. 21). Sy argumente is in lyn met vorige argumente wat daarop dui dat die geestelike realiteit net so eg en van pas is as die natuurlike wat ons sintuiglik kan waarneem.
4. *Christene kan nie deur demone geaffekteer word nie.* Anderson (1993, 2000a), Els & Jonker (2000), Friesen (1997), Murphy (1996, 2003), Prince (1998) en Smith (2000) wys almal daarop dat Christene ook onder demoniese aanval kan kom. Daar is ook in hoofstuk 2 uitgewys dat die Christen juis die persoon is met wie Satan en sy demone oorlog voer.
5. *Demoniese invloed is net sigbaar in ekstreme vorms van gedrag, gewelddadige gedrag of afskuwelike sondes.* Hierdie wanopvatting word verduidelik in die hieropvolgende afdeling waarin 'n regstelling oor die Bybelse terminologie oor demoniese *besetenheid* gemaak word.
6. *Verlossing uit die mag van geestelike bindinge / demone is die resultaat van 'n magstryd met demoniese magte.* Vryheid kom nie as gevolg van 'n magstryd tussen die Christen en demone nie, dit kom deur die verlossingswerk van Jesus Christus en wanneer die waarheid na vore kom oor leuens wat gesetel is in negatiewe emosies (Anderson, 2000a; Friesen, 1997 & Smith, 2000).

> Jesus is the Truth, and He is the One who sets the captive free. Power for the believer comes in knowing and choosing the truth...People in bondage are not liberated by what I do as the pastor / counselor, but by what they choose to believe, confess, renounce, and forgive. (Anderson, 2000a, p. 24)

7. *As die mens demone uitlos, dan sal hulle die mens ook uitlos.*

Lewis (1967) noem dat dit 'n fout sal wees om die bestaan van demone te ontken en te ignoreer of om te veel daarop te fokus. Efesiërs 6, Murphy (1996), Prince (1998), Smith (2000) en Friesen (1997) noem dat Christene die primêre maar nie eksklusiewe teiken van demoniese aanval is nie. Wat is demone dan?

#### 5.3.2.2 Demone – Gedefinieer

Demone kan gedefinieer word as:

> "Disembodied spirit beings that have an intense craving to occupy physical bodies. Apparently their first choice is a human body; but rather than remain in a disembodied condition, they are willing to enter even the body of an animal" (Prince, 2003, p. 97).

of as

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


"Spirits which find a measure of rest in organic beings, preferring even swine over nothingness (Mark 5:12)" (Anderson, 2000a, p. 116).

Die navorser definieer 'n demoon as 'n liggaamlose, bonatuurlike *persoonlikheid*, wat poog om 'n invloed in die mens se lewe te kry en deur die mens se liggaam uiting te gee aan sy bose, sondige begeertes.

**5.3.2.3 Demone – As persoonlikhede**

Om te verstaan wat die Christen-siening van demone is, is dit nodig om die verskillende eienskappe en tipes demone te bestudeer. Die Bybel noem dat demone verskeie menslike eienskappe het en hulle word daarom as persoonlikhede beskryf deur Anderson (2000a, pp. 115-118), Els & Jonker (2000) en Prince (1998, pp. 104-106). Om hul argument te staaf, wys hulle op die volgende persoonlikheidseienskappe van demone:

- Hulle het **emosies:** "Even the demons believe – and tremble!" (Jakobus 2:19) "Trembling is an outward mark of strong emotions" (Prince, 1998, p. 99). Hulle trek voordeel uit woede en veroorsaak bitterheid (Efesiërs 4:26-27). Hulle dra by tot geestelike en emosionele verwarring by die mens (Markus 5:2-3;5).
- Hulle het 'n **wil** van hul eie, anders kon hulle nie kies om in opstand te kom teen God nie: (Matteus 12:44) "The demon exercises its will to make a decision, and then follows it up with the corresponding action" (Prince, 1998, p. 98).
- Hulle het 'n **intellek** en kennis wat nie kom van natuurlike bronne nie. Die eerste keer wat Jesus 'n demoon gekonfronteer het, het die demoon hom herken: "I know who You are – the Holy One of God" (Markus 1:24). Hulle het die vermoë om planne te maak en om te onthou. Hulle kan 'n situasie evalueer en besluite neem. "We are dealing *with thinking* personalities as opposed to impersonal forces. That's why secular methods of research are not going to reveal their existence" (Anderson, 2000a, p. 117).
- Hulle **kan praat.** Daar is verskeie plekke in die eerste drie Evangelies en Handelinge waar demone deur die stembande van 'n mens op wie hulle 'n invloed gehad het, met Jesus of die dissipels gekommunikeer het (Matteus 8:28, Lukas 11). Taal is een van die kenmerkende eienskappe van 'n persoon of persoonlikheid.
- Hulle het 'n **selfbewustheid** soos gesien kan word toe Jesus die demoon in Markus 5:9 vra wat sy naam is en hy antwoord: "My name is Legion; For we are many". Elke demoon het dus 'n afsonderlike identiteit. Dit word bevestig deur die herhaaldelike gebruik van die persoonlike voornaamwoord "ek". "I will return to my house from which I came" (Lukas 11:24).

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


- Hulle kan **hulle kragte** saamspan. Een demoon nooi sewe ander sterker demone saam met hom en die persoon se toestand vererger (Lukas 11:24-25). Al drie bogenoemde skrywers wys daarop dat as demonisering eers plaasgevind het, sal meer demone hulle kragte saamspan om die individu se toestand te vererger.
- Hulle het **sintuie.** Die bogenoemde skrywers argumenteer die sintuiglike aspekte van demone volledig (sien Lukas 11:25).

Teoreties gesproke is demone persoonlikhede en daarom kan die logiese afleiding gemaak word dat hulle ook aksies uitvoer.

#### 5.3.2.4 Demone – Se aksies

Murphy (1996) gee 'n analise van die woorde in die Bybelbeskrywings wat dui op die *aksies* van demone in die mens. Hierdie oorspronklike woorde en beskrywing van demone se aksies word in Tabel 5-5 saamgevat en weergegee.

Tabel 5-5 Beskrywings wat dui op die aksies van demone in die mens

| **Oorspronklike taal** | **Beskrywings wat dui op die aksies van demone in die mens** |
|---|---|
| ***Daimonizomia-*** | *Om gedemoniseerd te wees* - onder die invloed of mag van 'n bose gees (Matt. 4:28;8:16;9:12;15:22; Mark. 1:32. *Alle* demoniese infiltrasie is demonisering ongeag die graad daarvan). |
| ***Echei daimonion-*** | *Om 'n demoon te hê (*Luk. 7:33; Joh. 7:20) |
| ***Lambanoo-*** | "To grab" - om houvas te kry (Luk. 9:39). |
| ***Selenaizomia-*** | *To be mentally deranged* (Matt. 17:15) |
| ***En-*** | Beteken "in' of "met" (Mark. 1:32) |
| ***Daimonizomenos-*** | "Continued state of one inhabited by a demon, or demonized...in its root form means a demon caused passivity ". This indicates a control other than that of the person who is demonized...He is regarded as the recipient of the demon's action" (Dickason, 1989 in Murphy, 1996, p. 37-38). |
| ***Enogleoo-*** | "To suffer under" - om onder 'n bose gees te ly (Luk. 6:18) |
| ***Demoniacs-*** | Om 'n bose gees te hê - "one under the power of a demon" (Murphy, 1996, p. 49). |
| ***Egein-*** | "To have" - om te hê (Luk. 8:27;4:33;13;11; Mark. 7:25;9:17). |

Dit wil dus voorkom of 'n mens: 'n demoon kan hê; onder 'n demoon kan ly en 'n demoon in of met hom kan hê.

#### 5.3.2.5 Demone – Hul orde

Demone is ook in 'n hiërargiese orde gerangskik (Efesiërs 6:12 ; Matteus 12:24-45; Markus 5:2-9; Openbaring 12). Efesiërs 6: 12 wat handel oor demone se orde word deur Prince as volg vertaal:

> For our wrestling match is not against flesh and blood (persons without bodies) – we are not wrestling against mere human personalities (or rulerships), but against authorities, against the world dominators of this present darkness, against spirits of wickedness in the heavenlies. (Prince, 2003, p. 20)

Uit sy verstaan van die Griekse mitologie argumenteer Prince (1998) dat in hierdie gedeelte drie afsonderlike vlakke of ordes van geestelike wesens aangetref word. Daar is twee hoofordes van “gode” wat in die hemele woonagtig is. Die eerste of hoogste vlak is *theo of* die meervoud *theoi.* Die tweede of middelste vlak of orde is *diamon*. Dan is daar ook ’n derde of laer aardse vlak/orde en hier vind ons die *diamonions (demons)*. Die funksie van die *diamons* is om te sorg dat die goddelike plan wat *theoi* of die gode van die hoogste vlak vir elke mens in gedagte het, uitgevoer moet word. Die *diamons* se taak is dus om hierdie doel te bewerkstellig in die mens se lewe. Die *diamons* is dus ondergeskik aan die *theoi* wat hulle domineer en rig. Dit blyk asof die *diamons* weer meer gesag het as die *diamonions,* en *diamons* die *diamonions* domineer en beheer. Prince (1998) wys dan ook daarop dat die Engelse taal nie ‘n woord het om *diamons* mee te vertaal nie. *Theos of theoi* word maklik vertaal as ‘n god of gode, en *diamonion* weer as demoon, maar daar is geen woord om *diamon* te vertaal nie. Hy wys daarop dat *theos* en *diamons* dan moontlik sal korrespondeer met wat in Efesiërs 6:12 vertaal is as “principalities” en “powers”. Met ander woorde: *Theos* = **gode** = “rulers” of “principalities”; *Diamons* = **diamons** = ”powers” of “authorities” en *Diamonion* = **demone** = bose geeste en is “earthbound”. Hy verduidelik verder dat daar geen indikasie in die Bybel is wat aandui dat *diamonion*/demone neerdaal of opvaar na die hemele toe nie. Hy verwys na Matteus 12:43-44 waar daar vertel word van hierdie demone wat op die aarde rondswerf. Rondswerf of “passes through” in die oorspronklike Griekse werkwoord, sê Prince 1998, word slegs gebruik vir beweging op die aarde. *Theoi, diamons* en *diamonions* word verenig in ‘n nimmereindigende oorlog teen die mens, en is onder die leiding en heerskappy van Satan.

Die volgende hipotese kan dus hieruit gemaak word. As diamonions geeste is wat liggame gehad het in ‘n pre-Adamgeslag en histories goddelose en sondige lewens gelei het, en tans sonder hulle liggame is en gevolglik nie kan uiting gee aan hulle luste, begeertes, en emosies nie; dan kan geargumenteer word dat demone ‘n menslike liggaam hiervoor soek. Indien hulle ‘n gepaste liggaam vind, sal hulle nou uiting kan gee aan hul luste. Dié uitreagering lei tot en word ervaar as ‘n ekstreme katarsis vir die individu wat die diamonion huisves.[44]

Om die invloed van demone op gebalanseerde wyse te verstaan, is dit nodig om na terme en twee vertalingsprobleme te kyk. Die volgende bespreking het die huidige navorser se gedagtes oor die aspek van demoniese besetenheid radikaal verander. Dit is noodsaaklik om hierdie vertalingsprobleme van nader te beskou aangesien die literatuurhoofstukke 2, 4 en in

---

[44] Hierdie hipotese kan dan geld as ‘n alternatiewe rede vir weerstand by die individu om afstand te doen van die AE en VO.

besonder hoofstuk 5 na demonisering verwys. Die navorser is van mening dat die term *demoniese besetenheid* ‘n bepaalde gedagte ontlok – ‘n gedagte dat demone totale besit of beheer oor die mens kan hê. Die navorser gebruik egter deurgaans die woord demonisering[45] omdat hy nie saamstem met die hele idee dat demone totale besit oor ‘n mens kan hê nie. Net soos wat Fairbairn oortuig was dat alle mense basies skisoïed is en Friesen (1997) van mening was dat alle mense die vermoë het om te dissosieer, is die huidige navorser van mening dat alle mense (gesien vanuit die Christelike wêreldsiening) potensieel demonisering kan ervaar – party meer as ander. Daar is dus ‘n graad van demonisering of ‘n kontinuum[46].

### 5.3.3 Demonisering – ‘n regstelling

#### 5.3.3.1 Demoon vs Duiwel

Soos reeds uitgewys, is die woord demoon of “demon“ afgelei van die Griekse woord *diamon* (die enkelvoud van die woord *diamonios). Diamon* word egter volgens Murphy, (1996) en Prince (1998) deur verskeie vertalings soos die King James Version vertaal as “Devil“ of die Nuwe Afrikaanse Vertaling as “duiwel“. Dit is problematies aangesien die woorde geen direkte verhouding of verwysing het na duiwel nie. Duiwel of “Devil“ is afgelei van die woord *diabolos* wat “slanderer“ beteken (Ivey, 1997). *Diabolos* kom slegs drie keer in die Bybel voor. Daar is dus baie demone, maar net een Duiwel.

#### 5.3.3.2 Demoniese besetenheid teenoor gedemoniseerdheid

> Obviously the form of words we use is of critical importance. It is one thing to say to a person, “You are subject to demonic influence”. It is quite another to say, “You are possessed by a demon”, or worse still, “You are possessed by the devil”. (Prince, 1998, p. 18).

Om beset of “possessed” te wees, beteken totale eienaarskap (Smith, 2000), en dit blyk onmoontlik te wees. As iemand totaal beheer word deur ’n demoon, kan hy nie verantwoordelik gehou word vir sy aksies nie – hy word dan besit en beheer deur ’n demoon – en dít, sê Murphy (2003) is nie die Bybelse konsep van demonisering nie. Skrywers stem saam en wys daarop dat die Griekse werkwoord *diamonizo* (wat afgelei is uit die selfstandige naamwoord *diamon*), *verkeerdelik* vertaal word as besete of “possessed“ (Dake, 1991; Murphy, 1996, 2003; Prince, 1998). *Diamonizo/diamonizomia* kan volgens hulle vertaal word

[45] ‘n Term wat Murphy (1996) gepostuleer het.
[46] Hierdie gedagte het ontwikkel uit die bestudering van Murphy (1996, 2003).

met woorde soos gedemoniseerd, *demoniseer* of “demonized“ wat ’n meer akkurate vertaling van die woord *diamonizo/diamonizomai* sal wees.[47]

> In the New Testament this verb occurs only in the passive form: “to be demonized”. In the original KJV, it is translated regularly as “to be possessed of (or with) a devil or devils” Most modern versions have correctly changed devil to demon, but incorrectly retain the form “to be possessed” (Prince, 1998, p. 18)

Murphy (1996) verduidelik dat die vroeë vertalers van die Bybel hierdie woord gebruik het om te verwys na meer *ernstige grade* van demonisering. Daar is dus geen basis vir die woord besetenheid vanuit die Griekse woord *diamonizo* nie, aangesien dit nêrens verwys na totale eienaarskap wat deur die gebruik van die woord besetenheid of “possession“ geïmpliseer word nie. Die Nuwe Testament is egter onduidelik oor hoe die vroeë kerk met die minder ernstige gevalle van demonisering omgegaan het.

> A final reason for rejecting the words “demon possession” is that the state of being completely, continually, and totally possessed or controlled by demons would be very, very rare, if it even exists at all. Such persons would be totally unresponsible for any of their actions since the demons would possess and control them at all times. The Scriptures never place total responsibility for human evil upon Satan and his demons. Persons are always held accountable for their actions. However, persons severely demonized, over a long period of time, by extremely powerful demons, find it difficult to maintain self-control when the demons are in manifestation, leading to what psychologists call “diminished capacity” (Murphy, 1996, p. 51-52; sien ook Markus 5, 9 & Lukas 9).

Die volgende definisie kan gegee word vir die meer akkurate vertalings van *Diamonizo/diamonizomai*:

> 1) Gedemoniseer of “demonized“ – “to be subject to demonic influence“ (Prince, 1998, p. 19);
>
> 2) Demonisering – “om onder die gedeeltelike beheer van een of meer demone te wees” (Unger, 1991, p. 86).
>
> 3) “Demonized“ – “being under the *partial* control of one or more demons” (Murphy, 1996, p. 51).

Gedeeltelike beheer impliseer ‘n kontinuum van ernstig tot minder ernstig: ” We could then speak of the degree to which a person could be demonized, rather than being limited to the either/or option imposed by the ‘possesed’ / ‘not possesed’ (Warner, 1991, pp. 79-80).

[47] Vir ‘n volledige beskrywing van die gebruik van hierdie Bybelse woorde wat verwys na demonisering soos gegeer deur Murpy (2003) kan die Bylaag 4 bestudeer word.

Warner (1991) beskryf verder dat ‘n Christen en nie-Christen dan aangeval kan word deur demone en/of demonisering ervaar in ‘n area van hul lewens soos die verstand (of siel) en liggaam, maar nie die gees nie. Murphy (1996, 2003) noem dat ’n persoon dan moontlik onder die invloed van min demone (*demoniese invloed of onderdrukking*) of baie demone (*demoniese houvas of ernstig demonisering*) kan wees in verskeie areas van sy lewe. Demonisering kan daarom min of geen wees of baie en ernstig. Dit dui nie soos besetenheid op totale eienaarskap of totale vryheid – óf die een, óf die ander opsie – nie, maar op verskillende grade van demonisering.

> Thus the terms (demonized) I am endorsing... conform more closely to the biblical words and do not import extra-biblical ideas; they preserve the dignity of those suffering from demonization; and they help acknowledge and deal with a broader front of spiritual warfare, overcomming the all-or-nothing split communicated through the label of demonic possession. (Murphy, 1996, p. 52 )[48]

**5.3.3.3 Die kontinuum**

Skrywers wat met outoriteit oor demonisering kan praat (Anderson, 1993, 2000a, Dake, 1991; De Lashmutt & McCallum, 1999; Friesen, 1997; Jonker, 2000; Koch, 1994; Murphy, 1996, 2003; Prince, 1998) beskryf verskeie vlakke van demonisering en geestelike invloede wat waargeneem kan word. Die navorser onderskei die volgende vier vlakke van demonisering na aanleiding van die lees van hul werke.

Die *eerste* is die vlak van *versoeking en demoniese invloed* – demone val die mens aan en plant gedagtes van sonde en boosheid – en alle mense is onderhewig hieraan en is soms onder demoniese invloed of aanval. Verlossing en bevryding uit hierdie vlak van demonisering is redelik ongekompliseerd en eenvoudig: Mense op hierdie vlak benodig nie bevryding vir demonisering wanneer hulle breek met hul sondige praktyke en gewoontes, en/of die hulp wat hulle van demoniese magte ontvang het, in die Naam van Jesus Christus verwerp nie. “Living a life of faith in Christ causes that demonic nature of temptations to be exposed” (Friesen, 1997, p. 249).

Die *tweede vlak* is die vlak van onderdrukking of houvas en ontstaan wanneer ‘n persoon in die okkulte rondspeel of gewoontesondes kweek. Friesen (1997) verduidelik dat iemand wat in verhouding staan met God, en vlak twee-demonisering ervaar, moontlik aan demone die “reg” gegee het in hul lewe omdat hulle gereageer het op demone se uitnodiging. Christene

---

[48] Hierdie siening kan groot implikasies hê vir die psigologie se verstaan van demone aangesien die hele argumentering vanuit die psigodinamiese siening oor demone berus op splitsing as verdediging en die daaropvolgende net goed of net sleg (die een of die ander) siening en die rol wat die interne slegte objek speel.

en nie-Christene kan bevryding kry deur die sonde te bely en die demoon in die naam van Jesus Christus te beveel om uit sy lewe uit te gaan:

> Many people believe the misconception that God and Satan are equal and opposite forces by which we are pulled back and forth. This teaching is a lie and a deception from the enemy... If we are… under the headship of Christ... the Head… then Satan is under our feet in the name of Jesus. It is only in the name of Jesus and in our position in Christ that we have this authority and thus have the power to fight the enemy in the spiritual warfare that is a part of every Christian's life. (Anderson *et al.,* 2000, p. 343)

Daar moet egter genoem word dat soos die mens volgens Guntrip (1969) nooit volkome die paranoïede skisoïede en depressiewe posisie oorwin nie, net so oorwin die Christen nie volkome die geveg teen Satan en sy demone nie. Nadat demone hul vlak twee-invloed verloor het, word die persoon weer op vlak een versoek en aangeval.

> I always tell people that to expel spirits is not the hard part. The power of God is sufficient to deliver people from spirits without much of a struggle at this level [vlak 2] of demonization. The hard part is growing in the Lord and establishing a maturing life among His people. Friesen (1997, p. 255)

*Vlak drie* behels die gevestigde demonisering of "demonic stronghold" – dit ontstaan wanneer daardie persoon doelbewus aanhoudend sondig en/of wanneer die persoon die mag van die bonatuurlike begin ontgin en Satan se hulp inroep.

Die *laaste vlak* is die vlak van *ernstige demonisering* – waar iemand verval het in 'n lewe van sedelike losbandigheid, afgodediens en/of satanisme. Friesen (1997) verduidelik dat mense wat ernstige demonisering ervaar daarvan bevry kan word. 'n Satanis wat 'n verbond met Satan gesluit het en potensieel gedemoniseerd is, kan Satan se aanspraak op sy siel verwerp en loskom uit die invloed en "mag" van sy demone. Hy noem dat dit egter nie so 'n ongekompliseerde proses is nie, veral wanneer iemand glo dat hy geestelik een is met Satan of wanneer ernstige demoniese bindings deur middel van verskeie tipes trauma – "mind control", verkragting, SRM, of familiêre geeste – veroorsaak of ontwikkel is. Die navorser omskryf ernstige demonisering as volg: Dit is daardie gevalle van demonisering waar 'n persoon vir 'n kort tydperk beheer oor sy gedrag verloor, en waarna hy na die tyd verwys met stellings soos: "Maar dit was nie ek nie", of "Ek was buite myself en dit het gevoel asof iets my oorneem".

Die vier vlakke kan aan die hand van die volgende analogie verduidelik word. Indien 'n stuk vleis op die toonbank geplaas (mens) word, sal dit op 'n somersdag (onder gunstige toestande van sonde) vlieë (demone) lok. Die vlieë (demone) sal eers rondvlieg (Vlak 1-

demonisering – invloed), dan op die vleis sit (Vlak 2-demonisering – onderdrukking), en na 'n tydperk van onversteurdheid eiers lê (Vlak 3 – infiltrasie of demoniese "strongholds") en die vleis besmet en bederf (Vlak 4 – ernstige demonisering). Indien die vlieë (demone) egter weggejaag word (Jakobus 4:7-beginsel) sal dit nie die vleis bederf nie. Die Jakobus 4-beginsel behels dat die persoon tydens aanval deur demone homself moet onderwerp aan God, Satan dan kan teëstaan, wat dan van die persoon af sal wegvlug. Indien demonisering plaasgevind het, kan die persoon egter vergifnis vra en die demoon in die naam van Jesus in gebed uitgedryf word. Die Griekse woord wat gewoonlik in die Bybel die aksie beskryf om ontslae te raak van 'n bose gees of demoon is *ekballo*, en dit word vertaal as "om uit te dryf" of "to cast out". Prince (1998) verkies die woord "expel" aangesien dit 'n alledaagse aksie beskryf. Vervolgens sal a) die aspek van bevryding as geestelike intervensie, veral in die behandeling van DIV en b) riglyne om te kan onderskei tussen die stemme van demone en dié van alter ego-persoonlikhede aan die hand van Friesen (1997) bespreek word.

### 5.3.4 Bevryding as geestelike intervensie

Allison het reeds in 1980 'n terapeutiese model vir bevryding van demone voorgestel en uitgewys dat bevryding (soos gedoen vanuit die Christelike wêreldsiening) terapeutiese waarde het (Allison in Friesen, 1997). Backus (1985) gee 'n uitstekende en gebalanseerde bespreking van verskeie psigopatologiese diagnoses en die potensiële rol van bevryding of geestelike oorlogvoering. Sy werk help beide die klinikus en die Christen-berader om te bepaal wanneer bevryding nodig is en wanneer hy met "suiwer" patologie te doen het.

Anderson (2000b) se *Seven steps to Freedom in Christ* wat komponente van bevryding bevat, is voldoende om die meeste persone te help om ontslae te raak van demone in hul lewe. Vier en twintig vrywilligers is tydens kwasi-eksperimentele navorsing deur sy sewe stappe geneem. Hierdie navorsing toon 'n merkbare verandering in die na-toets van hierdie vrywilligers se "Rosenberg Self Esteem", "Beck Anxiety Inventory" en die Symptom Checklist 90 (SCL-90-R):

> Statistically significant reductions in general psychological symptomology were found in the SCL-90-R ... along with significant reductions in several of its subscales: anxiety, depression, obsessive-compulsive, interpersonal sensitivity, phobic anxiety, hostility, somatization, paranoid ideation, and psychoticism. In addition, statistically significant reductions in anxiety were found on the Beck Anxiety Inventory, an increase in self-esteem were noted on the Rosenberg Self Esteem Inventory... two items related to spirituality ("reality of God" and "prayer and Bible study") showed statistically significant improvement. (Garzon, 2001, p. 48)

Hierdie model van Anderson (2000b) sal egter nie so effektief wees vir 'n persoon wat aan DIV ly of deur SRM is nie. Daarom maak Friesen (1997) gebruik van Allison (1980) se "psigologies-spirituele" model en voel baie sterk daaroor dat die behandeling van mense wat SRM ervaar beide psigoterapie en geestelike intervensies moet insluit. Mense wat SRM oorleef, weet dat hulle aan Satan gewy is, en gevolglik moet geestelike herstel deel uitmaak van hul terapie:

> As DID therapists have come to a fuller understanding of how incredibly complex the human mind is, we are finding that the realm of the spirit is an important part of healing…It appears to me that after DID is believed, and after SRA is understood, psychology will have to take into account that demonic appearances, levitations and some other pretty non scientific-sounding things have been observed in the context of worshiping Satan. Clients will have to be believed when they speak of the satanic forces they have observed in SRA ritual… and part of the therapy must involve spiritual restoration. (Friesen, 1997, pp. 209- 210) [49]

Die kern van geestelike herstel lê vir hom vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening in die verlossing en liefde van God en Jesus Christus sowel as bevryding van demone. Oor 'n aantal bladsye verduidelik Friesen (1997) dat die krag vir geestelike herstel by God lê:

> Spiritual restoration is more than just saying the right thing to a client. It is based on healing methods declared by the Bible (p. 217); ...in God's grace He reaches down to people and pulls them up, no matter how far down He has to reach (p. 219); ... when the spirit (van die mens) is helped, so is everything else... if the spirit offers this kind of healing power, and if the spirit is interwoven with the fabric of human experience... people will get healthier when their therapy includes a spiritual dimension" (pp. 220-221).

Hy hanteer dus demone as bonatuurlike entiteite eerder as gepersonifieerde slegte objekte of slegte objekte wat terugkeer na die bewuste. Verder wys hy daarop dat wanneer 'n demoon manifesteer, is dit anders as wanneer 'n alter "body time" of beheer van die liggaam neem. Demone, sê hy, werk teen die persoonlikheidsisteem, bly ekstern (vs. geprojekteerde slegte objekte wat terugkeer), veroorsaak vrees en verwarring en vorm nie verhoudings met mense nie. Hierdie siening is teenstrydig met die argumente van die huidige navorser. Demone is volgens die huidige navorser liggaamlose, persoonlike, bonatuurlike entiteite wat wel in die siel van die mens 'n invloed kan hê en die liggaam benodig om uiting te gee aan hul sondige begeertes.

[49] Dit is egter aspekte wat wetenskaplike navoring nog moet bewys, of dalk nooit sal kan bewys nie aangesien dit met die empierse en waarneembare aspekte omgaan eerder as met die bonatuurlike.

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


Demone word uitgedryf – om "uit" gedryf te word, impliseer tog sekerlik dat die demoon eers "in" iets of materie moet wees.[50] Die huidige navorser stem egter saam met Friesen (1997) dat demone ook "ekstern" is in die sin dat hulle altyd ego-distonies bly en nie soos geprojekteerde slegte objekte later as gevolg van terapie ego-sintonies word nie.

Verder stem die huidige navorser ook saam met Friesen (1997) as hy verduidelik (aan die hand van gevalle) hoe sy verhouding met God, die Heilige Gees en die naam van Jesus Christus sleutelelemente is in die uitdryf van demone as bonatuurlike entiteite. Oor demone en die uitdryf van hulle skryf hy die volgende:

> To treat such a thing [demoon] as a part of the personality system is to invite chaos... the evil spirit needs to be removed in order for peace to be established in the personality..." (p. 223) en later brei hy hierop uit: "*Casting out spirits successfully always leads to peace for the client, and the exorcised spirit has never yet been discovered to have been an alter personality in any cases I have been associated with. (*Friesen, 1997, p. 236)

Die rol van die kerk en liefde deur kerklede speel hier ook 'n belangrike rol (Friesen, Wilder, Bierling, Koepcke & Poole, 1999). Geestelike genesing van die mens (die gees) is dus belangrik aangesien dit sal versprei na die ander komponente (siel en liggaam). Verlossing van die interne objek (demone) is dus psigologies die fokus en vind plaas as daar geïdentifiseer word met die ideale objek (Jesus Christus).

### 5.3.5 Stemme van demone vs. stemme van alters

Laastens verduidelik Friesen (1997) dat baie sielkundiges al gebaat het by sy pogings om te onderskei tussen demone en alters, en vanuit beide die veld van berading en sielkunde het mense al aan hom genoem dat hulle op grond van sy onderskeid daarin kon slaag om persoonlikhede van demone te onderskei. 'n Verwerking van Friesen (1997, p. 223) se onderskeid tussen demone en alterpersoonlikhede word in Tabel 5.6 aangedui.

[50] Demone "in" die persoon is nie die intern objek nie. Interne slegte objekte bestaan ook en word geprojekteer tydens die uitdryf van die demoon, die demoon keer nie terug nie maar die interne objek wel. In sulke gevalle moet die persoon verantwoordelikheid neem vir sy eie negatiewe emosie in die terapeutiese verhouding en moet die endopsigiese situasie en die gepaardgaande interne konflik opgelos word.

Tabel 5-6 Demone vs. Alterpersoonlikhede

| **"Onderskeid tussen alterpersoonlikhede en demone** | |
|---|---|
| **Alterpersoonlikhede** | **Demone** |
| 1. Deelobjekte of alters, selfs alters wat vervolg (AE), kan baie sterk bondgenote word gedurende die terapeutiese proses. Daar is ook 'n duidelike gevoel van verhouding met alters, selfs al begin die verhouding negatief. | 1. Demone is arrogant, "vile" en werk teen die persoonlikheidsisteem. Demone versterk vrese en verwarring en maak hul vlugtige verskynings. Daar is ook geen gevoel van verhouding met hulle nie. |
| 2. Alters kom aanvanklik voor as ego-distonies, maar mettertyd verander hulle na ego-sintoniese dele. | 2. Demone bly ego-distonies of "ego-alien" buite die persoon. |
| 3. Verwarring, vrees en angs verlaag met gepaste terapie wanneer daar slegs alters teenwoordig is. | 3. Verwarring, vrees, angs en dominante negatiewe gevoelens bly ten spyte van terapie voortbestaan wanneer demone aanwesig is. "When a raspy, low male voice takes over a petite woman's body, and foam begins to form around the edge of her mouth, and the voice says things like, 'She is mine! I will not let her Go!' that is not a personality. The client's vision of the dastardly entity who has spoken confirms its demonic nature" (Friesen, 1997, p. 223) |
| 4. Alters is geneig om te konformeer tot die omgewing. | 4. Demone forseer ongewenste gedrag, en blameer dat 'n persoonlikheid. |
| 5. Alters het persoonlikheid, elk met sy eie stem, herinneringe en emosies. | 5. Demone het 'n negatiewe stem sonder 'n ooreenstemmende persoonlikheid. (Die demoon is eerder "one track minded" en sy emosies dominant en negatief, met obsessief-kompulsiewe gedagtes gerig teen God en Sy wil. |
| 6. Irritasie, ontevredenheid en mededinging is algemeen onder alters. Hulle is jaloers op mekaar, kwaad vir mekaar en praat met mekaar. | 6. Haat en bitterheid is die algemeenste gevoel onder demone, en wanneer hulle die Naam van Jesus Christus hoor, raak hulle aggressief of vlug. |
| 7. Die beeld van 'n alter neem 'n menslike vorm aan en die beeld bly konstant gedurende terapie. | 7. Die beeld van demone verander tussen menslike en nie-menslike vorms. Daar is baie variasies. |
| 8. Alters het die behoefte om voor gebid te word, en daar is die begeerte om in verhouding te staan met God. | 8. Wanneer daar gebid word en dit is 'n demoniese mag, kan verskeie manifestasies plaasvind. |

Ten slotte:

> Among the exorcisms I have seen, none has later been considered a mistake. When dissociation is properly understood, and care is taken to make certain that the demon is actually external to the personality system, I have not seen a false positive or a false negative. The properly exorcised demons do not appear later in therapy as personalities. The positive long-term results indicate that demons were cast out. You can't argue with success (p. 223).

As waarskuwing teen die gebruik van bevryding en die rol van demone in die lewe van die kliënt skryf Collins (1988):

> Christians disagree about the extent to which demons are involved in personal problems... the following pages accept the reality of the demonic but assume that *excorcism should be used rarely and only with the full support of spiritually mature and biblically astute church leaders* [Skuinsdruk bygevoeg]. (p. 72)

Die godsdienstige sielkundige is na afloop van die bespreking van die Objekrelasie-teorie en die bespreking van Friesen (1997) nou teoreties gesproke in staat om 'n gebalanseerde benadering te handhaaf wanneer daar met 'n satanis gewerk word. Die gedagtes oor demone in hierdie hoofstuk bied die moontlike geleentheid vir die godsdienstige sielkundige om met die interne objek te werk as 'n demoon en sodoende word die wêreldsiening van die satanis tydens sy oorskakeling uit satanisme ten volle in ag geneem. Dit maak dus anders as Kaplan & Sadock (1998) se bio-psigososiale model 'n bio-psigososiale-spirituele benadering in die terapeutiese behandeling van DIV en SRM-"oorlewendes" moontlik.

## SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar begin deur DIV se epidemiologie, etiologie en diagnose uit te wys. Daar is verskeie hulpmiddele voorgestel wat die belangrike differensiële diagnose van DIV vergemaklik. Hier kan die fokus op dissosiasie, waarnemings, geskiedenis van seksuele mishandeling en ander aanduidings van DIV, soos stemme, herroep word. 'n Duidelike kliniese beeld is ook geformuleer en die verskil tussen DIV en psigotiese versteurings en GP-V is ook uitgewys. Die vier vorms van mishandeling en SRM is bespreek. Daarna is demone vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening bespreek. Enkele wanbegrippe oor demone is aangeraak. Verder is geargumenteer dat demone persoonlikhede sonder liggame is en daar is aan die hand van 'n vertalingsregstelling uitgewys dat die idee van demoniese besetenheid nie 'n werklike Bybelse konsep is nie, maar eerder 'n vertalingsprobleem. Demonisering of die graad van demonisering is die meer akkurate Bybelse konsep en impliseer dat demonisering op 'n kontinuum lê, wat by matige demonisering begin en by ernstige demonisering eindig. Dit het gelei tot 'n bespreking van die vier vlakke van demonisering wat bydra tot 'n begrip van die invloed wat demoniese magte op die menslike psige kan hê. Dit is veral in die bespreking van demonisering wat die konflik tussen die bespreekte wêreldsienings duidelik na vore gekom het. Waar die satanistiese en Christelike wêreldsiening demone as letterlike bonatuurlike wesens beskou, is dit nie noodwendig die geval by die Objekrelasie-teorie nie. Bevryding van (of geestelike oorlogvoering teen) demone is as alternatiewe of geestelike intervensie bespreek en die belangrike onderskeid

wat Friesen (1997) tussen demone en alters gemaak het, het hierdie hoofstuk tot ‘n einde gebring. Laastens stel hierdie hoofstuk die klinikus in staat om meer as een wêreldsiening se denke aangaande die onderwerp van demone in gedagte te hou.

Hierdie hoofstuk sluit ‘n lywige literatuurstudie af en bring die navorsing nou by die belangrike metodologiese oorwegings en navorsingsprosedure. In hoofstuk 6 word die navorsingsmetodologie, die databronne en die data-analise asook die verloop van die navorsing volledig bespreek.

# HOOFSTUK 6 NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSMETODE

> The clinical setting... is a rich source of evidence that cannot be denied just because it does not fit the traditional rigid requirements for standard scientific experiments" (Vitz, 1994, pp. 39-40)

## INLEIDING

Die navorser, in sy keuse van navorsingsmetodologie, ondersteun die siening dat wetenskaplike navorsing gesien kan word as 'n rasionele, sistematiese manier om die wêreld te verstaan. Wat in hierdie hoofstuk bespreek sal word, is die metode wat die navorser het om wetenskaplike navorsing te doen. Die navorser neem aan dat die mens, hoe hy leef, hoe hy metafore gebruik om sin te maak uit sy lewensgebeure en wat hy ervaar, die fokus van die sielkundige domein is. In die fenomenologiese perspektief is die persoon die bron en oorsprong van alle wetenskaplike aktiwiteite.

Giorgi (1970a, 1970b), wys daarop dat die metodologie van *operasionele definisies* nie plek maak vir ervaring as 'n geldige psigologiese inhoud nie, en gevolglik het die veld van sielkunde homself en sy inhoud laat dikteer deur sy metode. Wat hieruit voortspruit, is die soeke na 'n metode wat beleweniswêreld en die inhoud van ervarings inkorporeer, sonder om die "objektiwiteit" van 'n sielkundige ondersoek te ondermyn. Die fenomenologiese perspektief bied aan die navorser hierdie moontlikhede aangesien objektiwiteit binne hierdie perspektief dui op getrouheid aan die fenomeen. Die navorser vertel binne hierdie benadering nie vir die fenomeen wat hy is nie, maar hy luister met respek wat die fenomeen van en oor homself te sê het. Ervaring is dus nie net in onsself nie, maar altyd ook in ons gedrag en optrede teenoor die eksterne wêreld. Ervaring is dus *in* en *van* die wêreld: "To believe that my experience doesn't count, amounts to believing that my existence doesn't count. I couldn't, or anyone else for that matter, dismiss my experience – even if I wanted to" (Du Toit, 2003, p. 68).

Aangesien die studie poog om die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings van die satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens betekenisvol te eksploreer en te beskryf, eerder as om een of ander oorsaak-en-gevolg of bevinding te verifieer en te verduidelik, is die kwalitatiewe metodologie, wat 'n eksistensieel-fenomenologiese navorsingsmetode aanwend, van pas. Dit is ook die navorser se oortuiging dat die onderwerp wat 'n individu met haar sterk godsdienstige, sowel as ervaringskomponente

insluit, binne die kwalitatiewe eksistensieel-fenomenologiese metode val. Anders as tradisionele navorsingsmetodes, stel die kwalitatiewe metode die navorser in staat om veel nader aan die verteenwoordigende realiteit van die geval te beweeg.

Verder stel dit die navorser in staat om die fenomeen in sy totaliteit te ondersoek, weg van die skeuring tussen sielkunde en Christelike metafore, na die mens en sy ervaring, sy realiteit en sy gedrag. In die deel van haar ervaring bied die satanis dus die geleentheid aan die fenomeen om homself te beskryf.

Alhoewel die navorser "in" die ondersoek betrokke is, maak sy teoretiese vooroordele en pre-kritiese aannames hom nie 'n ekspert of beterweterig oor die fenomeen nie. Die navorser se teoretiese vooroordele en pre-kritiese aannames dra by:

- tot bykomende verklarende kodes wat help om die onderwerp meer omvangryk te beskryf;
- tot die daarstel van verskeie maniere waarop die data verstaan kan word;
- om te bepaal wat as navorsingsdata gebruik kan word (Du Toit, 2003).

In die studie staan die subjektiewe oordele en interpretasie sentraal, aangesien dit 'n geldige verstaan van die onderwerp en sy aard bied. Die onderwerp word dus geskilder soos dit in wording kom en soos wat dit ervaar word. Hierdie is dus 'n proses waartydens objektiwiteit prysgegee word en subjektiwiteit sentraal staan (Esser, 2000).

Daar word dus herhaaldelik eerder na 'n geval of deelnemer verwys as na die onderwerp van die studie. Sodoende is die gaping tussen die navorser en die deelnemer kleiner gemaak en is daar wegbeweeg van die ekspert-benadering, maar nie sonder die wete dat die navorser self 'n deelnemer aan die studie was nie.

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp, navorsingsmetode en data-insamelingsmetodes volledig bespreek.

## 6.1 KWALITATIEWE NAVORSING

Kwalitatiewe navorsing bestudeer, verken en beskryf 'n geval of fenomeen in diepte. Dit bied die geleentheid om die leefwêreld of ervaringswêreld van 'n persoon op wetenskaplike wyse te bestudeer of te beskryf wat verdere navorsingshipoteses kan genereer. Volgens Mouton en Marais (1992) word kwalitatiewe navorsings gebruik: "Waar die doel verkenning is, (is) die oogmerk juis om deur middel van 'n plooibare werkwyse tot 'n verfyning van die

navorsingsprobleem te kom en sodanige presiese navorsingshipoteses te ontwikkel" (1992, p. 59).

Kwalitatiewe navorsing is vir Creswell (1998) net so 'n geldige navorsingstrategie as die tradisionele kwantitatiewe navorsing. Dit is gepas vir die studie omdat dit 'n "insider"-perspektief op die onderwerp kan gee. Die doel van kwalitatiewe navorsing is eerder om menslike gedrag te bestudeer vanuit die perspektief van die sosiale akteurs (deelnemers) self; dit word gebruik om die sosiale omgewing te bestudeer en om die betekenis van die deelnemer se lewe in sy eie terme te verstaan (Denzin & Lincoln, 1994).

Die navorsing het geskied aan die hand van 'n gevallestudie, met die fokus op die proses eerder as die uitkomste (Babbie & Mouton, 1999; Creswell, 1998; Neuman, 1997). Die gevallestudiemetode het die navorser in staat gestel om die onderwerp induktief te benader, dit te beskryf en beter te verstaan eerder as om verklarings te bied (Babbie & Mouton, 1999; Creswell 1998; Leedy, 1997). Die gevallestudiemetode wat gebruik is, is die eksploratief-beskrywende gevallestudiemetode, wat ten doel het om 'n georganiseerde, geloofwaardige en samehangende beeld van die fenomeen daar te stel.

Krefting (1991) beskryf die eksploratief-beskrywende of verkennend-beskrywende gevallestudie se doel as volg. In hierdie gevallestudiemetode verskaf die navorser 'n omvattende, akkurate beskrywing van 'n individuele geval, wat gerig is daarop om 'n idee wat nog nie ten volle gekonseptualiseer is nie, in diepte te ondersoek. Breuer (in Freud & Breuer, 1895) se beskrywing van Anna O. is 'n voorbeeld hiervan. Omdat hierdie tipe studie in wese verkennend is, lê dit aan die kant van die kontinuum wat net raak aan teorie. Teoretiese konsepte kom reeds hierin voor, maar in wese is hierdie tipe gevallestudie nog net besig om die fondamente van teoretiese konseptualisering te lê.

Creswell (1998) verduidelik dat die enkel-gevallestudiemetode gebruik kan word om so na as moontlik aan die deelnemer se leefwêreld te kom, om sodoende die navorser in staat te stel om die subjektiewe ervarings, snellerinsidente, gedagtes, emosies en behoeftes van die deelnemer vas te stel. Die navorsing word in die natuurlike omgewing gedoen, beskryf die gebeure soos dit plaasvind of plaasgevind het so akkuraat as moontlik. Die akkurate beskrywings dra by tot die ontwikkeling van tweede-ordekonstrukte, verdere navorsingshipoteses of 'n teorie wat sinvolle betekenis aan die observasies gee. Die klem is op die unieke eienskappe of aard van die fenomeen (Leedy, 1997), in hierdie geval die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe belewenisse van 'n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens, ten einde so veel as moontlik daaroor te wete te kom.

Soos reeds genoem, was die hoofmetode van navorsing eksploratief-beskrywend van aard, en dit het geskied aan die hand van Giorgi se metodologie (1970a; 1970b, 1975, 1982, 1985). Gevolglik sal die kenmerke, teoretiese oriëntasie en metodologie, proses van data-insameling, fases van interpretasie, sowel as prosedures van data-analise eksistensieel-fenomenologies bespreek word.

## 6.2 METODOLOGIESE OORWEGINGS

Die deelnemer het in hierdie navorsing verbale sowel as geskrewe data aan die navorser gebied, gebaseer op haar eie denke, individuele agtergrond en raamwerk. Die deelnemer se sienings oor haar ervaring, haar taal en belewenis van die onderwerp kan egter nie losgemaak word van haar persoonlike wêreldsiening en basiese verstaan van, en aannames oor die aard van die mens nie.

### 6.2.1 Kontekstueel

Hierdie navorsing het nie veralgemenings en verklarings ten doel nie en is in ’n spesifieke konteks uitgevoer. Geografies is die navorsing binne die Gauteng-provinsie in Suid-Afrika uitgevoer. Die individuele konteks is baie spesifiek: ’n satanis, ouer as *een-en-twintig* jaar, die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings wat bydra tot haar oorskakeling na die Christelike godsdiens. Om te verseker dat die resultate verkry van die verskynsel wat bestudeer word, akkuraat en werklikheidsgetrou is, was interne geldigheid deurgaans belangrik (Mouton & Marais, 1992). Navorsingsvrae soos aanbeveel deur Creswell (1998), wat met “hoe”- en “wat”- vrae begin, is aan die deelnemer gevra om die snellerinsidente en subjektiewe beleweniswêreld van ’n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens beter te verstaan.

### 6.2.2 Verkennend

Volgens Mouton & Marais (1992) is die doel van verkennende navorsing ”…om ’n verkenning van ’n relatief onbekende terrein te maak” (p. 45). Neuwman (1997) wys daarop dat ’n verkennende studie gepas is as navorsers nie baie geskryf het oor ’n bepaalde onderwerp nie. Hy wys verder daarop dat verkennende navorsing die “wat”-vraag aanspreek, en gevolglik is alles oor die onderwerp potensieel belangrik.

Insig en begrip is nagestreef om hierdie onbekende en kompleks-religieuse verskynsel beter te verstaan en moontlik verdere navorsingshipoteses en kritiese vrae te genereer (Mouton & Marais, 1992).

### 6.2.3 Beskrywend

Die navorsing is verder beskrywend en het die belangrike metodologiese oorweging gehad "om akkurate inligting of data oor die domeinverskynsel onder bestudering, in te samel" (Mouton & Marais, 1992, p. 46). Die eksploratief-beskrywende aard van die navorsing dui daarop dat die navorser die fenomeen ondersoek, en op grond van die data wat uit die ondersoek na vore kom die fenomeen akkuraat beskryf vir wat dit blyk om te wees.

Neuwman (1997) wys daarop dat beskrywende navorsing 'n prentjie skets deur die detail van die verskynsel te omskryf. Die navorsing het 'n goedgedefinieerde onderwerp en die navorsing beskryf die onderwerp akkuraat. Hier word die "hoe"- en "wie"- vraag beantwoord. Indiepte, akkurate en noukeurige beskrywing van die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings van 'n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens, word in hierdie navorsing weergegee.

Die werk van Giorgi (1975) en Kvale (1996), hul teoretiese raamwerk en beginsels oor 'n eksplisiete kwalitatiewe metode vir navorsing in die veld van fenomenologiese sielkunde, staan sentraal in hierdie studie.

### 6.2.4 Eksistensieel-fenomenologiese ondersoek

Giorgi (1970b), beskryf eksistensiële fenomenologie as die studie van fenomene soos wat hulle ervaar word deur 'n persoon; en soos wat daardie persoon in sy wêreld leef. Die oorsprong is beide in die tradisionele fenomenologie soos gevind in die filosofie, en die tradisionele sielkunde as wetenskaplike dissipline. Giorgi (1985) se kwalitatiewe metode is 'n oortuigende strategie vir die uitvoer van navorsing. Sy strategie strewe daarna om aan die vereistes van beide die fenomenologie en wetenskap te voldoen.

In die volgende afdeling word die hoofeienskappe van eksistensiële fenomenologie as teoretiese oriëntasie en as navorsingsmetodologie, die proses van data-insameling, en die fases van die navorsing of prosedure van data-analise bespreek.

#### 6.2.4.1 Enkele kenmerke van eksistensiële fenomenologie as teoretiese oriëntasie

As 'n teoretiese oriëntasie poog eksistensiële fenomenologie (Mudaly, 1985), om sielkunde met die realiteit van die mens se ervaring te integreer. Dit sien die mens as 'n totale wese – liggaam, siel en gees – in verhouding tot sy wêreld; as 'n wese in die wêreld. Eksistensieel fenomenologiese navorsing as dissipline, ondersoek die mens se ervaring op 'n metodiese, sistematiese en streng wyse wat nie plek maak vir relativisme of 'n alles-is-aanvaarbaar filosofie nie (Du Toit, 2003) .

Dit stel belang in die onmiddellike realiteit soos uitgedruk in alledaagse taal. Die leefwêreld is nie soos die wêreld van die natuurwetenskappe, wat gebaseer is op teorieë, wette en konstruksies nie, maar poog om die menslike ervarings en gedrag, deur 'n gestruktureerde analise van die direkte ervaring soos weergegee, te verstaan. Verder word menslike gedrag gesien as funksioneel en intensioneel, met laasgenoemde as die primêre komponent aangesien menslike gedrag in die ervaringskonteks van die mens plaasvind. Die eksistensieel-fenomenologiese houding vereis dat verskeie paradokse en teenstrydighede toegelaat en begryp moet word. As't ware is die enigste manier om die beleefde ervaring of die leefwêreld voldoende te verstaan, juis om jouself gelyktydig totaal deel te maak daarvan, bo die beleefde ervarings uit te styg en sodoende 'n meta-perspektief daarop te kry en te behou. In hierdie navorsing dien die eksistensiële fenomenologie as die meta-model op die fenomeen.

**6.2.4.2 Kenmerke van die kwalitatief-eksistensiële fenomenologie as navorsingsmetodologie**

Wat van die eksistensiële fenomenologie 'n geldige metodologie maak is die feit dat die metode se kritiese elemente gegrond is in die *menslike wetenskapsperspektief*. Dit beteken dat die eksistensieel-fenomenologiese metode buigbaar en dialekties is met 'n uitkoms wat van pas en relevant is tot die perspektief, inhoud en konteks van navorsing. Die metode is verder ontwikkel op die basis van 'n holistiese, kontekstuele en situasionele benadering met die implikasie dat die eksterne sienings of standpunte oor die onderwerp hulle bevoorregte posisie verloor. Met ander woorde eerder as wat die navorser 'n bevoorregte ekspert-posisie beklee hou die eksistensieel fenomenologiese metode die navorser ten volle verantwoordbaar vir die navorser-deelnemer-interaksie, (Mudaly, 1985).

Konkrete beskrywings in die vorm van die skryf van 'n naïewe lewenskets, geskrewe antwoorde op fenomenologiese vrae en verbale beskrywings in die vorm van die fenomenologiese onderhoude, dien dan as data en moontlike metafore vir die beleefde ervarings of die "lived experience" van die deelnemer. Die beleefde wêreld is ontsluit in 'n oopeinde manier en dien as die oorspronklike data van die studie, "since descriptions are considered to be the closest approximation to lived experience" (Du Toit, 2003).

Die navorser se fokus was nie op die situasie soos wat hy dit ken of eksperimenteel uitdink nie, maar soos wat dit ervaar word deur die deelnemer. Gevolglik het die navorser oor die interaksie, eie sienings en invloed op die studie besin. Die kwalitatiewe struktuur wat spontaan ontdek is, word gesien as tipies van die situasie of fenomeen, eerder as *universeel* of *veralgemeenbaar* (Mudaly, 1985).

Die fenomenologiese benadering stel die navorser in hierdie studie in staat om sin te maak uit die data. Moontlike metafore vir die beleefde ervarings van die deelnemer word dus op 'n oopeinde manier ontsluit wat verhoed dat die navorser 'n bevoorregte ekspert-posisie inneem. Gevolglik sal aandag en voorkeur gegee word aan die temas en metafore wat die mees omvangryke beskrywings van die leefwêreld van die deelnemer bied.

Noudat die teoretiese oriëntasie van die eksistensieel-fenomenologie as navorsingsmetode geskets is, kan die praktiese toepassing daarvan aandag geniet.

### 6.2.5 Die keuse van 'n geval

Die navorser het in hierdie studie gebruik gemaak van 'n "gatekeeper" en die deelnemer doelgerig gekies aangesien 'n satanis wat aan die navorsingsdefinisie voldoen, volgens Els en Jonker (2000) aan 'n streng eed van geheimhouding onderhewig is.

#### 6.2.5.1 Doelgerigte keuse van deelnemer

'n Doelgerigte steekproef behels die insluit van 'n deelnemer wat beskik oor die kennis wat die navorser verlang (Burns & Grove, 1993). 'n Doelgerigte steekproef is uitgevoer, en met behulp van 'n "gatekeeper" het die navorser 'n deelnemer wat aan die volgende insluitingskriteria voldoen, na 'n tydperk van twee jaar opgespoor.

#### 6.2.5.2 Insluitingskriteria

Die deelnemer moes:

- ✓ minstens die afgelope 2 jaar in die Gauteng-provinsie woonagtig wees;
- ✓ ouer wees as een-en-twintig jaar;
- ✓ betrokke gewees het in satanisme soos gedefinieer;
- ✓ tans besig wees om oor te skakel na die Christelike godsdiens;
- ✓ bereid wees om gewillig aan die navorsing deel te neem;
- ✓ apsigoties wees om die geloofwaardigheid van die data te verseker;
- ✓ Afrikaans of Engels kan begryp, lees en skryf aangesien dit die enigste twee tale is wat die navorser magtig is, en taal 'n belangrike rol speel in die fenomenologiese ondersoek wat die fenomeen in staat stel of vir homself te praat.

#### 6.2.5.3 Uitsluitingskriteria

As gevolg van die eksploratiewe, beskrywende aard van die navorsing is die uitsluitingskriteria beperk.

X Die persoon mag nie 'n *dabbler* wees nie (Els & Jonker, 2000).

X Die persoon mag nie psigoties wees nie.

#### 6.2.5.4 Die "Gatekeeper"

> Gaining access through the gatekeeper and establishing rapport with the case being studied are also important for a case study. (Creswell, 1998, p. 117)

'n Gatekeeper is a) 'n persoon wat 'n lid is van 'n groep wat nagevors word (Creswell, 1998) of b) 'n persoon van inisiële kontak wat die navorser lei na ander informante (Hammersley & Atkinson, 1995). In hierdie navorsing was die "" 'n persoon wat as terapeut optree vir mense wat aan die navorsingskriteria voldoen.

## 6.3 DIE PROSES VAN DATA-INSAMELING

Soos reeds bespreek, is die data-insameling aan die hand van die eksistensieel-fenomenologiese perspektief gedoen. In hierdie afdeling gaan die data-bronne en die data-insamelingsmetode volledig bespreek word. Verder sal die data-insamelingstegnieke, naamlik, veldnotas en observasies gemaak deur die navorser, die skryf van 'n naïewe lewenskets, skriftelike beantwoording van fenomenologiese vrae en fenomenologiese onderhoude met die deelnemer noukeurig geëvalueer word.

### 6.3.1 Die databronne

Die databronne vir hierdie navorsing is *'n satanis* wat oorskakel na die Christelike godsdiens, en beskikbare literatuur oor die verskynsel. Alhoewel Giorgi (1982) noem dat meer as een deelnemer die potensiaal verhoog om onderliggende temas te vind, is die navorser van mening dat die wyse van data-insameling deeglik genoeg was en die potensiaal gehad het om die onderliggende temas uit te lig en 'n indiepte-beskrywing van die deelnemer se ervarings daargestel het. Vervolgens word die data-insamelingsmetodes, aanvanklike fase van data-insameling, en die fenomenologiese oriëntasie van die deelnemer bespreek.

### 6.3.2 Die data-insamelingsmetodes

Uit die aard van die kompleksiteit en rykdom van die stroom van belewenisse van die snellerinsidente in die satanis se lewe en verwante subjektiewe ervarings, kon verskeie vrae gevra word om die beskrywings en ontledings van die betekenis te gee. Maar in hierdie studie is die deelnemer op fenomenologiese wyse gevra om slegs twee vrae skriftelik op haar eie tyd en sonder die navorser se teenwoordigheid te beantwoord. Die eerste vraag handel oor die deelnemer se lewensverhaal en die tweede handel spesifiek oor die snellerinsidente of ervarings van die deelnemer. Wat belangrik is in die geval van

University of Pretoria etd – Crause, R  (2005)


fenomenologiese navorsing is dat voor enige vrae aan die deelnemer gestel word, moet sy op fenomenologiese wyse ten opsigte van die navorsing en die navorsingsvrae georiënteer word.

#### 6.3.2.1 Aanvanklike fase van data-insameling

Gedurende die aanvanklike fase van die navorsing is die deelnemer:

- georiënteer ten opsigte van die onderwerp van die studie en haar samewerking is verkry;
- gevra om haar naïewe skets te skryf, gevolg deur die skriftelike beantwoording (omskrywings) van fenomenologiese vrae oor die fenomeen. Tydens hierdie proses het die navorser, ten einde maksimale beskrywings te ontlok, die lengte van beskrywings en antwoorde oop gelaat vir die deelnemer;
- se response opgeneem op die mees betroubare manier, in hierdie geval in geskrewe en verbale vorm om sodoende getrou te bly aan die taal wat deur die deelnemer gebruik word;
- se skriftelike omskrywings gevolg deur fenomenologiese onderhoude om enige onduidelikhede oor eersgenoemde uit te klaar.

#### 6.3.2.2 Die fenomenologiese oriëntasie van die deelnemer

Soos reeds genoem, moes die deelnemer, voordat enige vraag aan haar gestel is eers op fenomenologiese wyse georiënteer word. Dit het die deelnemer ook voorberei vir die fenomenologiese onderhoude wat sou volg. Die deelnemer is deur middel van die volgende instruksies georiënteer:

> “Ek is oortuig daarvan dat sataniste wat oorskakel na die Christelike godsdiens oor ’n magdom ervaringe beskik wat ander mense dalk nie eens glo bestaan nie. Ek is ook oortuig daarvan dat daar baie selde oor insidente en ervarings wat jou oortuig het om oor te skakel na die Christelike godsdiens, gepraat word. Eerder as om ’n ingewikkelde vraelys aan jou te stuur, het ek besluit om gebruik te maak van slegs twee vrae wat ek aan jou gaan gee, om skriftelik te beantwoord. Nadat jy hierdie twee vrae beantwoord het, gaan ek ’n onderhoud met jou voer om onsekerhede oor beskrywings uit te klaar en om op die beskrywings van insidente of ervarings wat jy genoem het, uit te brei.
>
> “Ek wil graag hê dat wanneer jy die vrae beantwoord, jy evaluerend oor die insidente en ervarings wat jy kies om te beskryf, sal redeneer. Verder wil ek vra dat jy die beskrywings van insidente en ervarings so volledig, omvangryk en gedetailleerd as moontlik, soos wat jy dit ervaar en beleef het, sal gee. Die eerste vraag handel oor jou lewensverhaal en die tweede oor insidente of relevante ervarings wat jy beleef het wat gemaak het dat jy na die Christelike godsdiens wil oorskakel.”

#### 6.3.2.3 Die naïewe skets of biografie

Creswell (1998) noem dat wanneer ’n individu die geval is wat nagevors word, is die lewensgeskiedenis haar persoonlike keuse. Die naïewe skets is op ’n fenomenologiese wyse deur die deelnemer geskryf voordat sy aan die navorser bekend was en het ‘n tweeledige doel. *Eerstens* om die deelnemer as mens en haar biografiese data aan die leser bekend te stel en meer omtrent die spesifieke verskynsel te wete te kom (Giorgi, 1985 ). *Tweedens* kan geargumenteer word dat, omdat die naïewe skets spontaan die lewensverhaal van die deelnemer in haar eie taal weergee, bly belangrike aspekte en fynere nuanses vanuit die deelnemer se leefwêreld behoue. Dit is veral hierdie aspek wat van besondere waarde was tydens hierdie navorsing en bygedra het tot die akkurate waarneming van DIV by haar. Die deelnemer vertel die storie van haar lewe, noem belangrike gebeure en projekteer moontlike subjektiewe aspekte van belang. Dit alles het daartoe bygedra dat die fenomeen so getrou moontlik weergegee kon word en spontaan ontsluit is. Die navorser het een sentrale vraag gestel, naamlik:

“Skryf asseblief so volledig as moontlik jou lewensverhaal neer.”

#### 6.3.2.4 Die fenomenologiese vraag

Nadat die deelnemer op fenomenologiese wyse georiënteer is, kon die navorser die volgende sentrale vraag aan die deelnemer stel.

“Skryf asseblief vir my so volledig en gedetailleerd as moontlik alle insidente of ervarings wat jy beleef het, en wat jy beskou as relevant tot jou besluit om oor te skakel na die Christelike godsdiens neer.“

Alle onduidelike dele of aspekte wat in die geskrewe data voorgekom het, en wat die navorser gevoel het meer beskrywing verlang, is verder met behulp van fenomenologiese onderhoude ondersoek. Die onderhoude het verseker dat die navorser insig en begrip kry oor wat werklik ervaar/bedoel word en so is waninterpretasies en misverstande beperk.

#### 6.3.2.5 Fenomenologiese onderhoude

Fenomenologiese onderhoude word gevoer wanneer ’n verskynsel ondersoek word. Kvale (1983, p. 184) stel dit soos volg: “The phenomenological method involves an attempt to reach the lived world”. Die gegewens word so volledig moontlik beskryf sonder om enige verklarings daaroor te maak of om enige aandag te skenk aan die oorsprong van dit wat vasgestel is.

Deur die fenomenologiese onderhoude is gepoog om so na as moontlik aan begrip van ’n verskynsel te kom (Kvale, 1983) en om die verskynsel van satanisme en die snellerinsidente

vir die deelnemer se oorskakeling na die Christelike godsdiens soos wat dit in werklikheid vir haar is, te verken. Die deelnemer is geensins deur die navorser gelei in die onderhoud nie, en die navorser het slegs gebruik gemaak van minimale verbale response[51]. Tydens die fenomenologiese onderhoude is die deelnemer waargeneem en na afloop daarvan is veldnotas neergeskryf. Die fenomenologiese onderhoude het gefokus op enige onduidelike beskrywings wat voortgespruit het uit die geskrewe data en antwoorde op die fenomenologiese vrae.

Die navorser het die onduidelike beskrywing verbatim aan die deelnemer gelees soos sy dit geskryf het en sy is gevra om op haar beskrywing uit te brei. Die volgende sentrale vrae is aan haar gestel:

"Juffrou ... hier het jy genoem dat ... Kan jy my dalk meer hiervan vertel?"

**OF**

"Juffrou ... hier skryf jy die volgende ... Kan jy dalk hierop uitbrei?"

### 6.3.3 Veldnotas en waarneming

Aangesien mense reageer op die feit dat hulle waargeneem word (Mouton & Marais, 1992), het die navorser gebruik gemaak van Guba (1985) se strategieë om die waarheidswaarde, toepasbaarheid, digtheid van data en neutraliteit te verhoog en sodoende sy waarneming so geloofwaardig en betroubaar moontlik te verkry. Hierdie strategieë word later meer volledig bespreek.

Veldnotas is beskrywings of kort aantekeninge oor die deelnemer se gedrag en optrede (Woods & Catanzaro, 1988). Die navorser het dus gedurende die onderhoud die deelnemer en die omstandighede waarbinne sy is, waargeneem. Verder het hy ook die omgewing waarbinne sy waargeneem is konstant gehou. Deur die omgewing waarbinne die deelnemer waargeneem is konstant te hou, het die navorser verseker dat die waarnemings so geloofwaardig as moontlik is. Persoonlike reaksies asook die reaksies van die deelnemer is in die veldnotas ingesluit en die onderskeid is duidelik aangetoon. Veldnotas en waarnemings het ook gehelp om die aspek van refleksie aan te spreek.

#### 6.3.3.1 Refleksiewe veldnotas

Refleksiewe veldnotas is ook noukeurig aangewend en vorm deel van die data-insameling. Aangesien die navorser poog om die verskynsel beter te verstaan, is daar besluit om 'n

---

[51] Dit is egter so dat die teenwoordigheid van die terapeut die deelnemer moontlik kon lei, maar daar kan geargumenteer word dat die interaksie tussen die deelnemer en die terapeut aan die navorser die geleentheid gegee het om die oorskakelingsproses van die satanis eerstehands waar te neem. Vervolgens is die terapeut en die deelnemer se interaksie ook geanaliseer en gebruik as relevante temas vir die subjektiewe ervaring van die oorskakelingsproses.[52] In die objek relasie sin van die woord bedoel.

tematiese analise of interpretasie van naïewe beskrywings van die data te doen en rus die onus op die navorser om die nodige inligting aan ander navorsers beskikbaar te stel. Vervolgens, soos Lincoln en Guba uitwys, het die huidige navorser 'n "digte" beskrywing en alle nodige inligting verskaf ten einde toekomstige navorsers in staat te stel om oordraagbaarheid te bewys (Lincoln & Guba, 1985). "Digtheid" van beskrywing verwys daarna dat dieselfde temas en kategorieë tydens data-analise verkry word. Verskille mag voorkom, maar die temas wat herhaal is, is oorheersend.

Die data is deur die studieleier en navorser geanaliseer. Nadat die data geanaliseer is, het die navorser en studieleier konsensusgesprekke gevoer om ooreenstemming met die temas te bereik. Verder het die gebruik van 'n protokol (riglyne wat gevolg word in die analise van die rou data) die betroubaarheid en geloofwaardigheid van die data verhoog.

Die navorser het besin oor sy eie vooropgestelde idees of voorafkennis van die fenomeen, sowel as sy eie denke oor die onderwerp deurdat hy sy teoretiese raamwerk deurgaans in gedagte gehou het (Burns & Grove, 1993). Die navorser betree die konteks en gevolglik is dit hoogs onwaarskynlik dat die navorser, al betree hy die navorsingsveld met geen vooropgestelde idees nie, geen invloed op die navorsing sal hê nie. Daarom is dit belangrik om kennis te neem van die impak wat die navorser het op die navorsing en hy moet sover moontlik dit probeer voorkom.

## 6.4 Die verloop van die navorsing

Noudat die data-insamelingsmetodes en databronne bespreek is, kan die verloop van die navorsing aandag geniet. Dit was nie maklik om 'n respondent te kry wat werklik ernstig by satanisme betrokke was nie en die navorser het daarom as volg te werk gegaan.

Die navorser het 'n traumasentrum vir okkulteverwante trauma genader as moontlike "bron" vir 'n deelnemer. Dit het die navorser ongeveer 'n jaar geneem om rapport op te bou met die terapeut(e) wat daar werksaam is. Nadat 'n vertrouensverhouding met die traumasentrumpersoneel bewerkstellig is, het die navorser die terapeut(e) gevra om skriftelik toestemming te kry by iemand wat aan die navorsingsdefinisie van satanisme voldoen, besig is om oor te skakel na die Christelike godsdiens, en bereid is om aan die navorsing deel te neem. Die terapeut(e) het dus gedien as 'n "gatekeeper" en vir die navorser toegang gegee tot 'n moontlike geval of deelnemer. Die navorser was dus totaal onbetrokke en neutraal by die keuse van die deelnemer en het geen voorafkennis van die persoon gehad nie.

Dit het die terapeut(e) ongeveer vier maande geneem om kontak te maak met die eerste moontlike deelnemer. Nadat die navorser die eerste moontlike deelnemer ontmoet het en hom ingelig het oor die navorsing, is sy lewe die volgende dag fisiek (deur die satanistiese sel waarin hy betrokke was) in gevaar gestel, en hy is uit die navorsing onttrek.

Dit het nog ses maande geneem voordat ‘n tweede moontlike respondent wat aan die navorsingskriteria voldoen, gevind is. ’n Terapeut het skriftelike toestemming gekry by die tweede gewillige deelnemer en die eerste kontak is gereël. Tydens die eerste kennismaking het die navorser persoonlik die deelnemer georiënteer ten opsigte van die navorsing. Die aard en doel van die studie sowel as die metodes wat gebruik sou word, is verbaal aan die deelnemer verduidelik. ’n Geskrewe kopie van haar regte, ten opsigte van haar deelname aan die studie, is aan haar gegee. Die navorser se telefoonnommer is ook gegee sodat die deelnemer enige vrae of verdere aspekte kon bespreek na afloop van die onderhoude, of gedurende die navorsing. Vertroulikheid is verseker en die deelnemer se geskrewe toestemming is gekry om die onderhoude op oudioband op te neem en om die informasie te mag gebruik.

Die navorser het seker gemaak dat die deelnemer apsigoties is en georiënteerd is ten opsigte van tyd, plek en ruimte. Die deelnemer het genoem dat sy slegs aan die navorsing sal deelneem indien haar terapeut teenwoordig is tydens alle kontakte en onderhoude. Die navorser het haar versoek toegestaan. Nadat die navorser die deelnemer op fenomenologiese wyse georiënteer het, het hy haar gevra om ’n naïewe skets oor haar lewe te skryf en die fenomenologiese vrae skriftelik te beantwoord. ’n Geskrewe kopie van die vraag en oriëntasie is aan haar oorhandig om te verseker dat sy die vraag later kan nagaan en verstaan. Na afloop van die eerste ontmoeting het die navorser veldnotas gemaak.

Na die eerste kontak wat die navorser met haar gehad het, was dit volgens haar terapeut die eerste keer in 3 jaar wat sy haarself weer gemutileer het, terwyl sy na *heavy metal*-musiek geluister het. Na hierdie insident het die navorser en terapeut besluit om die navorsing tydelik te staak totdat die deelnemer gestabiliseer het.

Tydens die volgende kontak is ’n fenomenologiese onderhoud gevoer oor onduidelikhede in die geskrewe data. Die naïewe lewenskets het die belangrike biografiese informasie en lewensgeskiedenis ingesamel en daar is aan die deelnemer die geleentheid gegee om vrae te vra en enige bekommernisse te bespreek. Na afloop van die eerste kontak en fenomenologiese vraag is die deelnemer gevra oor haar ervaring van die vraag en enige vooruitspruitende probleme is aangespreek of aangeteken. Voor die aanvang van die fenomenologiese onderhoude het informele gesprekke plaasgevind, aangesien die

deelnemer tydens elke kontak koffie aangebied het en sosiaal met die navorser en terapeut verkeer het. Bogenoemde het daartoe bygedra om die aspek van uitgebreide tyd en rapport aan te spreek en gesorg dat die deelnemer op haar gemak was voordat die onderhoude gevoer is.

Alle onderhoude is op oudioband opgeneem sodat die taal van die fenomeen vasgevang kon word en woordeliks self deur die navorser getranskribeer kon word vir data-analise. Na afloop van die fenomenologiese onderhoud is die onderhoud dadelik getranskribeer. Na afloop van die transkripsie is die opnames persoonlik deur die navorser uitgevee. Die feit dat die navorser self die onderhoude getranskribeer het, het aan hom die geleentheid gegee om vinniger vertroud te raak met die informasie en die deelnemer beter te leer ken. Verder het dit daartoe bygedra dat die fynere nuanses van die onderhoude, soos stiltes, ongemak in stemtoon ensovoorts, nie verlore geraak het nie, soos wat sou gebeur indien 'n onafhanklike persoon die onderhoude sou transkribeer. Die persoonlike transkribering van die onderhoud blyk ook van groot waarde te wees. Die herhaaldelike luister na die onderhoud tydens die transkribering het die navorser in staat gestel het om persoonlikheidswisselings waar te neem – 'n aspek wat verlore sou raak indien 'n derde party die onderhoud sou transkribeer. Laastens is konfidensialiteit ook deur hierdie persoonlike transkribering deur die navorser verseker.

As gevolg van die intensiteit en emosionele ongemak tydens die eerste onderhoud (sien bylaag 5) het die navorser 'n kliniese besluit geneem dat hy nie onduidelikhede met die deelnemer self moet uitklaar nie. Op grond van hierdie besluit het die navorser, nadat die onderhoud getranskribeer is, in gesprekke met die terapeut: a) sy waarnemings bevestig of weerlê b) enige onduidelike aksies van die terapeut en c) onduidelikhede oor die onderhoud uitgeklaar. Noudat die proses van die data-insameling en die verloop van die navorsing kortliks geskets is, kan die prosedures wat die navorser gevolg het om die data te analiseer aandag geniet.

## 6.5 PROSEDURES VAN DATA-ANALISE

### 6.5.1 Fases van interpretasie van data

Creswell (1998), maak die stelling dat analise van data, in die geval van die gevallestudie, bestaan uit 'n gedetailleerde beskrywing van die geval. Die verskeie databronne kan geanaliseer word en die konteks speel 'n belangrike rol. Volgens Stake (1995) is daar vier vorme van data-analise wat gebruik kan word vir gevallestudienavorsing:

- *Kategoriese samevoeging:* Die navorser soek 'n versameling van gebeure uit die data, in die hoop dat kwessie-relevante betekenisse na vore sal kom.
- *Direkte interpretasies:* Die navorser kan ook na 'n enkele gebeurtenis kyk en betekenisse daaruit aflei sonder om na verskeie gebeure te kyk. Dit is beide 'n deduktiewe en induktiewe proses.
- Die navorser kan verder die data analiseer deur te soek na *patrone in die data tussen twee of meer kategorieë.* Dit kan in tabelvorm oorgedra word om die verhouding tussen die verskillende kategorieë duidelik te wys.
- Die navorser kan ook *naturalistiese veralgemenings uit die data maak*. Creswell (1998), noem dat ander navorsers dan self uit hierdie veralgemenings en geval kan leer, of die bevindinge van toepassing maak op ander soortgelyke gevalle.

Veralgemenings sal egter nie uit een geval gemaak kan word nie en is ook nie die doel van hierdie navorsing nie. Laastens voeg Creswell (1998) by dat die beskrywing van die geval, of 'n gedetailleerde beskrywing van die feite van die geval ook bydra tot 'n beter verstaan van die fenomeen.

### 6.5.2 Metode van data-analise

Die metode van data-analise wat in hierdie navorsing gebruik is, is die tematiese analise of interpretasie van naïewe beskrywings en geskrewe data. Hierdie metode van data-analise kan beskryf word as 'n intuïtiewe proses van analise en interpretering van data.

Die sistematiese proses begin waar die navorser herhaaldelik deur die data lees om homself te oriënteer en meer bekend te raak met die inhoud daarvan. Hierna is kategorieë gegenereer. Dit is die konstruering van maniere van verstaan en interpretasie van dit wat gelees is. Basies is etikette of konseptuele kategorieë gegenereer waarin sekere data gedeel kon word. Hierna is die data weer gelees en kategorieë wat nie inpas nie of minder bruikbaar is, is uitgegooi. Integrasie of samesmelting het hierna gevolg. In hierdie stap is meer algemene opskrifte gegenereer deur die samesmelting of integrering van soortgelyke kategorieë. In die volgende stap – die kontrolering van kategorieë – is die data weer gelees en bogenoemde hersiene lys van kategorieë of temas is vir oulaas hersien. Die volgende stap was om die kategorieë te verbind deur die verhouding tussen kategorieë te identifiseer en sodoende is 'n holistiese beeld oor dit wat gevind is, daargestel. Die sistematiese proses is beëindig deur die bevindinge aan te teken en op te skryf (Aronson, 1994).

### 6.5.3 Die stappe van data-analise

Volgens Kvale (1996) begin analise en interpretasie in kwalitatiewe navorsing reeds aan die begin van die navorsingsproses en is daarom nie slegs beperk tot die formele analisefase van die navorsingsproses nie. Dus, analise het reeds begin toe die navorser relevante literatuur gelees het, die onderhoude gevoer het en die fenomenologiese onderhoude getranskribeer het. Die formele analise is gedoen aan die hand van die sewe stappe soos uiteengesit deur Kvale (1996) en die vyf stappe van Giorgi (1982) soos uiteengesit deur Mudaly (1985). Alhoewel die skrywers die stappe onderskeidelik beskryf en identifiseer, oorvleuel hulle tog. Gevolglik het die analise nie noodwendig in ’n spesifieke kronologiese volgorde plaasgevind nie (Kvale, 1996).

Aangesien die verskillende vrae en data-insamelingstegnieke verskillende aspekte van die deelnemer se snellerinsidente, gepaardgaande subjektiewe ervarings en leefwêreld ondersoek het, is die geskrewe data en getranskribeerde onderhoude afsonderlik en gesamentlik deur die volgende fases soos deur Mudaly (1985) uiteengesit, geneem.

1. ’n Gevoel van die geheel of geheelbeeld;
2. spontane diskriminasie van eenhede van betekenis;
3. transformasie of vertaling van samestellende dele of samestellings in sielkundige taal;
4. vorming van tematiese groepe deur die vergelyking en samevoeging van vertaalde samestellings;
5. sintese en integrasie van tematiese groepe deur dit onder ’n spesifieke uitgebreide beskrywing te plaas;
6. ’n tipiese struktuur van die fenomeen.

Die leser moet herinner word dat hierdie metode van data-analise slegs een wyse is waarop die menslike wetenskap navorsing doen. Dit is nie ’n eksklusiewe of allesomvattende metode nie.

#### 6.5.3.1 Stap 1: Oriëntasie en opsigte van die onderhoudsprotokol

*(’n Gevoel van die geheel of geheelbeeld.)*

Die onderhoude is so gou moontlik na die voer van die onderhoud getranskribeer. Na die transkribering van die onderhoud is die naïewe skets weer gelees wat aan die navorser die geleentheid gebied het om vertroud te raak met die materiaal en die informasie. Daarna is al die ingesamelde data (verbaal en geskrewe) ’n paar keer deurgelees en sodoende is ’n geheelbeeld verkry (Creswell, 1998). Die tydsverloop het aan die navorser die geleentheid gegee vir die ontwikkeling van nuwe idees en gedagtes ten opsigte van die materiaal.

Tydens hierdie fase het die navorser holisties oor die onderhoud, geskrewe data en die protokol in geheel gelees, en sodoende is ’n geheelbeeld van die snellerinsidente en gepaardgaande ervaringswêreld van die satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens gekry. Hierna is die geskrewe data en onderhoude met konsentrasie versigtig oorgelees om ’n intuïtiewe en holistiese verstaan en begrip van die deelnemer te kry. Die doel hiervan was om ’n gevoel van heelheid van die data te behou ongeag die daaropvolgende fragmentering van data in eenhede, wat analise fasiliteer.

#### 6.5.3.2 Stap 2: Eenhede van betekenis

(*of: Spontane diskriminasie van eenhede van betekenis)*

Hierdie fase waar eenhede van betekenis geïdentifiseer word, het begin nadat al die data ingesamel is, onderhoude voltooi is en die oriëntasiefase afgehandel is. Die eenhede van betekenis kon woorde, frases of paragrawe wees. Volgens Krippendorf (1980) is die eenhede en hul betekenis nie absoluut nie, aangesien dit voortspruit uit die interaksie tussen die deelnemer se realiteit en die navorser.

Nadat die geheelbeeld van die data verkry is, is die data in die volgorde wat dit ingesamel is, weer deurgelees, maar nou met die doel om spesifieke eenhede van betekenis te vind en uit te lig. Veranderinge van betekenis is direk op die geskrewe en getranskribeerde teks aangebring soos wat dit plaasgevind het. Die eenhede van betekenis was konstant in hul essensiële samestellings van die totale beskrywing eerder as die diskrete elemente.

Hierdie fase het ook fase drie van Giorgi (1985) ingesluit, naamlik die transformasie of vertaling van samestellende dele of samestellings in sielkundige taal. Elke saamgestelde eenheid van betekenis is vertaal in die gepaste sielkundige uitdrukking of taal, ten einde die fenomeen – die snellerinsidente en subjektiewe belewenis – te ontbloot terwyl dit ook verdere analise fasiliteer. Hierdie transformasie het die perspektief vanaf dié van ’n deelnemer na ’n navorser verskuif.

#### 6.5.3.3 Stap 3: Die ontwikkeling van ervaringskategorieë

*(“Experiential Categories” of fase vier van Giorgi (1985): Die vorming van tematiese groepe deur die vergelyking en samevoeging van vertaalde samestellings).*

In kwalitatiewe navorsing verwys hierdie stap na induksie. Konsepte word induktief ontwikkel uit die data en dan word dit geneem na ’n hoër vlak van abstrakte denke waar die interafhanklikheid tussen die konsepte vasgestel word (Punch, 1998).

Tydens hierdie fase is die eenhede van betekenis versigtig en deurdag, op grond van hul ooreenkomste en verskille, in groepe gekategoriseer. Aronson (1994) stel dit soos volg: "All of the talk that fits under the specific pattern is identified and placed with the corresponding pattern" (p. 2).

Die ervaringskategorieë en snellerinsidente wat algemeen voorgekom het in die meerderheid van die databronne, is gebruik. Hierdie ervarings is gekombineer, of in groepe geplaas en sodoende is breë kategorieë of temas gevorm. Die getransformeerde of vertaalde saamgestelde dele van betekenis is dus nou in groepe saamgevoeg. Aan elke groep is 'n naam gegee wat verband hou met die saamgestelde betekenis van die bepaalde groep van vertaalde samestellings. Deur temas en kategorieë te definieer, het die navorser sy besluit om 'n bepaalde eenheid van betekenis in 'n kategorie of tema te plaas, vergemaklik.

Laastens wys Leininger (1985) daarop dat die navorser temas kan identifiseer op grond van sy kennis en studie oor hoe verskillende idees of komponente betekenis het wanneer hulle saamgevoeg word. Temas word geïdentifiseer wanneer die navorser losstaande en oënskynlik niksseggende komponente, of gefragmenteerde idees of ervarings, by mekaar bring en saamvoeg.

#### 6.5.3.4 Stap 4: Stabilisering

Betroubaarheid van data is noodsaaklik in kwantitatiewe navorsing. Die eweknie van betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing is konsepstabiliteit of geloofwaardigheid. Stabiliteit is verkry deur na verloop van tyd die groeperingsproses te herhaal. Die eenhede van betekenis is in kategorieë gegroepeer. Daarna is daar gepoog om hierdie temas/kategorieë verder te kategoriseer in enige nuwe kategorieë. Temas wat subkategorieë kon wees, is dan ook in reeds bestaande kategorieë geplaas.

#### 6.5.3.5 Stap 5: Geloofwaardigheid of betroubaarheid – "Credibility"

Wat ook onder die huidige fase en die vorige fase relevant is, is die area van deeglikheid en nougesetheid in kwalitatiewe navorsing. Laasgenoemde sal aandag geniet na die bespreking van die stappe van data-analise.

In kwantitatiewe navorsing word die term "interne geldigheid" gebruik om te bepaal of die navorsing dit navors wat die navorser beplan het om na te vors. Geloofwaardigheid is die term wat gebruik word in kwalitatiewe navorsing en dit verwys na die mate van ooreenkoms tussen die manier waarop die deelnemer sekere aspekte beleef en die manier waarop hierdie aspekte en belewenisse in die navorsing uitgebeeld word (Muir, 2000).

Betroubaarheid is in hierdie navorsing verkry deur die deelnemer betrokke te maak by die verskillende stappe van die data-insameling en enige onduidelikhede tydens die onderhoud met die deelnemer of terapeut uit te klaar. So is verseker dat die betekenisse duidelik gemaak is (Kvale, 1996). Verder het die terapeut se terugvoer oor die getranskribeerde onderhoud onduidelikheid oor waargenome patrone uitgeskakel. Die geldigheid van die terapeut se terugvoer word bevestig deur die volgende aanhaling: “When patterns emerge it is best to obtain feedback from the informants about them. This can be done as the interview is taking place or by asking the informants to give feedback from the transcribed conversations” (Aronson, 1994, p. 2).

Geloofwaardigheid is verder deur die navorser verkry deur die belangrike fokus van die navorsing – om te verstaan, te beskryf en te eksploreer – te behou en om sy eie betrokkenheid en invloed op die navorsing sowel as sy interpretasies daarvan te evalueer.

> By revealing rather than avoiding the investigator’s orientation and personal involvement in the research and by evaluating interpretations according to their impact on readers, investigators and participants, qualitative research shifts the goal of quality control from the objective truth of statements to understanding by people. (Stiles, 1993, p. 593)

**6.5.3.6 Stap 6: Die ontwikkeling van beskrywings binne kategorieë**

*(of: Sinteseen integrasie van tematiese groepe deur dit onder ’n spesifieke uitgebreide beskrywing te plaas)*

Beskrywings binne kategorieë het reeds informeel begin toe definisies gegee is aan ervarings wat gekategoriseer is tydens stap drie van die data-analise. Die formele ontwikkeling van beskrywings binne kategorieë begin egter eers in stap 6.

Die navorser en die studieleier het die rou data geanaliseer met behulp van die protokol wat die doel van die navorsing en metode van analise aangedui het. Hierna het die navorser en die studieleier konsensus-gesprekke gevoer om te verseker dat die analise korrek en waarheidsgetrou is.

Nadat al die kategorieë bepaal was, het die navorser herhaaldelik teruggekeer na die oorspronklike getranskribeerde- en geskrewe data om te verseker dat wat in hierdie stap beskryf is, steeds verteenwoordigend was van wat die deelnemer gesê het. Die eenhede van betekenis en die ervaringskategorieë wat onder elke breër kategorie val, is afsonderlik beskou en ’n gedetailleerde beskrywing van elke kategorie het hieruit voortgespruit. Hierdie uitgebreide beskrywing het aan die navorser die geleentheid gebied om ’n indiepte verstaan

van die konteks en die ervaring van die deelnemer soos sy dit as persoonlik relevant geïdentifiseer het, te kry.

Deur die verstaan van die satanis se snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings kan hierdie studie ook insig bied in ’n groter realiteit.

**6.5.3.7 Stap 7: Die bespreking van resultate**

In hierdie studie sal die bespreking van resultate in twee fases plaasvind. Tydens die eerste fase sal die deelnemer met behulp van uittreksels uit die naïewe lewenskets aan die leser bekendgestel word. Tydens haar bekendstelling sal die navorser ook Objekrelasie-interpretasies deurgee ten einde uit te lig hoe dit bydra tot die verstaan van haar persoonlikheidstruktuur. In fase twee sal ’n geïntegreerde bespreking van die belangrikste snellerinsidente vanuit twee wêreldsienings of ideologieë plaasvind. Elke snellerinsident sal genoem word en vanuit die Christelike en Objekrelasie-idiologie geïnterpreteer word. Hierdie bespreking sal dus bydra tot die bevestiging van temas en ook geldige argumente bied vir die keuse van bespreekte temas.

Aronson (1994) beskryf hoe hierdie proses plaasvind en hy argumenteer as volg:

> This is done by reading the related literature. By referring back to the literature, the interviewer gains information that allows him or herself to make inferences from the interview or therapy session. Once the themes have been collected and the literature has been studied, the researcher is ready to formulate theme statements to develop a story line. When the literature is interwoven with the findings, the story that the interviewer constructs is one that stands with merit. A developed story line helps the reader to comprehend the process, understanding, and motivation of the interviewer. (p. 3)

In kwalitatiewe navorsing staan hierdie proses bekend as deduksie. Hierdie is ’n noodsaaklike proses, soos (Punch, 1998) uitwys: “theory generation involves theory verification as well” (p. 201).

Na afloop van die data-analise kon konklusies of inferensies gemaak word. Die doel van die analisering van kwalitatiewe data, sê Woods & Catanzaro (1988), is juis “om tot konklusies of inferensies oor die betekenis van data te kom” (p. 449).

Deurgaans het die navorser gepoog om patrone op te merk, maar die patrone is nie te geredelik aanvaar nie, en bewyse moes vir die bevestiging of weerlegging van patrone gesoek word. Verder moes ’n logiese goue draad deur die gebeure loop wat die navorser in staat gestel het om verhoudings uit te wys. Sulke verhoudings is dan weer getoets teenoor nuwe data en die resultate is verder verfyn (Woods & Catanzaro, 1988).

Ten slotte kan die proses van kwalitatiewe data-analise opgesom word in die woorde van (Punch, 1998) as hy sê: "qualitative data analysis is a series of alternating inductive and deductive steps, whereby data-driven inductive hypothesis generation is followed by deductive hypothesis examination, for the purpose of verification" (p. 201).

Die belangrike aspekte van deeglikheid, nougesetheid, betroubaarheid en geloofwaardigheid in kwalitatiewe navorsing sal vervolgens bespreek word.

## 6.6 DEEGLIKHEID EN NOUGESETHEID IN KWALITATIEWE NAVORSING

Kwalitatiewe navorsing word te gereeld gemeet aan die kriteria wat meer van toepassing is op kwantitatiewe navorsing, en gevolglik wil dit voorkom of kwalitatiewe navorsing tekortskiet. Krefting (1991), omskryf kwalitatiewe navorsing as die studie van die empiriese wêreld *vanuit die siening van die persoon wat bestudeer* word. Sy identifiseer twee onderliggende beginsels. Die *eerste* is dat die fisieke, sosiokulturele en sielkundige omgewing gedrag beïnvloed en dien as die basis van naturalistiese ondersoeke. Die *tweede* beginsel is dat gedrag meer behels as net dit wat deur die navorser waargeneem word. Die deelnemer se subjektiewe betekenisse en persepsies is krities in kwalitatiewe navorsing en die bogenoemde skrywer is van mening dat dit die navorser se verantwoordelikheid is om dit te ontsluit.

Die aard en doel van kwalitatiewe navorsing verskil dus radikaal van kwantitatiewe navorsing en daarom, soos Krefting (1991) uitwys, kan dieselfde kriteria vir meriete en waarde nie geld nie. Byvoorbeeld, waar een van die sleutelelemente wat kwantitatiewe navorsing "goed" maak, die term eksterne geldigheid is en die oordraagbaarheid van die data na die algemene publiek moontlik maak, is dit nie die doel van die huidige studie nie. Hierdie studie is eksploratief en beskrywend en het ten doel die generering van kritiese vrae en verdere navorsingshipoteses. Dit poog dus *nie om iets te bewys of te toets nie* en daarom is eksterne geldigheid nie relevant en belangrik vir hierdie studie nie.

Ander aspekte en taal is nodig om in te pas by die kwalitatiewe aard van die studie. Kwalitatiewe terme wat geldigheid en betroubaarheid vervang met terme soos geloofwaardigheid, akkuraatheid van weergawe en outoriteit van die skrywer is nodig (Krefting, 1991). Geloofwaardigheid beteken dus dat die fenomeen wat bestudeer word akkuraat verstaan moet word en dat kennis oor die fenomeen se aard getrou moet wees aan die fenomeen. Net soos daar in kwalitatiewe navorsing metodes is om die akkuraatheid en

die betroubaarheid van data te bevestig, is daar ook in kwantitatiewe navorsingsmetodes verskeie wyses om die kwaliteit van die bevindinge te verseker.

Die waarheidswaarde of "truth value" van kwalitatiewe navorsing is een so 'n metode en dit is verkry deur die ontdekking van menslike ervarings soos wat dit beleef, geleef en waargeneem word deur die informante, of in hierdie geval die deelnemer. Die waarde van die studie is verder verhoog deur die afstand tussen die navorser en die informant en lesers te verklein; sodoende is die bevestigbaarheid of "confirmability" van die studie verhoog (Krefting, 1991).

Die doel van hierdie afdeling onder bespreking is om 'n konseptuele model soos gegee deur Krefting (1991) in berekening te bring en te beskryf waarteen die betroubaarheid of "trustworthiness" van hierdie kwalitatiewe navorsing geëvalueer kan word. Vier basiese konsepte van sy model sal bespreek word, gevolg deur strategieë wat deur navorsers gebruik kan word om die waarde van kwalitatiewe navorsing te verhoog. In hierdie deel kom die beginsel na vore dat, alhoewel kwalitatiewe navorsing subjektiwiteit en intersubjektiwiteit beklemtoon, dit nie noodwendig homself oorlewer aan relativisme of 'n alles-is-aanvaarbaar-filosofie nie. Daar is dus in kwalitatiewe navorsing metodes om in kwantitatiewe terme die betroubaarheid ("trustworthiness") en geldigheid ("reliability") van kwalitatiewe navorsing te "bepaal" of te "meet". Elkeen van hierdie kwantitatiewe terme sal sy ooreenkomstige term in kwalitatiewe taal ontvang.

Verskillende metodes, doelwitte en metodes om betroubaarheid ("trustworthiness") te bepaal, word gevind onder die verskeie kwalitatiewe navorsingsmetodes. In die geval van 'n fenomenologiese ondersoek word die vraag gevra: Hoe is dit om 'n sekere ervaring te beleef? Gevolglik is die doel om die ervaring van die fenomeen wat bestudeer word, akkuraat te beskryf, en nie om die informasie te veralgemeen na teorieë en modelle toe nie. Krefting (1991) argumenteer dat die navorser 'n alternatiewe model benodig wat toepaslik is vir kwalitatiewe navorsing, om sodoende die deeglikheid en nougesetheid van die studie te behou, sonder om die relevansie van kwalitatiewe navorsing op te offer. Guba (in Krefting 1991) het so 'n model, om die betroubaarheid ("trustworthiness") van kwalitatiewe navorsing te bepaal, gepostuleer. Guba se model is gekies aangesien dit in vergelyking met ander modelle 'n konseptueel goedontwikkelde model is, en ook reeds jare deur kwantitatiewe navorsers gebruik word (Krefting, 1991).

### 6.6.1 Guba se model

Guba se model lig vier aspekte van betroubaarheid ("thrustworthiness") uit wat relevant is vir beide 'n kwantitatiewe en 'n kwalitatiewe studie. Die vier aspekte is:

- "truth value" – waarheidswaarde
- "applicability" – toepasbaarheid
- "consistency" – konsekwentheid
- "neutrality" – neutraliteit.

Hierdie model, gebaseer op die filosofiese verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, definieer verskillende strategieë om die kriteria in elke tipe navorsing te bepaal en te assesseer. Dit is belangrik dat die navorser hierdie strategieë sal gebruik in sy poging om die nougesetheid en deeglikheid ("rigour") van die kwalitatiewe studie daar te stel. Die gebruik van hierdie strategieë bied ook aan die leser 'n middel om die waarde van die bevindinge van die kwalitatiewe navorsing te evalueer of te assesseer (Krefting 1991).

#### 6.6.1.1 Truth value – waarheidswaarde

Waarheidswaarde kan vertaal word met die woord geloofwaardigheid of geldigheid. In kwalitatiewe navorsing word die waarheidswaarde verkry vanuit die ontdekking van die menslike ervaring soos wat dit geleef en waargeneem word deur die deelnemer (Krefting, 1991). Volgens Krefting (1991) is die waarheidswaarde sekerlik die belangrikste kriterium vir die evaluering van kwalitatiewe navorsing aangesien dit bepaal hoe oortuigend die navorser is en omgaan met die waarheid van die bevindinge, gebaseer op die navorsingsontwerp, deelnemer en konteks.

'n Kwalitatiewe studie se data is geloofwaardig ("credible") as dit die menslike ervaring so akkuraat beskryf of interpreteer, dat ander wat daardie ervaring of belewenis deel die beskrywings onmiddellik kan herken (Du Toit, 2003; Lincoln & Guba, 1985). Aangesien die waarheidswaarde gebaseer word op die ontdekking van die menslike ervaring soos wat dit geleef en waargeneem word, is temas oor die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings van 'n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens daargestel om 'n akkurate beskrywing van die fenomeen verkry.

#### 6.6.1.2 Applicability – toepasbaarheid of oordraagbaarheid

Toepasbaarheid of oordraagbaarheid verwys na die vermoë om vanuit die bevindinge veralgemenings na ander kontekste, agtergrond, of groepe te maak. Daar is twee perspektiewe oor toepasbaarheid wat belangrik is vir kwalitatiewe navorsing. *Die eerste* is die perspektief dat die vermoë om veralgemenings te maak nie relevant is vir baie

kwalitatiewe navorsingsprojekte (soos die huidige studie) nie. Vanuit hierdie perspektief is toepasbaarheid nie relevant vir kwalitatiewe navorsing nie, aangesien die doel die beskrywing van 'n bepaalde fenomeen of ervaring is. Indien die navorser die bevindinge sou veralgemeen, sal dit beteken dat die basiese mikpunt en doel van hierdie studie nie gehandhaaf word nie.

Guba (in Krefting, 1991) bied ook *'n tweede* perspektief ten opsigte van die toepasbaarheid van kwalitatiewe navorsing, as hy verwys na gepastheid ("fittingness") en oordraagbaarheid ("transferability") as kriteria waaraan die toepasbaarheid gemeet kan word. Lincoln en Guba (1985) wys daarop dat die verantwoordelikheid eerder op die skouers van die persoon wat die data wil oordra na 'n ander situasie, as op die skouers van die navorser wat die oorspronklike studie doen, rus. Hulle argumenteer verder dat solank as wat die oorspronklike navorser voldoende beskrywings vir vergelyking van die data gebied het, het hy die kwessie van toepasbaarheid aangespreek. Gevolglik is dit nie die taak van hierdie navorser om die bevindinge van die studie oor te dra en van toepassing te maak op ander situasies nie. Die navorser het eerder gepoog om die voldoende beskrywende data vir vergelyking met ander kontekste en studies daar te stel. Deur dit te doen, het die navorser dus die kwessie van toepasbaarheid aangespreek.

**6.6.1.3 Digtheid van data of "consistency"**

Die derde kriterium vir geloofwaardigheid gaan oor die digtheid van data, dit wil sê: sal die bevindinge konsekwent wees indien die navorsing met dieselfde deelnemer, of 'n soortgelyke geval herhaal word? Digtheid van die data versterk dus ook die betroubaarheid van die studie.

In kwantitatiewe navorsing is betroubaarheid die kriterium wat te make het met die stabiliteit en gelykwaardigheid in 'n studie (Krefting, 1991). Die kwantitatiewe perspektief van betroubaarheid is ook gebaseer op die aanname van 'n enkel realiteit: dat daar 'n onveranderbare iets daar buite is wat bestudeer kan word en kan dien as 'n beginpunt of 'n "benchmark" (Lincoln & Guba, 1885). Indien 'n mens sou aanneem dat daar meer as een realiteit bestaan, dan is betroubaarheid nie meer relevant nie. Die taak van die kwalitatiewe navorser is nie om slegs by een konklusie uit te kom nie, maar om alles te verduidelik en redes te gee vir die beklemtoning van sekere temas (Esser, 2000).

**6.6.1.4 Neutraliteit of "neutrality"**

The vierde kriterium vir geloofwaardigheid handel oor die beskerming of uitskakeling van vooroordele in die navorsingsprosedure en resultate (Krefting, 1991).

Neutraliteit verwys na die mate waarin die bevindinge 'n funksie is van die deelnemer en die voorwaardes van die navorsing, en nie van ander vooroordele, motivering en/of perspektiewe nie (Guba in Krefting, 1991). In kwantitatiewe navorsing is objektiwiteit die eweknie van neutraliteit en dit word verkry deur die nougesetheid of "rigor" van die metodologie waardeur geldigheid en betroubaarheid daargestel word. Aan die ander kant poog kwalitatiewe navorsing om die waarde van die bevindings te verhoog deur die afstand tussen die navorser en die deelnemer of geval te verklein. Lincoln en Guba (1985) het die klem op neutraliteit in kwalitatiewe navorsing verskuif vanaf die navorser na die data. Eerder as om die neutraliteit van die navorser daar te stel, word die neutraliteit van die data in ag geneem en oorweeg. Gevolglik word bevestigbaarheid of "confirmability" nou die kriterium vir neutraliteit, en dit word bereik as die waarheidswaarde en toepasbaarheid bevestig word.

Strategieë wat die nougesetheid of "rigour" van kwalitatiewe navorsing verhoog, soos hierbo bespreek, is belangrik vir beide die navorsing, die navorser en die leser om die waarde van die bevindings te evalueer. Die strategieë wat aangewend is om nougesetheid te verseker, word vervolgens bespreek.

### 6.6.2 Strategieë om die nougesetheid en geloofwaardigheid van kwalitatiewe navorsing te verhoog

Verskeie strategieë kan gedurende die verloop van die navorsing gebruik word om die waarde van die kwalitatiewe projek te verhoog. Sekere strategieë moet aangespreek word gedurende die navorsingsontwerpfase, terwyl ander gedurende die data-insameling, en na afloop van data-interpretasie toegepas moet word. Van hierdie strategieë sal nou kortliks bespreek word, om krities te wees ten opsigte van die kwaliteit van die navorsing.

#### 6.6.2.1 Strategieë om geloofwaardigheid of "credibility" te versterk

Hierdie strategieë vorm deel van stap vyf van die data-analiseproses en is reeds kortliks bespreek en prakties toegepas, maar geniet nou meer aandag.

*6.6.2.1.1 Genoegsame tydsbesteding*

Krefting (1991) lig die belangrikheid uit om, in die geval van kwalitatiewe navorsing, herhalende kenmerke soos patrone, temas en waardes te identifiseer en te dokumenteer. Hierdie klem op herhaling suggereer die behoefte om genoegsame tyd saam met die deelnemer te spandeer ten einde herhalende patrone te kan identifiseer. Lincoln en Guba (1985) noem dit genoegsame tydsbesteding, "prolonged engagement", wat die deelnemer in staat stel om vertroud te raak met die navorser. Dit was van belang in hierdie studie aangesien die satanis onder 'n eed van geheimhouding is en soos Els & Jonker (2000) uitlig,

nie maklik die navorser sal vertrou en praat oor sy belewenis as hy nie die navorser vertrou nie. Bogenoemde is ook die rede vir die gebruik van ’n “gatekeeper”. Die aanname was dat die deelnemer makliker die navorser sal vertrou indien die “gatekeeper” die navorser vertrou en gemaklik is by of met hom.

*6.6.2.1.2 Reflektiwiteit*

Reflektiwiteit verwys na die proses waartydens die navorser reflekteer oor sy eie agtergrond, persepsies en belang in die kwalitatiewe proses. Die navorser se religieuse agtergrond sowel as sy sielkundige agtergrond dikteer die keuse van ’n onderwerp, die raamwerk waaruit die studie georganiseer, en die data geanaliseer word. Die agtergrond bestaan uit al die moontlike hulpbronne ten einde sin te maak uit die ervaring en reflekteer ook die veelvoudige rolle wat die navorser speel soos wat gespeel het tydens uitvoer van die navorsing. So byvoorbeeld kom die rol van sielkundige en Christen met die geloof in demone en engele, asook die rol van navorser na vore. Dus was die navorsing refleksief in die sin dat die navorser deurgaans bewus was dat hy as navorser deel was van die navorsing, maar gelyktydig as Christen ook deel was van die studie en dat hy nie slegs ’n observeerder was nie. Dit was dus noodsaaklik dat die navorser deur die verloop van die navorsing moes reflekteer op sy eie ervarings en siening binne die konteks van die navorsing deur gebruik te maak van veldnotas en waarnemings.

*6.6.2.1.3 Onderhoudvoering*

Betroubaarheid of “credibility” is op verskeie maniere gedurende die proses van onderhoudvoering en die data-insamelingsfases verhoog – deur die opname van die onderhoude op oudiokasset en die verbatim weergawe van die naïewe lewenskets sowel as geskrewe beantwoording van vrae. Die gevolg was dat die navorser en die eksaminatore krities die interpretasies kon evalueer gebaseer op direkte aannames uit die onderhoude.

*6.6.2.1.4 Outoriteit van die navorser*

Die essensie van die betroubaarheid of geloofwaardigheid is die unieke outoriteit van die navorser – die “ek-was-daar”-element (Krefting, 1991). Om die idee van outoriteit te versterk, word daar voorgestel dat die navorser as meetinstrument gesien moet word.

Vier karaktereienskappe is nodig om die geloofwaardigheid van die mens as instrument te bepaal. Huberman en Miles (in Krefting, 1991), gee dit as volg: *Die eerste* is die mate van bekendheid of familiariteit met die fenomeen en die agtergrond wat bestudeer word. *Tweedens* is ’n sterk belangstelling in konseptuele of teoretiese kennis en die vermoë om groot hoeveelhede kwalitatiewe data te konseptualiseer van belang. *Derdens* is dit ook

belangrik om die fenomeen wat bestudeer word vanuit verskillende teoretiese perspektiewe te ondersoek en sodoende word 'n multidissiplinêre benadering gevolg. *Laastens* is goeie ondersoekvaardighede, wat ontwikkel deur die literatuurstudie, kursuswerk, en ervaring in kwalitatiewe navorsingsmetodes belangrik (Krefting, 1991).

Die navorser voldoen op die volgende maniere aan die kriteria van Huberman en Miles (in Krefting, 1991) soos hierbo bespreek: *Eerstens* werk die navorser die afgelope 3 jaar as Christen met mense wat in satanisme betrokke was. Verder het hy ook kursusse oor die onderwerp geloop binne die veld van Christelike berading. Dit dien as oriëntering en familiariteit met die onderwerp van die studie. *Tweedens* beslaan hierdie skripsie sowat 50 % van die navorser se opleiding binne die veld van kliniese sielkunde en kan daar gesê word dat die navorser 'n sterk belang by die konseptualisering en teoretiese kennis van die onderwerp het. *Derdens* poog die navorser om 'n multidissiplinêre benadering na te streef deur na sielkundige teorieë sowel as Christelike sienings tydens die literatuurstudie te kyk. Ook word die deelnemer nie beperk in sy taal en bespreking van sy ervaring nie. *Vierdens*: Goeie ondersoekvaardighede wat ontwikkel gedurende literatuuroorsig, kursuswerk en ervaring in kwalitatiewe navorsingsmetodes moet egter beoordeel word deur die leser en die eksterne eksaminator.

**6.6.2.2 Strategieë om betroubaarheid of "dependability" te versterk**

Guba (in ) lig uit dat die betroubaarheidskriteria verband hou met die "konstantheid" van die bevindings. Dit is belangrik dat die presiese metodes van data-insameling, analise en interpretasie van kwalitatiewe navorsing beskryf moet word. Guba gebruik die term "auditable" of ouditeerbaarheid om die situasie te beskryf waarin 'n ander navorser die roete en proses van navorsing wat gebruik is in hierdie studie kan volg. Die gebruik van kollegas en metodologiese eksperte (portuurgroep-eksaminators) is nog 'n manier om die navorsingsplan en implementering te toets en versterk sodoende die betroubaarheid van die studie. Laasgenoemde is verder versterk omdat die navorser gebruik gemaak het van die studieleier om te verseker dat die navorsing uitgevoer is soos dit beplan was en om deurgaans die navorsingsproses en die implementering daarvan na te gaan.

**6.6.2.3 Strategieë om bevestigbaarheid of "confirmability" te verseker**

Guba (in Krefting, 1991) sien neutraliteit nie as die navorser se objektiwiteit nie, maar eerder as die *objektiwiteit* van die data en die *interpretasies se bevestigbaarheid*, en hy beskryf die oudit-strategie as die oorhoofse tegniek om bevestigbaarheid daar te stel. Hierdie strategie behels dat 'n eksterne ouditeur poog om die natuurlike geskiedenis of die progressie van gebeure in 'n projek te volg, ten einde te verstaan hoekom besluite geneem word. Aan die

ander kant bied die ouditeerbaarheid of "auditability" aan ander navorsers die geleentheid om by vergelykende konklusies uit te kom wanneer dieselfde data en navorsingskonteks aan hulle gebied word. Die ouditeur oorweeg die proses van navorsing, sowel as die produk, data, bevindings, interpretasies en aanbevelings (Lincoln & Guba, 1985). Ideaal gesproke moet die oudit voortdurend plaasvind gedurende die navorsingsproses. Dit was die situasie in hierdie studie, aangesien die studieleier saam met die navorser deur die navorsingsproses gegaan en dit ondersoek het. Die enigste gevaar egter hieraan verbonde, was dat die studieleier sy objektiwiteit kon verloor het indien hy in die studie "ingetrek" sou word. Dit sou dan die oorspronklike funksie en doel van die ouditeur, naamlik objektiwiteit, ondermyn. Dit was egter die oortuiging van die navorser dat die ouditeur en navorser nooit werklik objektief kon wees nie, en beide partye het eerder gepoog om deurgaans bewus te wees van hulle rol in en invloed op die studie. Deur middel van voortdurende refleksie is neutraliteit verkry en gehandhaaf.

Om saam te vat: die strategieë wat hierbo bespreek is, is gebaseer op die konsep dat die navorser data insamel en interpreteer vanuit die verskeie realiteite van die deelnemer. Hierdie strategieë is gebruik om die waarheidswaarde of geldigheid van die navorsing daar te stel, en was van kardinale belang vir die akkurate weergawe van die subjektiewe ervarings van die deelnemer. Die bespreekte strategieë is egter nie allesomvattend nie maar verteenwoordig die tegnieke wat in hierdie studie toegepas is.

**6.6.2.4 Datakontrole**

Bronne vir datakontrole het ingesluit gepaste literatuur in akademiese joernale, koerante, media, enige ander navorsing wat oor die onderwerp in ander dissiplines uitgevoer is, sowel as boeke geskryf deur kundiges. Soos reeds uitgewys, het die navorser sy waarnemings in gesprekke met die terapeut getoets. Datakontrole is gedoen om die geldigheid en betroubaarheid te verhoog en om data te verfyn.

In opsomming word die volgende maatreëls vir geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid in kwalitatiewe navorsing soos beskryf deur Krefting (1991, p. 21) saamgevat in Tabel 6-1. Slegs die aspekte wat van toepassing was op die huidige navorsing is ingesluit.

Tabel 6-1 Maatreëls in kwalitatiewe navorsings

- **Geloofwaardigheid is verseker deur:**
  - Outoriteit van die navorser.
- **Waarheidswaarde of betroubaarheid is verseker deur:**
  - Verlengde blootstelling of genoegsame tydsbesteding.
  - Refleksiewe hou van veldnotas deur die navorser.
  - Onderhoudstegniek.
- **Oordraagbaarheid is verseker deur:**
  - Oordraagbaarheid is nie nagestreef nie, maar wel 'n holistiese beskrywing van data indien ander navorsers die oordraagbaarheid wil bewys.

**BETROUBAARHEID IS VERSEKER DEUR:**
  - Ouditstrategie
  - Digtheid van data
  - Data-analise deur die studieleier en die navorser.
  - Konsensusgesprekke met studieleier.
  - Gebruik van protokol vir data-analise en die stappe van data-analise
- **Bevestigbaarheid is verseker deur:**
  - Bewustheid van navorser se invloed op die navorsing.
  - Die plaas van eie denke en opinies in hakies.

Noudat die maatreëls bespreek is vir geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid in kwalitatiewe navorsing en Guba se strategieë om betroubaarheid of geloofwaardigheid te versterk, kan die belangrike etiese oorwegings aandag geniet.

## 6.7 ETIESE MAATREËLS

Dit is belangrik om wat die etiese aspekte betref, te onthou dat ingeligte toestemming verkry moes word. Ook moet die navorser herinner word dat hy 'n verpligting het teenoor die deelnemer (Denzin & Lincoln 1994).

Die deelnemer het 'n toestemmingsbrief geteken. Soos Creswell (1998), voorstel, het die toestemmingsbrief uitgewys dat die deelnemer *eerstens* die reg gehad het om haarself vrywillig enige tyd tydens die navorsing te onttrek. *Tweedens* het die sentrale doel van die studie en die prosedures wat met data-insameling gevolg sou word ook daarin verskyn. *Derdens* was daar opmerkings wat die deelnemer verseker het dat die navorser die data sou beskerm en as konfidensieel sou hanteer. Daar is ook 'n stelling gemaak ten opsigte van die risiko van deelname aan die navorsing. *Vierdens* is die verwagte voordele uit die studie ook aan die deelnemer duidelik gemaak. In hierdie geval was die verwagting 'n beter verstaan van die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings van die satanis wat oorskakel na die Christelike godsdiens. *Laastens* wasdaar ook plek vir die deelnemer en navorser se handtekenings en die datum (Creswell, 1998).

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


In die geval van 'n gevallestudie oor die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings, was dit belangrik om slegs 'n persoon te vind wat die verskynsel self beleef het en geskrewe toestemming dat aan die navorsing sal deelneem, is van die deelnemer ontvang. Daar is ooreengekom dat indien daar op enige stadium van die navorsing lewensbedreigende situasies vir die deelnemer sou ontstaan, die navorsing onderbreek sou word. Voorsiening is ook gemaak vir ondersteuning van die deelnemer deur beide die traumasentrum en die okkulte-eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Die navorser was deurgaans bewus soos genoem tydens gesprekke met inspekteur Grobler (2003), en Kobus Jonker (2003) dat:

a. selfmoord 'n algemene verskynsel onder persone betrokke by satanisme is;
b. sekere vrae traumatiese gebeure na vore kon bring of “trigger”;
c. lede van die satanistiese beweging of sel poog om lede wat oorskakel na die Christelike godsdiens te vermoor. Selfmoord en lewensbedreiging is ook aspekte waarna Havinga (2000a, 200b, 2000c) verwys.

Met inagneming van hierdie moontlike gevare was dit noodsaaklik om ingeligte toestemming van die deelnemer te kry en om konfidensialiteit te alle tye te verseker.

## 6.8 KONFIDENSIALITEIT

Die gevare waaraan die deelnemer blootgestel kon word, het dit noodsaaklik gemaak vir die navorser om te alle tye konfidensialiteit te verseker. Konfidensialiteit is verseker deurdat die navorser persoonlik die oudiobande getranskribeer het en na afloop van die transkribering persoonlik vernietig het. Verder is konfidensialiteit behou deur slegs uittreksels uit die data en onderhoude te neem wat relevant is tot die temas wat gevind is. Om uittreksels te gebruik, word beskou as minder blootstellend vir die deelnemer terwyl dit steeds effektief die relevansie van temas onder bespreking kan uitlig. Die res van die data sal vir ‘n tydperk van vyf jaar beskikbaar wees by die departement en mag met skriftelike toestemming van die deelnemer, die navorser/outeur, studieleier *en* departement bestudeer word.

## SAMEVATTING

Die navorser het in hierdie hoofstuk daarop gewys dat kwalitatiewe navorsing net sulke geldige navorsing as kwantitatiewe navorsing is. Verder is die belangrike navorsingsvraag, die navorsingsmetodologie, stappe van die navorsing en die prosedures van data-analise duidelik gemaak. Die belangrike in- en uitsluitingskriteria is genoem waarna die fenomenologiese oriëntasie van die deelnemer, die fenomenologiese vraag en die naïewe skets of biografie die fenomenologiese aard van hierdie eksploratief-beskrywende gevallestudiemetode beklemtoon het. Verder het die navorser die gebruik van Guba (in Krefting, 1991) se model om die huidige navorsing se nougesetheid, betroubaarheid en geloofwaardigheid te verhoog, uitgelig.

Na afloop hiervan het die navorser die belangrike etiese maatreëls uitgelig. Dit wil vir die navorser voorkom asof dit veral die etiese aspek van konfidensialiteit is wat van kardinale belang is by ‘n gevallestudie oor ‘n persoon wat betrokke was in satanisme.

Die resultate word vervolgens in Hoofstuk 8 bespreek. In hierdie hoofstuk word die geval op fenomenologiese wyse (en geïntegreer met die Objekrelasieliteratuur) aan die leser bekend gestel, waarna die belangrike resultate (snellerinsidente) genoem, bespreek, en geïnterpreteer sal word vanuit die Christelike en Objekrelasie-godsdiens. Ten slotte word aanbevelings en gevolgtrekkings in Hoofstuk9 gemaak.

# HOOFSTUK 7 BESPREKING VAN RESULTATE EN GEVAL

## INLEIDING

Die resultate en die integrasie met die literatuurhoofstukke sal in die huidige hoofstuk in twee fases aandag geniet. Gedurende die eerste fase sal die geval aan die leser bekendgestel word. Getrou aan die fenomenologiese aard van die studie sal die geval toegelaat word om haar leefwêreld self aan die leser te ontbloot. Die deelnemer sal self met die leser in hierdie hoofstuk kommunikeer deurdat die navorser verskeie uittreksels uit haar naïewe lewenskets, en onderhoud insluit. Belangrike agtergrondinformasie en temas wat uit die onderhoud voortgespruit het, is ook ingesluit. Gedurende die bekendstelling sal die relevansie van Hoofstuk 4 en 5 duidelik word, aangesien Objekrelasie-interpretasies van die geval gemaak sal word soos wat sy aan die leser bekendgestel word.

In fase twee sal die belangrike snellerinsidente genoem en bespreek word. Die bespreking sal weereens tweeledig plaasvind. Die belangrike snellerinsidente sal, per snellerinsident, *eerstens* vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening en *tweedens* vanuit die Objekrelasie-wêreldsiening geïnterpreteer en bespreek word. Hierin sal die belangrike invloed wat 'n bepaalde wêreldsiening op die verstaan van die fenomeen het, soos geargumenteer in Hoofstuk 2, duidelik word.

Verwysings na temas sal in hierdie hoofstuk gegee word om die geldigheid van die *snellerinsident* of *tema* uit te lig. In die geval waar die navorser in hierdie hoofstuk na die snellerinsidente verwys, word daar verwys na die nommers in die linkerkantste kolom van Bylaag 8 – *Opsomming van temas* – en die nommer sal as volg aangetoon word: [1]. Indien daar egter 'n *direkte aanhaling* van die geval ingesluit word om die tema te staaf, sal die verwysing relevant wees op die nommer in die linkerkantste kolom van die *transkribering van die onderhoud* – (Bylaag 9) en sal as volg aangetoon word: (1). Dit is egter nie moontlik om al die temas weer te gee en te bespreek nie. Wat wel genoem kan word, is dat die temas gekategoriseer is volgens die opskrifte van die vier literatuurhoofstukke. Daar is dus temas verwant aan die Bybelgefundeerde Christelike Wêreldsiening (Hoofstuk 2), Satanisme (Hoofstuk 3), Objekrelasie-teorie of -wêreldsiening (Hoofstuk 4) en DIV (Hoofstuk 5). Die temas is verder gegroepeer onder die vier aspekte van 'n godsdiens of ideologie naamlik: 1) 'n siening oor die skepping, 2) die basiese natuur van die mens, 3) 'n diagnose oor wat verkeerd is met die mens, en 4) voorskrifte oor hoe om die probleem op te los, as

subkategorieë; elk weer met hul eie onderafdelings en relevante temas. Onder hierdie subkategorieë is daar telkens weer kleiner kategorieë. Daar is egter enkele gedagtes wat gedeel moet word voordat die resultate weergegee kan word.

### 7.1 ENKELE GEDAGTES OOR DIE RESULTATE

*Die eerste* gedagte sentreer rondom die betroubaarheid van die navorsingsgeval se lewensverhaal, en antwoord op die fenomenologiese vraag en die fenomenologiese onderhoud. Is die herinneringe van die geval nie moontlik valse herinneringe nie? Of is die herinneringe nie suggesties deur die terapeut wat aanvaar is en geïnternaliseer is as die werklikheid nie? Of is dit haar fantasieë wat ervaar word as die realiteit? Dit is geldige vrae en heel waarskynlik moontlik, maar aangesien hierdie ‘n eksploratief beskrywende gevallestudie is, is dit ‘n aspek wat genoem kan word en aanleiding kan gee tot verdere hipoteses of navorsingsvrae. Dit is egter nie die fokus van hierdie studie nie. Vanuit die fenomenologiese aard van hierdie studie is die fokus die leefwêreld van die geval soos wat sy dit ervaar, beleef en weergee. Dus kan daar geargumenteer word dat ongeag of hierdie ervarings wetenskaplik waar is, is dit haar *eerstehandse* ervarings. Elke ervaring en herinneringe – waar of vals – is vir die geval waar en het bygedra tot haar unieke persoonlikheidsamestelling en redes vir oorskakeling uit satanisme. Met ander woorde, die resultate is gebaseer op die *subjektiewe ervaring* van een persoon en daarom kan veralgemenings nie gemaak word nie. Dit mag ook wees dat haar ervarings gedramatiseer aangebied is om die navorser daarvan te oortuig. Ivey (1997) wys daarop dat die verbintenis met en nuwe oorgawe aan Christenskap in wese haar ervarings en verhale meer eerder as minder betroubaar maak.

*Tweedens* kan daar genoem word dat die temas wat uit beide die naïewe lewenskets en fase een (insameling van geskrewe data) van die navorsing na vore gekom het, meer betroubaar is as dié van die onderhoud, aangesien dit geskryf is a) sonder dat die geval waargeneem was; en b) in die afwesigheid van die terapeut en navorser geskied het. Hierdie vertellings is dus “suiwer” in die sin dat daar geen steuringsveranderlikes (in die vorm van die terapeut of navorser ) aanwesig was om ‘n invloed op haar vertellings te hê nie.

Die deelnemer het aangedring daarop dat sy alleenlik die onderhoud met die navorser sal voer indien haar terapeut teenwoordig is. Om eties korrek op te tree, het die navorser dit toegelaat. Dit het ‘n groot invloed gehad op die onderhoud en die data wat ingesamel is. Tog het die terapeut se teenwoordigheid bygedra tot nuwe temas, navorsingsvrae en relevante aspekte wat moontlik verlore sou raak, of nie gevra kon word sonder sy teenwoordigheid nie.

Dit het aan die navorser die geleentheid gegee om ‘n eerstehandse waarnemer te wees van die interaksie tussen die wêreldsiening van die satanis aan die een kant, en dié van die Christen aan die ander kant, tydens die oorskakeling van die satanis na Christenskap. Hierdie interaksie is iets wat moontlik verder bestudeer kan word. Die waarneming van hierdie interaksie het die navorser in staat gestel om ‘n ryk skets te ontwikkel, nie net van die snellerinsidente nie, maar ook van die subjektiewe ervaring van oorskakeling uit satanisme. Belangrike navorsingsvrae, tekortkomings en gevolgtrekkings word egter in Hoofstuk 8 bespreek.

*Derdens* kan daar genoem word dat die bekendstelling van die geval op sigself, en in wese ‘n komplekse taak is – ‘n taak waarmee die navorser geworstel het. Die omvangryke en omvattende literatuurstudie het egter sy taak in hierdie verband vergemaklik. Die navorser is ook van mening dat hy sonder hierdie omvangryke literatuurstudie nie *akkuraat* sou kon sin maak uit die data of van die geval nie. Die literatuurstudie en onderwerpe soos bespreek in hoofstukke 2 tot 6 is deurgaans in gedagte gehou.

*Laastens* kan daar genoem word dat die geval wat in hierdie navorsing gebruik is, ‘n persoon is wie se lewe gekenmerk word deur intense trauma en alle vorms van mishandeling – insluitende SRM. Haar lewensverhaal het verskeie gevoelens, wat wissel van empatie tot aggressie, verwarring en skeptisisme by die navorser ontlok. Dele van die naïewe skets klink selfs onwerklik, maar dit het egter verskeie aspekte bevat wat die navorser attent gemaak het daarop dat hy hier te doen het met ‘n ernstig getraumatiseerde individu met ‘n moontlike skisoïede[52], selfs gefragmenteerde persoonlikheidstruktuur. Hy het dus deurgaans gepoog om te verseker dat sy eie optrede en keuse van woorde tydens die navorsing en die onderhoud nie as traumaties ervaar word nie. Hy het daarom ook versoek dat die terapeut gedurende die navorsing die nodige ondersteuning aan die deelnemer bied. Verder het haar naïewe lewenskets genoeg rede vir die navorser gegee om tydens die onderhoud op die uitkyk te wees vir primêre en sekondêre kenmerke van DIV. Vervolgens sal die geval nou aan die leser bekendgestel word waarna die belangrike snellerinsidente genoem en bespreek sal word.

## 7.2 FASE EEN: BEKENDSTELLING VAN GEVAL

### Historiese agtergrond en ontwikkeling [53]

Karien is gebore in September 1980. Op ouderdom vyf skei haar ouers (197). Die gevolg van haar disfunksionele familie is dat sy en haar broer baie rondgetrek het, en uiteindelik vestig by haar biologiese vader en stiefmoeder [182, 189]. Sy beskryf haar *stiefmoeder* as 'n aggressiewe 'heks' (200) en 'n alkoholis wat hulle fisiek mishandel (199) het. Karien moes haar stiefmoeder – 'n emosioneel ontoereikende (196) en onvolwasse figuur – versorg [187]. Sy neem ook die rol van moeder oor en versorg haar twee broers asook stief- en halfsuster. Karien verduidelik hierdie aspek en haar gedagtes hier rondom mooi:

> "us looking after her was part of the job description, raising my step and half sister and two brothers was hard and it made me tough, or at least I thought it did" (VI) [54]

Hulle het egter as gevolg van haar stiefmoeder se aggressie en mishandeling terugverhuis na haar *biologiese moeder* (185). Hier het Leon, haar stiefbroer – seun van haar biologiese vader – hulle opgepas en versorg. Sy het hom liefgehad as haar eie ouer broer. Karien het gedink dit is haar uitkomkans en dat haar lewe sou verander, maar sy is gou teleurgestel en verontwaardig (186). Dit is in hierdie *tweede disfunksionele gesin* waar 'n lewenslange geskiedenis van erge emosionele en seksuele trauma [508] voortgesit is. Dit is ook hier waar sy blootgestel is aan satanisme wat van haar 'n Generasionele satanis maak (168). Kenmerkend van haar disfunksionele familie is die gebrek aan kommunikasie, isolasie en die geheimhouding van mishandeling. Karien verduidelik:

> "I figured that it was all a cover up for what really happened, daddy, that was the secret, but yet it was never any secret, everybody knew what was really going on, they al did. Every incident in that house became a forbidden topic to talk about, everything to do with daddy and that stupid room of sorrow as I have come to call it." (XVII)

Karien se gesin voldoen ook aan al die eienskappe van 'n disfunksionele gesin soos bespreek in Hoofstuk 3 (sien 3.4.8.3). Haar *biologiese moeder* het die mishandeling ook ontken, moontlik uit vrees vir verder fisieke mishandeling [511] deur haar eggenoot (Karien se *stiefpa)*. Karien beskryf 'n insident waar sy haar moeder se vrees waargeneem het:

---

[53] In hierdie volgende vertelling is alle name verander en omstandighede aangepas om die deelnemer te beskerm.

[54] Hierdie is die oorspronklike rekenaar "*font"* soos wat dit in in haar Naïewe Lewenskets voorgekom het.

> "While looking into daddy's eyes, I could see mommy's face in the corner of my eye, and the only thing that stood out was that she was just as afraid as what I was... I fell to the ground as daddy grabbed mommy and started hitting her as if she did something wrong." (XLIII)

Karien het gehoop dat sy by haar biologiese moeder veiligheid en liefde sou ervaar, maar ook hier was sy dit ontneem. Ten spyte van die feit dat haar biologiese moeder ook 'n afwesige, frustrerende, emosioneel ontoereikende moeder (200) was, idealiseer Karien haar en identifiseer met haar (132). Hierdie deprivasie en idealisering deur Karien word duidelik wanneer sy skryf:

> "...Mommy's door was closed so I just said goodbye through the door; *there was no answer so I left*... (p. XXXII)... This was going to be a hard weekend, 'cause when mommy works nightshift... *she always stays over at her friends*, not far from where she worked...This just meant one thing for me, sleepless nights and a very bad time lying ahead for me... (p. XXVII)... I never wanted to believe that mommy could be cruel, I always wanted to believe in her, always" (p. VII).

Sy beskryf haar verhouding met *haar stiefpa* ('n satanis) as atomies gelaai. Sy het 'n oorweldigende vrees vir hom gehad aangesien hy haar blootgestel het aan die okkulte (168) en alle vorms van mishandeling [188]. Vir haar simboliseer hy die hel:

> 'I don't need anyone to tell me about hell, I just look at daddy and then I believe, I believe. And now I'm just trying to find out where I belong, I feel so helpless, alone, (K- XIV)

Ook het hy haar sosiaal geïsoleer en daarvan weerhou om die huis oor naweke te verlaat. Karien herroep 'n insident van bloedskande en SRM [511] waartydens 'n jonger dogtertjie oënskynlik in haar teenwoordigheid deur haar vader (of deur haarself) aan Satan geoffer is [152]:

> "I didn't want to see anymore, but the flashes kept on coming; in spite of how I felt...the faces came back... I'm feeling nauseous...the sounds, gruesome; the act...daddy; it is brutal... I want to leave...the girls cry so silently at every stab...I was going to be sick... my face filled with astonishment and yet full of fear at the sight of daddy's chant...the room is spinning now; I have to leave...then the silence at the end was even more gruesome because of the act between daddy and me, a celebration of the oval sacrifice he said; his words now remembered made it even more real now... I can't stand anymore I feel so lost and weary (p. XXX-XXXI).

Verder het haar stiefpa – 'n fanatikus – ook 'n dubbele lewe gelei wat Karien magteloos en vasgevang laat voel het (190-191). Karien verduidelik:

> "...He was the priest, respectable, wicked but wise, a monster within him and a need to torture, he was ambitious and he never stopped making someone bow down before his master..."(p. XV)... I am trapped and I am bound to him forever" (XIV)

Karien se ontwikkelingskonteks word dus deur disfunksionele families, geweld [503], alle vorms van mishandeling [510] en emosionele deprivasie gekenmerk. Gekoppel aan hierdie deprivasie, gevoel van magteloosheid [341] en mishandeling is gevoelens van alleenheid, vrees [380], angs [351] verwarring, pyn en onveiligheid [334] in 'n onveilige wêreld.

> "...But it seemed that even from birth, my world was surrounded by fear, pain and confusion... (VI) No one was there I was so alone, I've started this trip I'm all alone, ... why should I care, I was alone, no one to care, I'm losing grip, I am so scared, where are you, you who said you'd care? Can't get over it. There is so many rules, so much pain, get over it, but I can't, (p. IV)...I am scared, so scared! (VIII).

Hierdie frustrerende verhoudings met haar ouers as primêre objekte veroorsaak dat sy gebruik maak van *splitsing* [291] haar internaliseer en identifiseer [181] met haar moeder as 'n verwerpende en liefdelose maternale objek. Hierdie interne objekte en endopsigiese situasie [214] veroorsaak 'n ooreenstemmende negatiewe selfbeeld [212] en negatiewe selfverteenwoordiging met 'n gevoel van leegheid en minderwaardigheid. Haar swak selfbeeld (28) en ego word gekenmerk deur gedagtes dat sy die oorsaak is van hierdie mishandeling, dat sy sleg is, dat sy nie normaal is nie, en dat sy die slagoffer is van 'n onregverdige lewe; 'n lewe gedryf deur vrees [249, 380], angs [239, 351], onveiligheid [311], onsekerheid en desperate soeke na liefde [260] en hulp:

> "... like I screw things up usually... (p. V) ...He left me alone again... I broke down, .. this is now to much, why is it wrong to be me, why does he do this, why does it hurt so much, why me, someone please answer me, please... (p. IV) ...I feel like nothing. Frozen in time, without love, without pride, just me and my soundless tears, please wake me up inside, lead me to life, I feel lost, alone, VIII; what was fear before became more a sense of insecurity (p. XI) ... I spend most of my time alone in my room, in my mind or in my diary" (p. XXII).

Karien se *moeder* word dus vir haar 'n behoeftige opwindende objek terwyl haar interne LE deel weer hoop het dat die moeder wel iewers in die toekoms aan haar behoefte aan liefde, aanvaarding, omgee en intimiteit sal voldoen [260]. Vandaar die onbewuste hoop en behoefte (bewus en onbewus) om verlossing [319; 312] uit die paranoïede skisoïede posisie [235] waarin sy haarself bevind. Haar moeder as 'n behoeftige opwindende objek (200, 189) word sigaar in die volgende aanhaling:

> "Mommy came in...she picked me up..She held me in her arms like a mother holding a baby...For the first time mommy did not fight with me... She stood up and sat next to me on my bed starring me right in my eyes, I could feel some tension between us..." Morning sunshine" for the first time her voice was soft and tender... In just that instant she stood up, kissed my cheek and left my room, as if nothing happened, nothing. For a moment I thought that she was a real person too, but I was not so sure anymore, but why? (XLV-XLVII )

Om hierdie geïnternaliseerde slegte dinamiese objek te kan hanteer, maak sy ook gebruik van *sekondêre onderdrukking* [284] waartydens die interne minderwaardige selfverteenwoordiging, aggressief en frustrerend, en die verwerpende aspek van die nou interne maternale objek afgesplits word van die moreel goed en waardige selfverteenwoordiging (die oorspronklike ego). Die gevolg is die vorming van die LE en AE. Die oorblywende ego (SE) identifiseer met die interne goeie aspekte van die maternale objek om die verhouding met die nou *geïdealiseerde* moeder te behou en Karien sien haarself as die oorsaak van hierdie deprivasie. Die klassieke gebruik van die *morele verdedigingsmeganisme* [283] stel Karien in staat om sin te maak uit haar moeder se verwarrende gedrag aangesien sy nou oortuig is dat sy die oorsaak daarvan is. Haar ontplooiing van hierdie verdedigingsmeganisme word vasgevang in haar eie woorde:

> "...Was I naughty, am I bad, daddy said so, so am I, "(III)... "I wished I was never bad, I wished I could make him stop, I wish..."(XLII)...Was it my fault that daddy got angry that night, did I do something wrong, was I bad?" (XLVII).

Haar AE-dele val dus die LE-deel of interne maternale objek aan wat poog om liefde in 'n eksterne objek te vind. Sy verloor ook hoop om terug te keer na haar biologiese vader en haar behoefte aan 'n versorgende vader en verlosser [312] intensifiseer en word duidelik uitgelig as sy sê:

> "I listened in silence ... anger building up with every mention of daddy's name, maybe she should take me back to my own dad, I wish so hard for it"(p. XXXII).

Ander aspekte wat hierdie *endopsigiese drama* verder kompliseer, is die internalisering van die vyandige en mishandelende aspek van haar mishandelende vader. Dus bo en behalwe haar gevoelens van minderwaardigheid en waardeloosheid in verhouding met 'n verwerende maternale objek, vererger die interaksie met haar mishandelende stiefvader haar negatiewe selfervaring. Hierdie pynlike patologiese band met haar mishandelende stiefvader word verder versterk deur sy emosionele mishandeling (142) en seksuele misbruik van haar liggaam – 'n ontkenning van haar vroulikheid. Tydens die internalisering van haar stiefvader oorweldig die vrees vir liefde (die *skisoïede posisie [235])* haar egter in so 'n mate dat sy identifiseer met hom as die interne slegte objek en haar moeder en die hoop op liefde en

versorging totaal verwerp. Die volgehoue mishandeling en geweld [172] en die teenwoordigheid van 'n tweede *dissosiatiewe egodeel* wat die vader as liefdevol ervaar het, veroorsaak egter 'n meer *depressiewe posisie: vrees [236]* – 'n vrees vir haar eie aggressie wat vernietig [ 347]. Hierdie dissosiatiewe egodeel vertel van haar ervarings van haar stiefvader se liefde:

> "I walked a different street than you; some body told me that I'm always needed, to see how much I loved my father… I had to obey his commands. I wasn't afraid of him, instead I found comfort in the pain… The only thing I really felt is a failure, failure to sometimes do what father wanted. (XIV-XV)

Ten einde haar aggressie en gepaardgaande haatgevoelens [ 349] te hanteer, identifiseer sy daarmee op 'n *masochistiese* wyse en/of *projekteer* [288] dit op eksterne objekte:

> "My fear became so intense that it became a feeling of adrenaline rush whenever I got hurt or when anyone else got hurt. This might sound sick, but this is what it started to make me feel like. So that night it wasn't any different from any other, except that I kind of enjoyed the hurting in a weird sense.(XXVII).

Die enigste goeie objek wat haar moontlik uit hierdie interne objekverhoudings kon "verlos" en 'n gevoel van self daar kon stel, blyk 'n onderwyseres – "Miss Jenny", by wie Karien ondersteuning en liefde ervaar het – te wees. Sy was die mees prominente en eerste interne goeie objekverteenwoordiging vir Karien (lewensverhaal), maar twee faktore het egter verhoed dat hierdie objek die ervaring van deprivasie en verwerping teëwerk en hoop op liefde vestig. Die eerste is die vrees dat "Miss Jenny" haar verhaal sal verwerp. Karien verduidelik self haar dilemma:

> "...I believed her, but would she believe me. She knew my dad well, he was very into the community, a man looked up to in our town, and it was a small town as well, everyone knew him well and to top it up they had respect for him, so would she even believe me? (p. XXIII)

Die tweede aspek is dat hierdie onderwyseres as Christen met Karien gedeel het dat Jesus Christus [73] vir haar lief is. Liefde, gebaseer op haar primêre objekverteenwoordiging, is iets wat Karien nie verdien of ken nie, aangesien sy sleg is, en in die oordragverhouding met die onderwysers herhaal Karien hierdie primêre objekverteenwoordigings, die projeksie van die LE en identifikasie met die AE-deel. "Miss Jenny" word gevolglik ook verwerp om die interne endopsigiese situasie onveranderd te laat en die gepaardgaande angs (skeidingsangs [370]) en vrese (paranoïede skisoïede vrese [235] ) te hanteer. Dit is nie net die identifikasie met die interne slegte paternale objek (214, 1019) en gepaardgaande aggressie wat bydra tot die handhawing van die endopsigiese struktuur nie, maar die moontlikheid en invloed van

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


verstandsmishandeling [510; (130, 319)] of "mind control" t.o.v. Jesus speel ook 'n rol. Die gevolg is dat die identifikasie met die slegte interne-selfverteenwoordiging en die libidonale lojaliteit teenoor die OO te sterk is en beide die onderwyseres en Jesus (as ideale objekdeel) word verwerp, aangesien die CE die mishandelende aspek van die vader idealiseer – en gevolglik identifiseer met 'n negatiewe mishandelende vader. Karien verduidelik:

> ..I made the choice that at least daddy tell the truth unlike others who want me to believe the unthinkable, that jesus loves people, he is not even a nice person, he is not even really alive, after I have seen that he is not, only his spirit is and even that isn't good at all, it is just there to hurt little girls who was naughty. I realized now that I can't even trust the nicest teacher in the school. (XXXIII)

Karien se sentrale ego identifiseer dus met die interne slegte objek (AE), sy rig aggressie op haarself (1109);[213] maar ook op ander as 'n dominante gesagsfiguur [142] of tydens rituele [170]. Sy idealiseer haar satanistiese stiefvader (202) en gevolglik beïnvloed dit haar beeld van die ideale vader en sy assosieer met satanisme en Satan wat ooreenstem met haar interne geïdealiseerde paternale objek.

Sy verwerp dus deur middel van *projeksie* [288] 1) die vaderbeeld en die God wat staan vir liefde (Jesus) geassosieer met die interne maternale en interne biologiese paternale objek (LE-dele) wat afwesig, ontoereikend was en haar nie beskerm of verlos het uit haar situasie nie; en 2) die gepaardgaande libidonale aspekte van liefde, hoop op verlossing en aanvaarding, en ontsnap in fantasie [295] en die primêre gebruik van dissosiasie [566] om te oorleef.

Om die interne slegte-selfverteenwoordiging te handhaaf, moet die LE-egodele dus geprojekteer word, en 'n vrees vir die terugkeer van hierdie objekte veroorsaak 'n vervolging van Jesus en/of verwerping van Christene en alle eksterne objekte wat staan vir liefde. Dit word tydens oorskakeling uit satanisme weer ervaar as vervolgingsangs en vrees, maar nou deur die terugkeer van die eksterne en geprojekteerde slegte objekte [371;(245)] Die behoefte aan liefde en verlosser bly egter aanwesig by die sentrale ego en veroorsaak 'n onbewustelike behoefte aan 'n verlosser [ 320] en goed-genoeg moederskap wat 'n duidelike rol speel tydens haar oorskakeling na die Christelike godsdiens [320].

Hierdie persoonlikheidstruktuur, saam met die gebruik van dissosiasie as primêre verdedigingsmeganisme, 'n geskiedenis van seksuele geweld en 'n gebrek aan sosiale ondersteuning en Karien se moontlike suggestievatbaarheid (308) bied die gunstige omstandighede vir die ontwikkeling van DIV [497].

## 7.3 KARIEN SE GEFRAGMENTEERDE DISSOSIATIEWE EGO

Haar mishandeling het reeds begin voor die ouderdom van 5 jaar en op grond hiervan, maar ook op grond van: (a) die intensiteit van haar mishandeling [509]; (b) die gebrek aan ondersteuning; (c) haar hoë DA; en (d) kreatiwiteit kan daar geargumenteer word dat haar sentrale egodeel in so 'n mate bedreig was dat die enigste verweer teen totale disintegrasie, en hoop op enige liefde die ontplooiing van fantasie [295] en dissosiasie [277] as verdedigingsmeganismes was. Die sentrale ego word dus verder gesplits en gefragmenteer [569] in verskeie AE-egodele en LE- dele [sien alters 577] terwyl gedeeltelike en totale dissosiasie veroorsaak dat seker traumas [498 ] totaal ontken [286] of in die liggaam [362] en ander slegs in gedagtes sonder emosie gestoor word. Karien het dus primêr gebruik gemaak van dissosiasie as verdedigingsmeganisme teen hierdie mishandeling en deprivasie. Die gevolg was die vorming van verskeie gepersonifieerde interne objekte wat huisvesting vind in 'n interne fantasiewêreld wat beskryf word as 'n kasteel en waargeneem word in die veelvuldige persoonlikhede wat na vore gekom het gedurende die naïewe lewenskets en onderhoud [586].

Daar is 'n oorweldigende hoeveelheid temas geassosieer met DIV [460] en alhoewel daar grenspersoonlikheidstrekke [453] aanwesig is, voldoen Karien aan die DSM-IV kriteria vir DIV. Beide primêre [521] en sekondêre tekens [530] van DIV is ook aanwesig. Karien is dus tans 'n 24 jarige blanke, ongetroude vrou wat nie net besig is om as Generasionele satanis vanaf satanisme oor te skakel na die Christelike godsdiens nie, maar sy is ook iemand wat voldoen aan die kriteria vir DIV. 'n Totaal van sewentien verskillende persoonlikhede is geïdentifiseer. [55]

Enkele voorbeelde van tekens van DIV kan waargeneem word deurdat Karien herhaaldelik amnesie ten opsigte van gebeure toon [559] en na haarself in die derde persoon "ons" verwys [213 punt 5].

> "..you might not agree, but *we* have been there (p. II); I will be sharing some of *our* experiences, trails, hopes, regret, pain, laughter, and most of all healing with you. *We* will try to do our best (p. III Skuinsdruk bygevoeg) ...

Veranderings in handskrifstyle is waargeneem tydens die ondertekening van die *Toestemming tot navorsing*-brief (Bylaag 7) en die naïewe lewenskets waar die rekenaar-*font* nie net verander is na persoonlikheidsoorskakeling [ 546] nie, maar Karien letterlik haarself:

[55] Vir 'n volledige bespreking en persoonlikheidsprofiele van elke persoonlikheid kan Bylaag 5 bestudeer word.

1. ‘n Ander naam gee en/of genoem word deur verskillende eksterne persone, en interne stemme hoor;

> “I realized something that never bothered me before, I had two names. Daddy called me Melanie, and mommy always called me Karien, come to think of it, the only person who called me Melanie was daddy. Lying on my bed with this thought embedded in my brain, I couldn’t help but wonder why I have two names, but with that thought voices filled every part of my being and just then I somehow knew that I was just another one of them, one like everybody else inside and I knew just like I know today I was and still is just another torture tool. (p. XLI)… I slammed my bedroom door behind me trying to get away from all the voices in my head, but they followed me no matter what’”(p. XXXI)

2. Opnuut bekendstel aan die leser;

> “I will stop writing for a while and give Lurette a chance to tell you more of when there are a lot of people, dressed and ready for the event of the night, the night which takes so long to be over…
> …Where do I begin, what do I say? My name is Lurette, I am 17 years old and I am part of Karien’s system. I am a jetstone, the color black for those who didn’t know and I help to handle the rituals, from the inside and the outside” (XLIX)

3. Verskillende ervarings en herinneringe [512] met alters deel;

> “I cannot continue to pretend that every thing was all right, because is wasn’t.
> From my point of view, things where a bit different here, let me explain:
>
> I walked a different street than you; some body told me that I’m always needed, to see how much I loved my father..
>
> ...Picking up from where I left of before I was interrupted:
> My thoughts were still on what happened with daddy” (p. XV, XVII & XVIII).

Daar is ook tekens van tydverlies of “time loss” en amnesie [559] en verwarring [350] aanwesig.

> Confusion filled every chamber of my brain, I thought it was all over for me now, I am dead, but I wasn’t, ‘cause the next thing I remember, was in my bed, now even more confused, I stared into mommy’s face (p. XII)...

Verskillende alters met verskillende name, ervarings en interne vriende kommunikeer met mekaar en deel herinneringe [577]:

> “I have always been a bit older than Aimy, and yet she knew more than me where it came to daddy and the people in the room…From here on you will know what happened with both Aimy and me, since she cannot write, I will be her voice, so bare with us… We became good friends and shared everything from

> thoughts to a room, to tears and even pain. Aimy became apart of me and I became apart of her (p. XLII)

Ander alters het namens Karien satanistiese rituele deurgemaak en die trauma hiervan hanteer.

> …Where do I begin, what do I say? My name is Lurette...Yes, I might be much older than Aimy, but believe it when I say that it still hurts no matter how old you are. There is one difference though, and that is that you learn not to feel it after a while. I will take you through the night of a ritual, and what happens there. I can remember my first ritual... (p. XLIX)56

Karien en haar alters ervaar steeds vandag traumatiese herinneringe en terugflitse veral van verkragting (81); chaos tydens rituele (56); seksuele mishandeling en haar seun Adriaan [200]. Ook is daar gevind dat by Karien daar alters is wat gedemoniseer is [359;577]. Om hierdie demone te hanteer, maak haar huidige terapeut soos Friesen (1997) gebruik van geestelike oorlogvoering [115, 135] in die naam van Jesus Christus [141]. Dit blyk dat Karien in Christenpersone pneumalogiese sowel as psigologiese behouding ervaar en benodig [472;473]. Verder is daar 'n oorweldigende hoeveelheid temas verwant aan behoeftes aan geestelike hulp en gebed [118, 180] en dit blyk dat beide geestelike oorlogvoering en gebed verlaging in angs en vrees by Karien meebring [372]. Dit wil ook voorkom asof Karien gebruik maak van dwelmmiddels as hanteringsmeganisme [289].

Die laaste aspek wat verduidelik kan word, is dat Karien haar persoonlikhede in 'n fantasiekasteel laat woon en so orde oor die verskillende egodele en die gepaardgaande interne konflik handhaaf. Daar is egter nie iemand beter as sy self om hierdie kasteel en sy vlakke asook die invloed wat die terapeut op haar interne wêreld en op haar proses van integrasie het, tydens haar oorskakelingsproses uit satanisme, te verduidelik nie.

> ...I am grateful that some of us learned that we have a choice, although we learned that only recently, we still did. Besides, daddy Chopper only created some of us, and therefore we were not created to destroy, we were made to protect Karien, and we did just that!
> As you will know that this causes a constant battle not just outside, but more so inside. This leads me to the real reason for this chapter. To take you into just such a battle between ourselves. I know this might sound ridiculous, but believe me it was sometimes worse than that of the outside.
> Everybody has his or her job on the inside, and they all do it well. Everybody has one or more talent, or escape, and we all use it well. We all even have our dislikes, and we even express that well. We did everything to the best of our ability, everything. Well, most of us did.
> On the other hand those who didn't do things to protect Karien, wasn't part of us at all. Even though we shared the same castle they were on a whole different flour than the rest of us. In fact there were a number of floors, and no one ever knew completely what went on on those floors. Only the council knew, but they only came after we left daddy, but that is a whole other chapter.

[56] Vir 'n verduideliking deur Lurette van 'n satanistiese ritueel kan Bylaag 5 bestudeer word.

Well, as you would walk into a 14th century castle, the same way you would enter our castle. There are little difference, but all together it is pretty much the same. We have a thrown room, a round table, an entertainment hall, a dungeon, rooms, and even a torture chamber. There are much more to our home, but I will leave some of it for later.

There are always activities down in the dungeon, and even more in the thrown room. If something happens on the outside that was bad, we can be sure to get it on the inside as well as on the outside, so it is almost like double trouble. A normal day will exist out of row call, and a meeting, but things weren't always this organized, in the past we lived by each other and considered everyone a potential enemy. But today we have learned how to work together. There were no lights in the past, just the normal flares of fire you would get in an ancient castle. Only recently our therapist helped us make it a bit warmer so there has been a lot of changes, but not much has changed since then. If I had to take out the main change, it would definitely be that now there is some consistency of unity inside, something we never had.

Any way, like I said the punishment went on not only outside but on the inside too.

It was pretty much the same as on the outside rituals, punishment and everything else that went along with this. The council normally gives out the order for someone to be taken down to the dungeon, this almost everyone fears. When I say almost everyone, I say this because some of us lives in the dungeon and are quite use to this kind of treatment.

Just like you would picture a normal old dungeon that would be exactly what it would look like. Chambers, hollows, chains, water dripping from the rocks, cages, a dungeon keeper and the servants to do the work, not forgetting the people which are in their bondage. This and many more you will find inside our dungeon. The hollows are always filled with cries from little ones and the cages are always filled with growling from the wolf and other creatures inside them. Yes we even have creatures inside, they are there to protect the little ones, and well most of them have that function.

So, the dungeon is both home to some of us and also punishment for others. Whichever way it might be, it is not a very nice place to be caught up in.

Lets move on through our home. On top of the dungeon you will find the first floor, or more commonly known today as level one. This is where everyone stays who are there to help Karien in any way whatsoever. I stay on this level. Most of the people who are on this floor only came here after they came over to God's side, when they made Jesus apart of their lives. This means that we have some that believes in Jesus and there are still some who don't believe in him. On this floor we all have our own rooms, but there are some that chose to be sharing a room with someone else. Normally this will be if they are linked in some way or another. Sometimes there will be three or even five people sharing a room. We also have a safe room on this floor; we only got this room after we met our therapist. This room was created for us to relax in and keep the little ones on this floor safe. See it is mostly the little ones who are hurt first and for that reason we keep them in the safe room in times of activities inside or outside. For this reason we also have row call every day to make sure no one is missing.

We also have a playroom on this floor to keep the little ones busy and for them to unwind if they are not doing too well.

There is not much more to tell you about this floor. We pray a lot on this floor and spend a lot of our time trying to stay out of trouble. We also spend a lot of time in the conference room better known inside as the round table. This is where we strategize and pray together on high days or if something needs to be discussed. Either than that there is not much more to say about level one.

Just above level one is level two. This is also a place you don't want to be seen in or find yourself in. The people on this level or floor, are all coven loyal. This means that none of them believe in Jesus and they will do anything daddy

Chopper tells them to do and whatever the council tells them to do. They will hold ritual on the inside and sometimes they will push us aside to be out and have rituals or go to rituals on the outside. It happened before that after we left the movement they would save the coven the effort of looking for us by taking us straight to them. Some of these times it almost cost us our lives, but this is a chapter on its own. So, on this floor there is always plotting going on, on how to glorify satan and how to cause disunity among those who believe in Jesus. This floor is beyond cold and dark. It looks the same as level one but they have a ritual chamber, a meditation room and they still have flares of fire filling the hallways. Some of level two has already come over to level one this making God's army stronger by the day. Level two still outnumber us by far, but Jesus said that if two or more gather in his name, he will be there, so we are not dismayed.

On top of the second floor is level three and this is of boundary for everyone. I don't really know what goes on there but all I know is that everyone fears to go there. Those who have been there won't say what is up there but who wants to take a bet that it is not good, I would. Those who have spoken says that it is an ultimate torture chamber that only the council have access to, some say that there are creatures there that is not really part of the system, along with people only a few had the privilege to meet.[57]

No wonder cause just above that floor is the all so popular thrown room. No one as far as I know has ever dared to set foot on that floor. This floor is there only for the council and this is where everything really happens. This is where all the demands come from and where they go from the outside. The council keeps everything in place or so they think they do. The council orders all the judgements many orders they received from the outside, they follow them as if their lives depended upon it. On the inside for many the council is law. They will also never come out and if they do it is for a special reason and a devious one for that matter. Not many knows who are on the council and if you should ask anyone they would keep distance and show a great amount of fear. I know I would! Well, that is all I know about the thrown room and I'm very happy that it is all I know! Now that you all know the outlay of the castle you will have a better understanding on just how things happen when I tell you about them. Besides the inside of the castle there is an outside with a garden and a pond just to make things more accurate you needed to know this. (pp. LIII-LVII)

[57] Sy verwys hier na demoniese magte (Aimy is so 'n alter (930-933)).

## 7.4 FASE TWEE: SNELLERINSIDENTE

Karien noem aanvanklik dat daar net een snellerinsident is (1);[1] wat bygedra het tot haar oorskakeling na die Christelike godsdiens. Later brei sy hierop uit en noem dat daar nie net een snellerinsident of draaipunt is nie (49);[2]. Steeds later noem sy dat die snellerinsidente beide geestelik en psigologies van aard is [3]: "Nadia only told you the psychological reasons, for me there were spiritual reasons too" (392). Die verskillende snellerinsidente is daarom gekategoriseer volgens geestelike en sielkundige snellerinsidente. Die resultate en temas wat die oorspronklike navorsingsvraag en fokus van hierdie studie naamlik *'n Satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens − 'n fenomenologiese ondersoek na die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe ervarings* beantwoord en omskryf, word vervolgens genoem en dan bespreek.

### 7.4.1 Geestelike snellerinsidente

#### 7.4.1.1 Snellerinsident 1

**Die krag van Christene in die omgewing se gebede maak die ritueel onuitvoerbaar**

> "Sometimes when we had a ritual the ritual din't work and that were the times when people... Christians were praying nearby...The candles would not light up for instance, something that we never had a problem with"[5].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Die Christen kan argumenteer dat God [54] die kerk [143] se gebed beantwoord en ingryp [55] in 'n sondaar se lewe wat Hom nie ken nie of wie se gees dood is – 'n sondaar wat onder die invloed en mag van Satan gevange gehou word, maar wie se gees [76] steeds behoefte het aan verhouding met God [79] en die werk van God intuïtief kan erken. Deur gebed [121] word daar dus oorlog gevoer [135] teen die wesens van die uitgesluite middelwêreld [49]. God wat in liefde eerste na die mens uitreik, reik ook hier eerste uit na die ongeredde satanis en maak die ritueel kragteloos en onuitvoerbaar as 'n demonstrasie van Sy almag [68] en oorwinning oor Satan. Die Christen ontvang gedelegeerde gesag [66] van God af en tree in gehoorsaamheid op. Karien se gees [79] erken God se krag en weet intuïtief dat haar siel na 'n verhouding met God smag. Haar siel is egter steeds onbewus van hierdie behoefte as gevolg van haar sondige natuur [87] asook van haar behoefte aan 'n verlosser [320]. Die Heilige Gees [72] oortuig Karien se gees egter intuïtief en deur die gewete [77] dat daar vir haar in Jesus Christus hoop [74-75) en antwoorde is op haar

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


eksistensiële vrae (1191). Sy besluit om hierdie God wat meer mag het as Satan te soek, en so bevredig sy die gees se behoefte aan goddelike liefde [64]. Haar betrokkenheid in satanisme (regte van demone [107]) veroorsaak egter moontlike demonisering in verskeie areas van haar lewe en dit verhinder haar om vrylik die keuse te maak om oor te skakel na Christenskap [37].

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Die sentrale ego [265] kan gesien word as die gees van die mens wat op soek is na die ideale objekverhouding met God [215] en die behoefte het om uit die skisoïede posisie uit verlos te word. God is daarom die geprojekteerde onbewuste vader. Die Christelike kerk is die eksterne objek wat liefde simboliseer, maar getrou aan die endopsigiese situasie is dit ook ‘n frustrerende objek wat angs veroorsaak in so ‘n mate dat die ritueel wat veronderstel is om die angs en skuld te verlaag, onuitvoerbaar is [271]. Karien kan nie “bewys” dat daar Christene in die omgewing was wat gebid het nie en daar kan dus geargumenteer word dat dit die terugkeer van die geprojekteerde goeie ego-distoniese objek is [218] wat toegeskryf word aan God en ‘n bonatuurlike oorsaak vir die onsuksesvolle ritueel. Onvermydelik vir haar infantiele denkproses [404] is dat sy in fantasie en op psigologiese vlak beide liggaamlik en denkbeeldig haar fantasie ervaar [295]. Hierdie ervaring is so oortuigend en eg omdat sy nie in hierdie infantiele denkproses kan onderskei tussen realiteit en haar eie fantasielewe nie, en sy ervaar dit as werklik. Die alvermoënde fantasie veroorsaak dat Karien op soek is na meer mag, maar dit sal beteken dat sy dit moet soek in haar LE wie se behoefte aan ‘n verlosser nou bewustelik [312] is en sy identifiseer met Christenskap. Hierdeur begin die proses van ‘n ontwikkelde ego wat op soek is na en begeer om ‘n sekuur, veilige heelobjek (Jesus Christus) te internaliseer. Die internalisering van Jesus Christus as veilige heelobjek verlaag angs en lei tot ‘n afname in defensiewe distorsie van die ware eksterne objek (die kerk) by wie sy uiteindelik hulp soek. Die Christelike kerk en gebed word dus ‘n transisionele objek (688) wat Karien bystaan om te beweeg uit die paranoïede posisie na ‘n meer depressiewe posisie en sy druk later haar onderdrukte aggressie teenoor die Christelike kerk uit (90-93);[347].

#### 7.4.1.2 Snellerinsident 2

**Gebed deur en teenwoordigheid van kerklede by ’n ritueel veroorsaak totale verwarring en chaos by Karien en satanistiese sellede.**

> “Umm, ek het ingestap, by die ritshuieel die ritueel, alles het perfek gegaan soos normaal en umm, die kerk het ingestap op ons en everything just went wild... Umm, net soos wat, net soos wat volunteers (vrywilligers wat deel is van hul herstelproses) weet vandag hulle bid vir

> confusion, dit is presies wat daar was daai dag. Niemand het geweet wie dit, wie wat, wie, wie was nie en, umm" [6].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Die Christelike kerk se gebede vir verwarring onder die lede word beantwoord (66-68, 86) en die eenheid word dus gebreek en so ook die ritueel [133]. Die outoriteit van die Christen gee aan hom in Jesus Christus gesag om weer te heers. Deur gebed voer die kerk geestelik oorlog [135], hulle voer hierdie gesag uit [66] en het 'n invloed in die geestelike wêreld wat manifesteer as verwarring onder die lede [122]. Karien se gees weet intuïtief dat hy net soos hierdie Christene ook kan heers, en dat haar huidige soeke na mag 'n misplaaste soeke is. Mettertyd ervaar sy tydens verskeie geleenthede dat Christene in Jesus Christus (358, 447) meer geestelike mag het as sy. Karien se gees oortuig haar siel [80] dat sy hierdie gedelegeerde gesag net in die evangelie van die Christelike kerk [74] en in verhouding met Jesus Christus sal vind en sy gee haar lewe aan God oor. In Jesus Christus word Karien herstel na die oorspronklik mens en haar siel is tans in die proses om vertroud te word met die feit dat die behoefte aan aanvaarding, sekuriteit en verhouding met God weer eienskappe word.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Die Christelike kerk simboliseer die verwerpte LE of SE se ideale objek [ 215] en dié se skielike teenwoordigheid intensifiseer die paranoïede skisoïede posisie se vrees dat liefde sal vernietig. Hierdie vrees word nou geprojekteer op lede betrokke. Deur projektiewe identifikasie ontlok Karien 'n herhaling van die primêre objekverhoudings [182;184;188]. Die terugkeer van die geprojekteerde goeie objek [271] veroorsaak dus interne konflik wat geprojekteer word in die eksterne omgewing en verwarring en konflik onder die lede veroorsaak. As verdediging teen hierdie angs maak lede gebruik van uitreagering van impulse en drange en Karien word verkrag. Dit is moontlik dat ten spyte hiervan, die teenwoordigheid van die kerk en hul gebede die identifikasie met die goeie geïdealiseerde objek behou [181] en so die behoefte aan 'n verlosser intensifiseer [180]. Karien se LE se behoefte aan goed-genoeg moederskap en liefde maak dat sy haarself na Christenskap wend waar haar SE se behoefte aan 'n geïdealiseerde objek (Jesus Christus) gevind word.

#### 7.4.1.3 Snellerinsident 3

**Die skielike verskyning en visuele waarneming van engele tydens 'n ritueel, in wie se teenwoordigheid Karien liefde ervaar**

> “I know that at times when we were performing rituals, Angels appeared at the ritual and all of the people at the ritual just ran… (326), We ranned because of the Love... (327 328), This huge angels standing suddenly in the middle of a ritual in front of jou and all you felt was love, and it scared me.” Nadia: “Hoe het die ervaring met engele jou gehelp om te besluit op Christenskap?1181, Die liefde wat hulle gehad het, die liefde... (1182), Ek kon nie liefde in ‘n ander geesteleke wesens of godsdienste vind nie” [7].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Die Christen kan argumenteer dat die verskyning en visuele waarneming van engele [102] een van die maniere is waarop God deur die eeue met die mens bemoeienis gemaak het [95]. Engele [94] is in diens van die mens [95] en die Christene se gebede aan God het hulle teenwoordigheid tydens die ritueel laat verskyn [102]. Karien se geestelike sintuie (oë) veroorsaak dat die uitgesluite middelwêreld vir ‘n onbepaalde tyd sintuiglik deur haar waargeneem word [49]. Dit is volgens die Bybel nie vreemd dat mense aanvanklik vreesbevange word tydens die verskyning van engele nie [103]. As wesens van die God van liefde is hierdie engele van die uitgesluite middelwêreld draers van God se liefde net soos wat die Christen glo hy is ‘n draer daarvan en gevolglik word Karien se gees intuïtief bewus van en oorweldig deur die liefde wat hulle uitstraal [100]. Haar gees weet intuïtief dat sy (haar siel) behoefte het om in verhouding met die God van hierdie engele te staan [79, 81] en dat Hy in verhouding met haar wil staan. Haar siel vind dit egter moeilik, as gevolg van dominante negatiewe emosies en/of ervarings [332], mishandeling en potensiële demonisering [110, 111] om gehoor te gee aan haar gees se inspraak. Net soos tydens die sondeval, vlug Karien van God se teenwoordigheid, miskien omdat sy veroordeel voel en oorheers word deur ander dominante negatiewe gevoelens. Haar hart is vasgevang in die leuens van Satan en aangesien sy slegs die *bios*-lewe ervaar, heers haar siel nog en sy maak keuses vanuit haar emosies en haar eie oordeel oor wat reg en verkeerd is. Haar ervaring is dat liefde verkeerd is en sy vlug (327). Hierdie ervaring het egter ‘n groot genoeg impak op haar siel gemaak sodat sy by verskeie ander godsdienste en geestelike wesens hierdie liefde gaan soek het (gees se behoefte aan verhouding met God). Die ander godsdienste was egter van weinig nut [629]. Dit het ook moontlik geloof [48] en hoop op verlossing in haar hart geplaas en sy vind hierdie liefde weer by Jesus Christus [ 632, (316, 348)] wat haar gees wederbaar – die Zoe-lewe, die Kerk en in die Christelike geloof. Gevolglik ervaar sy veiligheid [327], betekenis en waarde. Haar hart is terug by God (*Zoe-lewe),* haar gewete [77] is skoon, en so neem die proses van volwassewording in Christus, genesing [46], bevryding en vernuwing van die siel (haar denke, wil, en emosies) ‘n aanvang. Later leer dele van haar ego hoe om geloof te beoefen [52], te bid [583] geestelik oorlog te voer om God te vra vir sy engele se hulp (64)

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Hierdie is ‘n duidelike voorbeeld van die infantiele fantasiewêreld wat as realiteit ervaar word, met magiese denke en gepaardgaande alvermoënde fantasieë van mag [274]. Daar kan ook geargumenteer word dat hierdie ‘n groepshallusinasie was. Dit is ‘n poging deur Karien se SE om ‘n ideale geprojekteerde eksterne objek van liefde [219;220] te internaliseer ten einde verlos te word uit die paranoïede skisoïede posisie, of anders gestel: die SE se behoefte aan goedg-genoeg-moederskap [260]. Die terugkeer van hierdie ego-distoniese goeie objek [218] veroorsaak egter ‘n oorweldigende vrees [252] vir liefde waarvan Karien letterlik vlug (327). Dit mag ook wees dat sy vlug as gevolg van interne konflik [263] en vervolging deur haar AE op die LE [620].

#### 7.4.1.4 Snellerinsident 4

**Die visuele waarneming van engele wat aanleiding gee tot eksistensiële vrae oor Jesus se dood en of die Bybel net ‘n klomp leuens is**

> “Hulle staan daar met hierdie massiewe massiewe liefde en dit is wat jou maak hardloop maak dink want jy ken dit nie en ook die feit dat jy hulle sien, jy ervaar net liefde!... Dit laat jou wonder of Jesus regtig dood is, en of die Bybel regtig net ‘n klomp leuens is” [8].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Hier kan geargumenteer word dat God selfs vandag nodig het om deur tekens en wonders die mens te oortuig van sy onvoorwaardelike liefde (442). Die Heilige Gees oortuig Karien se gees dat Jesus Christus opgestaan het, haar gees kommunikeer deur die hart hierdie waarheid aan haar siel wat eksistensiële vrae [174] veroorsaak wat sentreer rondom die waarheid van haar huidige siening oor Jesus Christus. Die gees se behoefte aan verhouding met God [79] weet intuïtief dat Jesus Christus hierdie behoefte kan bevredig en hom weer in intieme verhouding met God kan plaas (1191). Sy weet dus in haar siel dat haar enigste hoop op uitkoms uit satanisme in die verlossing van Jesus Christus is. Die gees weet intuïtief dat hy weer sy oorspronklike eienskappe van veiligheid en sekuriteit, waarde en betekenis, en ‘n gevoel van behoort as eienskappe sal besit. Die siel wat onveilig [334], skuldig [340], onwaardig en veroordeel voel, smag daarna om liefgehê te word en begin sy eie gedagtes oor Jesus beoordeel. Die gevolg is dus eksistensiële vrae en soeke na Jesus. Karien vind Jesus wat haar beskermd en onveroordeel laat voel [75] en die antwoord is op haar eksistensiële vrae [1191].

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Die Christelike godsdiens dien hier as 'n transisie-objek [231] vir die oorskakeling uit die meer patologiese PS-godsdiens satanisme na 'n meer volwasse depressiewe posisie-godsdiens, Christenskap. Engele as geïdealiseerde objek [219] veroorsaak dat Karien se behoefte aan liefde vir 'n oomblik bevredig word [260] en Karien identifiseer met die interne goeie-objekverteenwoordiging [612 no. 2]. Sy ervaar gevolglik 'n oomblik lank 'n gevoel van waarde asook 'n gevoel van self [213 no.11] en bevraagteken haar huidige mishandelende negatiewe-selfverteenwoordiging. Die gebrek aan 'n interne goeie-objekverteenwoordiging wat sterk genoeg is om 'n goeie-selfverteenwoordiging daar te stel, veroorsaak dat sy haarself moet wend na 'n eksterne goeie objek. Die enigste eksterne of geïdealiseerde objek wat sterk genoeg is hiervoor is Jesus Christus, haar geprojekteerde ideale objek van liefde en hoop op verlossing [265, ]. Hy is nie net 'n Verlosser vir die interne negatiewe-selfverteenwoordiging nie, maar ook uit skuldgevoelens en selfoordele wat ontstaan as gevolg van hierdie proses.

#### 7.4.1.5 Snellerinsident 5

**Die psigosomatiese ervaring of demoniese manifestasie by die kerk tydens gebed wat vir haar bo haar verstand was**

> "Toe ek teruggaan, het hy my uitgeroep uit die crouwd uit en ek het daar voor gaan kniel, en hy't begin bid, en, berig kan ek niks onthou van die biddery nie (laggie), maar Ja! Dit was dit was extreame gewees dit was vir my... ek kan dit nie vir enige iemand verduidelik nie dit was mind blowing... Dit was seer fisies seer dit het gevoel asof ek gaan opgooi, en niks, dit was... as enige iemand al ooit gesuip was in sy lewe is dit hoe dit voel niks maak om jou sin nie, dit alles is vague "[9].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Kan daar geargumenteer word dat wat sy hier beskryf 'n demoniese manifestasie [111] is wat plaasvind as gevolg van die krag van gebed [122]. Aangesien die demoon hipoteties gesproke invloed het op haar siel ervaar haar liggaam fisieke pyn, ongemak en naarheid [140, 612 no. 11, (406)]. Daar is dus beide 'n geestelike en natuurlike rede vir angs en ongemak (demoon vs. emosies) [84] tydens die proses van oorskakeling. Dit is nie duidelik watter tipe gebed [122] gebid was nie, maar dit is moontlik 'n oorlogvoerende tipe gebed wat bevryding van demoniese invloed op haar siel teëwerk [124, 139]. Haar gees ervaar hier die wederbaring deur Jesus Christus en weer die *Zoe*-lewe wat vir die siel so oorweldigend is dat Karien dit vergelyk met 'n toestand van alkohol-intoksikasie. Hierdie ervaring kan gesien word as die sogenaamde "dronk word in die Gees", die ervaring waarvan die apostel Paulus gepraat het, wanneer die Heilige Gees 'n persoon se lewe vul. Bevryding van demoniese

magte vind plaas en die beskadigde ego moet versorg word deur terapie [461, 462] ten einde totale genesing van die liggaam, siel en gees daar te stel. Beide geestelike hulp en sielkundige hulp word verlang [71].

Aangesien Jesus Christus ook 'n Persoon is en God nie net 'n psigiese skepping is nie, word Hy een met Karien (Openbaring 3:20). Karien was dus sonder Jesus Christus geestelik dood aangesien sy Jesus verwerp het. Terwyl Jesus verwerp word, is hy 'n eksterne persoon in die Gees of die geëksternaliseerde goeie objek, maar Hy is nie net 'n psigiese aspek van die self nie [74;214]. Die oomblik toe sy op haar knieë gaan en Jesus aanneem, word die persoon van Jesus een met Karien en wederbaar so Karien se gees (die internalisering en identifikasie met die geïnternaliseerde objek). Dan beteken dit, dat alhoewel die sielkunde waarneem dat daar identifikasie plaasvind met 'n geïnternaliseerde objek, is daar ook die moontlikheid dat daar geestelike besetting deur 'n persoon – Jesus Christus of die Heilige Gees – kon plaasvind, wat Karien se interne leegheid vul [625].

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Daar kan gehipotetiseer word dat hierdie bonatuurlike verlossing uit en bevryding van die mag van demone nie slegs 'n moontlike bonatuurlike oorsprong het nie, maar dat die sukses daarvan in die hipnotiese suggestievatbaarheid [463, (408)] van Karien lê. Volgens Ivey (1997) versterk hierdie suggestie die gebruik van splitsing as verdedigingsmeganisme en aangesien Karien nou identifiseer met die interne goeie-objek- [214] verteenwoordiging bied dit ruimte vir die projeksie in fantasie van die demoniese interne slegte-objekdeel [222]. Wanneer die Christelike wêreldsiening se hipotese, dat demone persoonlikhede sonder liggame is wat vervleg is met die mens se siel, in gedagte gehou word, dan kan daar as volg geargumenteer word: Saam met hierdie projeksie [288] van die interne slegte-egodeel word daar moontlik ook 'n demoniese mag uitgedryf. Indien 'n verhaal soos Markus 1:8 van nader beskou word – waar demone in varke ingestuur is deur Jesus – kan verder geargumenteer word dat dit nie moontlik is vir 'n afgesplitste egodeel om duisende varke te laat selfmoord pleeg nie. Dus wat Ivey (1997) hier beskryf, is wat waargeneem word in die psige wanneer 'n bonatuurlike demoon[58] die mens se siel verlaat. Indien hierdie "demoon"[59] egter terugkeer [222] en daar weer "demonisering" [60] plaasvind, is die navorser van mening dat dit inderdaad in so 'n geval 'n projeksie van die interne psige was wat tydens die bevrydingsgebed geëksternaliseer is, en nie 'n demoon was nie. Friesen (1997 ) bevestig hierdie gedagte en

[58] Wat Forster en Carveth in hul bespreking oor God uitwys, is net so toepaslik vir die bespreking van demone: "Whether this psychic reality corresponds to any external metaphysical reality (however literally or metaphorically conceived) is, of course, the question on which believers and non-believers are divided…"(1999, p.9)

[59] Demoon is in aanhalingstekens aangesien dit hier verwys na die geëksternaliseerde slegte objek.

[60] Demonisering is hier in aanhalingstekens geplaas aangesien die woord demonisering deurgaans verwys na die graad van demonisering waar demone gesien word as bonatuurlike wesens.

noem dat 'n demoon nie weer terugkeer na die persoon wanneer dit werklik 'n demoon was en bevryding suksesvol plaasgevind het nie. Die demoon is dus inderdaad die interne objek, maar soos Grotstein (in Grotstein & Rinsley, 2000) dit definieer, 'n *"third form*" ("geestelike wese")[61] – 'n fantasie-aangepaste en getransformeerde montage – en is dus nie 'n gemodelleerde deel (interne objek) van die eksterne persoon of slegs 'n afgesplitste aspek van die self nie.

**7.4.1.6 Snellerinsident 6**

**Die persoonlike oortuiging by Karien van 'n Goddelike ingryping as deel van haar uitkomproses**

> "Tot vandag toe weet ek nie hoe ek daar uitgekom het nie, maar 'n paar maande daarna toe vind God my...Ek het nie Christenskap gekies nie dit het my gekies...Hy[62] sit die mike af, (ernstig, verbasend) en hy begin my my lewensverhaal vir my vertel, dinge wat ek nog nooit in my leeftyd vir enige iemand vertel het nie, nooit in my leeftyd vir enige, enige, enige, siel op hierdie aarde vertel het nie, en ek gaan op my knieë en ek sê: 'This is It, hoe weet hy dit?'" [10].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Aangesien die mens se gees slegs in verhouding met God die *Zoe*-lewe ervaar, is dit deur God en die verlossingswerk van Jesus Christus wat die mens in verhouding met God tree [55, 625]. God is betrokke [431] in die wederbaringsproses van Karien se gees en getrou aan Sy karakter reik Hy uit na haar as oorlogvoerende God om haar uit die leuen van Satan te red [96]. Greag Mead wie se gees reeds in verhouding met God staan, ontvang openbaringskennis [82] by God en reageer in gehoorsaamheid deur hierdie kennis met Karien te deel [70]. Karien se gees erken intuïtief dat hierdie persoon wysheid oor haar lewe het wat nie van 'n mens af kom nie en sy besef dat dit God se werk en bemoeienis met haar moet wees. Teoreties is dit slegs deur Jesus, die hoogste gesag en Naam bo elke Naam (358, 447) wat Karien bevry word uit satanisme. Jesus Christus bring liefde, vrede en kalmte [74] en bied beskerming teen die aanvalle van demone en die satanistiese beweging [75, 142].

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Karien projekteer haar behoefte aan 'n vader op Greag Mead en sy vind hierdie vader in Greag Mead [197] maar ook in sy God [62]. Die *bonatuurlike* kennis wat hy openbaar, is moontlik 'n reaksie op haar onbewuste projeksie en soeke na hulp. Die SE identifiseer hier

[61] Navorser se opinie.
[62] Greag Mead is een van die lede van die Power team [197].

met die ideale objek, maar anders as "Miss Jenny" word Greag Mead geïnternaliseer as 'n goeie objek wat dus die absolute slegtheid van die oorspronklike geïnternaliseerde onaanvaarbare en slegte objek (haar vader) kan alter en verander. Daar kan geargumenteer word dat hierdie ideale objek deel van die gefragmenteerde ego, [213 no. 25, 569] 'n ego-distoniese ervaring is en net soos wat die terugkeer van die slegte ego-distoniese objek aan die bonatuurlike toegeskryf word, word die internalisering van hierdie ego-distoniese goeie objek toegeskryf aan die bonatuurlike of God. Die goddelike ingryping is dus hipoteties gesproke niks anders as die internalisering van 'n ego-distoniese ideale objek nie. Die geïnternaliseerde deelobjek het dus 'n dissosiatiewe [312 no. 25] en vervreemde verhouding met die self of CE. Karien het vroeër veroordeel en verlore gevoel as gevolg van die feit dat haar LE vervolg was vir a) sy begeerte aan verhouding met die OO (opwindende objek) en b) ook die ontdekking dat die OO in wese dieselfde is as die VO (verwerpende objek). Hierdie besef dat die OO en VO dieselfde, maar tog op 'n manier losstaande dele van mekaar is, veroorsaak Karien se oorgawe aan die interne slegte objek op rituele wyse tydens die inisiasieritueel (113) aan Satan. Hierdie oorgawe deur die CE aan die slegte objek word ook deur Grotstein beskryf as die verlies van onskuld [338]. Maar noudat die ideale objek geïnternaliseer is, benodig die CE 'n totale oorgawe aan die interne goeie objek, en aangesien Karien 'n verbond met Satan het, is dit slegs 'n verbond met Jesus Christus of God wat haar hieruit kan verlos [312]. 'n Bonatuurlike slegte objek moet oorwin word deur 'n bonatuurlike goeie objek (projektiewe identifikasie met die vyand om verenig te word met die vader) – die Goddelike ingryping [55]. Dit kan ook moontlik verklaar word as die kollektiewe bewussyn waarvan Jung gepraat het.

**7.4.1.7 Snellerinsident 7**

**Die ervaring van onvoorwaardelike liefde en aanvaarding by Jesus Christus – die meer aan die lewe**

> "Toe ek Jesus ontmoet het, toe het ek liefde ervaar. Dit is die meer aan die lewe. Hy aanvaar jou vir wie jy is en wat jy is, en maak nie saak wat jy deur jou lewe gedoen het nie, Hy aanvaar jou" [11].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Hierdie is die kern van die evangelie van Jesus Christus: dat Sy liefde onvoorwaardelik is [442, 1192] en alle sondes kan vergewe as gevolg van sy kruisdood en opstanding [ 75]. Deur hierdie liefde word Karien (liggaam, siel en gees) verlos en beskerm (357) tydens die oorskakeling uit satanisme. Daar is hoop, sin en betekenis aan die lewe [74]. Skuldgevoelens en veroordelings word mee afgereken (440) aangesien daar nie meer

veroordeling is vir Karien wat nou in Christus is nie (Romeine 8:1). Haar gees se lewenslange begeerte om in verhouding met God te staan, word bevredig in haar oorgawe aan Jesus Christus. Die siel wat sonder verhouding met God homself veroordeel het [244] en nie sy ware doel en betekenis kan ontdek nie, vind sy doel en betekenis en vervolgens is daar meer aan die lewe.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*
Karien beweeg deur middel van godsdiens, gebed en ander transisie-objekte [232 ] uit die paranoïede skisoïede posisie [235] na 'n depressiewe posisie [236, 251] waar liefde nie meer gevrees word nie en haar aggressie die bedreiging inhou vir die verlies van die objek. Jesus Christus as interne goeie objek (735) of geïdealiseerde objek [262] veroorsaak veranderings in Karien se interne objekverhoudings en die gevoel van absolute minderwaardigheid [213], hopeloosheid en magteloosheid [341] wat ervaar word, saam met die identifikasie [ 281] met die slegte interne objek, word vervang met 'n gevoel van aanvaarding, hoop [326] en waarde. Jesus Christus bied 'n effektiewe verdediging teen die Oedipale konflikte [265] aangesien dit 'n gelyktydige uitdrukking van haar skuld, [340] aggressie, [347] of rebellie toelaat. Die verhouding met Jesus is dus gesetel in 'n herhaling van beide die verhouding met die vader en die moeder [62]. Die gevolg is dat Jesus 'n projeksie kan wees van die heel geliefde objek van die depressiewe posisie en dus nie net beperk tot die geïdealiseerde "net goeie" objekte of gedemoniseerde "net slegte" objekte nie.

Dit blyk dus hier dat Karien se verhouding en identifikasie met Jesus Christus as interne goeie-objekverteenwoordiging genoegsaam herhaal is. Jesus Christus is konstant en dra by tot 'n verhouding met 'n interne goeie-objekverteenwoordiging en die effektiewe deurwerk van die depressiewe posisies en aggressie teenoor self. Jesus as interne goeie-objekverteenwoordiging [214] genoegsaam herhaal word wat Karien in staat stel om vanaf, skuld, tot rekonsiliasie met die goeie objek te beweeg en so veroorsaak dit haar besluit om oor te skakel. Sy beweeg egter soms terug na hierdie posisie en dit kan waargeneem word in die herhaaldelike selfmoordgedagtes [413] en selfmoordpogings wat kenmerkend is van depressie-patologie wat ooreenstem met die depressiewe posisie.

## 7.4.2 Sielkundige snellerinsidente

### 7.4.2.1 Snellerinsident 1

**Eksistensiële vrae wat veroorsaak is deur die ontdekking van haar swangerskap met Adriaan**

> "Uhhm, 'n paar maande na dit toe vind ek uit ek is swanger (*hartseer, ernstige, sagte stem)*.81, En **dit** het vir my significance gehad... Dit het my laat wonder...Want dit is die eerste keer wat ek begin wonder het want, sou hulle uitvind dat ek swanger is, sou die kind gesacrifice word... Sou hulle nie uitvind nie, gaan daar niks gebeur nie" [14].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Die Christen kan geargumenteer dat Karien se siel oordeel oor die gedrag en optrede van die satanistiese sel [158] en die offer van kinders [154, 155]. Hierdie wonder van lewe in haar (320) veroorsaak dat haar siel besin oor haar eie bestaan of skeppingsdoel [174, 208]. Die gees se behoeftes word dus bekend gemaak aan die siel en deur die gewete oordeel haar gees oor haar optrede. Verder, aangesien haar gees onvervuld is, het sy 'n leegheid in haar en 'n begeerte ontstaan om hierdie leegheid en soeke na harmonie en verhouding te herstel [312]. Dit is ook moontlik dat haar gees haar intuïtief oortuig dat daar reeds 'n kind geoffer is vir haar verlossing (Jesus Christus) en dat haar kind nie nodig het om geoffer te word nie. Satan, 'n moordenaar, dief en vyand van God voer nou oorlog teen Karien deur die satanistiese sel [632, (1213)] en geestelike aanvalle [115, 347, 354].

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Karien se behoefte aan goed-genoeg moederskap en liefde word tydens haar swangerskap geprojekteer in haar kind ('n konkrete, interne goeie objek) waarmee sy nou identifiseer [269], met die gevolg dat die interne slegte-objekverteenwoordigings nou geprojekteer moet word [200]. Eersgenoemde veroorsaak skuldgevoelens [340], vervolgingsangs [371] en vervolging deur die satanistiese beweging [149] die geassosieerde objek van die nou geprojekteerde AE-egodele, wie se terugkeer gevrees word [257]. Dit is die terugkeer van hierdie geprojekteerde ego-distoniese dele wat Karien dan ervaar as demoniese aanvalle [224] wat 'n bedreiging inhou vir haar en haar kind. Die terugkeer van die slegte objekte hou 'n bedreiging in vir Adriaan aangesien 'n identifikasie met die interne slegte objek deur Karien sal beteken dat sy hom (liefde) [210] sal moet verwerp en binne die beweging sal dit plaasvind deur rituele moord. Die sentrale ego wat help om hierdie deelobjek-verhoudings en simbiotiese verhouding met Adriaan te handhaaf [187 no. 4] soek na die ideale objek (eksistensiële vrae). Dit is moontlik dat sy haar paranoïede skisoïede vrees – dat haar liefde haar objek [kind is lewe in haar (84)] sal vernietig – in en op die satanistiese beweging

projekteer, ten einde haarself te kan sien as 'n goeie moeder [187 no.1] wat omgee en lief is vir haar kind. Dit wil voorkom asof die vrees vir verlies [401] hierdie verdedigingsmeganisme en uiteindelik die soeke na hulp en oorskakeling geïnisieer het. (Sien ook bespreking 7.4.1.6)

#### 7.4.2.2 Snellerinsident 2

**Psigiaters en sielkundiges se onvermoë om haar te verstaan, veroorsaak 'n soeke na hulp by Christene**

> "Hy doen. (*effens bewoë en reflektief*) Weet jy, ek was by sielkundiges en psigiaters en weet jy, hulle het my nie verstaan nie, hulle het my nie geglo nie, ek was nege [15]...Net sielkundige teorieë alleen val so nie in plek nie, dit hang af van wat dit is wat God vir jou sê om te doen. Sonder God kan jy my nie heeltemal help nie, jy kan my ondersteun en so, maar sonder God kan jy my nie heeltemal help om vry te kom nie..."(1222-1223).

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Die Christen kan geargumenteer dat, afgesien van die sielkundige behoeftes en nodige rol wat psigiaters en sielkundiges in haar siel se herstelproses speel, is Karien se probleem ook 'n geestelike probleem [ 71]. Karien se primêre behoefte is dus aan geestelike hulp, hulp wat sy in afhanklikheid van en in verhouding met God sou vind [67]. Aangesien die Christen die geesdimensie nie slegs sien as 'n mensgeskape psigiese toestand nie, voel Karien dat hulle haar verstaan [613]. Die Christen verstaan dus nie net haar geestelike stryd nie, maar voer ook geestelik oorlog [135], bid daarteen en bied aan haar 'n oplossing vir hierdie stryd in die oorwinning van Jesus Christus [115, 118]. Hierdie Christene is ook volwasse Christene wat verby haar sonde kyk en die mens vir wie God liefhet, kan raaksien. Hulle het haar dus lief soos Jesus (onvoorwaardelik) en deur hulle gebede en verhouding help hulle haar gees om opnuut te heers en leer sy die Christelike lewenstyl (pneumalogiese en psigologiese behouding [473]).

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Kan daar geargumenteer word dat Karien vanuit haar interne deelobjekverhoudings hierdie verhouding uitspeel in haar verhouding met die psigiaters en sielkundiges as die slegte objek aan die een kant en die Christene as die goeie objek aan die ander kant. Christene word geïdealiseer en mee geïdentifiseer [215] terwyl die psigiaters en sielkundiges verwerp word. Hierdie identifikasie word later duidelik wanneer sy verduidelik dat die persoon wat haar wil help om uit satanisme uit te kom, ook 'n totale oorgawe aan God moet maak en bereid moet wees om opofferings te maak [70]. Karien noem dus hier dat Christenskap of godsdiens hier 'n oorgangsobjek-funksie verrig of moontlik as verdedigingsmeganisme gebruik word [297].

### 7.4.2.3 Snellerinsident 3

**Ervaring van magteloosheid by kerk (as 'n psigosomatiese of angsverwante ervaring) veroorsaak die soeke na terapie**

> "Toe ek by die kerk se deure instap is hierdie BLOU, 'n blou mat en net na dit, is dit 'n rooi mat, en ek stap deur die deure na die rooi mat toe, en... Ek VRIES. Ek vries net daar in my (*lag)* in my spore en ek dink by myself: jussie ek kan nie verder gaan nie, WANT ek ruk. Ek kan nie verder gaan nie. Min het ek geweet dat die Power Team van Amerika by Family Haverts Church is, *besig om te bedien*[63]...Sjoe! Dit was net soos daai aand wat die kerk by die ritual ingestap het, dis seker hoe die High Priest moes voel"...En ek (lag uitbundig terwyl sy praat) vries in my tracks. Ek kan nie verder gaan nie, want ek kan nie teruggaan nie, ek kan nie vorentoe gaan nie, ek vries, ek kan nie gaan nie [16 skuinsdruk bygevoeg].

(Sien bespreking 7.4.1.5.)

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Vanuit die Christelike wêreldsiening kan daar geredeneer word dat die vries-ervaring 'n natuurlike manifestasie was van die botsing tussen die koninkryk van God en die koninkryk van Satan as gevolg van die krag van die evangelie van Jesus Christus en die teenwoordigheid van God tydens die diens [74]. Die teenwoordigheid van God bind alle demoniese magte se invloed in Karien se lewe en pogings om haar te skei van God [142]. In die teenwoordigheid van God besef Karien se siel dat sy magteloos is sonder Hom.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Die verskillende kleure (blou en rooi) kan moontlik geassosieer wees met onderdrukte traumatiese ervarings [498]. Dit, saam met die LE se soeke na liefde en die terugkeer van die verwerpte goeie objek veroorsaak soveel angs [351] dat Karien 'n paniekaanval of liggaamlike herinnering [519] van die trauma ervaar en dus deur angs oorweldig word. Met ander woorde, die kleure is snellers vir terugflitse van trauma wat Karien in so 'n mate oorweldig dat sy motoriese beheer verloor. Die terugkeer van die goeie objek veroorsaak regressie na die paranoïede posisie – deur projektiewe identifikasie eksternaliseer sy haar interne slegte objek en gepaardgaande gevoel van infantiele afhanklikheid en magteloosheid na die hoëpriester [192]. Dit stel haar in staat om selfs "swak" en magteloos te wees in die teenwoordigheid van Christene en beperk die aanvalle deur die AE. Karien is nie bewus van hierdie onbewuste transisie wat pas plaasgevind het nie en dit, asook haar onvermoë om haar angs te hanteer, veroorsaak dat sy die ervaring op magiese wyse toeskryf aan die feit dat die "Power Team" besig is om te bedien. Gevolglik veroorsaak dit dat die CE 'n ideale

[63] 'n Algemene term in Christelike sirkels vir die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus, Skrifgedeeltes en persoonlike gebed.

objek soek in die vorm van 'n terapeut [215]. Sy vind 'n Christen-terapeut waarmee sy identifiseer en gevolglik skakel sy oor na die Christelike godsdiens.

#### 7.4.2.4 Snellerinsident 4

**Geboorte van haar kind en veral sy afsterwe blyk een van die belangrikste snellerinsidente te wees**

> "Daar is werklik net een rede hoekom ek satanisme gelos het. En ek het geweet dat ek geweet het, (in 'n ernstige, selfversekerde stemtoon) sou ek enige iemand anders sê in die beweging dat ek swanger was, that they would sacrifice the child (sagter, fluisterend). Want ek het geweet... in, in my kennis – dit wat ek al gesien het – dit is wat gebeur. En ek was nie bereid om dit te doen nie, ek **was** nie bereid om dit te doen nie (sagte, ernstige stem)... die rede hoekom ek sê dat Adriaan was vir my die draaipunt gewees wat, uumf" [17].

(Sien 7.4.2.1)

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Vanuit die Christelike wêreldsiening is die offer van kinders 'n aspek waarna die Bybel verwys en dit is gewoonlik tydens die aanbidding van afgode wat mense hierdie gru-dade verrig. As satanis is Karien besig met afgodediens en Satan as moordenaar steel en roof altyd van die mens. Karien se siel besef dat hierdie godsdiens waarin sy betrokke is 'n bedreiging inhou vir 'n onskuldige en kwesbare kind [619]. Op menslike vlak weet haar siel dat sy haar kind se enigste hoop is [183 no. 6]. Sy slaag egter nie daarin om hom te beskerm nie. Haar kind se dood [175, 209] bring haar tot die oortuiging dat 'n lewe geskei van God en sonder Hom op die dood uitloop. Deur die dood van haar seun besef haar siel deur die oortuiging van haar gees, dat sy verlore en geestelik dood is. Die gees oortuig die siel: wat nodig is, is die Zoe-lewe. Gevolglik besluit sy om satanisme te verlaat en oor te skakel na die Christelike godsdiens. So word die siel se behoefte aan sekuriteit, gevoel van behoort en intimiteit met God bevredig en in Christus weer eienskappe van Karien.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Vanuit die Objekrelasie-ideologie is hierdie 'n goeie voorbeeld van die vrees vir die verlies van die interne goeie objek [397, 619]. Karien se kind verteenwoordig die gebruik van die histeriese verdedigingsmeganisme – op simboliese maar konkrete wyse – wat na sy geboorte die nou geëksternaliseerde goeie objek word [187 no. 4]. Adriaan as eksterne goeie objek verteenwoordig liefde en alle hoop op eksterne goeie-objek-verhoudings [253, 398, (320)]. Hy is die objek van al haar onvervulde infantiele projeksies, behoefte aan goed-genoeg moederskap, liefde en gevoel van waarde en self. Sy verlies sal 'n herhaling van die

primêre objekverhoudings en die gepaardgaande vrees – dat haar liefde te veel is en haar objek sal vernietig – veroorsaak. Sy geboorte ontlok dus skuld en aggressiewe gevoelens teenoor die kerk [271 no.6], ‘n emosie wat haar nie tydens identifikasie met die slegte objek enige ongemak en angs veroorsaak het nie. Die gevolg is ‘n regressie na die paranoïede skisoïede posisie en sy maak gebruik van die paranoïede verdedigingsmeganisme internalisering. Karien internaliseer Adriaan en projekteer [288] haar aggressie op die satanistiese sel (die eksternalisering van die AE). Die gevolg is vrees en angs vir vervolging [ 371, 396]. Aangesien sy nou met die interne goeie objek identifiseer, wend sy haar na Christenskap.

#### 7.4.2.5 Snellerinsident 5

**Persoonlike oortuiging tydens swangerskap dat ontvlugting haar en haar kind (wat liefde vir haar beteken) se lewe sou red**

> “Die rede hoekom ek sê ek het dit nie gelos, ek het dit gevlug was. Want ek het geweet die dag toe ek swanger raak het ek geweet... that they would sacrifice the child (sagter, fluisterend) Want ek het geweet... in, in my kennis – dit wat ek al gesien het – dit is wat gebeur. En ek was nie bereid om dit te doen nie, ek **was** nie bereid om dit te doen nie...Umm. Ek sê altyd dit is die eerste keer wat ek werklik liefde gevoel het in myself is daai being wat in my geleef het en ek het geweet, sou enigiemand uitvind daarvan sou hy doodgaan. Sou hy doodgaan, beteken dit vir my liefde wat doodgaan. Ek het nooit liefde in my lewe gehad nie en dit is die eerste keer wat ek liefde in my lewe gevoel het, of ek geweet het wat liefde is of nie. I really felt it, want, want dit het gegroei binne my... Ja twee weke nadat ek uitgevind het ek is swanger, toe vlug ek, nie vlug my lewe of die okkulte nie, ek het gevlug die land” [18].

(Sien bespreking van 7.4.2.1 en 7.4.2.4)

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Vanuit die Christelike wêreldsiening kan daar geargumenteer word dat die Heilige Gees deur die natuurlike gebeurtenis van swangerskap met haar gees (steeds geskei van God) kommunikeer en haar oortuig van Sy liefde vir haar (Karien) as Sy skepping. Net soos wat sy begeer om ‘n goeie moeder vir haar kind te wees (83, 84) so wil God ook vir haar ‘n Moeder en Vader wees [62, 132]. Hierdeur word die siel se behoefte aan goed-genoeg moederskap en ‘n begeerte na die Vader dus aangespreek [311]. Die gevolg is dat Karien se siel deur die gewete oortuig word dat haar verbintenis en verhouding met Satan hierdie hoop kniehalter, roof en steel. Sy vlug [617, 621 uit satanisme uit ten einde gehoorsaam te wees aan die inspraak van haar hart. Hierdie hoop op liefde veroorsaak ook vrese in die siel wat maak dat sy fisiek vlug in ‘n poging om haar seun se lewe te red.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie*:

Die vrees vir verdelging van die ego deur die slegte objek veroorsaak 'n depressiewe vrees – dat Karien self as gevolg van haar eie destruktiewe impulse (identifikasie met slegte objekte) skade aan Adriaan sal veroorsaak [92]. Nie net sal haar aggressie en destruktiwiteit skade aan die eksterne objek veroorsaak nie, maar die vrees is reeds daar dat dit skade sal veroorsaak aan die nou nog geïnternaliseerde objek (die fetus en psigiese interne objek). Hierdie aggressie van die beweging waarteen Karien Adriaan wil beskerm, ontstaan dus by haar eie interne aggressie [347, (674)]. Hierdie potensiële aanval deur die slegte objek (die satanistiese beweging) word dus geregverdig deur haar eie aggressie te ontken en op die slegte objek te projekteer. Die enigste wyse waarop Karien hierdie potensiële aanval deur die slegte objek kan verhoed, is die fantasie dat 'n geografiese verskuiwing haar sal verlos van hierdie onbewuste aggressie en vrees vir verdelging – van die sentrale ego en sy ideale objek van liefde, die kind – deur die slegte objek [403]. Karien vind egter by haar terugkeer na die land dat haar verhuising nie die gewenste effek het nie en haar kind word in realiteit (en simboliese verteenwoordiging van lewe, en liefde – die goeie objek [200]) deur die slegte objek vernietig [20, 612 no.17]. Hierdie is 'n interne objekverhouding wat hom voorheen afgespeel het, naamlik: die oorgawe van die CE aan die slegte objek en 'n verbanning van die LE na die onbewuste wat gelei het tot haar inisiasie in en verbond met Satan. Die AE oorwin dus weer die LE se soeke na liefde, maar dit speel nou uit in realiteit en nie meer in fantasie nie. Die LE verloor egter ten spyte hiervan nie hoop nie en soek verhouding met die geïdealiseerde goeie objek wat hom oorwinning kan gee oor die AE, naamlik Jesus Christus.

**7.4.2.6 Snellerinsident 6**

**Verlies van die kind lei tot eksistensiële vrae oor die sin van die lewe**

> "'n Jaar en 'n half na sy geboorte kry hulle ons, en offer toe die kind. Dit is toe dat ek besef dat daar meer aan die lewe is dan dit wat ek ken..."[19].

(sien 7.4.2.5)

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Vanuit die Christelike wêreldsiening oortuig die Heilige Gees Karien se gees, dat hierdie lewe van mishandeling nie die lewe is wat God vir haar beplan het nie. Haar gees besef dat sy op 'n pad van sonde en verwoesting is wat uitloop op die dood, selfs die dood van haar kind. Hierdie lewe wat deur haar eie siel regeer word, veroorsaak smart en seer en gepaardgaande vrese wat vir 'n onbepaalde tyd selfs na haar bekering 'n impak op haar lewe

het [339, 346, 350]. Intuïtief weet haar gees dat God nie die oorsaak is van die mens se boosheid nie maar dat die mens (in hierdie geval die satanistiese beweging) se sonde en uitreagering van drange smart veroorsaak [169, 168]. Die hart ervaar die pyn en aangesien hy nie 'n skoon gewete het nie, dra hy aan die siel oor dat daar meer is aan die lewe as die seer wat sy ken. Die gevolg is dat sy meer en meer begin wonder oor haar sielsbestaan en die sin van die lewe en 'n soeke na antwoorde vir hierdie boosheid van die mense wat aanvanklik oënskynlik vir haar lief was [177].

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Die verlies van haar kind veroorsaak die verlies van die eksterne goeie objek wat nou weer geïnternaliseer word. Die LE se onderdrukte behoefte aan 'n terugkeer na die paradysagtige infantiele fase veroorsaak dat die CE in sy soeke na ideale goeie objek alle moontlike bronne ondersoek op soek na so 'n objek. Aangesien sy alle eksterne goeie objekte reeds verloor het, projekteer sy haar soeke na die ideale objek op die onbewuste vader in fantasie – God. Die gevolg is eksistensïele vrae [174].

#### 7.4.2.7 Snellerinsident 7

**Vrees vir verdere seer, mishandeling, trauma en dat haar seun die slagoffer sal word van rituele moord**

> "Die rede dat ek gevlug het, was ek was verkrag en het swanger geword (4). Ek het geweet, sou die 'coven' hiervan uitvind, sou hulle die kind offer "[23].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Vanuit die Christelike wêreldsiening kan daar geredeneer word dat Karien se siel oortuig word deur die Heilige Gees se inspraak in haar gees dat God nie hierdie lewe van seer en mishandeling en trauma vir haar begeer nie. Die sonde van ander persone en haar eie het oor 'n tydperk demonisering veroorsaak en "vrees" het 'n invloed in haar lewe begin kry [110]. Haar gees is steeds geskei van God en ervaar nie die *Zoe*-lewe nie en heers nie oor die siel nie. Die siel heers, met die gevolg dat vrees as dominante negatiewe emosie in haar sielsdimensie oorheers en daarom kan die sielservarings nie losgemaak word van die emosies en invloed wat dit op haar intellek het nie [332]. Haar dominant negatiewe emosies dra dus by tot haar besluit om haarself te beskerm teen verdere trauma en om oor te skakel na Christenskap.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Daar kan geargumenteer word dat Karien hier in die paranoïede skisoïede posisie is. Die egosentrisme van hierdie fase is die area waar sonde sy ontstaan het, aangesien die ego in wese hier net op homself gefokus is en daarom deur woorde, aksies en dade die wil van God vir sy lewe verwerp, met ander woorde sondig. Die volgende aanhaling dien as 'n verduideliking van die invloed en proses van sonde:

> "Man being in sin, enters... into a circle in which he gets more and more involved in sin... the result of sin upon man is that man becomes a split person... enstranged from God, alienated from his fellow men, disappointed with himself and with the word. The consequence of this is that man is overwhelmed by restlessness, fear, dispair and anxiety. Man feels himself abandoned, solitary, alone and alien in the world which should have been his real home but where now a thousand dangers are hidden and seek opportunities to destroy him." (Pungur, in Forster & Carveth, 1999, p. 11)

Haar egosentriese ego fokus dus om homself te beskerm teen die aanvalle van slegte objekte. Haar ego slaag egter nie daarin om homself te beskerm teen hierdie slegte objekte (nou geëksternaliseer in die beweging se moontlike offer van haar kind) nie. Die gevolg is dat daar 'n vrees vir verdelging/uitroeiing van die ego deur die slegte objek ontstaan wat geprojekteer word in die vrees vir vervolginge deur die satanistiese beweging.

**7.4.2.8 Snellerinsident 8**

**Liefde vir en geantisipeerde vrees vir verlies van die kind en sy uiteindelike dood, verteenwoordig die verlies van liefde en verpligte ontvlugting van die beweging**

> "En ek het geweet dat ek geweet het, *(in 'n ernstige, selfversekerde stemtoon)* sou ek enige iemand anders sê in die beweging dat ek swanger was, that they would sacrifice the child *(sagter, fluisterend)*... En ek was nie bereid om dit te doen nie, ek **was** nie bereid om dit te doen nie (sagte ernstige stem)... Want **ek** kan nie vir **iemand** verduidelik watse gevoel binne jou is van, there is a **life**, living within you nie... Want dit is die eerste keer wat ek begin wonder het want, sou hulle uitvind, dat ek swanger is, sou die kind gesacrifice word... Ek sê altyd dit is die eerste keer wat ek werklik liefde gevoel het in myself is daai being wat in my geleef het en ek het geweet, sou enigiemand uitvind daarvan sou hy doodgaan. Sou hy doodgaan beteken dit vir my liefde wat doodgaan. Ek het nooit liefde in my lewe gehad nie en dit is die eerste keer wat ek liefde in my lewe gevoel het, of ek geweet het wat liefde is of nie. I really felt it, want, want dit het gegroei binne my" [20].

(Sien 7.4.2.1; 7.4.2.4 & 7.4.2.5).

#### 7.4.2.9 Snellerinsident 9

**Onbewuste soeke na 'n verlosser is 'n snellerinsident vir die soeke na Jesus en oorskakeling**

> "En deurdat ek gevlug het, het ek na 'n lang tyd Jesus leer ken" [24].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*
Die gees se behoefte aan verhouding met God veroorsaak 'n soeke na die persoon Jesus Christus wat gesterf het om hom te verlos uit sy gevalle toestand en gevolglik sy verhouding met God en die *Zoe*-lewe kan herstel. Die siel moet egter eers oortuig word deur die Heilige Gees dat Jesus hierdie verlossing reeds bewerkstellig het en tydens Karien se ontvlugting weg van satanisme af verloor Satan sy oënskynlike mag oor haar intellek, wil en emosies en sy besluit om Jesus aan te neem en hom te leer ken. *Zoe*-lewe word herstel en die gees heers weer oor die liggaam en siel in verhouding met God.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*
Die SE in sy verhouding met die IO (ideale objek) ken die waarheid en wil graag leef vanuit hierdie band met sy ideale objek (Jesus Christus). Dit is egter nie moontlik terwyl hy identifiseer met die AE en die LE verban na die onbewuste toe nie. Die LE is die slagoffer van vuil spel aangesien die oorspronklike ego 'n band met Satan gevorm het om veiligheid en mag te ervaar [274] en die aanvalle van die AE te oorleef. Die LE bly egter lojaal teenoor die OE wat hom verraai het en streef te alle tye daarna om die infantiele paradysverhouding te herstel (die onbewuste behoefte by Karien se CE aan verhouding met God en 'n verlosser). Hierdie band tussen die CE en die LE verteenwoordig Karien se hoop op verlossing (Grotstein in Grotstein & Rinsley, 2000).

Jesus as ideale objek en verhouding met God bied die moontlike verlossing uit die paranoïede skisoïede posisie na die depressiewe posisie. Forster en Carveth (1999) verduidelik egter dat dit juis hierdie tipe gedagtes oor Jesus en God as 'n eksterne metafisiese realiteit – letterlik of metafories – is wat konflik tussen gelowige en ongelowige mense veroorsaak. Hulle verduidelik aan die hand van Klein se teorie die volgende:

> "...since Klein sees our relation to reality as mediated by our internal objects, as such (i.e. as an object-representation), God has the potential to be a helpful fantasy, a presence that complements the rest of our array of internal objects...The fact that religion addresses infantile issues does not mean it is necessarily infantile – we work through paranoid schizoid and depressive issues throughout our lives" (Forster & Carveth, 1999, p. 9).

#### 7.4.2.10 Snellerinsident 10

**Ontbloting en naaktheid wat slegs deur 'n mantel bedek word en die gepaardgaande afbreek van menswaardigheid**

> "Redes is… wanneer jy by 'n ritueel kom, is dit formalisties, dit, dis umm, jy kom by 'n ritueel, jy't jou cloak aan, jy't nie skoene aan nie... al wat jy onder jou cloak aanhet, is: niks nie! [51], Umm, en... dit was net, dit was, dit was moeilik" [26].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*
Staan die mens naak voor God – God is alwetend en ook bewus van elke sondige daad van Karien [54]. Dit verhoed Hom egter nie om deur die Heilige Gees Karien se gees te oortuig dat Hy haar siel wil verlos van skuld en selfveroordeling en vir haar 'n werklike identiteit in Jesus wil gee nie. Hierdie identiteit in Jesus sal dus daartoe lei dat haar siel waarde het en dat 'n goeie selfbeeld, gebaseer op haar Godsbeeld, sal ontwikkel.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*
Die fragiele ego (213) identifiseer met die liggaam wat naak is, voel kwesbaar en vrees ook totale verswelging en vernietiging deur die slegte objekte (die mede-sataniste) – 'n herhaling van die vrees vir uitwissing en gevoel van verlies van onskuld [338]. Of: Haar naaktheid simboliseer skuldgevoelens aangesien sy in 'n meer depressiewe posisie is waar sy kan onderskei dat dit haar eie optrede (die afbreek van diensknegte van die beweging) en dié van ander (die afbreek van menswaardigheid deur die stiefvader) is wat pyn en seer veroorsaak. Om ontslae te raak van hierdie skuld en ambivalente gevoelens [335] het sy egter nodig om te identifiseer met die onbewuste geprojekteerde vader, die enigste een wat haar uit hierdie ook moontlike Oedipale-konflik kan red. Die gevolg is dat Karien soek na verhouding met God en morele vrae vra.

#### 7.4.2.11 Snellerinsident 11

**Morele vrae wat ontwikkel het uit die mishandeling van self en ander lede**

> "Het ek die mag om dit te doen *(bevestigend, vraend).* Het ek die mag om vir iemand te sê jy is niks werd nie.[138] Ek het baie keer gewonder of dit, is dit reg van my?[144] Ek onthou hoe ek gevoel het toe my stiefpa vir my gesê het: 'Jy is niks werd nie', en 'Jy sal doen wat ek sê! [145]. Jy sál op jou knieë gaan, en jy sal suig' *(senuagtige laggie)* Jy verstaan wat ek bedoel?" [27].

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Kan daar geredeneer word dat Karien (of een van haar alters) moontlik hier in 'n meer depressiewe posisie is, sy begin differensieer tussen haar eie aggressie en dié van ander [314]. Haar gees oortuig dus hier haar siel dat dit sy eie optrede is wat aggressie en pyn veroorsaak in ander se lewe. God is dus nie die oorsaak van haar pyn nie, maar haar eie sonde en ander persone se sonde teen haar. Dit veroorsaak 'n skuldige gewete en 'n soeke na verhouding met God sodat die gewete skoon kan kom en die siel nie meer veroordeel hoef te voel oor sy aggressiewe optrede en beskadiging van die goeie objek (in fantasie of werklikheid) nie. Of die skade nou aan God, mens of self gedoen is, die gevolg is steeds skuld. Die gees oortuig dus die hart dat alhoewel God 'n God van liefde is, is Hy ook regverdig en Hy haat en oordeel sonde en Hy wag op Karien om Sy Seun te aanvaar sodat sy vergifnis kan ontvang [74].

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Karien word hier die interne slegte-objekverteenwoordiging en sy speel die patologie van die oorspronklike vader wat sy geïnternaliseer het en mee identifiseer, uit. Maar as gevolg van projektiewe identifikasie identifiseer sy egter ook as die slagoffer van seksuele mishandeling met die slagoffer van haar eie aggressie, en skuldgevoelens ontstaan. Hierdie ambivalensie tussen die mishandelde en die mishandelaar (132, 133) bring onderdrukte aspekte van die LE na vore en sy bevraagteken haar negatiewe en minderwaardige selfverteenwoordiging wat in plek gehou word deur die morele verdedigingsmeganisme [281, 283]. Die gevolg is 'n meer gedifferensieerde beeld van self. Sy besef dat sy nie net sleg is en die bron van al haar seer is nie, maar dat dit ook die aggressie van haar eksterne objek (vader) was wat bygedra het tot haar pyn.

### 7.4.3 Verdere snellerinsidente

#### 7.4.3.1 Snellerinsident 1

**Eksistensiële vrae lei tot 'n soeke na die sin van die lewe en bewustheid dat die lewe sin het buite satanisme (Oor 'n driejaartydperk het Karien 'n gebrek aan begrip vir die sin van die lewe en sy vra na die doel en betekenis van haar bestaan.)**

> "Umm... voor dit het ek begin wonder, en... begin vrae vra en alles, maar dit was die main rede, die *eintlike* rede hoekom ek besluit dat dit, dit is nie vir my nie, dis nie hoekom ek rêrig hier is nie... Ek het baie keer, ek dink voordat ek uitgekom het, drie jaar, *drie jaar* van my lewe voordat ek uitgekom het uit die beweging uit, het ek begin voel... there's something more to life...[31]..."Da, Daar is, dáár is sóveel méér aan dié lewe wat ek besig is om te leef en ek verstaan dit nie"[32].

University of Pretoria etd – Crause, R (2005)


(Sien ook 7.4.2.1)

*Vanuit die Christelike wêreldsiening:*

Kan daar weereens geredeneer word dat Karien se gees intuïtief weet dat daar 'n tyd was waar hy 'n gevoel van behoort, sekuriteit, liefde en aanvaarding ervaar het. Deurgaans maak hy die siel gedurende hierdie driejaarperiode daarvan bewus. God wat in sy liefde na haar uitreik, herinner deurgaans die gees daaraan dat dit waarna hy smag verhouding met God – die God wat hom geskep het en vir hom doel en betekenis en selfs genesing wil gee – is. Die gees oortuig dus deur die hart se gewete die siel dat daar 'n lewe buite satanisme is wat sin maak. In werklikheid oortuig die hart en gees haar siel dat sy op die pad van die dood is, die uiteinde van ongehoorsaamheid en sonde. Die siel begin dus eksistensiële vrae vra oor die sin van sy bestaan aangesien hy deurgaans ervaar dat sy huidige lewe nie sin en betekenis gee nie, maar eerder pyn en smart. Die openbaringskennis van haar huidige verlore toestand dra daartoe by dat die siel in sy intellek besef dat daar meer is aan die lewe as dit wat sy ken. Gevolglik besluit sy om satanisme te verlaat.

*Vanuit die Objekrelasie-ideologie:*

Kan daar geargumenteer word dat die CE se soeke na die ideale objek deurgaans aangespoor word deur die LE se behoefte en soeke na liefde en aanvaarding by 'n goeie eksterne objek (God). Die CE soek dus 'n ideale objekverhouding en laat met tye gedurende hierdie driejaarperiode toe dat die LE se behoefte na die bewussyn syfer, aanvanklik net as eksistensiële vrae en later as die besef dat daar meer is aan die lewe as dit wat sy ken.

## SAMEVATTING

Uit die bespreking van die belangrikste snellerinsidente is dit duidelik dat hierdie navorsing bevind dat verskeie snellers, hetsy geestelik of sielkundig, verskillend vanuit die Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening en die Objekrelasie-ideologie geïnterpreteer kan word. Karien wys daarop dat die Christelike siening se geloof in die bonatuurlike 'n behoudende omgewing skep vir die moontlike deurwerk van verskeie infantiele aspekte en veral die paranoïede skisoïede posisie se vrese en interne verhoudings. Verder blyk dit dat, ongeag die tipe sneller, die Objekrelasie-ideologie 'n in-diepte meta-perspektief bied op die rol van die endopsigiese situasie en die invloed wat hierdie snellers het op die interne wêreld

van Karien. Die Objekrelasie-ideologie kan telkens vir elke ervaring wat "oënskynlik" na 'n suiwer **bonatuurlike** ervaring lyk, 'n moontlike verklaring bied vanuit die interne deelobjek-verhoudings en gepaardgaande verdedigingsmeganismes.[64] Vir Karien is 'n suiwer interpretasie van haar ervaring slegs vanuit hierdie benadering egter onvoldoende en hier word die inagneming van die kliënt se persoonlike wêreld baie duidelik. Daar kan gepostuleer word dat Fairbairn se objekte vervang kan word met "objekte" uit die Christelike ideologie om hierdie dilemma te oorbrug. So byvoorbeeld kan IO vervang word met Jesus of engele, AE en slegte objekte met Satan en demone onderskeidelik. Wanneer die kliënt dan noem dat sy gedemoniseerd is, kan die terapeut metafories gebruik maak van hierdie konsepte en dan die kliënt vra of daar vir hom/haar iemand is wat meer mag het as hierdie demoon. Die waarskynlike antwoord sal moontlik wees: "Ja. Jesus". Vervolgens kan die terapeut haar dan vra om Hom te vra om haar vry te maak van die demoon se mag. Dit sal dan hipoteties gesproke veroorsaak dat Jesus Christus as goeie objek die kliënt sal bystaan om na die transisieposisie of na die depressiewe posisie oor te beweeg. Die gebruik van die geestelike intervensies van bevryding of Christelike konsepte soos demone en Jesus Christus as ideale objek is 'n aspek wat egter verder nagevors kan word.

*Ten slotte* kan daar genoem word dat daar uit hierdie navorsing ook 'n reeks metafore na vore gekom het. Dit sluit in demone as metafoor vir geprojekteerde en terugkerende interne slegte objekte; engele as metafoor vir geprojekteerde en terugkerende interne goeie of ideale objekte; die ervaring van somatiese pyn as manifestasie van demoniese magte; motor as metafoor vir self; lig as metafoor vir hoop; rituele aanvalle of geestelike aanvalle van buite as metafore vir die terugkeer van geprojekteerde objekte, en ander [612]. *Tweedens* was daar verskeie temas verwant aan die onderwerp wêreldsieningskonflik en area van konflik: demone vs. gepersonifieerde interne objekte; geestelike oorlogvoering vs. die terugkeer van slegte objekte; geestelike intervensies of bevryding vs. hipnotiese effek; impak van gebed vs. behouding deur terapeut; kommunikasie met demone vs. psigose; geesdimensie of fantasie, en ander [613].

Hierdie navorsing sal nou afgesluit word deur in die volgende hoofstuk 'n oorsig te gee oor die gedagtelyn wat in hierdie skripsie gevolg is en die belangrike aanbevelings en gevolgtrekkings te maak.

[64] Hierdeur word daar nie beweer dat die ervaring nie moontlik wel 'n bonatuurlike ervaring was nie.

# HOOFSTUK 8 GEVOLGTREKKINGS

## INLEIDING

In die eerste afdeling van hierdie skripsie is die fokus geplaas op die feit dat satanisme 'n groeiende godsdiens is wat deur die konstitusionele wet van Suid-Afrika beskerm word. Daar is geargumenteer dat daar waarskynlik 'n toename sal wees in die hoeveelheid gevalle wat in hierdie vorm van godsdiens betrokke is, of was. Die klinikus sal daarom moet kennis dra van hierdie godsdiens en sy bepaalde wêreldsiening. Die navorser het ook in die eerste deel uitgelig dat daar oorwegend twee fundamentele, opponerende raamwerke van interpretasie van 'n satanis en sy ervarings is. *Die eerste* is die Christelike teorie en demonologiese model wat glo in die bestaan van demone as geestelike, bonatuurlike wesens. *Die tweede* model is die sielkundige model wat weer demone sien as metafore vir die interne slegte objekte. Hierdie navorsing het 'n poging aangewend om hierdie twee modelle aan die hand van 'n bespreking van demonisering en die werk van Friesen (1997) te integreer. Ook is satanisme as die enigste godsdiens wat die antitese is van 'n ander godsdiens (Christelike godsdiens) bespreek. Vervolgens is daar geargumenteer dat satanisme slegs volledig verstaan word indien die Christelike wêreldsiening uiteengesit en verduidelik word. Die navorser het ook effektief geargumenteer dat satanisme, Christenskap en selfs sielkunde meer is as net teorieë, maar lewenswyses is - ideologieë elk met 1) 'n siening oor die skepping; 2) die basiese natuur van die mens; 3) 'n diagnose oor wat verkeerd is met die mens, en 4) voorskrifte oor hoe om die probleem op te los. Die vraag; “Wat veroorsaak die oorskakeling vanaf een ideologie – satanisme – na 'n ander – Christenskap?” het by die navorser ontstaan en uiteidelik aanleiding gegee tot die tema en titel van hierdie navorsingstuk.

Aangesien die navorser tydens die literatuurstudie bewus gemaak is van *die impak wat die Westerse wêreldsiening op sy oënskynlike Christelike wêreldsiening* en denke gehad het, aangaande die onderwerp van satanisme, het die navorser *dié* onderwerp in hoofstuk twee met die leser gedeel. Die navorser het geargumenteer dat die wêreldsiening aan die mens sy basiese aannames oor realiteit gee terwyl godsdiens die spesifieke inhoud van die realiteit bepaal. Die belangrikste impak wat die Westerse wêreldsiening op die Christen se wêreldsiening gehad het, blyk die weglating (of slegs metaforiese beskouing) van die “uitgesluite middelwêreld” – die wêreld van demone en engele – te wees. Gevolglik is daar 'n Bybelgefundeerde Christelike wêreldsiening verduidelik wat die uitgesluite middelwêreld inkorporeer. Daar is uitgewys dat die Christen betrokke is in geestelike oorlogvoering en dat

hy in ‘n aangepaste dualisme glo – ‘n dualisme wat nie meer sal bestaan na die tweede koms van Jesus Christus nie. Satan is dus nie die afgesplitste anti-libidinale deel van die mens nie, maar ‘n skepsel van God, ‘n gevalle engel wat ‘n derde van die engele saam met hom tot ‘n val gebring het. Satan sal slegs tydelik ‘n bose invloed op die mens se lewe hê waarna God alleen weer sal regeer. Hierdie rebellie en val van Satan word deur die Christen beskou as die oorsprong van satanisme. Satanisme het daarom reeds ontstaan voor die skepping van die mens tydens die kosmiese rebellie en behels die aanbidding van Satan.

Verder is die trigotomiese Christelike mensbeskouing bespreek. Hierdie siening dat die mens uit drie dele naamlik die gees, siel en liggaam bestaan, bied ‘n raamwerk waarbinne demonisering of ervarings soos die gees wat die liggaam verlaat, gekonseptualiseer kan word. Daar is verder genoem dat die oorspronklike mens die volgende drie eienskappe gehad het: 1) ‘n gevoel van behoort; 2) veiligheid en sekuriteit 3) kameraadskap en verhouding met God. Hierdie eienskappe word weer deur Jesus Christus in die mens herstel. As deel van die diagnose van wat verkeerd is met die mens is Satan, demone en die sondeval of sonde aangevoer as die hoofoorsake van die mens se probleem. Die impak van die sonde en die sondeval word waargeneem in die feit dat die mens nie meer die *Zoe-lewe of geestelike lewe* ervaar nie, maar die *bios* of fisieke lewe. Dit het veroorsaak dat die mens se oorspronklike eienskappe behoeftes word. Verder het die sondeval ook bepaalde implikasies gehad vir die mens se verhouding met God aangesien sy gees gesterf het. Dit het ook negatiewe gevolge gehad vir die ander twee komponente van die trigotomiese mens, naamlik sy siel en liggaam. Die siel moes nou heers oor die mens op grond van sy kennis van goed en kwaad. Die belangrike rol van die mens se hart as bepalende faktor van wie oor hom gaan heers (God of siel van die mens) is aangetoon. Verder is die hart se rol in die herstelproses van die mens se keuse in verhouding tot God ook uitgewys. As deel van die oplossing van die probleem is die verlossingswerk van Jesus Christus, die rol van die Wet en die uitruilings wat plaasgevind het by die Kruisdood van Jesus uitgelig. Die belangrike bydraes wat Money-Kyrle gelewer het in die klinikus se verstaan van die vorming van ‘n wêreldsiening en die rol wat ontwikkeling hierin speel, is ook uitgelig. Dit is veral wanneer ‘n persoon onsuksesvol deur die ontwikkelingsfases beweeg wat ‘n magiese wêreldsiening gehuldig word

Na afloop hiervan is die ideologie van satanisme, mites oor satanisme asook die vaders van satanisme bespreek. Vier nie-verbandhoudende godsdienste wat satanisme genoem word en die verskillende tipes sataniste het aandag geniet. Dit stel die klinikus in staat om die belangrike en nodige onderskeid tussen dabblers en “ware” of generasionele sataniste te tref. Die wêreldsiening van die satanis, die nege satanistiese stellings, die sewe basiese

aannames en die siening oor die mens as “dier” wat sy drange en impulse moet uitreageer is bespreek. Die nege satanistiese sondes, sowel as die inhibering van drange en behoeftes is beskou as die diagnose van wat verkeerd is met die mens. As deel van die oplossing van die mens se probleem is die uitleef van hierdie menslike drange, die elf satanistiese reëls en die vyfpuntprogram aangedui. Die belangrike faktore wat ‘n individu predisponeer tot, en redes vir betrokkenheid in satanisme is uitgelig. Moontlike redes om satanisme te verlaat soos gegee deur Ivey is ook bespreek. Later word daar in die huidige hoofstuk uitgewys waar die huidige navorsing enkele van Ivey se aannames bevestig of weerlê.

Hoofstuk 4 het gefokus op die “suiwer” Objekrelasie-teorie van Fairbairn. Die leser is aanvanklik eers bekendgestel aan die Objekrelasie-teorie en aangaande hierdie teorie georiënteer. Na afloop van die oriëntasie van die Objekrelasie-teorie en terminologie het die psigologiese verstaan van godsdiens aandag geniet. Daar is begin deur die belangrike verskil tussen die *sielkundige van godsdiens* en die *godsdienstige sielkundige* uit te lig. Laasgenoemde poog om die “objek” (God) agter die objek van Objekrelasie-teorie te bestudeer, en bly nie noodwendig binne die raamwerk of veld van die psigologie om fenomene te verstaan of te verklaar nie. Die huidige navorser beskou homself as hierdie tipe sielkundige, met ander woorde ‘n godsdienstige sielkundige. Verder is daar uitgewys dat godsdiens nie net ‘n obsessiewe neurose is nie, maar ook adoptiewe funksies kan verrig en selfs ‘n persoon kan bystaan in sy emosionele ontwikkeling. Dit het duidelik geword in die geval aangesien Jesus Christus as God en as ideale objek daartoe bygedra het dat die geval uit die paranoïede skisoïede posisie uit “bevry” is. Fairbairn se teorie is volledig bespreek en die belangrike bydra wat die endopsigiese situasie en die interne objekte of deelobjekverhoudings in die klinikus se verstaan van die satanis het, is uitgelig.

Die verskillende ontwikkelingsfases en die rol wat dit speel in die ontwikkeling van patologie is van nader beskou. Aangesien sataniste dikwels vanuit disfunksionele gesinne afkomstig is, of binne ‘n disfunksionele gesin opgevoed word (Generasionele sataniste), is die psigodinamiese verstaan van disfunksionele gesinne verduidelik. Disfunksionele gesinne sluit aan by die teorie van Fairbairn en lig die impak van die frustrerende en afwesige (mishandelende) ouer op die ontwikkelende persoon of satanis se lewe uit. Dit is veral die manier waarop die ontwikkelende persoon laasgenoemde deprivasie en mishandeling hanteer, wat bydra tot die vorming van die endopsigiese situasie en deelobjekverhoudings. Die projeksie van veral die slegte objek en die terugkeer hiervan, is aangevoer as verduideliking van die ervaring van demonisering. Daar is egter ook aangedui dat demone nie slegs as interne objekte of dele van die selfverteenwoordiging (Fairbairn) gesien kan word nie, maar ook as ‘n tipe “third form”. Hierdie gedagte van “third forms” sluit volgens die

huidige navorser aan by die uitgesluite middelwêreld se siening dat daar ‘n derde entiteit bo en behalwe die ego met sy interne of eksterne ego-objekdele is naamlik: ’n bonatuurlike geestelike wese of ‘n demoon. Die navorser kon nie anders as om in sy bestudering van Fairbairn se werk te spekuleer of Fairbairn nie die slegte objekte self as demone gesien het nie, siende dat hy self ‘n godsdienstige skrywer was. Afgesien van die navorser se eie gedagtes oor Fairbairn dra sy werk, en veral sy bydrae ten opsigte van die splitsing van die ego, by tot die verstaan van DIV (patologie wat aangetref word by mense wat blootgestel is aan SRM of intense trauma)- en die uiteindelike verstaan van die subjektiewe ervaring van die satanis tydens oorskakeling na Christenskap.

In ‘n poging om die twee wêreldsienings te integreer en van toepassing te maak op die snellerinsidente vir ‘n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens het die navorser die werk van Friesen handig gevind en bespeek in Hoofstuk 5. DIV is ook volledig bespreek en daar is verduidelik hoe die klinikus hierdie kontroversiële diagnose akkuraat kan diagnoseer, terwyl daar deurgaans gepoog is om ‘n objekrelasieverstaan van DIV daar te stel. Verskillende egostate, soos byvoorbeeld die interne-selfhelpers is gesien as libidinale egodele (of die verderesplitsing van die libidinale ego) terwyl die interne vervolgers of ‘raad’ gesien kan word as egodele verwant aan die anti-libibinale ego.

Diagnostiese verskille tussen DIV en GP-V is uitgelig, waarna die navorser ten einde Friesen se hulpverleningsmodel aan slagoffers van DIV en SRM te verstaan, ‘n Bybelgefundeerde Christelikebeskouing van demone bespreek het. Uit die fenomenologiese aard van die navorsing en miskonsepsies wat gekoppel word aan die woorde “demoon” of “bevryding”, is die bespreking van laasgenoemde as noodsaaklik geag. Verder is dit as noodsaaklik beskou op grond van die navorser se oortuiging dat die meerderheid persone aan *demoniese besetenheid* dink die oomblik wat daar oor demone se rol en invloed in die mens se lewe gepraat word. Die navorser het dit noodsaaklik geag om aan sy kollegas oor te dra dat hy nie saamstem met die “alles of niks”-siening wat deur die woord demoniese besetenheid geïmpliseer word nie. Demoniese besetenheid behels die totale beheer of besit van die mens se wil deur ‘n bonatuulike wese. Eersgenoemde is ‘n gedagte wat die navorser *nie mee saamstem nie,* en moes vervolgens reggestel word. Die navorser stem egter saam met laasgenoemde teoretiese aaname van ’n bonatuurlike wese en ‘n kontinuum van demonisering of graad van demonisering, soos bespreek is in Hoofstuk 5 . Vir die navorser sluit hierdie teorietiese aanname aan by die belangrike voorgestelde alternatiewe intervensie van Friesen vir DIV-pasiënte, naamlik geestelike oorlogvoering. Die hoofstuk is afgesluit deur aan te toon hoe Friesen ‘n onderskeid tref tussen die stemme van demone en dié van alterpersoonlikhede en

‘n belangrike waarskuwing aangaande demone en die uitdryf daarvan moet aan die hand van Collins (1988) weer beklemtoon word:

> “...*exorcism should be used rarely and only with the full support of spiritually mature and biblically astute church leaders” (p. 72)*

Die navorser het in Hoofstuk 6 aangdui dat kwalitatiewe navorsing (waar die doel verkenning is) net sulke geldige navorsing as kwantitatiewe navorsing (waar die doel veralgemenings) is. Verder is die belangrike navorsingsvraag, -metodologie, stappe van die navorsing en die prosedures van data-analise duidelik gemaak. Die belangrike in- en uitsluitingskriteria is genoem, waarna die fenomenologiese oriëntasie van die deelnemer, die fenomenologiese vraag en die naïewe skets of biografie die fenomenologiese aard van hierdie eksploratief-beskrywende gevallestudiemetode beklemtoon het. Verder het die navorser die gebruik van Guba (in Krefting, 1991) se model om die huidige navorsing se nougesetheid, betroubaarheid en geloofwaardigheid te verhoog, uigelig. Wat vir die navorser hieruit na vore gekom het, is dat navoring oor satanisme ‘n tydrowende en intensiewe aktiwiteit is en dat dit werklik tot jare kan neem om rapport met ‘n satanis te bewerkstellig. Dit is heelwaarskynlik ook die geval wanneer die satanis aanmeld vir terapie en moontlik die rede waarom langtermynterapie die fokus behoort te wees.

Na afloop hiervan het die navorser die belangrike etiese maatreëls wat te alle tye gedurende die navorsingsproses in ag geneem moes word, beklemtoon. Dit wil vir die navorser voorkom asof dit veral die etiese aspek van konfidensialiteit is, wat van kardinale belang is by ‘n gevallestudie oor ‘n persoon wat betrokke was in satanisme. Laastens is die navorser van mening dat die persoonlike transkribering van die onderhoud bygedra het tot ‘n ryk en omvangryke beskrywing van die fenomeen en navorsingsvraag onder bestudering naamlik: *Wat is die snellerinsidente en gepaardgaande subjektiewe belewenisse wat dien as katalisators vir ’n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens?*

Die resutate, soos bespeek in Hoofstuk 8 veroorsaak meer vrae as wat hierdie navorser kan beantwoord. Die huidige navorsing het egter geslaag in die doel om die fenomeen onder besperking te eksploreer en verdere navorsingshipoteses te genereer. Die data en die voortspruitende temas het by verre die navorser se aanvanklike verwagting oortref. Vervolgens sal die navorser die gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit hierdie navorsing gemaak kan word, bespreek:

## 8.1 AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings kan uit hierdie navorsing gemaak word:

- Eksistensiële vrae en onsekerheid soos uitgewys deur Ivey (1993), blyk om nie net 'n faktor te wees wat 'n persoon vatbaar maak vir satanisme nie, maar speel ook 'n rol as snellerinsident tydens die satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens.

- Die negatiewe moederkompleks wat tydens die deelnemer se depriverende primêre verhoudings gevorm het, het nie net bygedra tot die behouding van die deelnemer se betrokkenheid in satanisme nie, maar ook 'n sneller geword vir die oorskakeling na Christenskap aangesien dit op konkrete wyse herleef is tydens haar swangerskap en die verlies van haar kind. Hierdie negatiewe-moederkompleks, sowel as die afwesigheid van 'n liefdevolle vaderfiguur om haar uit satanisme te verlos, dra daartoe by dat 'n onbewuste wens om verlossing uit die paranoïede posisie ontstaan, en die uiteindelike oorskakeling na 'n ideologie met 'n liefdevolle God as Vader tydens haar bekering.

- In die geval van 'n Generasionele satanis blyk dit of die intense patriargale rebellie moontlik ook 'n onbewuste soeke na 'n ideale liefdevolle vaderfiguur veroorsaak. Anders as in Ivey (1997) se gevalle waar dit aanleiding gegee het tot betrokkendheid in satanisme word daar onbewus uiting gegee aan hierdie patriargale rebellie deur haar aggressie teen die Hoëpriester te rig. Dit is verder moontlik dat hierdie patriargale rebellie uitgeleef word teenoor die vader deur weg te breek van satanisme en oor te skakel na die Christelik godsdiens - 'n 'klap in die gesig' vir 'n satanis. Hierdie uiting aan rebellie en aggressie het egter 'n paradoksale impak, in die sin dat sy in haar assosiëring met Christenskap ook 'n Vader in Jesus Christus vind en so haar lewenslange soeke na 'n liefdevolle vader beëindig.

- Die redes waaroor die navorser se eerste deelnemer uit die navorsing onttrek is, blyk bevestiging te wees dat die vervolging van sataniste wat poog om na die Christelike godsdiens oor te skakel nie net 'n psigiese vervolgingsangs is nie, maar ook 'n werklike vervolging deur die lede van die satanistiese beweging is.

- Die navorsing bevestig Ivey (1997) se teorie dat die groeiende negatiewe ervaring *van die satanistiese beweging en sy lede* bydra tot oorskakeling na Christenskap. In die huidige navorsing het die groeiende negatiewe ervaring ook 'n rol gespeel en

bygedra tot eksistensiële vrae by die deelnemer. Die groeiende negatiewe ervaring het egter slegs een van die vier moontlike uitkomste (naamlik die bogenoemde) wat Ivey (1997) oor gespekuleer het, bevestig (sien 3.4.9.1).

- Die vrees vir die dood kan aangevoer word as verdere snellerinsident wat in dié geval ontstaan het tydens die dood van die deelnemer se kind en bygedra het tot haar besluit om uit satanisme oor te skakel na die Christelike godsdiens.

- Ook bevestig die navorsing Ivey se teorie dat vrees vir fisieke wraak, afpersing en teistering 'n rede is om satanisme te verlaat aangesien die huidige geval aangedui het dat sy 'n vrees vir mishandeling en verdere geweld ervaar het as 'n snellerinsident.

- Vir die huidige Generasionele satanis speel die ervaring van traumatiese gebeure, waarneming van kinderoffers en die verlies van 'n kind, 'n rol as snellerinsident vir die oorskakeling uit satanisme na die Christelike godsdiens.

- Die mening van Ivey (1997) dat die ervaring van verlies aangevoer kan word as moontlike rede vir oorskakelnig uit satanisme word deur hierdie navorsing bevesting deurdat die deelnemer die verlies van haar kind aanvoer as een van die belangrikste redes waarom sy besluit het om uit satanisme uit te beweeg.

- Dat die Generasionele satanis hoop vind en uiteindelik beide pneumalogiese en psigologiese behouding ervaar in verhouding met 'n Charismatiese Christen en dié se wêreldsiening, is bevestig.

- Hierdie navorsing dui daarop dat die klinikus te alle tye in die geval van die Generasionele satanis op die uitkyk moet wees vir primêre en sekondêre tekens van DIV en/of moontlike demonisering van alter ego dele.

- Die navorsingsgeval toon 'n oorweldigende behoefte aan geestelike hulp in die vorm van gebed of geestelike oorlogvoering tydens die oorskakelingsproses en gevolgik blyk dit of 'n holistiese terapeutiese benadering en die inagneming van die wêreldsiening (en spesifiek die uitgelsuite midel wêreld) van die deelnemer noodsaaklik is.

- Hierdie navorsing bevestig die huidige navorser se mening dat satanis spesifiek oorskakel na die Christelike godsdiens aangesien Jesus Christus beskou word deur die Christen as die enigste peroon wat meer mag het as Satan en hul daarom uit satanisme kan verlos. Jesus verlos hul nie net uit die mag van demone nie, maar ook verlos Hy die satanis uit die mag van die interne "demone" en die paranoïede skisoïede posisie uit.

## 8.2 NAVORSINGSMOONTLIKHEDE:

1. Navorsing kan geloods word om die impak wat gebed het om die herstelproses van mense wat 'n Bybelgefundeerde wêreldsiening huldig te bepaal. Dit kan gedoen word met behulp van 'n kontrolegroepstudie met pre- en posttoetsing vir beide groepe, om die impak daarvan op 'n bepaalde area soos byvoorbeeld selfbeeld te bepaal.

2. Daar kan verdere navorsing gedoen word oor DIV en die identifisering daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks.

3. 'n Diskoers-analise kan gemaak word van die stuktuur van die gebed soos gevind in hierdie navorsingsdata en vergelyk word met 'n diskoers-analise van 'n hipnotiese terapiesessie om vas te stel of die oorlogvoeringsgebed 'n hipnotiese stuktuur volg al dan nie.

4. Die fenomeen van engele as geeselike wesens of geëksternaliseerde goeie objekte en die rol wat hulle in die psige speel, kan verder nagevors word.

5. Daar kan ook 'n holistiese terapeutiese model ontwerp word vir kliente wat gediagnoseer is met DIV. Hiermee word bedoel 'n *biologiese-psigologiese-sosiale-spirituele* model en die terapeutiese geldigheid en/of bydraes van so 'n model kan getoets word.

6. Die onderwerp van bevryding en/of die terapeutiese geldigheid daarvan onder Christene kan nagevors word. Hiervoor kan Anderson (1977) se "Seven steps to freedom in Christ" – wat reeds in die Amerikaanse konteks nagevors is – gebruik word en binne die Suid-Afrikaanse konteks toegepas of herhaal word.

7. 'n Studie kan geloods word om volgens die DSM-IV en die sekondêre en primêre kriteria vir DIV vas te stel hoeveel grenspersoonlikheidskliënte in 'n psigiatriese hospitaal in Suid-Afrika moontlik gediagnoseer kan word met DIV.

8. Navorsing kan met behulp van die Rorschach-toets gedoen word op persone wat gediagnoseer is met DIV om vas te stel of daar 'n bepaalde Rorschach-profiel is wat kan help met die akkurate diagnosering van hierdie getraumatiseerde persone.

9. Hierdie gevallestudie kon nie enige lig werp op die navorser se mening dat satanisme moontlik aanloklik is vir die Afrika-kultuur as gevolg van hul geloof in voorvadergeeste Hierdie navorsing bevestig dus dat daar navorsing gedoen kan word om die epidemiologie onder hierdie groep van die bevolking vas te stel.

10. Levitasie is 'n fenomeen wat in die naïewe lewenskets geïdentifiseer is en dit kan 'n onderwerp word vir verdere navorsing.

11. Daar kan geargumenteer word dat dit wat die psigologie as die onbewuste beskryf moontlik die geestelike realiteit is en dat gebed die psigoloog toegang gee tot hierdie geestelike realiteit. Teoreties geproke kan die afleiding gemaak word dat gebed dus 'n invloed op die totale mens – gees, siel en liggaam kan hê. Hierdie hipotese kan egter met behulp van kontrolegroepstudies verder kwantitatief nagevors word.

**Ten slotte:** Hierdie navorsing het gepoog om aan die hand van 'n enkele gevallestudie, 'n satanis se oorskakeling na die Christelike godsdiens, die snellerinsidente en die gepaardgaande subjektiewe ervarings op fenomenologiese wyse aan die hand van 'n enkel-gevallestudie te eksploreer en te beskryf. 'n Lywige literatuurstudie het die navorser in staat gestel om die kompleksiteit en gepaardgaande patologie van 'n generasionele satanis, te identifiser en volledig te beskryf. Die belangrikste snellerinsidente blyk beide geestelik en psigologies te wees, en aangesien die navorser beide die Christelike wêreldsiening en die Objekrelasie-teorie bespreek het, kon beide aangewend word en sodoende is die snellerinsidente vanuit meer as een wêreldsiening geïnterpreteer. Laasgenoemde het bygedra tot 'n omvangryke beskrywing van die snellerinsidente en ervarings. Verder bied hierdie navorsing aan die klinikus die geleentheid om die satanis op 'n holistiese (biologiese-psigologiese-sosiale-spirituele) wyse te benader. Hierdie gevallestudie het nie net die moontlikheid van DIV en SRM onder generasionele sataniste in Suid-Afrika uitgelig nie, maar ook aan die klinikus riglyne uiteengesit vir die diagnose van DIV en demonisering van alters. Die area van demonisering en bevryding is ook deur hierdie navorsing in perspektief geplaas en as alternatiewe terapeutiese intervensie aangedui. Hierdie navorsing beklemtoon dat die klinikus uiters sensitief en paraat moet wees vir potensiële DIV en demonisering, en dat hy deurgaans gewillig moet wees om alternatiewe terapeutiese intervensies te oorweeg wanneer betrokkenheid by satanisme vermoed word.